UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# GENERAAL BEN VILJOEN, 1868–1917

deur

JAN WILLEM MEIJER

Voorgelê ter gedeeltelike vervulling
van die vereistes vir die graad

DOCTOR PHILOSOPHIAE (GESKIEDENIS)

in die

FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
PRETORIA

PROMOTOR: PROF. F. PRETORIUS

MEDEPROMOTOR: PROF. O.J.O. FERREIRA

OKTOBER 1993

© University of Pretoria

## Opsomming

Benjamin Johannes Viljoen is in 1868 in die Oos-Kaapse grensgebied gebore. In sy jeug is sy karakter en lewensuitkyk in die tradisie van die grenspionier gevorm.

Jonggetroud het hy in 1889 na Krugersdorp in die ZAR verhuis. Hy het 'n rol in die openbare lewe as joernalis, politikus en veldkornet begin speel. Hy was betrokke by die oprigting van "De Volksvereeniging" en die Krugerdorpse Vrywilligerkorps. As 'n aanvanklike aanhanger van Joubert, het hy Kruger later ondersteun.

In 1899 is Viljoen as lid van die Tweede Volksraad verkies. In dieselfde tyd is hy ook tot Spesiale Kommandant van Johannesburg benoem. Met die mobilisasie voor die uitbreek van die Tweede Anglo-Boereoorlog het hy in September 1899 met sy kommando na die Natalse grens vertrek, waar hy aan die gevegte by Elandslaagte en Vaalkrans deelgeneem het.

In Mei 1900 is Viljoen met sy kommando na Johannesburg oorgeplaas. Na die slag by Donkerhoek in Junie 1900 is hy tydens die reorganisasie van die Boeremagte tot generaal benoem. Hy moes die agterhoede van die terugvallende kommando's beskerm. Na die ontbinding van die strydmag in September 1900 het hy 'n groot aantal burgers deur Oos-Transvaal na Pietersburg gelei.

As Assistent-Kommandant-Generaal was Viljoen gedurende die guerrillafase van die oorlog vir die gebied noord van die Delagoaspoorlyn tussen Pretoria en Mosambiek verantwoordelik. In April 1901 het hy ternouernood aan 'n grootskaalse dryfjag deur die Britte ontkom. In Januarie 1902 is hy in 'n hinderlaag naby Lydenburg gevange geneem en na St. Helena verban.

Na die oorlog het Viljoen na Suid-Afrika teruggekeer. Vanweë 'n verskeidenheid redes het hy nie kans gesien om daar 'n nuwe bestaan te maak nie. Na sy deelname aan die Boerevertoning in St. Louis in die VSA in 1904, het hy 'n aandeel gehad in die vestiging van 'n Boerekolonie in Mexiko. Na 'n jaar het hy hom in Nieu-Mexiko gevestig waar hy in 1917 oorlede is.

Viljoen het sy hele lewe 'n grenspionier gebly, wat veral in sy individualisme gemanifesteer het. Hy was flambojant van geaardheid, romanties, behulpsaam en lojaal. Sy lewenslot het egter te hoë eise aan sy leierskap gestel. Sy individualisme het hom belemmer om in 'n grotere georganiseerde eenheid te funksioneer.

Viljoen was die skrywer van 'n aantal boeke oor die Anglo-Boereoorlog en die Suid-Afrikaanse geskiedenis.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Summary

Benjamin Johannes Viljoen was born in the East-Cape border district in 1868. His character and outlook on life were formed in the tradition of the moving frontier.

Shortly after his marriage he went to Krugersdorp (Transvaal) in 1889. He played a role in public life as a journalist, politician and fieldcornet. He took part in the establishing of the political organisation "De Volksvereeniging" and a military volunteer corps at Krugersdorp. Initially a follower of Joubert, he became a Kruger supporter afterwards.

In 1899 Viljoen was elected to the Second Volksraad. At the same time he was appointed Special Commander of Johannesburg. In September 1899 he led his commando to the Natal border, where he took part in the battles at Elandslaagte and Vaalkrans in the first months of the Anglo Boer War.

During May 1900 Viljoen and his men were transfered to Johannesburg. After the battle of Diamond Hill in June 1900, Viljoen was appointed as general during the reorganisation of the Boer army. He had to protect the rear of the retreating Boer forces. After the resolving of the Boer army in September 1900, Viljoen led a great number of his men to Pietersburg.

During the guerrilla war Viljoen was Assistant Commander in Chief and responsable for the territory north of the Delagoa railway between Pretoria and Mozambique. In April 1901 he barely escaped a huge British round-up. Viljoen was ambushed near Lydenburg in January 1902 and eventually banished to St. Helena.

After the war Viljoen returned to South Africa but, owing to various reasons, he did not see his way in building a new life there. Viljoen took part in the Boer War display in St. Louis (USA) in 1904 and eventually he went to Mexico where he participated in the establishing of a Boer Settlement. After a year he went to New Mexico where he died in 1917.

His whole life Viljoen was a frontiersman. This became clear especially in his individualism. He was flamboyant, romantic, helpful and loyal. His destiny however overrated his ability as a leader. His individualism hampered him to co-operate in a bigger organized unity.

Viljoen wrote several books about the Anglo Boer War and South African history.

# INHOUD

| | | Bladsy |
|---|---|---|
| INHOUD | | 1 |
| KAARTE EN FOTOS'S | | 2 |
| AFKORTINGS | | 3 |
| VOORAF | | 4 |
| INLEIDING | | 5 |
| Hoofstuk I | OP PAD NA DIE TOEKOMS | 11 |
| Hoofstuk II | DIE JOERNALIS | 27 |
| Hoofstuk III | DIE POLITIKUS | 43 |
| Hoofstuk IV | DIE VELDKORNET | 68 |
| Hoofstuk V | DIE KOMMANDANT | 95 |
| Hoofstuk VI | DIE GENERAAL (I) - 1900 | 134 |
| Hoofstuk VII | DIE GENERAAL (II) - 1901 | 171 |
| Hoofstuk VIII | DIE KRYGSGEVANGENE | 211 |
| Hoofstuk IX | OP PAD NA 'N NUWE TOEKOMS | 231 |
| BRONNE | | 245 |

KAARTE

| | Bladsy |
|---|---|
| Die Johannesburgkommando in Natal, Oktober 1899. | 101 |
| Die slag by Elandslaagte, 21 Oktober 1899. | 104 |
| Die Johannesburgkommando by Ladysmith, November 1899. | 108 |
| Die slag van Colenso, 15 Desember 1899. | 111 |
| Die Johannesburgkommando aan die Tugelalinie, Des. 1899 - Febr. 1900. | 112 |
| Die slag van Vaalkrans, 5 Februarie 1900. Geografiese omstandighede en militêre ontplooiing voor die slag. | 115 |
| Die slag van Vaalkrans. Britse skynaanval op Brakfonteinhoogtes, die oggend van 5 Februarie 1900. | 116 |
| Die slag van Vaalkrans. Die Britse aanval in die middag van 5 Febr. 1900. | 118 |
| Die slag van Vaalkrans. Vervolg en einde van die geveg op 6 en 7 Februarie 1900. | 120 |
| Die Johannesburgkommando in Natal, Maart tot Mei 1900. | 126 |
| Die Britse aanval op Johannesburg, 27 - 29 Mei 1900. | 130 |
| Die slag van Donkerhoek. Die tweede dag, 12 Junie 1900. | 135 |
| Die geveg by Bapsfontein, 16 Julie 1900. | 140 |
| Die slag van Bergendal, regterflank van die Boeremagte, 27 Augustus 1900. | 146 |
| Die Britse opmars van Belfast na Nelspruit, 1 - 15 September 1900. | 151 |
| Die tog deur Oos-Transvaal, 17 Sept. tot 19 Okt. 1900. | 156 |
| Die terugtog na die Oosterspoor, November 1900. | 160 |
| Die geveg by Renosterkop, 29 November 1900. | 163 |
| Die slag van Helvetia, 29 Desember 1900. | 166 |
| Die sentrale deel van Viljoen se bevelsgebied. | 172 |
| Die Britse dryfjag, April 1901. Die Britse opmars. | 179 |
| Die Britse dryfjag, April 1901. Viljoen se ontsnapping. | 185 |
| Viljoen se bewegings, Mei - Junie 1901. | 191 |
| Viljoen se bevelsgebied ten weste van Lydenburg, Julie 1901 - Jan. 1902. | 204 |
| Viljoen se bevelsgebied ten ooste van Lydenburg, Julie 1901 - Jan. 1902. | 208 |

FOTO'S

Erkenning word gegee vir die vriendelike toestemming vir die publikasie van die onderstaande foto's deur die Transvaalse Argiefbewaarplek.

| | Bladsy |
|---|---|
| Benjamin Johannes Viljoen (7 Sept. 1868 - 14 Jan. 1917). Foto geneem omstreeks 1908. | 10 |
| Ben Viljoen se ouers, Wynand Johannes Viljoen en Susanna Magdalena Storm. | 26 |
| Ben en Lenie Viljoen en hul oudste seun Wynand Eugène, omstreeks 1895. | 26 |
| Offisiere van die Krugersdorpse Vrywilligerkorps (KVC). | 94 |
| Kmdt. Ben Viljoen by die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog. | 94 |
| Ben Viljoen as generaal tydens die oorlog. Die foto is waarskynlik in 1901 te Pelgrimsrus geneem. | 170 |
| Ben Viljoen in fantasie-uniform in die VSA. | 170 |
| Ben Viljoen word as gevangene van Lydenburg na Machadodorp gebring. | 210 |
| Genl. Ben Viljoen en genl. P.A. Cronjé met drie seuns van pres. T. Roosevelt tydens die Wêreldskou in St. Louis, VSA, in 1904. | 210 |

# AFKORTINGS

Soos gebruik by die verwysings na die onderskeie argiefgroepe:

| | |
|---|---|
| CJC | Archives of the Central Judicial Commission, 1902-1906. |
| CS | Archives of the Colonial Secretary Transvaal, 1901-1910. |
| CT | Archives of the Colonial Traesurer Transvaal, 1900-1910. |
| IOP | Archives of the Intelligence Officer to the Military Governor, Prtoria. |
| FK | War Office Records (Fotokopieë). |
| Jg | Argief van die Landdros van Johannesburg. |
| KG | Argief van die Kommandant-generaal van die ZAR. |
| LA | Leydsargief. |
| LAJ | Archives of the legal assistant to the Military Governor, Johannesburg. |
| LD | Archives of the Law Department. |
| LSK | Archives of the chief of the Division of Sheep, 1903-1917. |
| M | Mikrofilms. |
| MM | Archives of the Secretary of mines, 1901-1910. |
| OD | Argief van die Superintendent van Onderwys van die ZAR. |
| PMO | Archives of the Provost Marshal at the Army Headquarters, 1900-1903. |
| SOPOW | Archives of the Staff-Officer, Prisoners of War, Cape Town, 1900-1903. |
| SAB | Sentrale Argiefbewaarplek. |
| SP | Argief van die Staatsprokureur van die ZAR. |
| SS | Argief van die Staatsekretaris van die ZAR. |
| SSA | Argief van die Staatsekretaris binneland van die ZAR. |
| TAB | Transvaalse Argiefbewaarplek. |
| UR | Argief van die Uitvoerende Raad van die ZAR. |
| VAB | Vrystaatse Argiefbewaarplek. |
| ZKR | Argief van die Landdros Krugersdorp, 1888-1900. |
| ZTPD | Argief van die Griffier van die Hooggeregshof van die ZAR. |

Verder word die volgende afkortings in die teks sowel as in die voetnote gebruik:

| | |
|---|---|
| NZASM | Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij. |
| OVS | Oranjevrijstaat. |
| ZAR | Zuid-Afrikaansche Republiek. |
| ZARP | Zuid-Afrikaansche Republiek Politie. |

By die afkortings is die reëls van die <u>Afrikaanse Woordelys en Spelreëls</u>, agste uitgawe, 1991, gevolg.

# VOORAF

Wanneer die voorwoord ten slotte geskryf word, is dit gepas om 'n oomblik stil te staan by die feit dat die proefskrif nie sonder die hulp en ondersteuning van talle persone en instansies voltooi sou kon word nie.

Die personeel van verskeie argiewe het deur die jare geduldig hul onmisbare deel bygedra. Daar word in die besonder melding gemaak van die medewerking van die personeel van die Staatsargief te Pretoria. Hulle het ongeordende argiewe, wat normaalweg nie toeganklik is nie, vir my navorsing beskikbaar gestel. Ook die personeel van die Sentrale Biblioteek se Koerant- en Tydskrifafdeling het uit hul pad gegaan om ou koerante in afgeleë stoorplekke te gaan soek wat uiters waardevolle materiaal verskaf het. Die N.G. Kerk se argief het besondere hulp verleen deur andersins ontoeganklike argiefstukke ter insae aan my te gee. Die museum van Krugersdorp was my veral behulpsaam om ter plaatse die doen en late van die Viljoenfamilie na te speur - 'n soektog wat interessante gegewens opgelewer het.

Talle persone wat van my navorsing kennis gedra het, het my van inligting voorsien. Dit het gewissel van fotokopieë van ontbrekende artikels tot inligting ten opsigte van gespesialiseerde detail. Wat die laaste betref is ek baie dank verskuldig aan die prettige korrespondensie met die argivaris van die Orde van Vrymesselaars in Den Haag, Nederland. Deur hom by name te noem word hulle wat in biblioteke en argiewe brokkies inligting vir my versamel het, of my uit eie bronne en kennis te hulp gekom het, nie vergeet nie.

'n Besonder woord van dank is bestem vir my promotor, prof. F. Pretorius. By die eerste ontmoeting, so baie jare gelede tydens 'n seminaar vir tweedejaargeskiedenisstudente aan UNISA, het ons nie geweet dat dit die begin was van 'n lang pad wat deur al die stadiums van akademiese studie tot by die doktorsgraad sou lei nie. Dit was ook 'n aangename pad met goeie persoonlike kontak en besonder aangename samewerking. Dit is 'n pad waaraan met dankbaarheid en erkenning teruggedink word. Dit geld ook die kontak met prof. O.J.O. Ferreira. Die gesamentlike pad was korter en as mede-promotor was hy meer die man op die agtergrond, maar uit sy kommentare en advies het sy intensiewe betrokkenheid by die navorsing baie duidelik geblyk, wat inderdaad stimulerend was.

Die navorsing en skryfproses vereis baie tyd en opoffering. Vir 'n begeesterde navorser is dáár nie eintlik sprake van opofferings nie, maar dit geld wel vir diegene in sy onmiddellike omgewing, veral vir sy vrou en kinders. Die skrywer self het die genoegdoening van die wordingsproses; die ander is meer toeskouers en toehoorders. Tog was ook hulle aandag en geduld noodsaaklike elemente waarsonder hierdie navorsing en proefskrif nie tot stand sou kon kom nie.

Geen mens is in staat om planne, op kort of lang termyn, in eie krag te voltooi nie. Tyd, energie en vermoëns is gawes wat 'n mens ontvang en waarmee hy verantwoordelik moet handel. Daarom gaan my erkenning en dankbaarheid in die eerste plek uit na Hom wat alles gee en ook hierdie werk moontlik gemaak het.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# INLEIDING

Wie was Ben Viljoen? Hierdie vraag kan op twee maniere gestel word. Mense wat sy naam nie ken nie kan daardeur te kenne gee dat hulle graag meer oor hierdie - vir hulle onbekende - persoon wil hoor. Diegene wat wel van Ben Viljoen gehoor het, kan deur hierdie vraag blyk daarvan gee dat die vertolking van sy rol in die geskiedenis 'n aantal vraagstukke oplewer.

Is dit nie merkwaardig dat 'n Boeregeneraal wat 'n beduidende rol in die Tweede Anglo-Boereoorlog gespeel het en tydens die oorlog van kommandant tot assistent-kommandant-generaal gestyg het, in die vergeetboek geraak het nie? Baie artikels en populêre lewensverhale oor Boere-aanvoerders het verskyn en hoewel daar ook oor Ben Viljoen geskryf is, het sy nagedagtenis nooit volksbesit geword nie. Wanneer daar oor die oorsaak van hierdie verskynsel nagedink word, word die grensgebied van die twee betekenisse van die vraag "Wie was Ben Viljoen?" betree. Die probleme rondom die vertolking van hierdie vraag hang ten nouste same met die feit dat hy nooit - soos Botha, De Wet en De la Rey - 'n volksheld geword het nie, hoewel al die noodsaaklike elemente daarvoor in sy lewensloop aanwesig skyn te wees.

Hierdie studie is 'n poging om die vernaamste strydvrae rondom Viljoen te bespreek; sy lewensloop, sy karakter en ideale, bewonderenswaardige en minder mooi eienskappe; die plek wat hy volgestaan het en die plekke wat hy geweier het om vol te staan. Daar is talle aspekte in sy lewe wat hy met ander Afrikaners gemeen gehad het, maar daar is ook duidelike verskille wat Ben Viljoen inderdaad as 'n besondere persoon onderskei het. Telkens blyk dit dat hy nie in bekende en aanvaarde lewens- en gedragspatrone ingepas het nie. Sy individualisme was sò sterk dat dit hom belemmer het om volledig met ander mense en groepe te identifiseer. Daar is dus voldoende rede en ruimte om 'n studie aan Ben Viljoen te wy.

Met hierdie doelstelling word die terrein van die biografie betree. Die biografie is 'n erkende en gevestigde metode vir die beoefening van die geskiedeniswetenskap. Onder historici mag daar meningsverskille oor die wese en aard van die geskiedenis wees, maar daar word saamgestem dat geskiedenis in 'n groot mate op die werk en strewe van mense in die verlede betrekking het. Daarom kan 'n biografiese benadering selfs as een van die mees toepaslike metodes van die geskiedskrywing gereken word. Wanneer dit die historikus se uitsluitlike doelstelling word om slegs feite, gebeurtenisse en dokumente aan die verlede te ontruk, word die belangrikste rolspeler - die mens met sy ideale en dryfvere - verwaarloos. Die gevaar bestaan dan dat die geskiedenis inderdaad "ou nuus" word en dat die vormingswaarde van die bestudering van die verlede aangetas word. Dan is daar geen moontlikheid meer vir identifikasie nie.

Die biografiese metode het ondanks sy groot betekenis tot dusver nie die aandag gekry wat dit verdien nie. Die rede daarvoor is voor die hand liggend. Dit is 'n metode wat hoë eise stel. Dié wat Jan Romein se boek oor die biografie aandagtig gelees het, sal eerder geneig wees om 'n ander metode van geskiedskrywing te kies. Die vereistes wat Romein vir die geslaagde biografie en die biograaf neerlê, is inderdaad nie gering nie. Op sy unieke wyse formuleer hy dat die biograaf alle aspekte van sy onderwerp in die ware verhoudings en afmetings moet beskou en weergee. Die algemene moet algemeen, die individuele individueel, die grote groot en die kleine klein wees. Maar tegelykertyd moet in die algemene die individuele, in die kleine die grote, en omgekeerd, raakgesien word.[1] Dit is nie die skrywer se taak om te beoordeel of hierdie studie oor Viljoen aan dié hoë eise voldoen nie.

Romein stel nie net eise vir die biograaf nie - ook die onderwerp van die studie moet aan sekere vereistes voldoen. Die objek moet nie net maar 'n individu wees nie, maar ook 'n unieke persoonlikheid. Ongetwyfeld voldoen Ben Viljoen aan hierdie vereiste, maar Romein vra meer. Die beskrewene moet in sy lewe iets tot stand gebring het, iets van belang gedoen het wat spore nagelaat het.[2] Voldoen Ben Viljoen aan hierdie voorwaarde? Die vraag kan moeilik bevestigend beantwoord word, want hoekom sou hy dan 'n enigsins vergete figuur geword het? Dui dit nie juis op 'n moontlikheid van middelmatigheid of selfs onbelangrikheid nie? Daar is egter nog 'n ander moontlike keuse van onderwerp. Nie net die persoon wat groot dade verrig of sy naam gevestig het, kan 'n verdienstelike onderwerp van geskiedenisnavorsing wees nie. Dit is moontlik dat 'n biograaf deur middel van die lewensbeskrywing van byvoorbeeld 'n wewer uit die Middeleeue 'n skerper insig in hierdie tydperk verskaf.[3] Iets dergeliks is inderdaad die geval met Viljoen. Sy lewensverhaal gee 'n ekstra kleurskakering aan die skildery waaaroor ons van die ZAR en die Anglo-Boereoorlog beskik. In hierdie opsig kan 'n biografie oor Viljoen 'n bydrae in die Suid-Afrikaanse historiografie wees.

Maar selfs met al hierdie oorwegings het daar nog nie 'n einde gekom aan Romein se uiteensetting nie. Afgesien van gestelde vereistes vir die biograaf en die objek van sy studie, is daar ook voorwaardes ten aansien van hul onderlinge verhouding. Oor hierdie aspek het ook Dresden in sy beskouing oor die struktuur van die biografie baie lesenswaardige opmerkings gemaak. Volgens Romein moet daar 'n verhouding van antipatie/simpatie tussen die biograaf en sy onderwerp bestaan.[4] Dresden meld in hierdie opsig 'n verloop van bewondering, afsku

---

1) J. Romein, De biografie, pp. 11 - 12.
2) Ibid., p. 141.
3) Ibid., p. 140.
4) Ibid., pp. 144 - 146.

en respek. Vir Romein is die sleutelwoord "verstaan"; Dresden se mening is dat die biograaf sy onderwerp moet "besit en wees" (Hij moet het hebben en zijn).[5] Dalk kan mens sê dat die biograaf hom in sy onderwerp moet (kan) inleef sonder om hom met sy onderwerp te vereenselwig. Hy moet sò na aan die beskrewene staan dat hy as 't ware met hom gesels, maar tegelykertyd moet hy genoeg afstand bewaar sodat hy objektief kan wees.

Die probleem van betrokkenheid en afstand wat ter sprake kom in verband met die verhouding tussen die biograaf en sy onderwerp speel ook 'n rol by die beoordeling van die beskikbare bronne. Viljoen het self 'n aantal boeke gepubliseer waarin hy veral aandag aan gebeurtenisse tydens die Anglo-Boereoorlog gegee het.[6] In hierdie boeke is 'n duidelike element van selfverdediging te bespeur, sodat sy interpretasie met versigtigheid hanteer moet word. Dieselfde versigtigheid is ook nodig wat sy weergawe van die feite betref. Viljoen het nie uitgeblink in noukeurigheid nie. Dit is deels verskoonbaar, aangesien hy sy eerste boek geskrywe het sonder dat hy oor sy aantekeninge beskik het. Maar daar is ook ernstige gebreke in sy latere boeke ten opsigte van die korrekte weergawe van feite. Viljoen het ook hoegenaamd nie absolute noukeurigheid nagestreef nie, want die boodskap wat hy deur middel van sy boeke wou oordra, was vir hom belangriker.

Diegene wat oor Viljoen geskrywe het, kon ook nie altyd die regte afstand handhaaf nie. Viljoen was 'n omstrede figuur en die oordele van verskillende persone oor hom is gevolglik grootsliks deur hul voor- of afkeure bepaal. Veral die biografiese skets van dr. W.J. Leyds bewys baie duidelik dat Leyds beslis geen bewonderaar van Viljoen was nie. Latere skrywers wat aandag op Ben Viljoen wou vestig, het partykeer bloot uit bewondering vir Viljoen geskrywe. Hier kan gedink word aan die artikels van D.W. Krüger en H.C. Viljoen. Moontlik was Gustav Preller, wat volgens moderne historici nie normaalweg in objektiwiteit uitgeblink het nie, die mees ewewigtige beoordelaar van Viljoen.

Gelukkig is 'n biograaf nie net aangewese op die werk van ander skrywers nie. Argivale bronne bied dikwels meer inligting as wat aanvanklik die geval skyn te wees. Aangesien Viljoen 'n bekende openbare persoon was, het koerante baie aandag aan sy doen en late gegee. As joernalis het hy ook self sy oordeel oor talle sake uitgespreek. Aangesien die Viljoens hul hele Transvaalse periode in Krugersdorp/Roodepoort gewoon het, kon die argiewe van hierdie distrik ook met

---

5) S. Dresden, De structuur van de biografie, pp. 77 - 82.
6) Die Engelse en Nederlandse uitgawe van Viljoen se herinneringe verskil ingrypend Die meeste verskille is weglatings of toevoegings en klein verskille in die weergawe van die feite. Daar is egter ook punte waarop die twee uitgawes mekaar weerspreek. Oor die algemeen is na een van die twee bronne verwys - slegs waar hulle nie ooreenstem nie, is beide uitgawes vermeld.

vrug geraadpleeg word. Deur Viljoen se betrokkenheid by veldtogte teen swart stamme, die oprigting van 'n vrywilligerkorps en sy optrede as veldkornet, is ook die argief van die Kommandant-generaal en die Staatsekretaris goed voorsien van inligting oor sy werksaamhede. Hierdie rykdom van argivale inligting omvat die Transvaalse periode van omstreeks 1890 tot 1900. Die eerste periode van die oorlog is ook goed gedokumenteer, maar na die ontbinding van die Transvaalse magte by Hectorspruit in September 1900 is argivale bronne taamlik beperk.

Op enkele uitsonderings na moes daar van aantekeninge, dagboeke en herinneringe van deelnemers gebruik gemaak word vir inligting oor die guerrilla-periode. Oorlogsdagboeke wat deur die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing gepubliseer is, ongepubliseerde dagboeke in die argiewe en ook talle brokkies inligting uit die aanwinste en versamelings in die Staatsargief, het 'n aanvaarbare vergelykingsbasis verskaf. Dit is 'n voordeel dat sowel bewonderaars as kritici van Viljoen oor hierdie periode geskrywe het. Onder die bewonderaars kan met name die drie Viljoen-broers genoem word en onder die kritici, C.H. Muller en S.P.E. Trichard. Die dagboek van R.W. Schikkerling verdien besondere vermelding. Hierdie skrywer het deur sy skerp waarnemingsvermoë en effens filosofiese beskouings 'n baie bruikbare en ewewigtige verslag gegee wat boonop nog baie lesenswaardig is.

Ten opsigte van inligting oor die na-oorlogse tydperk moet 'n onderskeid gemaak word tussen Viljoen se optrede in Europa en Suid-Afrika (waaroor die bronne redelik beskikbaar is) en die Amerikaanse tydperk. Dit was onmoontlik om in Mexiko en die VSA navorsing te gaan doen, waardeur die primêre bronne nie benut kon word nie. Ook die persoonlike nalatenskap van Ben Viljoen was nie beskikbaar vir navorsing nie[7] en D.W. Krüger se argief het geblyk geen besonderhede oor Viljoen te bevat nie.[8] Hierdie redes het daartoe gelei dat geen volledige biografie oor Viljoen geskryf kon word nie.[9] Die onderwerp is beperk tot Viljoen se rol in die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Om dié rede is ook die woord "generaal" in die titel opgeneem, wat duidelik sy Suid-Afrikaanse bande weergee. Sonder die Anglo-Boereoorlog sou Viljoen nie gewees het wat hy was nie. Hoewel hy nie in die eerste plek 'n militêre figuur was nie, is sy bekendheid in 'n hoë mate te danke aan sy optrede as generaal. Nietemin was dit belangrik om 'n kort oorsig van Viljoen se lewensloop in Amerika te verskaf. Hierdie hoofstuk kon egter nie op eie navorsing gebaseer word nie.

Buite die feit dat daar nie aan die vereiste van volledigheid voldoen kon word

---

7) Brief, Prof. H.C. Viljoen, Stellenbosch - Die skrywer, 28 Februarie 1990.
8) Brief, Mej. H.M. Buys, Potchefstroom - Prof. F. Pretorius, 30 Junie 1992.
9) D.W. Krüger, Genl. Ben Viljoen in die vreemde, (Die Huisgenoot, 1 Maart 1974, p. 6).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

nie, is dit moontlik dat daar ook nog van 'n tweede punt van Romein se vereistes vir 'n biografie afgewyk is. Hy skryf dat 'n biografie geen etiek, geen psigologie, geen antropologie en geen geskiedenis mag wees nie.[10] Daardeur wil Romein waarsku dat die biograaf hom tot sy onderwerp moet beperk. Etiek, psigologie en antropologie as hulpwetenskappe het egter wel hul plek. Wat die geskiedenis betref, staan sake egter anders. Wanneer die keuse van die onderwerp - soos in hierdie geval - nie op uitsonderlike persoonlike verdienstes gebaseer is nie, maar as 'n beeld van 'n tydperk (soos by die wewer uit die Middeleeue), dan is die biograaf wel deeglik met geskiedskrywing besig. Daarom is enersyds gepoog om streng by die onderwerp te bly en nie onnodig uit te wei nie. Andersyds is ook nie gehuiwer om oor sake waarin Viljoen 'n beduidende rol gespeel het, uit te brei en 'n volledige historiese agtergrond te verskaf nie. Daarom is byvoorbeeld nie ingegaan op probleme rondom die Johannesburg-kommando nie, omdat Viljoen in die sake self geen rol gespeel het nie - hy moes hulle slegs hanteer. Daar is tog wel aandag gegee aan die oprigting en ontwikkeling van "De Volksvereeniging" omdat Viljoen 'n leidende rol daarin gespeel het en die verwikkelinge rondom hierdie organisasie help om 'n beeld van Viljoen te vorm.

Dit wil voorkom of Romein se eis dat die biografie geen geskiedenis mag wees nie, gegrond is op die vrees dat die onderwerp van die biografie op die agtergrond kan raak deur te veel klem op die geskiedenis te plaas. Romein sien ook self die gevaar as hy erken dat die geskiedenis 'n rol in die biografie speel, omdat daar 'n interaksie is. Die biografie moet aandag gee aan die invloed van die tydsomstandighede op die persoon en wat die persoon tot die tydperk bygedra het.[11]

Volgens Romein moet die onderwerp te alle tye sentraal staan, sowel formeel as struktureel.[12] Daarom is die lewensverhaal van Viljoen vervolgens chronologies weergegee, met een uitsondering. In die tydperk tussen 1890 en 1900 het Viljoen op drie gebiede gefunksioneer; as joernalis, veldkornet en politikus. Hierdie drie werkterreine is in parallelle hoofstukke behandel. Hoewel sy optrede as politikus slegs in die laaste jare van genoemde periode geval het en hy selfs as veldkornet moes bedank om aan die verkiesings deel te neem, is tog besluit om Viljoen as politikus voor Viljoen as veldkornet te bespreek. Die rede vir hierdie afwyking van die streng chronologie is dat sy optrede as politikus by sy werk as joernalis aansluit, en net so is daar 'n logiese verband tussen sy funksies as veldkornet en kommandant. In die laaste hoofstuk is 'n opsommende beoordeling van Viljoen opgeneem.

---

10) J. Romein, De biografie, pp. 148 - 160.
11) Ibid., p. 156.
12) Ibid., p. 162.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Benjamin Johannes Viljoen.
( 7 September 1868 - 14 Januarie 1917 )
Foto geneem omstreeks 1908.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hoofstuk I

## OP PAD NA DIE TOEKOMS

Die Oos-Kaap in die 1860's - 'n gebied wat, nadat dit deur 'n lang reeks grensoorloë geteister is, die toneel van goewerneur sir George Grey se uitbreidings- en konsolidasiebeleid geword het. Die Xhosas se desperate poging tot herstel van hul nasietrots en eiewaarde het uitgeloop op 'n amperse selfvernietiging en ontvolkte streke. Duitse immigrante, grondlose Griekwas en blanke boere is deur Grey aangemoedig om in die "niemandsland" in te beweeg en dit was te verwagte dat Britse anneksasie van verdere grondgebied tot aan die grens van Natal die volgende logiese stap sou wees.[1]

Wat laat 'n mens besluit om in daardie tyd jou plaas te verlaat en daarheen te trek? Dit is wat Wynand Johannes Viljoen gedoen het. Omstreeks 1867 het hy, sy vrou Susanna Magdalena Storm en hul drie dogtertjies die plaas Karpad, tussen Swellendam en Ashton, verlaat en na die grensgebied van die Oos-Kaap getrek.[2] Wat die direkte aanleiding vir hulle vertrek was, is nie duidelik nie. Moontlik het droogte of misoeste hulle getref, dalk is grondgebrek of afsetprobleme ondervind. Nie die oorsaak van hul vertrek is belangrik nie, maar die keuse van hul eindbestemming: die Oos-Kaap. 'n Dergelike keuse getuig van hul ingesteldheid. Daar mag aanvaar word dat by hulle iets geleef het van die behoefte om oor die einder te kyk, om die bestaanstryd inderdaad as 'n stryd aan te knoop. Die tradisie van die veeboertrekker, sy behoefte aan die ruimte om hom, die uitdaging van die verte, die prikkel van die onbekende en die ongebondenheid van die lewe op die grens, het stellig in die harte van die egpaar Viljoen gelewe. Saam met hul kinders sou hulle "grensposte" bewoon, in die Oos-Kaap, in Transkei, aan die Witwatersrand en ten slotte in Amerika.

Soos daar onsekerheid is oor die oorsaak van hul verhuising na die Oosgrens, bestaan daar ook nie volledige duidelikheid oor hul woonplek nie. In hierdie verband word drie aanduidings gegee: naby Umtata[3], in die omgewing van Elliot[4] en aan die walle van die Tsitsarivier.[5] Moontlik moet hul blyplek noordoos van Elliot en noordwes van Umtata gesoek word, waar die boloop van die Tsitsa inderdaad kronkel.

Hulle het voorwaar 'n pioniersgees gehad. Van Gnangeliswe, 'n swart kaptein,

---

1) T. Cameron (red.), Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld, p. 165.
2) H.C. Viljoen (red.), Viljoen-Gedenkboek, p. 91.
3) D.W. Krüger, Boere-generaal maak revolusie in vreemde land, (Die Huisgenoot, 25 Januarie 1974, p. 39).
4) H.C. Viljoen (red.), Viljoen-Gedenkboek, p. 91.
5) G.S. Preller, Met God en die Mauser, (Die Brandwag, 20 Januarie 1917, p. 276).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

het Wynand Viljoen grond gekry en 'n suksesvolle boerdery begin. 'n Plaashuis was die eerste jare nie beskikbaar nie en die familie het in 'n groot grot gewoon. Tydens hulle verblyf in die grot is hul vierde kind, hul eerste seun, op 7 September 1868 gebore: Benjamin Johannes Viljoen.[6] Hierdie periode van die Viljoen-familie se wedervaringe is van belang in verband met hierdie seun se loopbaan en rol in die Suid-Afrikaanse en Noord-Amerikaanse geskiedenis.

Die meeste skrywers wat aan die jeugjare van Ben Viljoen aandag gegee het, het van die standpunt uitgegaan dat hy in die omgewing van sy geboorteplek gebly het totdat die familie na die Witwatersrand getrek het. Daar is egter rede om hierdie veronderstelling krities te benader. Eerstens maak D.W. Krüger die opmerking dat Ben Viljoen tien jaar lank op die plaas Varkiesdraai naby Umtata gebly het.[7] Indien dit betrekking op sy eerste tien lewensjare het, kan hierdie opmerking in verband gebring word met 'n tweede brokkie inligting. Ben se jongste broer, Johan (Jan) Sebastiaan Viljoen, skryf in die inleiding van sy artikelreeks "Door den Anglo-Boer Oorlog met het Johannesburg-Commando" dat hy op 2 Januarie 1879 te Robertson, Kaapkolonie gebore is.[8] Ten slotte vermeld H.C. Viljoen dat die Viljoen-familie na jare van voorspoed verder die Transkei ingetrek het tot by Pondoland.[9] Hierdie gegewens kan beteken dat Wynand Johannes Viljoen omstreeks 1878 met sy gesin van hul plaas Varkiesdraai af weggetrek het. Moontlik het hulle, of net Susanna Viljoen, die familie in Robertson gaan besoek waar Jan Viljoen gebore is. Wynand Viljoen het mettertyd die Britse uitbreiding ooswaarts gevolg. In 1879 is Griekwaland-Oos by die Kaapkolonie gevoeg. Saam met die ooswaarts-bewegende grens het Viljoen naby of in Pondoland gekom.

Die verdere verhuising na Transkei skyn, soos die vroeëre trek na die ooste, te getuig van 'n sug na nuwe woon- en werkplek. Die Viljoen-gesin het met die geboorte van die seun Jan tot agt kinders gegroei.[10] Die vooruitsigte het met die verdere trekbeweging nie verbeter nie - inteendeel, die lewensomstandighede het verswak. Die Viljoens is verskeie kere deur lede van die Batet-stam aangeval en hulle het herhaaldelik vee tydends strooptogte verloor.[11] Waarskynlik het die swaarkry, die powere kanse om opnuut suksesvol te kan boer en die verantwoordelikheid vir die groot gesin die Viljoens laat besluit om na die Witwatersrandse goudvelde te trek.

---

6) H.C. Viljoen, Viljoen familieregister, p. 414.
7) C.J. Beyers (red.), Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek IV, p. 780.
8) J.C. Viljoen, Door den Anglo-Boer Oorlog met het Johannesburg-Commando, (De Goede Hoop, Oktober 1903, p. 36). L.W. Dit is nie duidelik waarom Johan Sebastiaan Viljoen sy artikels as J.C. Viljoen onderteken nie.
9) H.C. Viljoen (red.), Viljoen-Gedenkboek, p. 91.
10) H.C. Viljoen, Viljoen familieregister, p. 414.
11) H.C. Viljoen (red.), Viljoen-Gedenkboek, p. 91.

Net soos daar onsekerheid bestaan oor die presiese tydstip van verhuising na die Oos-Kaap, is daar eweneens twyfel oor die vraag wanneer die familie Viljoen na Transvaal vertrek het. G.S. Preller skryf in sy biografiese gegewens oor Ben Viljoen dat hy in Januarie 1887 na Johannesburg gekom het. Omstreeks Oktober van dié jaar het hy by die Zuid-Afrikaansche Republiek Politie (ZARP) aangesluit. Na ongeveer twee jaar het hy as konstabel bedank en na Umtata gereis om daar in die huwelik te tree. Na sy terugkeer het hy weer by die polisiemag aangesluit.[12] Hierdie siening word ook deur Preller in sy herdenkingsartikel oor Ben Viljoen gehuldig. Dat hy in dié artikel meld dat Ben Viljoen se huwelik in September 1890 voltrek is in plaas van 1889, kan as 'n verskrywing beskou word weens die kort tydjie wat beskikbaar was om die artikel te skryf. Dit het ses dae na die dood van Ben Viljoen verskyn.[13]

Teenoor die siening van Preller staan ander getuienisse dat die Viljoens in 1889 of 1890 die Transkei verlaat het. Jan Viljoen skryf dat hy hom in 1890 in die Transvaal gevestig het;[14] D.W. Krüger meld dat dit in Februarie 1890 was.[15] Die beste getuienis is egter beskikbaar om die eerste helfte van Oktober 1889 as die regte tydstip te kies. Daarvoor pleit eerstens die feit dat Ben Viljoen op 12 Oktober 1889 in die boeke van die veldkornet van Krugersdorp ingeskryf is, soos veldkornet J.C. Bodenstein op 13 Februarie 1892 gesertifiseer het.[16] Dit stem verder ooreen met wat Viljoen self verklaar het. In September 1891 het hy aansoek gedoen vir hertoelating by die polisiemag. In die brief het hy geskryf dat hy agtien maande in die ZARP gedien het voordat hy in April 1891 "voor persoonlijke nut" ontslag geneem het. Die datum van sy eerste indienstreding was dus omstreeks Oktober 1889.

Viljoen het 'n probleem ondervind met sy herindienstreding. 'n Nuwe reëling het van krag geword wat burgerskap as voorwaarde vir indienstreding verpligtend gemaak het. Viljoen het toegegee dat hy nog nie twee jaar in die land woonagtig was en gevolglik nog nie vir burgerskap gekwalifiseer het nie, maar hy was bereid om homself twee maande later te laat naturaliseer. Indien hy reeds in 1887 in Transvaal aangekom het, sou hy dié omstandigheid beslis ter ondersteuning van sy aansoek aangevoer het.[17] Aangesien Ben Viljoen op 5 of 6 September

---

12) TAB, Preller-versameling, 276, lêer 290, p. 2.
13) G.S. Preller, Met God en die Mauser, (Die Brandwag, 20 Januarie 1917, p. 276).
14) J.C. Viljoen, Door den Anglo-Boer Oorlog met het Johannesburg-Commando, (De Goede Hoop, Oktober 1903, p. 36).
15) C.J. Beyers (red.), Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek IV, p. 780.
16) TAB, SS 3211, R 2103/92, aansoek vir naturalisasie deur B.J. Viljoen.
17) TAB, SS 3023, R 11806/91, brief, B.J. Viljoen, Krugersdorp - Staatsekretaris, Pretoria, 19 September 1891.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

1889 in Umtata in die huwelik getree het[18], het die reis van Transkei na Transvaal in die periode September-Oktober 1889 plaasgevind - 'n verhuising wat dus tegelykertyd 'n huweliksreis was.

Met die verhuising na Krugersdorp het Ben Viljoen se rol in die openbare lewe begin; 'n rol waarvoor hy kwalik voorbereid was. Hy het geen formele skoolonderrig gehad nie. Sy moeder het hom tuis les gegee.[19] Aangesien daar binne enkele jare na Ben nog vier kinders gebore is en die meer gevestigde lewe op Varkiesdraai daarna vir 'n heelwat moeiliker bestaan verruil is, kan aanvaar word dat hierdie onderwys beperk gebly het en moontlik met talle onderbrekings gepaard gegaan het.

Sy jeug en vormingstyd, die jare 1868 tot 1889, het hy in die veld en aan die grens deurgebring. Ben Viljoen is gevorm deur die grenstoestande waarin hy grootgeword het, wat beslis 'n groot invloed op sy ontwikkeling en karaktervorming gehad het.[20] Sy leierseienskappe, gehardheid in die veld, die sterk familiegebondenheid en individualistiese ingesteldheid is sonder twyfel deur die invloed van die pionierslewe versterk. Die pionier leer in die skool van ervaring dat hy noodgedwonge moet aanpas. Vir hom word die waarde van 'n standpunt nie bepaal deur tradisie of gewoonte nie: 'n saak is goed wanneer dit op daardie tydstip nuttig is. Hy word 'n nonkonformis wat teen konvensies rebelleer. Sy ideaal is persoonlike ontwikkeling, vry van sosiale en goewermentele stremmings. Sy beskawing is dié van individuele mededinging. Die prys is vir die slimste. In dié maatskappy is alles oop vir hom wat weet hoe om die geleenthede te benut.[21] Die persoonlike vryheid om onbeperk op enige terrein te kan meeding, moes vir die pionier gestalte kry in 'n totale demokratiese regeringsvorm met as eerste prioriteit die beskerming van persoonlike vryhede.[22] Geen regering of wet mag met hierdie vryheidsideaal inmeng nie. Die gesag waarmee die owerheidspersoon beklee is, het hy van die volk ontvang en moet hy gebruik om die volk te dien en die individu en sy regte te beskerm. Hierdie beskouing van 'n Amerikaanse pionier is, mutatis mutandis, ook op 'n bewoner van die Kaapse oosgrens van toepassing.[23]

---

18) G.S. Preller, Met God en die Mauser, (Die Brandwag, 20 Januarie 1917, p. 276) meld 6 September as troudatum; TAB, ZTPD, WLD 3/54 nr. 165/1905, die verklaring van mev. Els gee 5 September 1890 as troudatum, hierdie jaartal moet wel 'n vergissing wees.
19) G.S. Preller, Met God en die Mauser, (Die Brandwag, 20 Januarie 1917, p. 276).
20) C.J. Beyers (red.), Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek IV, p. 780.
21) F.J. Turner, The frontier in American history, pp. 271 - 272.
22) R.A. Billington (red.), Frontier and section, p. 161.
23) E.A. Walker, The frontier tradition in South Africa, p. 5.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

F.J. Turner meld dat die lewenswyse van die grenspionier hom ondervinding gegee het in aggressiewe moed, in dominansie, in direktheid van handeling en in vernietiging. Hierdie laaste aspek word enigsins versag deur die feit dat hy meer as net 'n vernietiger was: "He was a finder as well as a fighter."[24] M.J. Swart raak dieselfde aspekte van die gevolge van die grenspionier se leefwyse aan. Hy beklemtoon die patriargale huishouding en die sterk gesinslewe, die pionier se vasberadenheid en verantwoordelikheid. Daarteenoor staan ook destruktiewe kragte. Sy alleenheerskappy kon die pionier prikkelbaar en kleinsielig maak, sy oordrewe individualisme en trotse selfstandigheidsin het dikwels onderlinge botsings veroorsaak.[25]

Hierdie invloede het ook op Ben Viljoen ingewerk. Sy karakter, die gewoontes wat hy ontwikkel en die insigte wat hy later openbaar het, getuig daarvan. Van nature was hy lewendig, spraaksaam en humeurig[26], vlug van gees en vol Franse selfvertroue.[27] Hierdie basiese eienskappe van Viljoen is tydens die grenslewe uitgebou tot positiewe sowel as negatiewe karaktertrekke soos vrymoedige optrede, waagmoed, vrygewigheid teenoor dié wat in nood verkeer het, veranderlikheid van standpunt en lojaliteit, selfoorskatting en grootpratery.[28]

Ekstroverties en vol selfvertroue het Ben Viljoen saam met sy vrou na die Rand getrek. Daar is min inligting oor haar bekend. Sy was Helena Beatrix Els, dogter van Ockert Els van Elliot,[29] aantreklik en musikaal begaafd[30]; ten tye van haar huwelik en verhuising na Transvaal was sy agtien jaar oud.[31] Dit is opmerklik dat Lenie (Els) Viljoen dwarsdeur haar huwelikslewe beskeie op die agtergrond gebly het. Dit kan verband hou met haar karakter, die tydsomstandighede en haar jeugdige leeftyd. Sy het tog deeglik haar eie wil en oordeel gehad, vernaamlik toe sy gedurende en na die Tweede Anglo-Boereoorlog haar eie pad geloop het. Dit is daarom meer waarskynlik dat haar beskeie rol die gevolg was van die aandag wat Ben Viljoen vir homself opgeëis het.

Daar is aanwysings dat die huwelikslewe nie altyd sonder probleme verloop het nie.[32] In 'n sekere opsig is dit merkwaardig. Ben Viljoen was 'n gesinsman.

---

24) F.J. Turner, <u>The frontier in American history</u>, p. 270.
25) M.J. Swart, Die invloed van die isolasiefaktor op die vorming van die Afrikaner tot 1850, (<u>Hertzog annale</u> V(11), pp. 84 - 95).
26) <u>Land en Volk</u>, 14 November 1902.
27) <u>De Volkstem</u>, 19 Januarie 1917.
28) W.F. Andriessen, <u>Gedenkboek van den oorlog in Zuid-Afrika</u>, p. 246.
29) TAB, Preller-versameling, 276, lêer 290, p. 2.
30) C.J. Beyers (red.), <u>Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek IV</u>, p. 780.
31) H.C. Viljoen, <u>Die lewe en werk van Benjamin Johannes Viljoen gedurende die periode 1890-1900</u>, p. 1.
32) Kyk hieronder, p. 85.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Sy ouers, broers en susters het mekaar altyd ondersteun. Baie van hulle het ook later saam met hom na Amerika getrek, in teenstelling met sy vrou en kinders van wie slegs een hom na die Nuwe Wêreld gevolg het. Dit is moontlik dat juis die sterk binding tussen die Viljoens onderling, die oorsaak was dat Lenie verstote gevoel het en gevolglik ook afsydig gestaan het. Daarby moet in aanmerking geneem word dat die hele familie Viljoen na die Randse goudvelde getrek het, maar dat Lenie Viljoen nie lede van haar eie familie in haar direkte omgewing gehad het nie. Dit was kenmerkend van Ben Viljoen se karakter om 'n situasie van hierdie aard te negeer. Hy was beslis nie egoïsties in die materialistiese sin van die woord nie, maar het tog sy eie rol en betekenis sodanig beklemtoon dat daar alle rede is om hom egosentries te noem.

In die eerste helfte van Oktober 1889 het Ben Viljoen, sy bruid, sy ouers, drie broers en ses susters in Krugersdorp aangekom. Vader Viljoen en die drie broers het as bouaannemer begin werk. Saam met hulle het ook ander mense uit die Transkei vertrek. Preller verwys na Albertus Johannes Peach, Johannes Peach en 'n Nehess.[33] Van die relasie tussen hierdie persone en die Viljoen-familie is niks bekend nie. Vermoedelik het die gemeenskaplike agtergrond 'n band geskep, 'n verbondenheid wat kennelik bly bestaan het, want Preller meld dat Peach hom meegedeel het dat Vader Viljoen na die Tweede Anglo-Boereoorlog vir 'n kort besoek in Krugersdorp was voordat hy na Mexiko vertrek het. Hulle het dus op hoogte gebly van mekaar se doen en late.

Ben Viljoen het by die ZARP aangesluit waarin hy tot April 1891 diens gedoen het.[34] Aanvanklik het hy diens as konstabel verrig, maar in 'n later stadium is hy na die wagkantoor te Krugersdorp verplaas. Viljoen was ongetwyfeld fisiek goed geskik vir die polisiediens. Akademies was sy voorbereiding heelwat swakker. As konstabel in die buitediens was die vereiste skoolse vaardighede dalk nie so groot nie, op die wagkantoor sou 'n redelike hoeveelheid skryfwerk sy verantwoordelikheid wees. Daar was dan ook alle rede om aan hierdie agterstand in skoolopleiding aandag te gee. Ben Viljoen het private onderrig gekry en sy latere neiging tot die joernalistiek bewys dat hy nie skrikkerig vir die hantering van 'n pen was nie. Ondanks sy poging om die vooruitsigte op bevordering te verbeter, was die pad vorentoe in die polisiediens nie eintlik rooskleurig nie. Die hoëre range is deur verskeie baie bekwame buitelanders beklee en Viljoen was beslis nie die enigste wat na bevordering gestreef het nie.[35] Die skraal vooruitsigte het sekerlik 'n rol in sy besluit gespeel om uit die

---------------------------------------

33) TAB, Preller-versameling, 276, lêer 290, p. 2.
34) TAB, SS 3023, R 11806/91, brief, B.J. Viljoen, Krugersdorp - Staatsekretaris, Pretoria, 19 September 1891.
35) G.S. Preller, Met God en die Mauser, (Die Brandwag, 20 Januarie 1917, p. 276).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

polisiediens te bedank. Ander faktore kon ook 'n rol gespeel het. Ben en Lenie Viljoen het binnekort gesinsuitbreiding verwag en hulle sou seker uitgesien het na 'n verbetering in die finansiële toestand. As 'n mens sy liefde vir 'n uniform en militêre sake in ag neem, moes Viljoen sekerlik sy werk in die polisiemag geniet het. Dit is natuurlik moontlik dat Viljoen se swak vooruitsigte in die polisiediens sy weerstand versterk het teen die aanwesigheid van baie buitelanders in die staatsdiens van die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) versterk het.

Noudat hy reeds geruime tyd in Krugersdorp gewoon het en deur sy werk by die polisiediens met baie mense in aanraking gekom het, het die tyd gunstig gelyk om sy geluk in handel en besigheid te beproef. Hierdie terrein was vir Ben Viljoen nie heeltemal nuut nie. Waarskynlik het hy, terwyl hy nog in die ZARP gedien het, as 'n agent vir die verkoop van boumateriale opgetree en sodoende die familiebedryf ondersteun en terselfdertyd so 'n ietsie byverdien. In hierdie verband kan gewys word op 'n eis wat Viljoen teen N.J. Swart ingestel het en wat op 6 Maart 1891 in die landdroshof van Krugersdorp gedien het. Volgens die getuienis wat ingedien is, het B.J. Viljoen in Junie 1890 aan N.J. Swart seshonderd gebrande stene gelewer en het Swart in gebreke gebly om daarvoor te betaal.[36] 'n Ander moontlike verklaring vir die handelsaktiwiteite van poliesieman Viljoen is dat hy opgetree het in die belang van sy suster Susanna Magdalena wie se man, Petrus Jacobus Bosman, in dié tyd oorlede is. Op 6 Mei 1890 is Ben Viljoen as eksekuteur van die boedel van sy oorlede swaer aangestel en in hierdie hoedanigheid het hy op 6 Junie 1890 by die landdros te Krugersdorp 'n eis teen F. Rowe ingestel. Viljoen het aangevoer dat sy swaer aan Rowe elfduisend bakstene gelewer het vir die bou van die Standard Bankgebou te Krugersdorp - 'n lewering waarvoor Rowe nog geld aan die boedel van Bosman geskuld het.[37]

Met baie selfvertroue en die vrymoedigheid van die pionier het Viljoen sy loopbaan as ondernemer aangepak. Daar was blykbaar geen werk waarvoor hy teruggedeins het nie. Daar kan 'n lang lys van aktiwiteite opgestel word waarby hy betrokke was, of waarvan beweer word dat hy betrokke was. In hierdie lys moet twee periodes onderskei word: dié van April tot September 1891 en die tydperk na sy tweede diensverband met die ZARP. In die eerste periode was die aard van sy werksaamhede suiwer handelsgerig; in die latere tydperk was daar 'n duidelike behoefte aan erkenning in 'n openbare of amptelike funksie te bespeur.

Preller is die enigste bron wat vermeld dat Ben Viljoen saam met, of dalk in diens van ene Bezuidenhout, in Johannesburg as vendu-meester of afslaer opge-

---

36) TAB, Argief Krugersdorpse Delwerye 1888-1900, band 23, saak 597.
37) TAB, Argief Krugersdorpse Delwerye 1888-1900, band 21, saak 355.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

tree het.[38] Die tydstip van hierdie werksaamhede sou Januarie 1887 gewees het, 'n periode toe die Viljoens nog in die Transkei gewoon het, soos aangetoon is.

Daar is ook in 'n mate onsekerheid betreffende Viljoen se aandeel in 'n kantienfirma en drankhandel saam met Hermanus Johannes van Wijk, die eggenoot van Ben se suster Hendrina Catharina.[39] Ook in hierdie geval is Preller die vernaamste bron van inligting.[40] Daar is egter enkele ondersteunende getuienis beskikbaar. In die eerste plek blyk dit dat 'n dranklisensie op 22 Junie 1895 van H.J. van Wijk aan C.H. Tannenbaum oorgedra is.[41] Oor die aanvangsdatum van Van Wijk (en moontlik Viljoen) se aktiwiteite op hierdie gebied bly onsekerheid bestaan, aangesien geen aanwysing gevind kon word wanneer 'n lisensie aan Van Wijk toegeken is nie.[42] Dat 'n dergelike kantienbedryf wel bestaan het, blyk uit 'n opmerking in 'n redaksionele kommentaar in 'n opposisie-koerant op beriggewing in Ons Volk betreffende die handelinge van die Lisensieraad. In die kommentaar word na Viljoen verwys as "one of the present editors of Ons Volk [who] seems to have forgotten that not so very long ago he himself was a canteen-keeper under the selfsame Licensing Board, which granted him and relatives of his as less than five licences (yielding them a good round sum)".[43] Tydens die nog latere politieke aktiwiteite van Viljoen het sy teenstanders tydens die verkiesingsveldtogte verwys na Viljoen se vroeëre betrokkenheid by die drankhandel.[44]

Gedurende die periode April tot September 1891 het Viljoen hom egter hoofsaaklik daarop toegelê om as 'n baie veelsydige verteenwoordiger en agent van maatskappye 'n bestaan te maak. In hierdie tyd het hy onder meer as agent vir 'n versekeringsmaatskappy opgetree. Daarby het hy sy aktiwiteite as boek- en papierhandelaar en verteenwoordiger van binnelandse sowel as oorsese koerante ingepas. Sy advertensies uit die tyd gee 'n pragtige opsomming van sy aktiwiteite. Hy het in Junie en Julie in De Volksstem geadverteer as:

---

38) G.S. Preller, Met God en die Mauser, (Die Brandwag, 20 Januarie 1917, p. 276); TAB, Preller-versameling, 276, lêer 290, p. 2.
39) H.C. Viljoen, Viljoen familieregister, p. 414.
40) G.S. Preller, Met God en die Mauser, (Die Brandwag, 20 Januarie 1917, p. 276); TAB, Preller-versameling, 276, lêer 290, p. 2.
41) TAB, Argief Krugersdorpse Delwerye 1888-1900, band 155, Mynkommissaris, Register van getransporteerde lisensies, 1894-1899.
42) TAB, Argief Krugersdorpse Delwerye 1888-1900, band 11, Spesiale Landdros, Indeks op kantien- en hotellisensieboek.
43) The Roodepoort Mail, Florida and Maraisburg News, 8 September 1897.
44) Kyk hieronder, pp. 60 en 62.

"B.J. Viljoen
President Str. Krugersdorp,
P.O. Box 104
Nieuws en Periodicale Agent (Algemeen)

Agent voor de Koloniale Mutual Levensverzekering Maatschappij, Beperkt. Verzekert en Transact alles binnen 8 dagen: daar deze Maatschappij de beste en goedkoopste premien uitgeeft, zou geen persoon de kans verliezen moeten om zich te assureeren. Prospectussen en applicatie formen zend ik op aanvrage gratis. Agent voor Brembridge en Co., Rubber Stamps, orders dagelijks ontvangen en verzonden. Zend voor specimen sheets. Sole Agent voor Ritchie's nieuwe Snelschrijver (New Shorthand instructor). Prijs per post 6s. Daar de eerste assortement per eerste stoomboot zal arriveren en het getal beperkt is, zou een ieder die snelschrijven in 2 weken wil leren zoo spoedig mogelijk orderen. Agent voor Irston en Co. (London) Merrit en Hand press, Typewriters en self inking pads enz."[45]

Hierdie veelheid van aktiwiteite het nie Viljoen se werkdag gevul nie en dalk was die sukses ook nie voldoende om 'n bestaan te maak nie, want hy het ook bestellings vir sy vader en broers se besigheid geneem as "Sanitary Contractor & General Commission Agent".[46]

Viljoen se advertensies in Land en Volk was dalk wel die eerste verbintenis tussen hom en hierdie koerant maar beslis nie die laaste nie. Viljoen het ook vryskutwerk vir hierdie koerant gedoen[47] en as agent in Krugersdorp opgetree.[48] Aanvanklik staan B.J. Viljoen se naam slegs in die lys van agente vermeld, maar van 2 Februarie 1892 af tot die einde van die volgende maand het ook die volgende advertensie in Land en Volk verskyn:

"B.J. Viljoen. Agent van Land en Volk voor Krugersdorp en omtrek.
Namen van Intekenaren dadelijk verzonden.
Advertenties enz. achterstallige gelden ontvangen en uitgevoerd.
Alle informatie te verkrijgen bij:
B.J. Viljoen, Agent. Bus 104, Krugersdorp, ZAR."[49]

Nadat Viljoen se onderneming tot niet gegaan het, is die agentskap vir Land en Volk aan sy broer Wynand oorgedra. Die presiese tydstip van die veranderde agentskap kon nie agterhaal word nie, aangesien sowel die lys van agente in die

---

45) De Volksstem, Junie en Julie 1891.
46) Land en Volk, Mei tot Julie 1891.
47) Kyk hieronder, p. 27.
48) Land en Volk, Lys van agente na 14 Julie 1891.
49) Ibid., Februarie en Maart 1892.

kolomme van Land en Volk, as die opskrif en ondertekening in die advertensie, op verskillende tydstippe aangepas is.[50]

Vasberade het Viljoen aanhou poog om sy besigheid in Nederlands en Engels bekend te stel en sy agentskappe aan te prys. In September en Oktober 1891 het hy saam met ene Dyke min of meer dieselfde aktiwiteite geadverteer - maar by 'n nuwe adres.[51] Dit is moontlik dat hierdie Dyke dieselfde persoon is van wie Viljoen omtrent 'n jaar tevore deur middel van 'n siviele eis geld teruggevorder het.[52] In dié geval kan aanvaar word dat daar vereffening en versoening plaasgevind het.

Ondanks al die inspanning het dit inmiddels duidelik geword dat die besigheid nie suksesvol was nie. Op 19 September 1891 het Viljoen aansoek gedoen om weer tot die ZARP toegelaat te word.[53] Maar, soos tevore gemeld, was hertoetreding tot die ZARP nie moontlik sonder naturalisasie nie.[54] Viljoen was nog nie die volle twee jaar in die land nie en kon dus nie onmiddellik naturaliseer nie. Tereg het dr. W.J. Leyds as staatsekretaris in sy aantekening op die minute genoteer dat Viljoen volgens wet nie by die polisiemag benoem kon word nie, tensy die Regering die uitsondering wou toepas wat die Uitvoerende Raadsbesluit in art. 2 toegestaan het.[55] Waarskynlik is die aansoek om naturalisie deur 'n misverstand op 'n later tydstip ingedien as wat moontlik was. Op 10 Februarie 1892 het Viljoen by veldkornet J.C. Bodenstein offisieel aansoek om burgerskap gedoen. In hierdie brief het hy vermeld dat hy op 12 Desember 1889 in die Veldkornet se boeke ingeskryf is. Bodenstein het egter gesertifiseer dat Viljoen sedert 12 Oktober 1889 ingeskryf is.[56] Wanneer aanvaar word dat Viljoen waarskynlik die datum uit sy geheue genoteer het en dat die Veldkornet sy boeke

---

50) In Land en Volk van 5 April 1891 vermeld die opskrif in die advertensie vir die eerste keer W.J. Viljoen; op 26 April 1891 is ook die ondertekening van die advertensie W.J. Viljoen, soos ook die lys van agente van Land en Volk.

51) Land en Volk, 29 September tot 27 Oktober 1891: Viljoen & Dyke, Krugersdorp, P.O. Box 344. Direct Newsdealers. English and Continental Papers imported weekly. Subscribers supplied weekly. 3.6 or 14 monthly (or in parcels). Agents for the best South African Papers, the best Rubber Stamps, Pads and Types. New shorthand Writer (only S.A.Agents), The Colonial Life Ass. Society, Ltd. (Licence) General Collecting and Commission Agents and Brookers, connected with an experienced law Practioner. Viljoen & Dyke, Krugersdorp.

52) Kyk hieronder, p. 21.

53) TAB, SS 3023, R 11806/91, brief, B.J. Viljoen, Krugersdorp - Staatsekretaris, Pretoria, 19 September 1891.

54) TAB, UR 10, art. 360, 3 Augustus 1891, pp. 439 - 440.

55) TAB, SS 3023, R 11806/91, aantekening van dr. W.J. Leyds op minute, 3 Oktober 1891.

56) TAB, SS 3211, R 2103/91, brief, B.J. Viljoen, Krugersdorp - Veldkornet, Krugersdorp, 10 Februarie 1892.

moes raadpleeg om die datum van inskrywing te vind. is die laaste datum moontlik die korrekte. Dit was vir Viljoen dus nie nodig om met sy aansoek tot die begin van die jaar 1892 te wag nie.

Die prosedure vir aansoek om burgerskap het sy normale gang gegaan. Die bedrag van £5 is betaal en gekwiteer; die Staatsprokureur het sy goedkeuring verleen en die eedvorm is voorberei. Nêrens is sprake van 'n probleem of vertraging nie. Tog het Ben Viljoen al gou ongeduldig begin raak. Op 12 Maart 1892 het hy (op die pragtige briefpapier met briefhoof van sy mislukte besigheid) aan die Staatsekretaris 'n versoek gerig of hy sal toesien dat sy naturalisasie afgehandel word. As rede vir sy versoek het hy aangegee dat hy op die punt gestaan het om 'n betrekking by die owerheid te aanvaar, waarvoor die naturalisasie die enigste hinderpaal was.[57] Die proses het egter sy amptelike verloop gevolg. Op 13 April 1892 is die briewe van naturalisasie aan die landdros te Krugersdorp gestuur en is ses dae later, nadat hy die eed van trou afgelê het, aan Ben Viljoen uitgereik.[58]

Die pad na die polisiediens was nou weer oop en Viljoen het ongetwyfeld onmiddellik daarvan gebruik gemaak. Dit is opvallend dat die minute betreffende die naturalisasie van Viljoen nie gebêre is, voordat seker gemaak is dat Viljoen inderdaad in diens van die owerheid getree het nie. Op 15 September 1892 is navraag by die Spesiale Landdros te Krugersdorp gedoen oor watter betrekking Viljoen beklee het. Daarop het J.C. Human gemeld dat Viljoen lid van die Krugersdorpse Berede Polisie was.[59]

Dit is duidelik dat Viljoen haastig was om by die ZARP aan te sluit. Die handelsaktiwiteite het nie genoeg inkomste opgelewer om sy gesin te onderhou nie; 'n gesin wat nou uit drie persone bestaan het. Op 26 Junie 1891 is die oudste seun, Wynand Eugène, gebore.[60] Trou aan die tradisie is vader Wynand Johannes vernoem, asook Eugène Marais. Hierdie tweede naam dui op Viljoen se bewondering vir die koerantskrywer. Dit is selfs moontlik dat hulle 'n tyd lank boesemvriende was[61]; later het hulle bittere teenstanders geword.

Die Viljoens moes die rieme dun sny. Die salaris van 'n polisiebeampte en die inkomste van 'n handelsagent het goeie finansiële bestuur genoodsaak. Dit was

---

57) TAB, SS 3211, R 2894/91 by R 2103/91, brief, B.J. Viljoen, Krugersdorp - Staatsekretaris, Pretoria, 12 Maart 1892.
58) TAB, SS 3211, R 2103/91, aantekening op minute; Staatskoerant, 11 Mei 1892, Gouvernementskennisgeving no. 128.
59) TAB, SS 3211, R 2103/91, aantekening op minute.
60) H.C. Viljoen, Viljoen familieregister, p. 414.
61) H.C. Viljoen, Die lewe en werk van Benjamin Johannes Viljoen gedurende die periode 1890-1900, p. 1.

nie karakteriserend van Ben Viljoen om suinig te lewe nie. Hy het graag 'n groot gebaar gemaak en 'n effens sorgelose ingesteldheid teenoor die toekoms gehad. Daar het dus wel 'n keer rekenings uitstaande gebly en ook moes hy self maatreëls tref om sy skuldenaars tot betaling te dwing. In die begin van die negentigerjare het 'n aantal klein siviele sake voor die Spesiale Landdros te Krugersdorp gedien waarby Viljoen betrokke was. Op 16 Julie 1890 het Viljoen £4.10 van J.M. Bernardin geëis - die bedrag van 'n skuldbrief.[62] Op 7 Desember van dieselfde jaar het hy deur middel van 'n siviele eis probeer om £2 van F.W. Dyke, die barbier van Krugersdorp, in te vorder. Die bedrag was nog uitstaande van 'n totale skuld van £5.[63] As hy hierdie bedrag ontvang het, kon hy dit op sy beurt weer gebruik om 'n skuld van £2.2.0 aan W.J. Savage te betaal waarvoor hy op 8 Januarie 1892 gedagvaar is. Savage het inderdaad rede gehad om op betaling aan te dring. Die rekening vir 100 Kassandra sigare en 1 000 Old Judge sigarette was sedert 31 Maart 1891 uitstaande.[64] Of Viljoen dit vir eie gebruik of met die oog op sy handelsplanne van dié tyd aangekoop het, is uiteraard onseker, maar in Januarie 1892 was dit beslis nie meer moontlik om hierdie handelsware terug te eis nie.

Viljoen het nog dagvaardings ontvang na sy hertoetrede tot die ZARP. Op 8 Oktober 1892 het hy vir sy vrou 'n "washingstand" gekoop, maar op 30 April 1893 was die verskuldigde vyftien sjielings nog nie betaal nie. Om Viljoen tot betaling te dwing, het Horopus en Schaffer die Spesiale Landdros ingespan.[65] Dit was 'n moeilike tyd vir die Viljoens. Op 19 Januarie 1893 is hul tweede seun, Ockert Bertrand de Lesseps, gebore wat jonk in Krugersdorp oorlede is.[66]

Soos hy self as polisieman nog ou skulde moes betaal, was daar ook geld wat hy nog as ondernemer moes invorder. Op 20 Junie 1892 het hy die eienaar van die hotel te Krugersdorp, J.G.B. Varley, gedagvaar vir die betaling van £2.10. - die uitstaande balans van 'n rekening vir die "vervoering van Dag en Nacht vuilen" van Varley se hotel.[67] Viljoen se aktiwiteite as ondernemer het dus inderdaad 'n baie wye spektrum gehad.

Dikwels was dit voldoende om 'n dagvaarding te laat uitstuur. Die meeste hofsake eindig daarmee dat die saak teruggetrek word. Dit was nie die geval op 22 November 1893 nie. Op dié dag is Ben Viljoen, op versoek van E.J. de Wet van

---

62) TAB, Argief Krugersdorpse Delwerye 1888-1900, Rolboek van siviele sake, band 98, nr. 407.
63) Ibid., bande 98 en 27, nr. 788.
64) Ibid., bande 98 en 28, nr. 811.
65) Ibid., bande 98 en 35, nr. 1222.
66) H.C. Viljoen, Viljoen familieregister, p. 415.
67) TAB, Argief Krugersdorpse Delwerye 1888-1900, Rolboek van siviele sake, bande 98 en 31, nr. 978.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Zandvliet in die distrik Robertson in die Kaapkolonie, gedagvaar omdat hy in gebreke gebly het om 'n skuldbekentenis van 12 Mei 1893 te betaal. Saam met die rente en die koste het hy nou £10.17.0 vir die aankoop van rosyne geskuld. Was hierdie groot aankoop vir die familie bestem of het Viljoen se handelsgees ook tydens sy polisieloopbaan lewendig gebly? Hoe dit ook sy, Viljoen se "Good for" het nie so goed geblyk nie. Viljoen het vir hierdie saak (dit het om 'n aansienlike bedrag gegaan) 'n prokureur genader. Advokaat D. Naudé het verklaar dat sy kliënt geen aanmaning ontvang het nie en aangesien De Wet se aanmaning nie met geregistreerde pos gestuur is nie, kon hierdie bewering nie verkeerd bewys word nie. De Wet se aansoek is dus met koste afgewys.[68]

Viljoen was nie in alle gevalle 'n lakse betaler nie. Die beskikbare belastingregisters getuig dat hy hierdie verpligting getrou nagekom het. Daar is nêrens sprake van agterstallige belasting of laat betaling nie.[69] Tog bly die indruk bestaan dat hy nie 'n man was wat hom intens met finansiële sake bemoei het nie. Daar was nie net die hier genoemde geldelike aangeleenthede nie; in sy latere loopbaan as koeranteienaar is daar eweneens aanwysings van 'n gebrekkige administrasie. In sy persoonlike lewe was daar partykeer ook groot skulde.[70] Dit was egter meer die gevolg van gebrekkige beheer as van 'n oneerlike instelling, waarvoor geen aanduiding bestaan nie.

Viljoen se hertoetrede tot die polisiemag in 1892 is ongetwyfeld deur die gebrek aan sukses op die besigheidsvlak beïnvloed. Sy liefde vir 'n uniform en militêre sake het die oorskakeling vir hom vergemaklik. Tog was die polisiediens nie Viljoen se uiteindelike doelwit nie. Dit het hom van 'n inkomste verseker in die tyd dat sy lewe koers gekry het in die rigting van 'n posisie in die openbare lewe. In hierdie tyd het hy begin met sy aktiwiteite op die joernalistieke, die politieke en die militêre vlak: die drie terreine waarop Ben Viljoen bekendheid verwerf het.

Wat betref die eerste twee sake het sy vriendskap met Eugène Marais 'n sleu-

---------------------------------------

68) TAB, Argief Krugersdorpse Delwerye 1888-1900, Rolboek van siviele sake, bande 98 en 37, nr. 1350.

69) TAB, Argief Krugersdorpse Delwerye 1888-1900, Resident Vrederegter, Register van persoonlike belasting, 1886-1899, band 3, 28 Augustus 1891:

| | |
|---|---|
| Hoofdbelasting | 10.- |
| Spoorwegbelasting | 5.- |
| Wegbelasting | 2.6 |
| Pensioenfonds | 1.- |
| Totaal | 18.6 |

Dieselfde inskrywing verskyn in die Argief Krugersdorpse Delwerye 1888-1900, Mynkommissaris, Register van persoonlike belasting, April 1892 - Maart 1900, band 149, 18 September 1894 en 12 Julie 1895.

70) Kyk hieronder, p. 38.

telrol gespeel. Deur sy koerantagentskap het Viljoen die eerste kontak met Eugène Marais gemaak. Dit het nie net by 'n administratiewe verbintenis gebly nie. Daar het 'n band van verstandhouding en samehorigheid gegroei. Marais was ietwat jonger as Viljoen, maar het omstreeks 1892 al heelwat meer lewenservaring as Viljoen besit. In teenstelling met Ben Viljoen het Eugène Marais 'n deeglike skoolopleiding gehad en het Nederlands, Engels en Latyn geken. Deur sy werksaamhede by 'n prokureursfirma het hy 'n mate van regskennis opgedoen.[71] Hy het in hierdie tyd, voordat bekommernis sy lewe verwoes het, sy sprankelende persoonlikheid uitgelewe.[72] Dit het Viljoen bekoor en hy het 'n bewonderaar en volgeling van Marais geword. Hierdie wêreldwyse en nonkonformistiese voorbeeldfiguur het alles gehad wat Ben Viljoen kortgekom het: opleiding, kontakte, selfvoldaanheid, beslistheid van standpunt en 'n antwoord op vrae en probleme; ook op dié wat Viljoen aan homself gestel het. Waarom het hy tot op hede gefaal om 'n sukses van sy lewe en loopbaan te maak? Wat het in die pad van sy sukses gestaan? Deur sy werk as politieke kommentator het Marais oor sò 'n skat van voorbeelde, uitsprake en getuienisse beskik dat hy Viljoen maklik kon oortuig het dat hy nie 'n mislukking was nie, maar 'n slagoffer van die swak regeringsbeleid. Die sisteem van die Krugerregering met sy twee doodsondes van Hollanders en konsessies was verantwoordelik vir Viljoen se gebrek aan sukses. Hierdie beleid het die vooruitgang van Transvaler en Kapenaar onmoontlik gemaak. Eers moes die regering vervang word deur voorstanders van die liberale rigting onder leiding van Piet Joubert - dan sou elke regte Afrikaner sy eerlike kans kry en sou daar ook vir Viljoen deure oopgaan. Van Ben Viljoen kon nie verwag word dat hy die hallusinasies van 'n morfinis in hierdie oortuigende redenasie met sy oorvloed aan bewysmateriaal, sou raaksien nie.[73]

Die gevolge van hierdie oortuigingswerk was spoedig sigbaar. Viljoen het as medewerker en korrespondent van Land en Volk begin optree. Sy eerste bydraes was slegs 'n oorbeklemtoning van Eugène Marais se politieke standpunte en aspirasies. In woordgebruik en terminologie het hy die voorbeeld van die redakteur gevolg. Hollanderhaat en anti-Krugerisme was die onderwerp van sy briewe waarvan die inhoud slegs 'n haarbreedte van laster verwyder was.[74] Viljoen het ook op politieke vlak Eugène Marais se voorbeeld gevolg. Hy het hom beywer vir die verkiesing van Joubert in die presidentsverkiesing van 1893.[75]

Marais was vir Viljoen 'n navolgenswaardige voorbeeld en het aan Viljoen 'n aanneemlike verklaring gegee vir die gebrek aan sukses wat Viljoen ervaar het.

---

71) W.J. de Kock (red.), Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek I, pp. 526 - 527.
72) L. Rousseau, Die groot verlange, p. 54.
73) Ibid., pp. 66 - 67.
74) Kyk hieronder, hoofstuk 2.
75) Kyk hieronder, hoofstuk 3.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dat hierdie troos daartoe gelei het dat Viljoen Marais blindelings in sy aktiwiteite en vooroordele gevolg het. is nie verbasingwekkend nie. Dit is 'n baie verklaarbare en normale reaksie. Dit is veel opmerkliker dat Viljoen nie 'n blinde volgeling gebly het nie. Na verloop van tyd het Viljoen sy eie voete gevind en sy eie oordeel gevorm. Die kontak met Eugène Marais het iets in Viljoen wakker gemaak. Dit het vir hom nuwe ideale gegee om na te streef. Aanvanklik het hy sy leermeester kritiekloos gevolg, maar op 'n later tydstip het hy sy oordeel op selfstandige oorwegings gevorm. Daarby het Viljoen die innerlike moed gehad om vir sy ooruiging uit te kom. Die trotse selfstandigheid van die grenspionier het te sterk in hom gelewe om 'n ander persoon se opvattings permanent slaafs na te volg. Oorgeplaas vanuit die werklike grensgebied in die Transkei na die moderne wêreld van die Witwatersrand het die toekoms vir hom onseker voorgekom. 'n Ander mog hom in hierdie onsekere situasie die pad wys, soos Eugène Marais gedoen het, maar hy sou dit selfstandig loop. Hy het wel gehunker na die prys van die oorwinning, maar dit moes sy eie oorwinning wees. Marais mog hom dalk die troos bied dat Hollanders en konsessies sy pad na erkenning en sukses versper het - Viljoen sou in eie krag die struikelblokke oorkom en nie vir die res van sy lewe sy wonde gaan sit en lek nie.

Die jare 1892 tot 1895 was van deurslaggewende belang vir Viljoen. Waarskynlik het hy sy pad vorentoe self nie duidelik gesien nie, maar hy het wel besef dat sy toekoms op die joernalistieke en politieke vlak gelê het. Sy toerusting in hierdie verband was swak en sou menige mens laat terugdeins en die ideaal as onbereikbaar laat afskryf het. Dit is opmerklik dat die waarskynlike onbereikbaarheid vir Ben Viljoen juis 'n groot uitdaging was. Dwarsdeur sy lewe het hy getoon dat die gewone, die alledaagse, die algemene en die tradisionele vir hom geen aantrekkingskrag gehad het nie. Viljoen is geïnspireer deur die onmoontlike, die besondere; uitdagings het hom geaktiveer en by tye ook groot dinge laat doen en die grootsheid van sy karakter na vore gebring. Sy jeugjare aan die grens en die invloede van die pionierslewe wat hy daar gelei het, het hierdie karaktertrekke ongetwyfeld versterk.

Ben Viljoen het vir 'n loopbaan in die openbare lewe gekies en hy sou op sy eie manier gestalte daaraan gee. Sy onafhankelike geaardheid het hom laat soek na uitdagings en hom in staat gestel om die kanse wat hom gebied is, te benut. Sy jeugjare aan die grens het hom geleer om sy eie standpunt in te neem, om dit te handhaaf of te verander na gelang van die omstandighede of waar sy eie oordeel dit vereis het.[76] Hierdie selfstandige optrede het bewonderaars vir Viljoen besorg, net soos die veranderlikheid van standpunt en lojaliteit sy kritici opgelewer het.

---

76) Kyk hierbo, p. 14.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Ben Viljoen se ouers, Wynand Johannes Viljoen
en Susanna Magdalena Storm.



Ben en Lenie Viljoen en
hul oudste seun Wynand
Eugène, omstreeks 1895.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



> "Die stuk oer die goud industrie is jollie, want dit se mos hoe veul bokwaens vol goud elke maand uitgehaal worde. Ik zien jul praat van ope waens! Dis seker weer 'n Hollander se werk."[1]

> "Met Krismis was op Rooipoort sports soes di Jimse dit noem, daar het byna rooi sop geloop oer die Engelsche vlag want die Jekke het mos die parmantigheid om di vuil Union Jack daar te laat waai, maar ons ou Veldcornetjie wat nes 'n groot mandot ver hom kan hou seg somar ver di Jimse: "Look here yoe must take dat blooming vlag of anders I take it down myself". Party van die Jimsies was net di dertiende in, en begin swets en te raas maar op di ent was di vlag af."[2]

> "Ik hoor Andries, van Tant Sanna, wil ver landdrost kandidaat word ver Krugersdorp. Ag! arme Krugersdorp wat word van jou want die pak kleere wat zij in die Tweede Raad het wil nou Landrost word. Ag! ag. Dan hoor ik Fanie Kok moet Civiele Commissaris word. Hansie Bovenstein, Kommandant. Dit zal 'n jollie gemeente wees. Gedoom ik kry ook sommer lis om betrekking te vra."[3]

> "O, alla mag, op is die ou Keiser (Poul) en hy raas en hy skrei en stap uit, mar niet te lang nie of hy is weer trug."[4]

Hierdie voorbeelde van Klein Joggom[5], alias Ben Viljoen, se bydraes tot die joernalistiek van die laat 19de eeu toon onomwonde watter onderwerpe vir hom van belang was: die Hollanders, die Engelse, die amptenare en die regering. In sy bydraes het hy sonder om te skroom die man in plaas van die bal gespeel. Daar was selfs geen sprake van 'n poging om sy standpunt te onderskraag nie. In die toepassing van hierdie metode van persoonlike aanvalle het Viljoen nie alleen gestaan nie. Al die koerante, en by name dié van die regeringsopposisie, se uitgawes was reëlmatig op die grens van laster.

---

1) Ons Volk, 17 Oktober 1895.
2) Ibid, 7 Januarie 1897.
3) Ibid, 17 Oktober 1895.
4) Land en Volk, 6 September 1894.
5) Die spelling is nie altyd dieselfde nie. Gedurende 1894 is dit 'n tyd lank Klein Joggum. Daar word ook verwysings gevind na Klein Boggom (Die Brandwag 20 Januarie 1917) en Klein Joggem (H.C. Viljoen, Die lewe en werk van Benjamin Johannes Viljoen gedurende die periode 1890-1900, p. 1), maar geen bewys vir hierdie spellings kon gevind word nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Ben Viljoen se eerste koerantbydraes het in 1892 verskyn. In Krugersdorp het 'n (Hollandse) amptenaar Duuring 'n lasteraksie teen landdros J.C. Human ingestel. Oor hierdie aangeleentheid het Viljoen 'n brief aan De Volksstem geskryf. Die moontlikheid van 'n hofsaak is deur die anti-Hollanderbeweging aangegryp en in die rubriek Snaakse Kraaltjes het Land en Volk op hierdie saak ingegaan.[6] Vervolgens het iemand wat homself Bux genoem het die saak verder gevoer in 'n artikel wat die Krugerdorp Kronyken genoem is.[7] Die strekking van hierdie artikels was sterk anti-Hollands en dit was op sodanige manier geskrywe dat niemand regstreeks beledig is nie. Die styl is te goed en die Nederlands te foutloos om te aanvaar dat Viljoen die skrywer hiervan was. Daarna het Ben Viljoen self vir die eerste keer in Land en Volk aan die woord gekom. Hierdie eerste bydrae is deur Klein Joggom onderteken. Viljoen het daarin gereageer op 'n sogenaamde rekwisisie van onder andere Klyn Fynsien om as 'n kandidaat vir die verkiesing van Staatspresident te staan. In sy antwoord het hy 'n beleidsverklaring gegee wat 'n sterk oordrewe beeld van die Hollanderbeleid van die regering was en hy het voorgegee om 'n sterk verdediger van die regeringsbeleid te wees. Veral Duuring is geprys en hy sou die toekomstige privaatsekretaris word. Dr. N. Mansvelt se onderwysbeleid is sterk aanbeveel. Kruger sou met pensioen gaan na die baie belangrike dienste wat hy die land bewys het en ook Joubert moes uit, want al die Transvalers en koloniale Afrikaners was maar 'n klomp bobbejane.[8]

Van daardie tyd af het die rubriek van Klein Joggom sporadies verskyn. Viljoen het hom hoofsaaklik met aktuele politieke sake besig gehou. Oor die algemeen was die inhoud spottend, maar partykeer het hy met aanbevelings gekom wat hy waarskynlik ernstig bedoel het. So het hy eenkeer Ewald Esselen as opvolger van Leyds voorgestel.[9]

Viljoen het in Hollands sowel as Afrikaans geskryf, maar sy Hollands was nogal swak. Hy was fyn en oplettend, maar sy platvloerse styl het besadigde mense afgeskrik.[10] Viljoen het ooglopend die probleme van die satire as skryfstyl onderskat. 'n Enkele keer was daar 'n hoogtepunt soos toe hy, in opvolging van die rekwisisie, die eerste proklamasie van Z.H.Ed. Kleyn Joggom gepubliseer het. Hierin is Land en Volk skuldig bevind aan onpartydigheid en die openbaarmaking van onreg. Die proklamasie het geëindig met 'n persiflage van die gebruiklike slotwoorde: "GOD BEHOEDE LAND EN VOLK (niet de courant)".[11]

---

6) Land en Volk, 1 Maart 1892.
7) Ibid., 22 Maart, 29 Maart, 5 April en 19 April 1892.
8) Ibid., 26 April 1892.
9) Ibid., 3 Mei 1892.
10) G.S. Preller, Met God en die Mauser, (Die Brandwag 20 Januarie 1917, p. 278).
11) Land en Volk, 14 Julie 1892.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In 1895 het Klein Joggom se pennevrugte in Land en Volk skaarser geword. Dit sou wel verband gehou het met die verskyning van Ons Volk in Oktober 1895. Van dié tyd af het 'n verwydering tussen Marais en Viljoen posgevat. Die botsende sakebelange en later botsende politieke standpunte het die eertydse vriende tot bittere vyande gemaak. In Desember 1896 het Viljoen na Land en Volk verwys as 'n halfslagtige Jingo-koerant wat Ons Volk daarvan beskuldig het dat dit rassehaat bevorder[12], as gevolg waarvan die redakteur van eersgenoemde blad (Marais) graag die redakteur van laasgenoemde koerant (Viljoen) in 'n gestig vir kranksinniges geplaas wou sien.[13]

Ons Volk was 'n koerant wat van Oktober 1895 tot Augustus 1898 in Krugersdorp verskyn het.[14] Dit was 'n publikasie van die Republikeinsche Courant Sijndicaat Bpkt. waarvan B.J. Viljoen die besturende direkteur was.[15] Uit 'n advertensie blyk dat M.W. Edwards, A.L. Snell, J.H. Prinsloo, S. Prinsloo, A. Cohen, C.H. Brink en Izaak Joffe aandeelhouers van Ons Volk was,[16] maar Viljoen het 'n kwart van die aandele besit.[17]

Aanvanklik is aangedui dat Eduard C. Bosman die redakteur is en B.J. Viljoen die eienaar,[18] maar dit wil voorkom of die daaglikse leiding en spesifiek die verantwoordelikheid vir die inhoud van die koerant, by Ben Viljoen berus het.[19] In Julie 1896 het Alfeus Loveys Snell by die redaksie aangesluit.[20] Van dié datum af is aangedui dat Snell eerste redakteur was en Viljoen medeverantwoordelik.[21] Op grond van hierdie gegewens is dit nie korrek om, soos H.C. Viljoen, Ons Volk Viljoen se eie koerant te noem nie.[22] Viljoen het moontlik die inisiatief geneem en het voltyds vir die koerant gewerk - maar hy het nie die laaste woord gespreek nie. In 1897 het die meerderheid lede van die Republikeinsche Courant Sijndicaat Viljoen gedwing om te bedank en is sy bande met Ons Volk verbreek.[23]

---

12) Dit beteken dat Ons Volk anti-Engels is.
13) Ons Volk, 19 Desember 1896.
14) Die Staatsbiblioteek, Tydskrif- en koerantafdeling, Pretoria.
15) Ons Volk, 29 Augustus 1896.
16) Ibid., 19 Desember 1896.
17) H.C. Viljoen, Die lewe en werk van Benjamin Johannes Viljoen gedurende die periode 1890-1900, p. 3.
18) Ons Volk, 7 November 1895.
19) TAB, SS 5232, R 9609/95, brief, B.J. Viljoen, Krugersdorp - Staatspresident, Pretoria, 11 Februarie 1896.
20) Ons Volk, 25 Julie 1896.
21) Ibid., 16 Desember 1896.
22) H.C. Viljoen, Die lewe en werk van Benjamin Johannes Viljoen gedurende die periode 1890-1900, p. 2 van die opsommingsdeel.
23) Kyk hieronder, p. 37.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Viljoen het nie alle seggenskap gehad nie, maar hy het wel sy stempel op die koerant afgedruk. Die onderwerpe wat aangesny is en die standpunte wat ingeneem is, vertoon baie van Viljoen se voorkeure en ideale. Die koerant het nie geaarsel om sy mening en standpunt prontuit te stel nie. Veral in die periode van die bekendstelling van Ons Volk as nuwe koerant is die koerant se voor- én afkeure geopenbaar.

Gedurende die eerste maande van die verskyning van Ons Volk het die Esselen-Trimble-saak die publieke aandag getrek.[24] Die redakteur het 'n baie gematigde standpunt ingeneem. Dit het seker verband gehou met sy persoonlike band met Ewald Esselen met wie hy in die Joubert-verkiesingskomitee en in die Volksvereeniging saamgewerk het.[25] Tegelykertyd was Viljoen egter fel gekant teen die aanstelling van Uitlanders en Hollanders in poste wat deur Transvalers en Kaapse Afrikaners gevul kon word. Viljoen se beskuldigende vinger het daarom in 'n ander rigting gewys, na "een zekere clique (die) de heer de Meillon beloofd heeft om hem in den Eersten Raad te brengen als hy Trimble kon uitwerken."[26] Viljoen het ooglopend probleme ondervind om sy persoonlike gevoelens te beteuel. Daar was waarskynlik geen persoon met wie Viljoen ernstiger en meer dikwels gebots het as De Meillon nie.[27] Sy afkeer van De Meillon het Viljoen egter nie 'n verdediger van Trimble laat word nie. Hy het die Regering in sy ferm standpunt ondersteun, naamlik dat die wet nie aangepas kon word om Trimble as hoof van die speurdiens te behou nie. In dieselfde uitgawe van Ons Volk word die bedanking van Esselen as Staatsprokureur bekend gemaak. Die redaksionele kommentaar is nie vleiend vir Esselen nie. Viljoen het geskryf: "Wy moeten ronduit verklaren dat de reden van 's heeren Esselens bedanking, ons uiterst kinderachtig schynt. In eenig geval is het voor een Staatsman heel onwys, om over zulk een beteekenlooze kwestie zyne Staatsmans beginselvastheid prys te geven."[28] Deur sy bedanking het Esselen, as die enigste lid van die progressiewe rigting onder die hoofamptenare van die ZAR, die posisie van die Krugerparty versterk. Die teleurstelling hieroor was baie duidelik in die kommentaar oor die benoeming van dr. H.J. Coster as opvolger van Esselen: "...een Hollander, pas uit Holland, dus is hy uitverkoren bo Afrikaner Advocaten."[29]

Kort voor die afloop van die Trimble-saak was die speurhoof met een van sy speurders, Ueckerman, in 'n openbare vuisgeveg betrokke. Laasgenoemde het die slegste daarvan afgekom, wat nie so verbasingwekkend was nie - hy was 80 lb

---

24) J.W. Meijer, Dr. H.J. Coster, 1865-1899, Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis, 1989 II, pp. 148 - 149.
25) Kyk hieronder, pp. 50 - 51.
26) Ons Volk, 24 Oktober 1895.
27) Kyk hieronder, pp. 62 - 63 en 78 - 81.
28) Ons Volk, 16 November 1895.
29) Ibid., 30 November 1895.

(sowat 36 kg) ligter as sy teenstander.[30] Hierdie straatskandaaltjie was moontlik 'n welkome weerligafleier vir Viljoen wat omstreeks dieselfde tyd in 'n soortgelyke voorval betrokke was. Op Saterdag 26 Oktober 1895 is 'n paar vuishoue by die Central Hotel in Johannesburg tussen Ben Viljoen en ene Van Kempen gewissel. Slegs een koerantskrywer sê iets oor die aanleiding tot die geveg. Die korrespondent van The Star meld dat "Mr Viljoen was attacked by the Claim Inspector of Florida, (because he) was suspected of writing against Florida officials in The Critic."[31] Indien hierdie verklaring korrek is, berus die hele aangeleentheid op 'n misverstand, want The Critic het wel 'n sterk houding teen die amptenare van Florida ingeneem, maar die artikels was beslis nie Viljoen se pen nie.

Dat hierdie saak soveel aandag geniet het, was nòg vanweë die aanleiding vir die opskudding, nòg vanweë die betrokkenes. Nadat Viljoen die meerdere van Van Kempen geblyk het, het Piet Maré, Verantwoordelike Klerk en Vrederegter van Florida, hom met die saak bemoei. Hierdie kleurryke figuur het die redakteur van The Critic tot groot welsprekendheid gebring om die fiole van sy toorn oor hom uit te stort. Hy het geskryf:

> "This is not from Mr B.J. Viljoen -- I have never received one iota of information concerning Florida from any gentleman of that name, by the way, but I have received a good deal of information concerning Mr Piet Maré, Responsible Clerk and Resident Justice of the Peace at Florida, and this is some of it. I hear, for instance, that on the 4th of July last, being under the impression that he was an American Citizen for the time being, Mr Piet Maré celebrated the historic occasion to such purpose at the Empire Music Hall as to lead later to a street embroglio, in which he cleared the United States from the imputation of his citizenship by vociferously announcing ad urbem et orbem that 'he was a Justice of the Peace of the Transvaal' -- surely not as an explanation of his condition? I hear also that Mr Piet Maré is in the habit, when in this phase of J.P.dom down at Florida, of challenging the crowd to fight, tearing up his hat -- his own hat, not the one of the crowd -- and generally offering a free entertainment to the population over whom he exercises jurisdiction."

Die redakteur het vervolgens 'n uitvoerige oorsig gegee van swak vonnisse wat Maré opgelê het; van pligsversuim en wetsverkragting.[32] Drie weke later is die klagte verder gevoer toe die redakteur Piet Maré "the irResponsible Clerk at Florida" meegedeel het van die stapels briewe wat hy ontvang het:

> "in which regrets have been generally expressed that (his) strictures upon the conduct of Mr Piet Maré were not worded sufficiently vigorously for

---

30) Ons Volk, 16 November 1895.
31) The Star, 29 Oktober 1895.
32) The Critic, 1 November 1895.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

the merits of the case. Maré's behaviour has become more prominently scandalous than ever. His drunken proclivities are the subject of universal comment, as also his remissness in his official capacity, the disinclination to do his duty he manifests, the inexplicability of some of his judgements and his disgraceful methods generally."[33]

Van Kempen het 'n aanklag ingedien teen Viljoen en Viljoen het Maré aangekla. Viljoen is gearresteer en is beboet met £7.10 omdat hy volgens Ons Volk "een Hollander genaamd van Kempen een opstopper toediende." Oor die kriminele aanklag teen Maré wou die koerant niks sê nie omdat dit sub-judice was.[34] Die saak het heelwat penne in beweging gebring en uiteraard het Ons Volk oor die partydige en lasterlike praatjies in ander koerante gekla.[35] Die redakteur van De Pers het as gevolg daarvan 'n paar versoenende woorde geuiter wat welwillend deur Ons Volk aanvaar is.[36] Die publisiteit wat die splinternuwe koerantredakteur Viljoen en sy blad gekry het deur hierdie vegparty, was egter welkom en selfs die prys van 'n boete werd.

Piet Maré was egter nie tevrede met die boete wat Ben Viljoen opgelê is nie. Hy het na middele gesoek om sy teenstander te vernietig. En hy het iets gevind. Op 30 November 1895 het hy aan die Staatsprokureur geskrywe dat Ben Viljoen volgens hom betrokke was by 'n poging tot bedrog en meineed. Volgens Maré het vader W.J. Viljoen 'n erf gekoop en dit dadelik daarna aan sy seun B.J. Viljoen verkoop. By die registrasie van hierdie standplaas 254 te Roodepoort is getrag om dit dadelik op die naam van Ben Viljoen te plaas om sodoende die tweede betaling van hereregte te ontduik. Die bewysstuk wat daarvoor ingedien is, toon inderdaad duidelik dat die voorletters W.J. na B.J. verander is. Inderwaarheid is die verandering so openlik gedoen dat dit nouliks soos beplande bedrog lyk. Moontlik het die Waarnemende Staatsprokureur ook gereken dat meer bewyse nodig was. Hy het die brief van Maré na die Publieke Aanklaer van Krugersdorp vir kommentaar verwys. Op 12 Desember het hierdie amptenaar geantwoord dat hy alles nagegaan het. Hy het die Staatsprokureur gewaarsku om baie versigtig op te tree. Maré, so het die Publieke Aanklaer betoog, het wel 'n klag ingedien, maar geen beëdigde verklaring nie en die bittere vyandskap tussen Maré en Viljoen moes in gedagte gehou word. Dr. H.J. Coster, die nuwe Staatsprokureur, het ondanks die aandag wat hy aan die vervolging van die Johannesburgse Reformers moes gee, Maré op 27 Januarie 1896 versoek om 'n beëdigde verklaring in te dien met duidelike blyke dat Viljoen die betaling van hereregte ontduik het. Maré het egter nie gereageer nie en is op 11 Augustus 1896 gemaan om die saak af te handel.

---

33) The Critic, 24 November 1895.
34) Ons Volk, 7 November 1895.
35) Ibid., 16 November 1895.
36) Ibid., 30 November 1895.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Drie dae later het hy geantwoord dat hy geen beëdigde verklaring opgestel het nie, omdat hy, om onaangenaamhede te voorkom, nie as vervolger wou optree nie. Hy sou die volgende week na Pretoria kom en alles aan die Staatsprokureur verduidelik. Dr. Coster het dit nie nodig geag om sy tyd met hierdie toeligting te verspil nie. Op 17 Augustus het hy besluit om geen vervolging in te stel nie.[37] Hierdie saak het geen publisiteit gekry nie. Alle aandag was in Desember 1895 en daarna op 'n baie ernstiger botsing gerig: die onrus in Johannesburg[38] en die Jameson-inval.

Latere geskiedskrywing, veral die herdenkingsartikels wat na Viljoen se dood geskrywe is, kan die indruk skep dat Viljoen by die stuit van die Jameson-inval en die oorgawe van die leiers 'n belangrike rol gespeel het.[39] Ben Viljoen was inderdaad lid van die Krugersdorpkommando.[40] In hoeverre hy aan die werklike gevegte deelgeneem het, is nie duidelik nie, maar dit is ongetwyfeld waar dat hy hier sy eerste militêre ervaring opgedoen het.[41] Daar is tog wel sprake van 'n rol wat Viljoen gespeel het. Viljoen het tydens sy kommandodiens nie sy koerant vergeet nie en waar moontlik sy werk as verslaggewer voortgesit. Hy was saam met J.S. Celliers van Pretoria die eerste wat Jameson ontmoet het, nadat die wit vlag gehys is. Toe genl. P.A. Cronjé en die tolk enkele oomblikke later daar aangekom het, was Viljoen getuie van Jameson se offisiële oorgawe. Viljoen se beëdigde verklaring van dié gebeure is by die ZAR se offisiële stukke opgeneem.[43]

Die verslaggewing in Ons Volk is nie beperk tot die militêre sy van die inval nie. Daar is byvoorbeeld 'n skerp artikel van die hand van Viljoen oor die toestande in die Krugersdorpse hospitaal. Gewonde Boere moes op matrasse op die vloer lê, terwyl die gewonde Britte soos lords behandel is. Hy het gepoog om die hospitaal te besoek, maar is belet om sy broederlike sowel as sy joernalistieke pligte na te kom. Na nog 'n aantal "onthullings" oor die verskil in behandeling eindig die artikel met die opmerking dat die toestande in die hospitaal verbeter het, nadat die drukker die teks klaar geset het.[44] Viljoen wou nie die kans verbeur om in sy koerant teen die Britte uit te vaar nie!

---

37) TAB, SP 79, SPR 8750/95, Minute betreffende poging tot bedrog en meineed deur W.J. en B.J. Viljoen en J.L. van Wijk te Roodepoort.
38) Ons Volk, 21 Desember 1895.
39) The P&S Advertiser and Townships Gazette van 7 Maart 1917 skryf oor Viljoen as "The Boer leader and captor of Doctor Jameson."
40) TAB, KG 702, Naamlys Kommando Jameson Raid, p. 75, no. 24, Viljoen, B.J.
41) C.F. Albertyn (red.), Ensiklopedie van die wêreld 10, p. 313.
42) Ons Volk, 15 Februarie 1896.
43) ZAR, Groenboek I van 1896, pp. 97 - 98.
44) Ons Volk, Spesiale uitgawe, 6 Januarie 1896.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die belangrikste gevolg van die Jameson-inval betreffende Viljoen, was ongetwyfeld die invloed wat dit op Viljoen se politieke opvattinge en sy koerantbeleid gehad het. Nie ten onregte nie word die Jameson-inval 'n keerpunt in Viljoen se politieke standpunt genoem.[45] Dit is egter verkeerd om die verandering te sterk te beklemtoon. Die opvallendste is dat Viljoen voor die Jameson-inval van Joubert verwag het om 'n beter president te wees as Kruger en dat hy na die jaarwisseling van 1895-6 sy lojaliteit aan Kruger toegesê het. Maar dit beteken nie dat hy 'n blinde volgeling van een van beide was nie. Dit sou ook glad nie strook met sy individualisme en sy onafhanklikheid nie. Na die inval was daar tog 'n groter mate van nuansering merkbaar. Die besware teen die Regering was nou meer toegespits op sekere onderdele van beleidsake soos die konsessies en die onderwys, maar die maatreëls tot verdediging van die onafhanklikheid van die Republiek het hy heelhartig ondersteun. Daar het ook meer erkenning gekom vir die belangrike bydrae van die Hollanders en lojale Uitlanders in die ZAR, maar die weerstand teen die Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij (NZASM) het sterk gebly. Waar Viljoen voor die Jameson-inval sonder meer anti-regeringsgesind bestempel kon word, het hy na dié tyd 'n simpatiek-kritiese standpunt ingeneem. In 'n sekere sin het die gebeurtenisse Viljoen gehelp om selfstandig standpunt in te neem. Die dominerende invloed van Eugène Marais, wat deur die stigting van Ons Volk al begin afneem het, het in 1896 verdwyn.

In die eerste maande van sy bestaan was Ons Volk sterk anti-Hollands in sy redaksionele artikels sowel as in die gepubliseerde briewe van lesers. So het Patriot geskryf oor die blanke slawe van die Superintendent van Onderwys wat 'n memorie ingedien het wat tot oorlopens toe vol was van dom- en dwaashede. Maar die inhoud van die memorie het nie ter sprake gekom nie.[46] Later was daar nog steeds beswaar teen die opleidingsvereistes wat gestel is,[47] maar erkenning vir die betekenis van die handhawing van die Hollandse taal vir die onafhanklikheid van die Transvaal.[48]

Dit was vir Viljoen ongetwyfeld moeilik om genuanseerd te skryf. Van nature was hy flambojant; sy reaksies dikwels impulsief, sonder rustige besinning vooraf. Deur dié handelwyse het hy maklik vriende verloor en mense teen hom laat draai. Die ingesteldheid van die vrye en effens ongeslypte grensman het ook geblyk in sy weersin teen administrasie en kontrole. Sy kortaf reaksie op aangeleenthede waarin hy geen belang gestel het nie, of waarin hy 'n bedreiging gesien het, het selfs die finansiële posisie van Ons Volk 'n keer in ge-

---

45) C.J. Beyers (red.), Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek IV, p. 780.
46) Ons Volk, 17 Oktober 1895.
47) Ibid., 3 April 1897.
48) Ibid., 3 Julie 1897.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vaar gestel. Soos in alle ander koerante het daar ook in Ons Volk reëlmatig advertensies van die regering en uittreksels uit die Staatskoerant verskyn. Vir dié doel was 'n bepaalde reëling deur die regering van krag en koerante wat van die reëling gebruik gemaak het, het inderwaarheid regeringsondersteuning ontvang. Teen 'n vaste maandelikse vergoeding van £22.10.- is die opsommings uit die Staatskoerant gepubliseer - daarbenewens het die regering dikwels nog groot advertensies geplaas waarvoor ekstra betaal is. Die Regering het verder ook die reg gehad om van tyd tot tyd volledige advertensies uit die Staatskoerant te laat opneem binne die raamwerk van die maandelikse vergoeding.[49] Dit is duidelik dat die Regering deur middel van hierdie reëling die koerante wat hom goedgesind was, kon ondersteun en bevoordeel.

Die administrasie en burokrasie wat met die betaling van advertensies gepaard gegaan het, was vir Viljoen 'n ergernis. Hy het eenvoudig rekeninge ingedien vir dit waarvoor die regering na sy mening moes betaal, sonder om volgens die voorskrifte sulke rekeninge te dokumenteer met 'n magtiging tot publikasie en afskrifte van die publikasie. In Desember 1896 het Viljoen 'n stewige maar swak gedokumenteerde rekening van £106 vir geplaaste advertensies ingedien. In antwoord daarop is Ons Volk aangesê om ooreenkomstig die regulasies te werk te gaan. In Januarie 1897 is nog geen antwoord ontvang nie. In Februarie het die Regering landdros Human van Krugersdorp gevra om die saak met Viljoen op te volg. Dit het kennelik daartoe gelei dat Viljoen 'n verbeterde rekening met 'n begeleidende brief ingedien het. Viljoen se brief kon nie opgespoor word nie, maar wel die antwoord van die Onderstaatsekretaris aan die landdros, waaruit dit blyk dat Viljoen sy saak beslis nie diplomaties gestel het nie. Die Onderstaatsekretaris was bitter omgekrap. In sy reaksie aan die landdors het hy gekla oor die feit dat 'n vreemde rekening eers ingedien is en dat daar nou weer 'n brief vol onjuisthede ontvang is in 'n onvanpaste toon. Die landdros moes Ons Volk in opdrag van die Regering waarsku dat daar in die belang van die koerant 'n einde moes kom aan sulke optrede, anders sou die Regering die koerant nie langer met advertensies ondersteun nie![50]

Landdros Human het vervolgens olie op die golwe uitgestort en die saak met Viljoen bespreek. Hy het die Onderstaatsekretaris die versekering gegee dat die uitgawes in Ons Volk heeltemal volgens die regulasies uitgevoer is - die aantal kere wat dit verskyn het, die magtiging, die berekening - alles was in orde.[51] Die verbeterde rekening is uiteindelik betaal, maar dit was nie die

---

49) TAB, SS 7654, R 466/99, aantekening op minute.
50) TAB, SS 5933, R 16824/96, minute met aantekenings en korrespondensie.
51) TAB, Argief Landdros Krugersdorp 1888-1900, band 2, Landdros Minuteregister Maart 1896 - November 1898, inskrywings 423, 7 Desember 1896, 507 van 3 Maart 1897, 611 van 11 Mei 1897, 627 van 21 Mei 1897, 691 van 8 Julie 1897.

enigste keer dat daar probleme met die regeringsadministrasie was nie. In die stukke van die Staatsekretaris het die swak administrasie van Ons Volk keer op keer ter sprake gekom.[52]

Die swak administrasie het nie die groei van die koerant belemmer nie. Binne enkele maande was daar reeds sprake van bykans drieduisend intekenaars.[53] Na die eerste onstuimige groei het die tempo afgeneem. Meer as 'n jaar later is die drieduisend-kerf bereik.[54] Dit het beslis aanleiding gegee tot die uitbreiding van die koerant, en kort voor sy tweede verjaardag het Ons Volk twee maal per week begin verskyn.[55] Hoewel die blad in Krugersdorp verskyn het, wou dit beslis nie 'n plaaslike koerant wees nie. In verskeie plekke was daar agente wat 'n skakelfunksie vervul het. Die meeste lesers is egter aan die Witwatersrand gevind, 'n verskynsel wat waarskynlik saamgehang het met versendingsprobleme. Dat ook agente probleme kon oplewer, het geblyk uit 'n groot kennisgewing waarin die lesers versoek is om nie langer intekengeld aan mnr. C.N.J. du Plessis in Fordsburg te betaal nie, aangesien hy nie langer agent van Ons Volk was nie.[56] Wat die rede vir hierdie bedanking of afdanking was, is nie bekend nie. Dalk het dit verband gehou met die donker wolke wat besig was om oor die bestaan van die koerant saam te pak. Op daardie tydstip was Ben Viljoen nie langer verbonde aan Ons Volk nie, inteendeel - hy het in Krugersdorp 'n nuwe en mededingende koerant De Voortrekker begin. Vir Ons Volk was dit die einde. Die laaste beskikbare uitgawe is gedateer 27 Augustus 1898, maar daarin is geen aanduiding dat dit die laaste uitgawe sou wees nie. Volgens H.C. Viljoen is die uitgewers in Augustus 1898 gelikwideer, maar by dié gegewe is daar geen bronvermelding nie.[57]

Die skrywers oor Ben Viljoen is eenstemmig oor die oorsaak van sy breuk met Ons Volk. Dit was polities van aard en het verband gehou met die presidentsverkiesing van 1898. Viljoen het na die Jameson-inval 'n ondersteuner van Kruger geword, hoewel nie noodwendig ook 'n ondersteuner van al die aspekte van sy beleid nie. Die koeranteienaars het egter 'n ander lojaliteit gehad. Dit was nie P.J. Joubert, soos H.C. Viljoen in 'n reaksie op 'n artikel van D.W. Krüger geskryf het nie,[58] maar Schalk Burger. Die beste inligting is deur Ben

---

52) TAB, SS 5735, R 12190/96, aantekening op minute; SS 5941, R 17098/96, brief, Tesourier - Staatsekretaris, 4 Januarie 1897.
53) Ons Volk, 28 Desember 1895.
54) Ibid., 20 Maart 1897.
55) Ibid., 5 Junie 1897.
56) Ibid., 2 Julie 1898.
57) H.C. Viljoen, Die lewe en werk van Benjamin Johannes Viljoen gedurende die periode 1890-1900, p. 3.
58) H.C. Viljoen, Nog inligting oor genl. Viljoen, (Die Huisgenoot, 22 Februarie 1974, p. 6).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Viljoen self verskaf, wat na aanleiding van koerantberigte baie ewewigtig gereageer het met 'n duidelike en geloofwaardige uiteensetting. The Roodepoort Mail, Florida and Maraisburg News het berig dat Ons Volk Kruger nie langer ondersteun het nie, waarskynlik onder druk van aandeelhouers en lesers. Nadat sake uitvoerig bespreek is, het die meerderheid aandeelhouers Ben Viljoen versoek om as besturende direkteur en mede-redakteur te bedank omdat hy 'n heelhartige ondersteuner van Kruger was. Ons Volk sou onder leiding van mnr. Snell na sy ou onpartydige standpunt terugkeer. Die redaksie van hierdie plaaslike nuusblad het op 'n professionele wyse ook Viljoen se mening gevra en dit tegelykertyd gepubliseer. Viljoen het geantwoord dat daar aan die begin van November op 'n vergadering van aandeelhouers van Ons Volk besluit is om Kruger in sy verkiesingsveldtog te steun. Nadat hy omstreeks middel Desember, na 'n afwesigheid van twee weke waarin hy die rondreis van Kruger gevolg het, weer na Krugersdorp teruggekeer het, moes hy hoor dat sy mederedakteur van standpunt verander het. Ook was die meerderheid aandele nou in die hande van Schalk Burger se ondersteuners. Een van die direkteure het aan Viljoen geskrywe dat hy nie langer sy posisie by Ons Volk kon beklee nie, omdat hy 'n offisiële staatsfunksie beklee het.[59] Hier word vermoedelik verwys na die feit dat Viljoen veldkornet was.

Indien hierdie weergawe korrek is, en daar geen rede is om aan die opregtheid te twyfel nie, het die uitgewers van Ons Volk nie korrek teenoor Viljoen opgetree nie. Hulle het ook sy aanhang onderskat en onvoldoende rekening gehou met Viljoen se reaksie en dié van die leserspubliek. Vir die eienaars van Ons Volk was 1898 nie 'n voorspoedige jaar nie. Hulle het voorspel dat Schalk Burger die helfte van die stemme sou trek teen Kruger se 35% en Joubert se 15%,[60] maar hul kandidaat het nie die paal gehaal nie. En verder het hul koerant as gevolg van die verskyning van De Voortrekker die onderspit gedelf.

Daar bestaan verwarring oor Ons Volk en De Voortrekker - wat moontlik ontstaan het deurdat Preller in sy herdenkingsartikel oor Viljoen sake nie duidelik onderskei het nie. Dit wil voorkom of Preller van mening was dat Viljoen aanvanklik 'n eie koerant onder die naam De Voortrekker besit het wat in 1898 in die hande van die Ons Volk Sindikaat gekom het, waarna die naam verander is.[61] Dit is ook nie korrek om te sê dat Viljoen met De Voortrekker begin het nadat Ons Volk die deure gesluit het nie.[62]

---

59) The Roodepoort Mail, Florida and Maraisburg News, 22 Desember 1897.
60) Ons Volk, 2 Februarie 1898.
61) G.S. Preller, Met God en die Mauser, (Die Brandwag, 20 Januarie 1917, p. 279).
62) H.C. Viljoen, Die lewe en werk van Benjamin Johannes Viljoen gedurende die periode 1890-1900, p. 2 van die opsommingsdeel.

Viljoen het onmiddellik na die breuk met Ons Volk met sy eie koerant begin. Reeds op 5 Februarie 1898 het die eerste uitgawe van De Voortrekker in Krugersdorp verskyn. Die blad is deur die Vrijheids Drukpers Maatschappij Bpk. te Krugersdorp uitgegee. Die koerant se motto was: "Een Afrikaner courant geredigeerd, gedruk en uitgegeven door Afrikaners voor Afrikaners".[63] Uit die beskikbare uitgawes wat nog geraadpleeg kan word, is dit duidelik dat die koerant deurgaans as verdediger van die Regering opgetree het. Dit het deur die bank 'n goeie, effens humoristiese styl gehandhaaf en was 'n baie lesenswaardige en gewilde koerant.

Viljoen het by tye die joernalistieke grense oorgesteek en homself daardeur lasteraksies op die hals gehaal. Op 30 April 1898 het hy sy hart gelug oor die swak openbare diens in Krugersdorp se strate. Deur die artikel het M.S. de Villiers, opsigter van die Reinigings- en Publieke Werke van die Krugersdorpse Gesondheidskomitee, hom aangespreek gevoel. Agter die indrukwekkende titel het duidelik 'n nederige amp skuilgegaan. Dit blyk wel uit die inhoud van die berig in De Voortrekker:

> "Di water kar.
>
> Dit lyk of Mnr. De Villiers di altyd droomende opzeg oer di Gezondheids werke 'n contract met di Hotelle het om net rond di drinkplekke di strate nat te gooi. Di wat hoog op en bitji laag af woon kan mar in di stof verstik. Wat kan 'n sopie tog ni doen ni."

De Villiers se eis vir skadevergoeding van £100 weens laster het op 18 Mei 1898 voor die landdros van Krugersdorp gedien. Die landdros het die verweer van Viljoen aanvaar, die eis van die hand gewys en bevind dat die inhoud van die koerantberig hoegenaamd geen laster bevat het nie.[64] Daarmee was die saak nog nie afgehandel nie. De Villiers het appèl aangeteken en die saak is op 20 Maart 1899 deur die regters Morice en Van Leeuwen verhoor. Sowel die eiser as die verweerder het gepoog om die beste verdediging van hul saak te verkry. De Villiers is deur prokureur Tindall en advokaat Ewald Esselen verteenwoordig terwyl Viljoen hom die bystand verwerf het van prokureur Danie Theron en dr. H.J. Coster as advokaat. Op 22 Maart het die uitspraak gevolg waardeur die vroeëre uitspraak van die landdros nietig verklaar is.[65] Die koste van die hofsaak moes deur Viljoen gedra word. Dit wil voorkom of die nagenoeg £40 bo sy finansiële vermoë was, want die geregsbode is gelas om die roerende goedere van B.J. Viljoen wat in die distrik gevind kon word, in beslag te neem en per publieke veiling te verkoop.[66]

---

63) De Voortrekker, 5 Februarie 1898.
64) TAB, Argief Krugersdorpse Delwerye 1888-1900, band 100, saak nr. 258, band 102, 258/98, band 77, saak nr. 258, M.S. de Villiers versus B.J. Viljoen.
65) TAB, ZTPD 1/99, appèl nr. 1264.
66) TAB, Argief Krugersdorpse Delwerye 1888-1900, band 77, vervolg van siviele saak nr. 258.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Van Oktober 1898 af, toe hy bietjie meer as 'n halfjaar oud was, het De Voortrekker twee maal per week verskyn. Dit is merkwaardig dat hierdie tydstip ooreenstem met die staking van die publikasie van Ons Volk. Dit dui daarop dat De Voortrekker baie lesers van Ons Volk getrek het. Uiteindelik het Viljoen sy hele lesersaanhang weer onder sy invloed gekry. Dit was nie meer sy direkte invloed nie. Nadat De Voortrekker goed gevestig was, het Viljoen die daaglikse leiding aan Servaas Fick, wat in Oktober 1898 redakteur geword het, oorgedra. In Desember 1898 is Fick deur J.S. du Preez opgevolg.[67] In korrespondensie is B.J. Viljoen die redakteur genoem en Du Preez die verantwoordelike redakteur.[68] In September 1899 het die koerant gesluit aangesien die hele koerantpersoneel direk by die oorlog betrokke geraak het.[69]

Dit wil voorkom of die datum 2 September 1899 as sluitingsdatum, soos deur H.C. Viljoen aangegee, nie korrek is nie. Op 16 September 1899 het die volgende berig in The Krugersdorp Standard verskyn: "De Voortrekker has risen again, and is hot as ever. The Star and Leader are very angry."[70] Die hernieude uitgawe kon nie opgespoor word nie.

In die periode van Viljoen se aktiewe redakteurskap was hy besonder strydlustig oor die gebruik van Engels.[71] Die koerant was ook 'n felle teenstander van Land en Volk vanweë dié koerant se standpunt oor die werksaamhede van die Burgermacht.[72] Viljoen het dit ook betreur dat die insweringsgeleentheid van die Staatspresident gekenmerk is deur suinigheid, wat afbreuk gedoen het aan die plegtigheid daarvan. Viljoen het gemeen dat dit wel die laaste keer sou wees dat Kruger tot hierdie amp verkies sou word. Hy het gelyk gehad, al het hy sy mening gegrond op Kruger se hoë leeftyd. Dit was nie sy bedoeling om hom onverdiende eer te bewys nie, maar met die gawes wat hy van God ontvang het, het hy sy volk gedien en in hierdie diens aan sy land het hy vergrys.[73] Viljoen het ook nie geskroom om wat hy as wanpraktyke beskou het, uit te wys nie. So het hy heftig beswaar aangeteken teen die talle funksies wat Adolf Schiel beklee het.[74] Viljoen het daardeur duidelik bewys dat hy 'n selfstandige standpunt ingeneem het by die beoordeling van die Regering se dade.

---

67) Die Staatsbiblioteek, Tydskrif- en koerantafdeling, Pretoria.
68) TAB, SS 7633, R 17090/98, rekening en brief, De Voortrekker, Krugersdorp - Staatsekretaris, Pretoria.
69) H.C. Viljoen, Die lewe en werk van Benjamin Johannes Viljoen gedurende die periode 1890-1900, p. 5.
70) The Krugersdorp Standard, 16 September 1899.
71) De Voortrekker, 12 Maart 1898.
72) Kyk hieronder, p. 55.
73) De Voortrekker, 18 Maart 1898.
74) Ibid., 30 April 1898.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Omstreeks die middel van die jaar 1899 was Ben Viljoen 'n bekende openbare figuur in die ZAR. Tereg kon van hom geskrywe word: "Ben Viljoen is the best abused man in South Africa just now and it is impossible to open a South African paper without coming across some outpouring of venom. Ben was made by the press, and the press will continue to keep him in front."[75] Hierdie uitspraak, waarin ongetwyfeld 'n groot mate van waarheid skuil, stel ons voor die vraag hoe dit moontlik was dat 'n man met sy agtergrond en (gebrek aan) opleiding binne 'n paar jaar juis op die gebied van die joernalistiek soveel opgang kon maak. Daar was verskeie faktore wat in hierdie proses 'n rol gespeel het. Sy agtergrond van die grenslewe het hom die vrymoedigheid en onderneminggees gegee om sonder huiwering 'n terrein te betree waarvoor hy bykans glad nie voorbereid was nie. Sy karaktereienskappe het by hom 'n behoefte geskep om sy gedagtes en standpunte bekend te maak; hy was 'n ekstrovert en het behoefte gehad om mense te domineer.[76] Moontlik het die feit dat hy die oudste seun was van 'n familie met baie sterk familiebande en patriargale eienskappe, die neiging tot leierskap nog verder versterk. Die joernalistiek in die kleinskalige ZAR met sy koerante wat eintlik maar eenmansbedryfies was, het 'n skitterende geleentheid gebied om sy behoefte om iets tot stand te bring, uit te leef.[77] Inderdaad het Viljoen ook heelwat aktiwiteite ontwikkel op die gebied van die politiek, verkiesingskomitees, politieke organisasies, vrywilligerkorpse en militêre ekspedisies, maar dié aktiwiteite is in 'n groter samewerkingsverband verrig en kon slegs deur 'n gesamentlike poging tot sukses lei. Op hierdie punt het die grootste swakheid van Viljoen gelê. Hy was baie sterk individualisties en kon sy soms sprankelende idees moeilik oordra deur middel van rustige oortuiging - daarvoor was hy te rusteloos. Sy selfversekerde optrede is dikwels as grootpratery vertolk. Gevolglik het hy dikwels met potensiële medestanders gebots.[78] Sy reguit manier van debatteer het die redakteur van The Critic eendag die versugting laat uitspreek dat Viljoen eerder 'n slagter kon geword het.[76] Maar hy was inspirerend vir dié wat met hom saamgestem het. Hierdie eienskappe en geaardheid het hom sukses in die koerantwêreld laat behaal.

Dit was egter alles ondersteunende faktore waarsonder Viljoen se optrede as joernalis waarskynlik onsuksesvol sou wees. Die deurslaggewende faktor vir sy joernalistieke opgang was sy vermoë om aan die volk iets te kon voorhou waarin hulle geglo het en hy het dit gedoen op 'n manier wat hulle aangetrek het.

---

75) The Krugersdorp Standard, 29 Julie 1899.
76) Kyk hierbo, pp. 14 - 15.
77) F. Rompel, Heroes of the Boer War, p. 149.
78) Pretoria News, 17 Augustus 1963: He had many admirers and would have had more friends, had it not been for his habit of boasting.
79) The Critic, 14 Februarie 1896.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Viljoen was 'n romantikus. Soos by die tipiese romantikus[80] kon daar by Viljoen groot individualisme, sterk hartstogte en 'n heroïese karakter waargeneem word. Hy het aanleg gehad vir gevoelsgodsdiens en oorskatting van sy eie en ander mense se vermoëns. Hy het hom gekeer teen die tradisionele en het hom bo die burgermoraal verhewe gevoel. Die eienskappe van die grensman en die romantikus het ineengevloei. En die ZAR in sy bedreigde posisie, met sy geskiedenis en republikeinse ideaal was by uitstek die geskikte plek om 'n man soos Viljoen te laat skitter.

Die republikeinse ideaal het Viljoen soos 'n handskoen gepas. Al sy lewensideale, gevorm deur sy jeug aan die grens, het in die ZAR gestalte gekry. Hier het sy vryheidsideaal vorm aangeneem in 'n republiek waar die volk die soewereiniteit besit en uitgeoefen het soos dit van oomblik tot oomblik nuttig en voordelig geag is. 'n Groot tekortkoming van die ZAR was die gebrek aan 'n werklike grondwet. Die reël dat 'n wet gewysig kon word deur 'n eenvoudige besluit van die Eerste Volksraad, hierdie so hoog vereerde volkswil,[81] was vir Viljoen die naaste wat sy eie ideaal aan verwesenliking kon kom. Hieruit is ook Viljoen se bewondering vir die geskiedenis verklaarbaar. Reëlmatig kom hierdie bewondering in die kolomme van <u>Ons Volk</u> na vore. In Julie 1896 het die redaksie 'n prysgeld van £4 uitgeloof vir 'n opstelwedstryd wat in Hollands of Afrikaans geskrywe mog word. Die eerste onderwerp was: 'n Gebeurtenis tydens die Groot Trek.[82]

Ongeveer 'n jaar later het <u>Ons Volk</u> ruimte gegee aan die herinneringe van 'n bejaarde vrou wat Viljoen in Krugersdorp ontmoet het. Sy het onder haglike omstandighede gelewe. Viljoen het haar besoek en mediese hulp vir haar gereël. Hierdie bereidheid tot hulp, wat so kenmerkend van Viljoen se karakter was ,[83] was sekerlik ook uit bewondering vir die geskiedenis van die Groot Trek. Hierdie vrou het naamlik as 'n driejarige meisie die Bloukransmoorde meegemaak en dit, ondanks talle assegaaiwonde, oorleef.[84]

Sy bewondering vir die geskiedenis van die Afrikaner is in 'n hoë mate deur sy vryheidsin bepaal en hy het die geskiedenis vertolk na die behoefte van die oomblik. In 'n reeks artikels oor "Het Afrikaansche Volk" het Viljoen meesterlik daarin geslaag om talle bekende voorvalle uit die geskiedenis in herinnering te roep. Hy het 'n vloed van woorde ingespan om blywende momentum te

---

80) W.J. Ouweneel, Réveil en Romantiek, (<u>Bijbel en wetenschap</u>, Maart 1990, pp. 77 - 78).
81) J.W. Meijer, Dr. H.J. Coster, 1865-1899, <u>Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis</u>, 1989 II, pp. 172 - 173.
82) <u>Ons Volk</u>, 11 Julie 1896.
83) H.C. Viljoen, <u>Viljoen-Gedenkboek</u>, p. 116.
84) <u>Ons Volk</u>, 18 Mei 1897.

verleen aan die nasionale oplewing in die tyd na die Jameson-inval. Daarby het hy beslis nie met onderskeiding te werk gegaan nie. Die Engelsman is die onderdrukker wat die gekleurdes bo die Boere gestel het; die Slachtersnek-teregstelling was 'n moord op onskuldiges en die direkte aanleiding tot die Groot Trek: alles wat die Trekker vir hom in die barre noorde verkry het, is deur die sameswering van Engelse en Swartes weer verwoes; maar telkens blyk dat die God van Jakob ook die God van die Afrikaner is en Hy het hulle uitgered: Vegkop, Bloedrivier, Amajuba, Doornkop; die verguisde en veragte volk het weer opgestaan.[85]

Dit was nie die enigste keer dat Ben Viljoen meer as terloops na historiese gebeurtenisse verwys het nie. Ten behoewe van die Amerikaanse leserspubliek het hy in een van sy boeke 'n beknopte oorsig van die Suid-Afrikaanse geskiedenis gegee. Ook in hierdie geval is uit die inhoud meer te leer oor Viljoen se lewensuitkyk as oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Die weergawe van die feite is ontstellend onnoukeurig. Die landing van Jan van Riebeeck het volgens hom in Maart 1602 plaasgevind en as oorsaak van die eerste Britse besetting van die Kaap in 1795 het hy gemeld dat daar gerugte van ryk diamantvelde was. Net so het die tweede Britse besetting van 1806 plaasgevind, aldus Viljoen, na aanleiding van die ontdekking van goud en het die Britse sendelinge die noodsaaklike casus belli verskaf.[86]

Maar vir Viljoen was die korrekte weergawe van feite onbelangrik. Deur middel van die geskrifte wou hy 'n saak stel, 'n boodskap oordra. In die artikelreeks in Ons Volk was die boodskap aan die Afrikanervolk: moenie wanhoop nie, ons saak is reg en ons sal altyd seëvier, ook na periodes van teenslae. In sy Amerikaanse boek wou hy duidelik 'n verband lê tussen die Amerikaanse vryheidstryd teen Brittanje en dié van die Boere. Dit het dieselfde wortels, verteenwoordig dieselfde ideale. Dat die Amerikaanse stryd suksesvol was en dié van die Afrikaner nie, moes by eersgenoemde simpatie en verbondenheid opwek. Met dié doel voor oë het Viljoen historiese gebeurtenisse as bewysmateriaal ingeskakel.

Viljoen sou in geen ander tydperk en in geen ander situasie so kon werk en floreer as juis in hierdie tydperk met sy hartstogtelike oortuigings en bloedige botsings nie. Die joernalistiek het aan hom 'n uiters geskikte wegspringplek besorg, maar die politiek het eweneens sy belangstelling geprikkel en militêre aangeleenthede dalk nog meer.[87] Die ZAR het hom op al hierdie gebiede in die laaste dekade van die negentiende eeu ryke moontlikhede gebied. En die joernalis Viljoen het hulle ten volle benut.

---

85) Ons Volk, 24 Oktober 1896.
86) B.J. Viljoen, An exiled general, pp. 14 - 26.
87) G.S. Preller, Met God en die Mauser, (Die Brandwag, 20 Januarie 1917, p. 277).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hoofstuk III

## DIE POLITIKUS

Laat in 1889 het Ben Viljoen in die Transvaal aangekom. Die joernalistiek en die politiek was stellig nie sy hoofdoelwitte nie. Die eerste prioriteit was om 'n bestaan te maak. Tog het Viljoen spoedig by sowel die joernalistiek as die politiek betrokke geraak. Wat was eerste, die koerantskrywery of die politieke belangstelling? In georganiseerde sin waarskynlik sy bydraes tot Land en Volk. Maar die inhoud van Klein Joggom se skrywery getuig van sy politieke belangstelling en betrokkenheid. Kan daar nou saam met Gustav Preller gesê word dat Viljoen as gevolg van sy politieke aktiwiteite gedurende die verkiesingsaksie in koerante begin skrywe het?[1] Waarskynlik moet daar op hierdie uitspraak effens gevarieer word. In die lig van sy koerantartikels geniet politieke betrokkenheid voorrang, maar hierdie betrokkenheid het eers later die vorm van politieke aktiwiteite in organisatoriese sin aangeneem. Hier en daar wys sekere datums duidelik daarop. Viljoen se eerste koerantbydrae dateer uit Maart 1892. In hierdie stadium het daar nog nie 'n verkiesingskomitee vir genl. Piet Joubert bestaan nie en die oprigting van "De Volksvereeniging" het nog verder in die toekoms gelê. En dit was met hierdie twee aktiwiteite dat Viljoen se deelname aan die Transvaalse politiek begin het.

Belangriker as die vraag of sy politieke werksaamhede tot die joernalistiek gelei het of andersom, is die vraag waarom Viljoen hom met politieke kwessies begin inlaat het. Natuurlik het die saaklike kontak met Eugène Marais 'n rol gespeel - dit het Viljoen se belangstelling gewek vir dié sake waarvan Marais vervul was. Die kontak met Marais het seker ook invloed gehad op die koers wat Viljoen se politieke opvattings aanvanklik ingeslaan het. Maar dit alles dui ten minste op 'n geaardheid by Viljoen wat geaktiveer kon word. Vir die oplewing van hierdie belangstelling was nouliks 'n spesifieke gebeurtenis of omstandigheid nodig. Drie baie sterk algemene faktore het Viljoen as 't ware na die politieke arena gedryf.

In die eerste plek was dit sy eie geaardheid. Sy onafhanklikheid; sy vaste gewoonte om na sy eie belange om te sien; sy neiging om dikwels self te bepaal wat sy belange en sy regte was; kortom sy mentaliteit as "grensman" het hom 'n natuurlike belangstelling gegee in die beleid in die ZAR - wat ook gehelp het om rigting aan sy lewe te gee. Hy het sekerlik aanvaar dat hy, weg van die grens en in 'n geordende samelewing, sy weg minder onafhanklik sou kon gaan, dat hy hom na wet en orde sou moes skik. Maar waar dit moontlik was, sou hy dan ook graag sy invloed op die wet en orde laat geld het.

---

1) G.S. Preller, Met God en die Mauser, (Die Brandwag, 20 Januarie 1917, p. 276).

Die tweede omstandigheid was die ZAR se vorm van demokrasie wat aan elke burger groot inspraak en invloed op die regering gegee het. Die volk was die draer van die soewereiniteit, en die volkswil of volkstem het baie hoë gesag gedra. Die volkswil is verteenwoordig deur die stemgeregtigde burgers. Die Staatspresident, die Uitvoerende Raad, die Volksraad - almal moes onvoorwaardelik die knie voor die volkstem buig.[2] Die meningsvorming op grondvlak tussen die burgers onderling, was dus nie net 'n politieke meelewing en belangstelling nie, dit was deelname aan die uitoefening van die koningstem en kon in die vorm van memories en petisies van groot praktiese belang wees. Vir 'n man met die agtergrond en geaardheid van Viljoen was dit natuurlik 'n uitdaging. Binne die demokratiese raamwerk van die ZAR het elke burger ten volle sy kans gekry om "saam te regeer" in plaas van om slegs geregeer te word.[3] Viljoen het hierdie geleentheid geesdriftig aangegryp.

In die derde plek was daar die spesifieke tydsomstandighede waaronder Viljoen hom in die ZAR kom vestig het. Die ZAR het in kort bestaanstyd 'n merkwaardige verandering in politieke samestelling ondergaan. Na die Eerste Anglo-Boereoorlog is die binnelandse beleid deur 'n hoë mate van eenstemmigheid gekenmerk. By die presidentsverkiesing van 1883 het die voor die hand liggende kandidaat, S.J.P. Kruger, daaraan gewerk dat P.J. Joubert ook kandidaat vir die presidentskap sou wees. Sodoende wou hy vir die stemgeregtigde burgers 'n keuse uit twee kandidate gee. Die uitslag van die verkiesing het getoon dat daar groot eenstemmigheid geheers het.[4] In 1888 was die oorwinning nog groter en het Joubert byna beskamend min stemme gekry.[5] Na hierdie presidentsverkiesing het die politieke eenstemmigheid oorgegaan in 'n fundamentele verdeeldheid.

Die instroming van vreemdelinge na die Witwatersrandse goudvelde het 'n verdelende faktor in die ZAR se binnelandse politiek geword. Die verdeeldheid is veroorsaak deur die vraag wat die beleid ten opsigte van die Uitlanders moes wees. Daar was nog steeds eenstemmigheid oor die politieke doelstellings, naamlik die handhawing van die Republiek se onafhanklikheid en die bevordering van sy welvaart, maar die vraag was op watter wyse daardie doel die beste bereik kon word. Hierdie weergawe van die gebeure mag die indruk skep dat die verdeeldheid inderwaarheid slegs oppervlakkig was; dat die debat oor die middele gehandel het, terwyl daar tog inherent eenheidstemmigheid ten opsigte van die doelwitte was. Maar dit is 'n misleidende vereenvoudiging van die probleem.

---

2) A. Wypkema, Die Volkstemidee in Suid-Afrika, (<u>Historiese Studies</u> 1(1), 1939, pp. 49 - 50).
3) W.A. Kleynhans, <u>Volksregering in die Zuid-Afrikaansche Republiek: die rol van memories</u>, pp. 122 - 124.
4) J.A. Mouton, Genl. Piet Joubert in die Transvaalse Geskiedenis, <u>Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis</u>, 1957 I, pp. 63 - 64.
5) <u>Ibid</u>., p. 108.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die erns van die verdeeldheid wat in die vroeë negentigerjare van die vorige eeu die binnelandse politiek van die ZAR oorheers het, het saamgehang met die funksionering van die demokratiese beginsel van die ZAR - die volkstembeginsel.

In die ZAR was die volk die draer van die soewereiniteit. Die Transvaalse vorm van volksregering het berus op die beginsel dat die volk 'n homogene eenheid is. Die volkswil of koningstem het daarom helder geklink en daar was geen twyfel oor die volk se wense nie. In hierdie gedagtegang was daar nie eintlik plek vir politieke partye met elk sy eie program, leier en organisasie nie. Die uitgangspunt was dat 'n groot mate van eenstemmigheid oor alle belangrike sake bestaan het; die volkstem het die bestaande eenstemmigheid slegs vertolk.[6] Uiteraard was daar ruimte vir meningsverskil ten aansien van beleidsonderdele, maar die volkswil het hom onmiskenbaar geopenbaar, soos by die presidentsverkiesings van 1883 en 1888.

Omstreeks 1890, toe dit duidelik geword het dat die talryke Uitlanders permanent 'n netelige kwessie sou bly, het daardie eenstemmigheid oor die vraag hoe hierdie nuwe uitdaging hanteer moes word, ontbreek. Dit het nie net meningsverskil veroorsaak nie, dit het ook tot gevolg gehad dat die politieke lewe in die ZAR 'n totaal nuwe eienskap geopenbaar het: Daar was geen duidelik klinkende koningstem herkenbaar nie.

Teoreties was daar twee oplossings om 'n uitweg uit hierdie impasse te vind. Eerstens kon daar gesoek word na 'n nuwe of aangepaste vorm van die tipiese ZAR-demokrasie, veral ten opsigte van die vertolking van die koningstem of volkswil. Tweedens kon gepoog word om die nuwe toestand in die ou bekende strukture in te dwing. In die praktyk sou die eerste oplossing, wat pragmaties van aard was, die weg baan om die Uitlander <u>met behoud van sy eie identiteit</u> die kans te gee om deel van die koningstem uit te maak. Die tweede oplossing, wat meer dogmaties van karakter was, wou dat die Uitlander eers die <u>Afrikaneridentiteit sou aanneem</u> om vervolgens deel van die volkswil te vorm. Die eerste moontlikheid het diversiteit erken, die tweede wou die homogeniteit van die volk herstel en behou. Die politieke geskil oor die hantering van die Uitlandervraagstuk het die wese van die koningstem geraak, wat verklaar dat die gemoedere soms hoog geloop het. Hierdie fundamentele vraag oor die regeringsvorm van die ZAR het Viljoen ook gekwel, want dit het sy diepste oortuigings en ideale as "grensman" geraak.

Die onderskeie standpunte met betrekking tot die Uitlandervraagstuk met die onderliggende volkstemidee, is hoofsaaklik deur respektiewelik Joubert en

---

6) E.F.W. Gey van Pittius, <u>Staatsopvattings van die Voortrekkers en die Boere</u>, pp. 49 - 50.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Kruger vertolk. Joubert het die meer pragmatiese standpunt ingeneem, terwyl Kruger dogmaties geredeneer het. Waar hierdie volksleiers hul standpunte uitgespel het, is die ideologie van die praktiese Uitlanderprobleem onthul. Kruger het byvoorbeeld gepraat oor die wenslikheid van vooruitgang, maar dan vooruitgang in die regte rigting; gebaseer op die volkshistorie.[7]

Ben Viljoen het hom nie met hierdie agtergrond bemoei nie. As 'n praktikus en nuwe inwoner van die Transvaal het die meningsverskil hom nie aangespreek nie. Maar as nuwe inwoner was hy wel onderworpe aan baie Transvalers se negatiewe gesindheid teenoor almal wat nie tot die ou ingesetenes behoort het nie.[8] Joubert se beleid is veral deur die Kapenaars wat in die Transvaal woonagtig was, verwelkom. Uiteraard was dit ook vir Viljoen aantrekliker as die agterdogtige instelling dat slegs die gebore Transvalers waardig was om van die onafhanklikheid van die ZAR te bewaar. Sy steun vir Joubert was dus 'n vanselfsprekende keuse. Die keuse is verder versterk deur Viljoen se aanvanklike vriendskap met Eugène Marais wat in dié tyd 'n vurige Joubert-ondersteuner was.

Daar is een aspek van die politieke twisappel van die vroeg-negentigerjare wat nog nie ter sprake gekom het nie. Die dreigende verdeeldheid in Afrikanergeledere het ook verband gehou met kerklike twiste. Dit mag vreemd lyk dat 'n suiwer politieke vraagstuk 'n kerklike konnotasie het, maar dit was in hierdie geval wel verstaanbaar. Sterk onderlinge verdeeldheid onder die Transvalers het in die sestiger- en sewentigerjare van die 19de eeu tot die Britse anneksasie en die Eerste Anglo-Boereoorlog gelei. 'n Strewe na eendrag het hom daarna van die bevolking meester gemaak. Hierdie eenheidstrewe moes ook op kerklike gebied manifesteer. Dit het gelei tot die vereniging van die Nederduitsch Hervormde Kerk (Ned. Herv. Kerk) en die Nederduitse Gereformeerde Kerk (Ned. Geref. Kerk).[9] Eersgenoemde kerkgenootskap was 'n suiwer Transvaalse kerk, gestig in en vir die ZAR. Die Ned. Geref. Kerk was deur sy ontstaan en geskiedenis aan die Kaapkolonie verbonde. As gevolg van die uitspraak van die Kaapse Hooggeregshof in die Loedolff-saak in 1862, kon die Transvaalse Ned. Geref. gemeentes nie langer deel van die Kaapse kerk wees nie en het hulle 'n selfstandige Transvaalse Ned. Geref. Kerk gevorm.[10]

In 1888 het die twee Transvaalse kerke verenig in die Ned. Herv. of Geref. Kerk, ook genoem die Verenigde Kerk. 'n Aantal Hervormde gemeentes was nie geneë tot kerkeenheid nie en het met die Ned. Herv. Kerk voortgegaan. Deurdat

---

7) J.A. Coetzee, <u>Politieke groepering in die wording van die Afrikanernasie</u>, pp, 247 - 249.
8) <u>Ibid</u>., p. 282.
9) F.G.M. du Toit, <u>Hermanus Stephanus Bosman</u>, p. 70.
10) P.B. van der Watt, <u>Die Nederduitse Gereformeerde Kerk, 1834-1866</u>, p. 112.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die sinode hom in sy verenigingsbesluit nie aan die kerkwet gehou het nie, het die betrokkenes by die voortsetting van die Ned. Herv. Kerk 'n hofsaak gemaak om die besit van die kerkeiendom. In 1893 het hoofregter J.G. Kotzé uitspraak ten gunste van die klaers gelewer en die Verenigde Kerk het gevolglik baie van sy besittings verloor. Hierdie saak het groot opslae gemaak.[11]

Die kerklike onenigheid het uit die aard van die saak 'n invloed op die samelewing in die geheel gehad en 'n rol by die politieke verdeeldheid gespeel. Dit was veral die geval waar 'n verband gelê is tussen die progressiewe groepering, wat Piet Joubert as leier beskou het, en die Verenigde Kerk. Aan die ander kant is die Ned. Herv. Kerk met die Hollanderbeleid en die regering van Paul Kruger geassosieer en aangesien Kruger lidmaat van die Gereformeerde (Dopper) Kerk was, is ook die Gereformeerdes tot hierdie groep gereken.[12] Hoewel hierdie verbintenisse tussen kerkgenootskappe en politieke groeperings met versigtigheid hanteer moet word, is daar wel in 'n mate grond vir die indeling. Die latere generaal Tobias Smuts het self in Februarie 1894 tydens 'n vergadering in Ermelo 'n verband gesuggereer toe hy sy hoorders verseker het dat die distrik se inwoners geen deel aan die kerklike dispute het nie en ook nie aan die politieke twiste nie.[13] Nie net is die kerklike probleme in politieke debatte betrek nie, maar kerklike geskille is in politieke motiewe gelees. As die bekende ds. H.S. Bosman in 1923 oor die mislukking van die kerkvereniging skryf, noem hy die vrees dat die party van Joubert te sterk sou word as motief vir die heroprigting van die Hervormde Kerk .[14]

By Ben Viljoen was die invloed van die kerkkwessie ook merkbaar. Op 22 Junie 1893 kla hy as Klein Joggom dat die redakteur van Land en Volk van sy briewe in die papiermandjie publiseer in plaas van in die koerant en tog het hy sulke belangwekkende dinge om te sê, byvoorbeeld ten opsigte van die hofuitspraak oor die kerkbesittings. Hy was van mening dat as die Verenigde Kerk alles aan die Hervormde Kerk moet oorhandig, hulle ook maar hul hoofde, vroue en kinders aan "Paul en Co" kon afstaan. Volgens Viljoen is die ZAR geregeer deur 'n paar Jode onder aanhitsing van Hollanders.[15] Viljoen se ondersteuning van die Verenigde Kerk gaan hand aan hand met 'n weersin in die Ned. Herv. Kerk. Wanneer daar in Krugersdorp 'n memorie teen die regters onderteken word deur mense soos

---

11) G.D. Scholtz, Die geskiedenis van die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika II, 1885-1910, p. 66.
12) G.J. Schutte, De Hollanders in Krugers Republiek, 1884-1899, pp. 76 - 77.
13) J.A. Coetzee, Politieke groepering in die wording van die Afrikanernasie, p. 268.
14) H.S. Bosman, Een terugblik op kerkelijke en godsdienstige toestanden in de Transvaal, p. 47.
15) Land en Volk, 22 Junie 1893.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

J.C. Human en dr. A. Viljoen, uiter hy sy verbasing dat hulle hierdie dokument uit die Hervormde klooster ondersteun.[16] Ons kan aanvaar dat die hele Viljoen-familie lidmate van die Verenigde Kerk was.[17]

Viljoen se kerklidmaatskap en openlike standpunt teen die Transvaalse Hervormde Kerk, beteken nie noodwendig dat hy 'n godsdienstige man was nie. In sy geskrifte erken hy die Christelike karakter van die Afrikanervolk[18] en hy weet hoe om publieke briewe met 'n seënwens af te sluit,[19] maar wanneer hy vir die Amerikaanse publiek 'n uiteensetting gee hoe Afrikaners in selfopgelegde ballingskap in Mexiko probeer boer, beklemtoon hy dat hulle vertroue het in hulself, die grond, die natuur en die land en sy vlag, maar van sy God maak hy geensins melding nie.[20] Nog meer tekenend in hierdie verband is dat hy as generaal nie weet hoe om 'n gebed te doen saam met sy manskappe nie, en die terme waarin hy oor die voorval rapporteer, getuig nie van 'n begrip vir die godsdienstige ingesteldheid van die meerderheid van sy ondergeskiktes nie.[21] Tog het hy van homself die getuienis gegee dat hy 'n realis is, 'n deel van Afrika, beskaaf en Christelik[22], maar juis hierdie volgorde kwalifiseer die term Christelik.

In hierdie verband kan nog opgemerk word dat daar 'n aantal sterk aanwysings is dat Viljoen lid van die Vrymesselaarslosie was. H.C. Viljoen, navorser oor die

---

16) Land en Volk, 13 Julie 1893.
17) In die argief van die Nederduitse Gereformeerde Kerk is geen lidmateregister van die gemeente te Krugersdorp vir die jaar 1889 beskikbaar nie. Die lidmateregister van die gemeente te Johannesburg vermeld ook nie die naam van die Viljoens ten tyde van hulle aankoms in Transvaal nie. Die lidmaatskap van twee broers en 'n suster van Ben Viljoen kon wel vasgestel word en die doop van twee van Ben en Lenie se seuns. Daar is opmerklike verskille tussen hierdie gegewens en dié van H.C. Viljoen se Viljoen Familieregister.
N.G.Kerk Argief, Lidmateregister 1896-1898, 101/9096/0832, deel 2 en 3, onder Krugersdorp: (gegewens volgens Viljoen Familieregister, pp. 414 - 415)
Viljoen, Johann (Johan) Sebastiaan, gebore 2 Januarie 1879.
Viljoen, Cornelia Sophia, gebore 12 Mei 1880 (1881).
Viljoen, Francina Elizabeth (Elisabeth), gebore 29 September 1883 (1884).
Doopregister, afskrifte, Argiefnommer AD3-2/1 en 4/1, onder Krugersdorp:
nr. 102, Viljoen, Benjamin Villoen (Villion), gebore 27 Augustus 1894.
nr. 114, Viljoen, Silvanus Wilhelmus, gebore 6 September (Junie) 1896.
Laasgenoemde is op 1 November 1896 gelyktydig met sy neef Wynand Johannes Scholtz, seun van Ben se suster Susanna Magdalena, gedoop.
18) B.J. Viljoen, An exiled general, p. 24.
19) De Volkstem, 10 September 1915.
20) L. West, Boer methods in New Mexico, (The Country Gentleman, 25 Julie 1914, p. 10).
21) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-oorlog, p. 105; My reminiscences of the Anglo-Boer war, pp. 167 - 168.
22) De Volkstem, 19 Januarie 1917.

Viljoen-familie, vermeld dat Ben Viljoen as lid van die Vrymesselaarsvereniging gekies is, maar geen bronvermelding word aangegee nie.[23] Verder word ook melding gemaak dat Viljoen in die Vrymesselaarsbegraafplaas in Las Cruces begrawe is.[24] A.A. Cooper verwys na Viljoen as een van die min Boere-Vrymesselaars, maar dit word nie vermeld waar en hoe hy lid geword het nie.[25] Dit is wel 'n feit dat Viljoen nie lid van 'n Nederlandstalige losie was nie.[26]

Dit lyk darem vreemd dat 'n persoon met die lewensopvatting van Viljoen, met sy praktiese en pragmatiese oordeel, sy individualisme en sy openheid, hom uit innerlike behoefte of oortuiging tot die Vrymesselary sou wend. Daar is twee moontlike verklarings vir hierdie verskynsel. In die eerste plek kon sy romantiese geaardheid daartoe gelei het. Die feit dat hy in werklikheid geen band met die tradisionele kerk ten opsigte van geloofsinhoud en leefwyse gehad het nie, kon 'n belangrike rol gespeel het. In die tyd van die Romantiek was juis die Vrymesselaarslosies bolwerke van verdraagsaamheid wat op redelikheid gegrond was en as sentrums van 'n antiklerikale gesindheid gedien het.[27] In die ZAR van Paul Kruger het die Vrymesselaarsbeweging gefloreer. Baie van die leidinggewende persone was lede van 'n losie en dit is heel moontlik dat Ben Viljoen om dié rede aansluiting gesoek het. Met die aanvang van sy lidmaatskap, omstreeks 1895, was dit juis die tyd waarin Viljoen alles in die stryd gewerp het om publieke aansien te verwerf. Hy was ambisieus en besig om sy pad in die openbare lewe te baan. Hy het sy loopbaan as koerantredakteur begin, was aktief in "De Volksvereeniging" waardeur hy kontak met Ewald Esselen en genl. Joubert gehad het en hy het talle toekomsmoontlikhede in die vooruitsig gehad. Niks kon hom in hierdie stadium beter gepas het as die rugsteun van 'n invloedryke Vrymesselaarslosie nie. In hierdie opsig sou sy lidmaatskap meer verband gehou het met sy behoefte aan die kalklig as met sy innerlike oortuiging. En 'n behoefte aan die kalklig het Ben Viljoen inderdaad gehad. Hy het geen geleentheid laat verbygaan om die aandag op homself te vestig nie. Sy koerant het hom in hierdie opsig gehelp; hy het graag openbare funksies bygewoon en daar die woord gevoer, en op sosiale terrein het hy hom nie onbetuig gelaat nie.[28] Hy was gewillig om as afsitter op te tree by 'n fietsreisies[29] en het deur sy opvallende persoonlike voorkoms die skinderrubrieke van die

---

23) H.C. Viljoen, Die lewe en werk van Benjamin Johannes Viljoen gedurende die periode 1890-1900, p. 3.
24) Pretoria News, 17 Augustus 1963.
25) A.A. Cooper, The Freemasons of South Africa, p. 77.
26) Brief, Argivaris van die "Orde van Vrijmetselaren onder het Grootoosten der Nederlanden", 's-Gravenhage - Die skrywer, 8 April 1992.
27) H.A.E. van Gelder, Het aangezicht van de wereld ten tijde der Romantiek, in J.H. Schouten (red.) e.a., Aspecten van de Romantiek, p. 100.
28) Ons Volk, 7 Desember 1895.
29) The Roodepoort Mail, Florida and Maraisburg News, 20 Oktober 1897.

koerante gehaal.[30] Hy het daarvan gehou om aandag te trek en het sy swierige uniform met vertoon gedra. Toe hy tot Volksraadslid gekies is, het hy hom ooreenkomstig die reëls van die Raad deftig van kop tot tone in swart geklee, maar "for his own pleasure and adornment", 'n grys hoë hoed gedra![31]

Hierdie ambisie en behoefte aan algemene erkenning het waarskynlik ook 'n rol in Viljoen se politieke aktiwiteite gespeel. Viljoen het ongetwyfeld 'n sterk motief nodig gehad, want sy aanvanklike loopbaan in die politieke arena was nie net beskeie nie, maar ook ondergeskik van aard. Viljoen het nie 'n werklike aandeel in die verkiesingsveldtog vir die presidentsverkiesing van 1893 gehad nie. Sy beperkte joernalistieke bydrae toon sy onomwonde steun vir Joubert, maar dit beteken nie dat hy deel van die Generaal se verkiesingskomitee was nie. Dit het kort na Joubert se naelskraap-nederlaag verander. Die uitslag het protes uit verskeie oorde opgelewer en die skokgolwe het in Desember 1893 aanleiding gegee tot die stigting van "De Volksvereeniging".

Hierdie stigting was 'n verdere stap in 'n reeks pogings om die Afrikaner polities te organiseer. 'n Poging om 'n afdeling van die Afrikanerbond in Transvaal te stig kan as eerste stap in dié rigting beskou word. Nadat dit doodgeloop het, is daar in 1891 op inisiatief van genl. Joubert gepoog om 'n "Unie der Zuid-Afrikaansche Republiek" op te rig. Toe die vraag van lidmaatskap ter sprake gekom het, het die nuwe Unie dadelik ten gronde gegaan. Dit was onmoontlik om oor hierdie vraag eensgesindheid te bereik. Inteendeel, die byeenkoms het bykans in 'n slagveld ontaard.[32] Op 6 Desember 1893 is daar in Krugersdorp 'n vergadering gehou met die waarskynlike bedoeling om 'n plaaslike organisasie te stig. Daar is "De Volksvereeniging der Zuid-Afrikaansche Republiek te Krugersdorp" gestig. In hoeverre Ben Viljoen by die inisiatief vir hierdie vergadering betrokke was, is onseker. Die formulering van die naam van die vereniging is deur veldkornet J. van Wyk voorgestel, gesekondeer deur W. Viljoen, Ben se broer en deur die jare sy toegewyde ondersteuner. Daar is 52 stemme uitgebring by die bestuursverkiesing en C.L. Neethling is met 33 stemme tot voorsitter gekies,[33] C.H. Brink tot vise-voorsitter (34) en B.J. Viljoen tot sekretaris. In hierdie verkiesing het hy 35 stemme gekry teenoor H. Human se sewe en Erlank se tien. Tydens hierdie stigtingsvergadering was 'n aantal vooraanstaande manne van die progressiewe rigting aanwesig, naamlik R.K. Loveday, E.A. Esselen, C. Jeppe en ds. H.S. Bosman. Almal het die woord gevoer in die bespreking van die vraagstukke van die dag: die onafhanklikheid, die

---

30) The Krugersdorp Standard, 22 Julie 1899.
31) F. Rompel, Heroes of the Boer War, p. 150.
32) J.A. Coetzee, Politieke groepering in die wording van die Afrikanernasie, p. 263.
33) G.S. Preller noem ten onregte C. Jeppe die voorsitter van die vergadering, Met God en die Mauser, (Die Brandwag, 20 Januarie 1917, p. 277).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

volkstem, die Hollanderbeleid en die onderwys. Daarmee is ook die koers van die nuwe vereniging aangedui. Die voorsitter het die algemene gevoel nog beklemtoon met sy beeldspraak waarin die ZAR voorgestel is as 'n jong plantjie waarvan die groen blaartjies deur die vraatsug van vreemde bloedsuiers en insekte bedreig is[34] - waarmee sonder twyfel die Hollandse amptenare bedoel is. Dalk was dit juis die aanwesigheid van die bekende persone wat die plaaslike aksie so gou die nukleus van 'n landswye organisasie laat word het.

Hierdie ontwikkeling het aan Viljoen bekendheid deur die hele ZAR besorg. Geesdriftig het hy hom aan die uitbou van "De Volksvereeniging" gewy. Die eerste aktiwiteit wat ontplooi is, 'n saamtrek op Dingaansdag 1893, het as gevolg van reën nie baie belangstelling ontlok nie, maar voor die einde van die jaar het die vereniging tog reeds 75 lede gehad.[35] Vroeg in 1894 het "De Volksvereeniging" ook in ander distrikte begin oplewe. As sekretaris van die eerste tak te Krugersdorp was Viljoen aktief betrokke by hierdie uitbreiding. Spoedig was dit nodig om 'n kongres te hou om die onderskeie takke op 'n gemeenskaplike koers te hou. Dié besluit is vroeg in Maart geneem en op 3 April is die eerste kongres van "De Volksvereeniging" reeds op Krugersdorp gehou. Die voorbereidingstyd was duidelik te kort. Daar was wel afgevaardigdes van agt takke aanwesig, maar hulle het slegs vier distrikte verteenwoordig (Krugersdorp, Potchefstroom, Pretoria en Heidelberg), terwyl daar in dié stadium vermoedelik al twaalf tot veertien takke bestaan het. Die takke in Nylstroom en Zoutpansberg het wel telegramme gestuur, maar vanweë die kort kennisgewing kon hulle geen afgevaardigdes stuur nie.

Ondanks die tekortkomings het hierdie eerste kongres tog 'n duidelike koers en werkwyse neergelê. Daar is beraadslaag oor die oprigting van nuwe takke en die Regering se konsepwette is bespreek. Na aanleiding van die bespreking is 'n kommissie aangestel om memories teen sekere ontwerpe op te stel en te laat onderteken. Die kommissie het bestaan uit adv. Naude, H. Hamman en B.J. Viljoen. Laasgenoemde was ook die sekretaris van die kongres en hy is deur die vergadering belas met die voorbereiding van 'n volgende landswye byeenkoms wat vir 14 November 1894 beplan is.[36] Verder is besluit om genl. Joubert in sy politieke aspirasies te ondersteun en die koerant Land en Volk as die amptelike mondstuk van "De Volksvereeniging" te beskou.[37]

Dit is opvallend dat offisiële aankondigings van "De Volksvereeniging" in die

---

34) Land en Volk, 14 Desember 1893.
35) Ibid., 21 Desember 1893.
36) Land en Volk, 12 April 1894.
37) H.C. Viljoen, Die lewe en werk van Benjamin Johannes Viljoen gedurende die periode 1890-1900, p. 2.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

eerste maande van Viljoen se sekretariaat deur die sekretaris Bertrand J. Viljoen onderteken is.[38] Dit is onwaarskynlik dat Eugène Marais hierdie verskrywing sou gemaak het. Sou Viljoen moontlik self 'n nuwe naam ingang wou laat kry in die veronderstelling dat die klank daarvan beter by sy nuwe status gepas het?

Kort na die eerste kongres het die woeligste tydperk in die bestaan van "De Volksvereeniging" begin. Dit was die gevolg van die oprigting van 'n konserwatiewe teenvoeter, "De Burgermacht". Op 26 April 1894 is hierdie organisasie op Heidelberg in die lewe geroep. Die voorsitter het in sy openingsrede 'n baie mooi ontleding van die werklike probleem in die ZAR se binnelandse politiek gegee. Hy het die vergadering voorgehou dat daar 'n verlange was om die ou eensgesindheid onder die stemgeregtigde burgers te herstel. Maar waarom, so vra 'n aanwesige Volksvereenigingslid, sluit u dan nie by die bestaande vereniging aan en beywer u dáár vir die begeerde eenheid nie? Die antwoord van die voorsitter was duidelik: eers moet ons as ou-burgers saamstaan, daarna kan ons oor die genaturaliseerde burgers en lojale Uitlanders se posisie praat.[39] Eers moet die homogeniteit van die ou bevolking herstel word. Dit kan nie binne "De Volksvereeniging" gedoen word nie, omdat genaturaliseerde burgers en selfs nieburgers lede daarvan is.

Uiteraard het hierdie ontwikkeling die gang van sake binne "De Volksvereeniging" beïnvloed en is Ben Viljoen nog verder by die Transvaalse politieke probleme betrek. Hy was sekretaris van die oudste Krugersdorpse tak van "De Volksvereeniging" en gemagtigde van die eerste kongres met opdrag om die voorbereiding van die tweede kongres waar te neem. Een van die take wat hy moes vervul, was die opstel van 'n verslag aangaande die groei van die organisasie. Hy het 'n oproep in <u>Land en Volk</u> gedoen dat al die taksekretarisse die nodige statistiese gegewens aan hom moet stuur. Hy het van die geleentheid gebruik gemaak om verskoning aan te bied vir die talle briewe wat hy nog nie beantwoord het nie, want hy "lag al zes weken gekluisterd wegens een aanval van zinkens en koorts".[40]

Hierdie siekte sal ook wel die rede wees waarom ons niks lees oor Viljoen se aanwesigheid op 'n vergadering wat op 19 Julie 1894 te Heidelberg gehou is nie. Hier is daar vir die eerste keer gepraat oor 'n moontlike eenheid tussen die twee organisasies. Oor die wenslikheid van eenheid was daar eenstemmigheid, die naam was ook nie 'n probleem nie - "De Vereenigde Burgermacht" sou goed

---

38) <u>Land en Volk</u>, 8 Maart, 28 Maart, 12 April 1894.
39) J.A. Coetzee, <u>Politieke groepering in die wording van die Afrikanernasie</u>, p. 271.
40) <u>Land en Volk</u>, 26 Julie 1894.

voldoen. Selfs oor lidmaatskap was daar basies eenstemmigheid: alle lede van die twee organisasies sou welkom wees. Die dispuut het gehandel oor die toelating van nuwe lede. Die Burgermachtmense wou slegs stemgeregtigde burgers toelaat, terwyl die verteenwoordigers van "De Volksvereeniging" hul eie sisteem voorgestaan het. Dit het bepaal dat die lede met 'n meerderheid van twee derdes oor aansoeke van nuwe lede sal beslis. Oor hierdie meningsverskil het die samesprekings misluk.[41]

Hierdie samesprekings het die ywerige lede van "De Volksvereeniging" nie gekniehalter nie. 'n Tak van "De Volksvereeniging" is in Augustus in Heidelberg, die bolwerk van "De Burgermacht", opgerig. Tydens die stigtingsvergadering was C.L. Neethling en B.J. Viljoen, beide van Krugersdorp, onderskeidelik die tydelike voorsitter en sekretaris. Vermoedelik was hier dus sprake van 'n inisiatief van buite af. Uiteraard het die kwessie van lidmaatskapvereistes ook op hierdie vergadering die meeste bespreking ontlok. Volgens die verslag het Viljoen origens 'n paar sinvolle opmerkings hieroor gemaak. Hy het daarop gewys dat 'n vals element in die diskussie ingesluip het en opgemerk dat stemreg in die ZAR deur die Eerste Volksraad verleen is en nie deur die een of ander vereniging nie. Verder het hy uit private ervaring verklaar dat die verskuilde opvatting van "De Burgermacht" was dat slegs gebore ZAR-burgers aanvaarbaar was en dat selfs genaturaliseerde burgers met wantroue bejeën is.[42]

In September 1894 is daar aktief voorbereidings getref vir die beplande kongres in November. Op 1 September is 'n baie suksesvolle vergadering in Krugersdorp gehou. Die kommissie wat deur die eerste kongres aangestel is, het 'n konsepkonstitusie opgestel wat op die tweede kongres behandel sou word. Vljoen het nie aan hierdie konsep meegewerk nie. Dit blyk dat die konsep op 'n verenigde organisasie gerig was, want as naam is "De Burgervereeniging der Zuid-Afrikaansche Republiek" voorgestel. Die lidmaatskapvereistes kom "De Burgermacht" tegemoet deurdat voorgestel is dat volle stemgeregtigde burgers en genaturaliseerde burgers lid kon wees.

Viljoen het ook goeie vordering met die statistiek gemaak - meer as twaalf takke met 'n totaal van 1 272 lede word vermeld. Die meeste takke se lidmaatskapgetalle is in tienvoude aangegee,[43] wat die vermoede laat ontstaan dat daar met skattings of afrondings gewerk is. Die groeikoors was nog steeds nie uitgewoed nie, want in September is nog twee takke gestig, en uit ander oorde het berig gekom van planne om nuwe takke op te rig.[44] Viljoen het die uitnodigings

---

41) De Volkstem, 21 Julie 1894; Land en Volk, 9 en 16 Augustus 1894.
42) Land en Volk, 23 Augustus 1894.
43) Ibid., 13 September 1894.
44) Ibid., 27 September 1894.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

saam met die vereniging se konsep-grondwet uitgestuur sodat die inhoud daarvan deeglik op takvergaderings oorweeg kon word.[45] Dit is beslis gedoen, want kort daarna moes Viljoen olie op die golwe uitstort en dit duidelik stel dat die konsep deur 'n kommissie opgestel is en beslis nie 'n dokument van die tak Krugersdorp was nie.[46]

Dit is duidelik dat daar in hierdie stadium twee dryfkragte vaardig was. Enersyds 'n behoefte aan eenheid - wat J.S. Smit en Ewald Esselen hulle ten doel gestel het.[47] Andersyds het sowel die Burgermachtlede as die ondersteuners van "De Volksvereeniging" alles in hul vermoë gedoen om hul eie organisasies uit te bou.[48] Die Smit-Esselenkongres het wel die noodsaak tot eenheid beklemtoon maar daar kon geen eenstemmigheid bereik word oor die metode nie, wat nog van die groot vraag oor die lidmaatskap! Dit is opvallend dat die hele geskiedenis van sowel "De Volksvereeniging" as "De Burgermacht" hoegenaamd geen inligting met betrekking tot die politieke vraagstukke van die dag oplewer nie. Al die vergaderings en besprekings het net oor eenheid tussen die twee organisasies gehandel. Maar in werklikheid het dit gegaan om die behoefte aan 'n eendersklinkende koningstem. Nie een van die twee organisasies het die karakter van 'n politieke party gehad nie. Hul begeerte was om die koningstem te vertolk en daarvoor was organisatoriese eenheid nodig. Die geskil oor wåt die koningstem moes laat hoor, was egter te groot om tot eensgesindheid te kom.[49]

Die eenheidspoging van November 1894, wat tot stigting van die nuwe vereniging onder die naam "De Volksmacht" gelei het, het slegs 'n deel van die ou "Burgermacht" omvat. In wese was die nuwe "Volksmacht" nie veel meer as die ou "Volksvereeniging" met 'n bietjie wins uit die geledere van die ou "Burgermacht" nie. Die gevolg was nie 'n groter eenheid nie maar groter vyandskap. Die nuwe "Burgermacht" het 'n standpunt ingeneem wat Viljoen se uitspraak op die vergadering in Heidelberg volledig korrek bewys. Die nuwe "Burgermacht" het besluit dat die lidmaatskap oop sou wees vir volle stemgeregtigde en genaturaliseerde burgers, maar laasgenoemde sou slegs mog praat en stem oor sake wat hulle aangaan in soverre hulle deur die wette van die land dartoe geregtig was.[50] Daar was dus nie net 'n Eerste en Tweede Volksraad nie, maar ook eerste- en tweederangse burgers.

Dit behoef geen betoog dat Ben Viljoen hom met hart en siel aan die belange van

---

45) Land en Volk, 20 September 1894.
46) Ibid., 11 Oktober 1894.
47) J.A. Coetzee, Politieke groepering in die wording van die Afrikanernasie, p. 275.
48) Land en Volk, 11 Oktober 1894.
49) Ibid., 15 November 1894.
50) Ibid., 7 Februarie 1895.

die nuwe vereniging "De Volksmacht, de Koningstem der ZAR" gewy het nie. Op die tweede kongres van "De Volksmacht" is hy verkies as sekretaris van dié organisasie.[51] In hierdie hoedanigheid was hy op 17 April 1895 in die distrik Heidelberg teenwoordig om te help by die stigting van 'n tak van "De Volksmacht" in die wyk Kliprivier.[52] Kort daarna was hy weer in Krugersdorp waar hy en sy broer Wynand die woord gevoer het op 'n vergadering van Carl Jeppe en sy kiesers.[53] Ook die voorbereiding vir die algemene vergadering van "De Volksmacht" het hom besig gehou.[54] Die groei van "De Volksmacht" het sy momentum behou. Selfs gedurende die winterseisoen, terwyl baie boere na hul winterweiding getrek het en ander op kommando was in die oorlog teen Magoeba, wou mense nog takke stig. Die hoofbestuur het die geesdriftiges egter gemaan om te wag tot almal aan die vergaderings kon deelneem.[55] As sekretaris was Ben Viljoen by die meeste van hierdie aktiwiteite betrokke. En terselfdertyd was hy ook nog besig met die oprigting van die koerant <u>Ons Volk</u>.

Maar "De Burgermacht" het ook nie gestagneer nie. Net soos "De Volksmacht" probeer het om in Heidelberg - die bolwerk van "De Burgermacht" - 'n tak te stig, so het laasgenoemde dit in Krugersdorp gedoen! Op 25 Maart 1895 is dié vergadering gehou. Die verslaggewer meld dat sewentien persone, insluitende drie Jode, die stigtingsakte onderteken het. Nicolaas Smit, wat volgens die verslaggewer van <u>Land en Volk</u> geen aansien onder die bevolking gehad het nie, is tot voorsitter gekies en sy klerk Wolmarans tot sekretaris. Selfs Krugermanne het geweier om te teken. J.M.F. du Plooy het gepoog om 'n verklaring voor te lees, maar hy is deur lede van "De Volksmacht" verhinder.[56] Oor Du Plooy het Viljoen ook nog iets te sê gehad. Hy vertel dat Du Plooy vroeër op Joubert se verkiesingskomitee gedien het; hy was stigterslid van "De Volksvereeniging" waar hy ook 'n bestuursfunksie vervul het. Daarna het sy aktiwiteite verflou en daar was gerugte dat hy wou bedank. Toe Viljoen hom daarna gevra het, het Du Plooy verduidelik dat hy by sekere skemas betrokke was. Die omvang van die skemas het aan die lig gekom: Du Plooy het 'n groot regeringskontrak gekry vir die bou van paaie en daar was ook nog die moontlikheid dat hy weginspekteur sou word. Vervolgens het Du Plooy teen "De Volksmacht" gedraai en is as lid geskors.[57] Dit is ironies dat Ben Viljoen kort daarna self aansoek gedoen het vir die pos van inspekteur van paaie, ewenas sy broer Wynand.

---

51) <u>Land en Volk</u>, 14 Maart 1895.
52) <u>Ibid.</u>, 25 April 1895.
53) <u>Ibid.</u>, 2 Mei 1895.
54) <u>Ibid.</u>, 20 Junie 1895.
55) <u>Ibid.</u>, 18 Julie 1895.
56) <u>Ibid.</u>, 28 Maart 1895.
57) <u>Ibid.</u>, 4 April 1895.

Nietemin is Du Plooy benoem.[58]

Die behoefte aan eenheid tussen "De Volksmacht" en "De Burgermacht" het latent gebly. Die verskille het te groot gelyk om oorbrug te word en die naywer eweneens. Die situasie het verander deur die Jameson-inval van Januarie 1896. Die golf van anti-Britse gevoelens wat die inval teweeggebring het, het "De Burgermacht" se beleid meer aanvaarbaar laat voorkom. Terselfdertyd het die beskuldiging dat "De Volksmacht" Britsgesind was, in felheid toegeneem. Die impak van hierdie ontwikkeling was sò groot dat "De Volksmacht" al sy aktiwiteite laat vaar en hom beywer het om met "De Burgermacht" saam te smelt.[59] Op die jaarlikse kongres van "De Burgermacht" wat in Maart 1896 in Heidelberg gehou is, het 'n deputasie van vyf lede van "De Volksmacht" opgedaag. Een van hulle was die sekretaris B.J. Viljoen. Die kongres het eweneens 'n kommissie van vyf lede benoem om oor eenheid te onderhandel. Alles het vlot verloop, aangesien die deputasie van "De Volksmacht" bereid was om onder die grondwet van "De Burgermacht" saam te smelt.[60] As pleister op die wonde is Ben Viljoen se voorstel van die naamwysiging aanvaar en sou die nuwe organisasie voortaan plegtig "De Eendrachtelijke Burgermacht" heet.[61] Viljoen se aandeel in hierdie beweging is daarmee hoofsaaklik afgesluit. Hy het geen verdere bestuursfunksies meer beklee nie. 'n Berig in Land en Volk laat die vermoede ontstaan dat hy darem nie heeltemal op die agtergrond gebly het nie. Eugène Marais het die 1898-kongres van "De Eendrachtelyke Burgermacht" gelukgewens met die volslae sukses op hul werk, ondanks die "dwarstrekkery van ons jeugdige tydgenoot te Krugersdorp".[62] Marais moes hier sekerlik na Viljoen verwys het, al is dit nie duidelik waarom hy deur Marais berispe is nie.

Die Jameson-inval het die politieke lewe van die ZAR sterk beïnvloed. Die koningstem het na lange tyd weer 'n duidelike eendersluidende klank laat hoor. In die proses het die progressiewe rigting baie steun verloor. Die wantroue jeens Brit en Uitlander het toegeneem en gevolglik het die behoudende beleid van Kruger steun gewen. Ook Ben Viljoen, 'n voormalige Joubert-ondersteuner, het 'n volgeling van Kruger geword. Hoe ingrypend was hierdie verandering? Kan hy 'n manteldraaier genoem word?

---

58) TAB, SS 4672, R 6103/95, gvoeg by R 1381/95, brief, B.J. Viljoen, Roodepoort - Staatsekretaris, Pretoria, 17 Junie 1895; R 5853/95 gevoeg by R 5856/95, gevoeg by R 1381/95, telegram, W.J. Viljoen, Krugersdorp - Staatsekretaris, Pretoria, 13 Junie 1895.
59) J.A. Coetzee, Nasieskap en politieke groepering in Suid-Afrika (1652-1968), p. 173.
60) Ons Volk, 26 Maart 1896.
61) H.C. Viljoen, Die lewe en werk van Benjamin Johannes Viljoen gedurende die periode 1890-1900, p. 4.
62) Land en Volk, 6 April 1898.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In die eerste plek moet in aanmerking geneem word dat Viljoen se steun vir Joubert in sy vriendskap met Eugène Marais en sy mentaliteit as "grensman" gesetel was. Dit was nie soseer 'n prinsipiële keuse nie maar 'n pragmatiese.

In die tweede plek is daar ook nie eintlik baie rede om Viljoen 'n vurige Krugeraanhanger te noem nie.[63] Inderdaad het hy Kruger na die Jameson-inval gesteun en daarvoor met sy posisie by Ons Volk betaal.[64] Wat hom in Kruger aangetrek het, was ongetwyfeld sy beginselvastheid. Wanneer Kruger oortuig was van 'n saak, het hy sy verkose weg sonder aarseling gevolg, in teenstelling met Joubert wat altyd huiwerig voorgekom het. Dalk het Joubert se optrede op die kongres van "De Volksvereening" in November 1894 Viljoen al laat twyfel of hy op die regte perd gewed het. Tydens hierdie kongres is Joubert soos 'n held ontvang en hy is verseker dat hy 'n groot georganiseerde ondersteuning sou kry as hy net leier wou wees. Joubert het op hierdie "aanbod" aarselend-afwysend gereageer.[65] Dit moes vir Viljoen beslis 'n groot teleurstelling gewees het.

Hoewel die verandering van standpunt na die Jameson-inval verklaarbaar is - en dit was nie net Viljoen nie - bly dit tog vreemd dat Viljoen se lojaliteit nou by Kruger berus het. Viljoen was 'n pragmatikus met 'n liberale inslag; hy het na die behoeftes van die oomblik gekyk en het hom nie juis vermoei met prinsipiële uitgangspunte en doelstellings nie. Hy was dus nie konserwatief en dogmaties van aard soos Kruger nie. Die gevolgtrekking is dat Viljoen Kruger uit suiwer praktiese oorwegings gesteun het. Hy het geglo dat Kruger die landsbelang beter behartig het as Joubert of Schalk Burger. Die verskuiwing van lojaliteit is beslis nie 'n prinsipiële keuse, 'n soort politieke bekering nie. In werklikheid het Viljoen se standpunt nie wesenlik verander nie. Sy steun aan Kruger het hom nie eensklaps anders laat dink oor konsessies en Hollanders, oor korrupsie en die spoorwegbeleid nie. Maar die belangrikste kwessie, was die stemregvraagstuk en die onafhanklikheid van die Republiek wat daarmee verband gehou het.[66] Die hantering daarvan was in veiliger hande by Kruger as by Joubert. Daar is dus geen rede vir die venynige spot van ene "Hotnot Jan Bam" nie, wat in die verkiesingsveldtog van 1897 op soek was na Klein Joggom "wat vir baas Piet gewerk het in die tijd van laas electie, en hij het weggeloop sonder pas". Maar hy het hom darem gekry by die hakskeen "van baas Poul by wie Klein Joggom ingekruip het".[67]

---

63) H.C. Viljoen, Die lewe en werk van Benjamin Johannes Viljoen gedurende die periode 1890-1900, p. 5.
64) Kyk hierbo, p. 37.
65) J.A. Coetzee, Politieke groepering in die wording van die Afrikanernasie, p. 288.
66) C.T. Gordon, The growth of Boer opposition to Kruger, 1890-1895, p. 139.
67) Land en Volk, 22 Desember 1897.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dat sy ondersteuning van Kruger slegs pragmaties was, blyk ook uit 'n paar opmerkings in die Engelse uitgawe van sy oorlogsherinneringe. Viljoen noem Kruger "quite as stubborn and ambitious as Mr. Rhodes" en 'n paar bladsye verder sê hy dat Rhodes en Kruger verantwoordelik is vir die bloedige treurspel van die oorlog en "Mr. Kruger has still to come up for judgement before the people whose fate and very existence as a nation are wavering in the balance."[68] Dit is nie woorde van 'n man wat Kruger met hart en siel toegedaan is nie.

Viljoen se politieke aspirasies was nie beperk tot die sekretariële funksies binne "De Volksvereeniging" en "De Volksmacht" nie. Hy het na meer leidinggewende funksies in die openbare lewe gestrewe. Sy poging in 1895 om inspekteur van paaie te word, is al vermeld. In 1896 het hy by die Staatspresident en die Uitvoerende Raad aansoek gedoen vir die pos van Publieke Aanklaer by die Regterlike Kommissaris wat deur die regering in Krugersdorp aangestel is.[69] Ook hierdie aansoek was onsuksesvol. Sy eerste sukses op die terrein van die openbare lewe was sy aanstelling as veldkornet en sy verkiesing as lid van die Gesondheidskomitee van Krugersdorp.

Die eerste verkiesing waarin Ben Viljoen as kandidaat gestaan het, was dié vir die Gesondheidskomitee van Krugersdorp in Januarie 1896. Dit was 'n gunstige tyd vir hom. Sy aanwesigheid by die oorgawe van Jameson het ongetwyfeld publisiteit aan hom besorg en daarbenewens kon hy van die kolomme van Ons Volk gebruik maak. Aanvanklik het dit gelyk of 'n verkiesing slegs in wyk 2 en 3 nodig sou wees, waar Viljoen in wyk 3 moontlik teenoor ene Seehof sou staan. Toe kom die berig dat Viljoen in wyk 3 geen teenkandidaat het nie, maar op die ou end was daar tog een: E. Hompes.[70] Die uitslag was vir Viljoen ongetwyfeld baie teleurstellend. In drie van die vier wyke is die kandidate wat deur Ons Volk gesteun is, verkies. Slegs hul keuse vir wyk 3, Ben Viljoen self, kon die paal nie haal nie. Volgens The Critic was hierdie ongewenste resultaat die gevolg van die energieke pogings van Viljoen se ondersteuners.[71]

Die jaar daarna het Viljoen 'n nuwe poging aangewend en is sy naam as 'n onafhanklike kandidaat genoem.[72] Hoe die stemming verloop het is nie bekend nie, buiten dat dit in Viljoen se guns was. Daar is beswaar aangeteken teen sy verkiesing, en dié van luit. S.J. Eloff, omdat eersgenoemde as veldkornet 'n offisiële funksie beklee het. Teen Eloff is ander besware ingebring. Die besware is na die Regering verwys, wat drie maande later bekend gemaak het dat

---

68) B.J. Viljoen, My reminiscences of the Anglo-Boer War, pp. 18 en 20 - 21.
69) TAB, SS 4898, R 7364/96 gevoeg by R 7272/95, brief, B.J. Viljoen, Krugersdorp - Staatspresident en Uitvoerende Raad, Pretoria, 10 Junie 1896.
70) Ons Volk, 14, 21 en 28 Desember 1895.
71) The Critic, 31 Januarie 1896.
72) Ibid., 7 Januarie 1897.

die kwessie nie meer van belang was nie - Viljoen het as veldkornet bedank en luit. Eloff is oorgeplaas.![73] Hierdie swak hantering van sake het trouens skipbreuk gely deurdat Viljoen sy bedanking as veldkornet teruggetrek het. Daarna het hy wel as lid van die Gesondheidskomitee bedank, want as gevolg van sy uittrede is 'n nuwe verkiesing aangekondig.[74] Viljoen het dus skaars drie maande op hierdie voorloper van die Stadsraad van Krugersdorp gedien. Wat toentertyd gebeur het, en wat Viljoen se bydrae tot en aandeel in die aktiwiteite van die Gesondheidskomitee was, is helaas nie agterhaalbaar nie. Die argief van hierdie komitee met al sy minutes en dokumente is totaal vernietig deur 'n brand wat die Viljoengebou in Krugersdorp verwoes het.[75]

Viljoen se hoogste ideaal was om op die Tweede Volksraad te dien. In Oktober 1898 was daar gerugte dat hy bereid was om as kandidaat te staan mits hy voldoende ondersteuning uit Johannesburg ontvang.[76] Oor die ondersteuning kon hy tevrede wees. Reeds op 21 Oktober is rekwisisies begin ontvang en toe Viljoen op 2 Desember reageer, kon hy sy antwoord rig aan 25 by name genoemde en nog 'n verdere 1 496 here. Soos gebruiklik het hy verklaar vereer te wees deur die rekwisisies en dat hy dit met aarseling opvolg. Verder het hy, ook volgens die goeie gebruik, in 'n aantal punte aangedui wat sy prioriteite sou wees. Vir Viljoen was dit die onafhanklikheid van die land, die heiligheid van die taal, die welvaart van die Randse goudvelde en die versorging van die armes. Dit is opmerklik dat Viljoen nie, soos wat algemeen due gebruik was, sy godsvertroue uitgespreek het nie.[77] Die rekwisisies en antwoord is ingestuur om in die Staatskoerant opgeneem te word, maar dit is te laat vir publikasie ontvang. Die landdros van Krugersdorp is versoek om Viljoen hieroor in te lig.[78]

Tog was daar 'n effense huiwering by Viljoen. Voordat hy aan die verkiesing kon deelneem, moes hy as veldkornet bedank, want as amptenaar wat teen 'n salaris in diens van die owerheid was, was dit ontoelaatbaar om hom verkiesbaar te stel. As hy die paal nie sou haal nie, of erger nog, as iets dalk nie pluis was met die rekwisisies en ander vereistes nie, sou hy sy posisie as veldkornet onvoorwaardelik kwyt wees. Viljoen het talle pogings aangewend om 'n staatsbetrekking te kry. Nog maar kort vantevore het hy navraag gedoen of hy in aanmerking kon kom vir 'n aanstelling as Speurhoof in Johannesburg.[79]

---

73) <u>The Roodepoort Mail, Florida and Maraisburg News</u>, 14 April 1897.
74) <u>Ons Volk</u>, 1 Mei 1897.
75) <u>The Krugersdorp Standard</u>, 16 September 1902.
76) <u>De Rand Post</u>, 8 Oktober 1898.
77) TAB, SS 7588, R 15858/98, rekwisisies en antwoord.
78) TAB, Argief Landdros Krugersdorp 1888-1900, band 2a, Minuteregister, nr. 490/98.
79) TAB, SP 196, SPR 11380/98, Ben Viljoen, Park Station Johannesburg - Staatsprokureur, Pretoria.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Daarom het Viljoen baie versigtig geskryf dat hy ontslag neem as veldkornet as daar niks fout gevind word met die rekwisisies nie. Hy was selfs bereid om as waarnemende veldkornet aan te bly.[80] Toe die gerusstelling nie dadelik gekom het nie, het hy na slegs drie dae 'n telegram gestuur om op 'n antwoord aan te dring.[81] Die bekommernis was onnodig en dus kon die koerante oor hom berig dat alles in orde was - Viljoen was "perfectly satisfied with his prospects".[82]

Sy teenstanders het reeds begin om hul tande te slyp. Selfs nog voordat Viljoen self van sy kandidatuur seker was, het sy vroeëre vriend Marais die aanval begin. Viljoen is bestempel as 'n (weer)haan op sy eie mishoop. Hy is daarvan beskuldig dat hy ten gunste was van vryer drankhandel en meer kantiene op die myne sou wou sien. Ook moes die Regering loterye toestaan aangesien dit geld sou oplewer. Viljoen sou glad nie op hoogte wees van dié sake wat in die Tweede Volksraad ter tafel gekom het nie en hoewel hy sy teenstanders afgekraak het, was hulle baie beter as die "leerjongen" Viljoen.[83] En daarmee is die verkiesingsveldtog deeglik van stapel gestuur.

<u>Land en Volk</u> het geen kans verby laat gaan om Viljoen te beswadder nie. In die besonder is hy daarvan beskuldig dat hy vroeër die Hollanders gehaat het en nou sommer 'n Hollandervriend geword het. Viljoen het openlik sy saak in <u>De Voortrekker</u> verdedig wat <u>Land en Volk</u> weer aanleiding gegee het om te poog om met 'n lasteraksie teen Viljoen te begin. Die Staatsprokureur was nie bereid om 'n vervolging in te stel nie.[84] Dat Viljoen ook betrokke was by 'n geval van aanranding[85] is nie te sterk uitgebuit nie, omdat Viljoen dalk 'n goeie rede gehad het om 'n pak slae uit te deel.[86]

In een van sy opmerkings oor Viljoen het Marais die bal totaal misgeslaan. Viljoen was wel deeglik op hoogte van die onderwerpe wat in die Tweede Volksraad ter sprake gekom het en van die gang van sake daar. Reeds in 1895 het hy in <u>Ons Volk</u> 'n aantal baie lesenswaardige artikels oor hierdie aangeleenthede geskryf. Die moeisame werkwyse in die Eerste Volksraad het hy toegeskryf daaraan dat daar te veel spreekbeurte was en dat die Volksraad werk van die Uitvoerende Raad gedoen het, soos die opstel van konsepwette. Die veelvuldige deelname van die Staatspresident aan die werk van die Eerste Volksraad is eweneens

---

80) TAB, SS 7588, R 15858/98, telegram, B.J. Viljoen, Krugersdorp - Staatsekretaris, Pretoria, 5 Desember 1898.
81) TAB, SS 7588, R 16104/98, telegram, B.J. Viljoen, Krugersdorp - Staatsekretaris, Pretoria, 8 Desember 1898.
82) <u>The Krugersdorp Standard</u>, 31 Desember 1898.
83) <u>Land en Volk</u>, 7 Desember 1898.
84) <u>Ibid.</u>, 25 Januarie 1899.
85) Kyk hieronder, pp. 85 - 86.
86) <u>Land en Volk</u>, 11 Januarie 1899.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

deur Viljoen as 'n tekortkoming uitgewys. Verder is talle besluite nie na behore volvoer nie - 'n feit wat op sy beurt weer saamgehang het daarmee dat die Volksraad nie eintlik beheer gehad het oor die benoeming van amptenare nie. Alle aanstellings is deur die Uitvoerende Raad gedoen en is dikwels eers maande later vir goedkeuring aan die Volksraad voorgelê. Viljoen het die oorsig opgevolg met positiewe voorstelle om die werkwyse te verbeter. So het hy gepleit vir uitbreiding van die getal lede; die vermindering van die getal familierelasies in die onderskeie staatstrukture; meer verantwoordelikhede vir die hoofde van departemente en 'n duideliker skeiding tussen wetgewende en uitvoerende gesag. Viljoen het ook die gebreke van die Tweede Volksraad skerpsinnig ontleed. Veral die feit dat hy geen seggenskap oor die finansiering van sy eie besluite kon uitoefen nie, het dié liggaam se gesag ondermyn. In 'n opvolgartikel het Viljoen met die belangwekkende voorstel gekom dat die Eerste Volksraad die besluite van die Tweede Volksraad slegs met 'n tweederdemeerderheid moes kon vernietig en nie met 'n gewone meerderheid soos die gebruik was nie. Daarmee wou hy aan die Eerste Volksraad 'n soort senaatfunksie toeken met betrekking tot die besluite van die Tweede Volksraad.[87] Marais se kritiek was dus onredelik.

Viljoen het darem ook sy ondersteuners gehad. Veral die Krugersdorp Standard het hom gesteun. Die redakteur het 'n netjiese uiteensetting van Viljoen se standpunte oor die omstrede kwessies gegee. Viljoen het inderdaad meer vryheid vir die verkoop van drank voorgestaan, maar die handel in drank van swak kwaliteit en die verkoop van drank aan mense wat te veel gedrink het, moes onwettig wees en streng toesig was 'n vereiste. Ook was hy 'n voorstander van die uitbreiding van stemreg, vermindering van die voedselbelasting en verbetering van polisiebeskerming. Steeds progressief van aard het hy belowe om hom te beywer vir meer regte vir die Tweede Volksraad sodat dié raad onafhanklik van die Eerste Volksraad sou word.[88]

Getrou het die Krugersdorp Standard die verkiesingsveldtog van Viljoen gevolg en positief berig oor elke vergadering waar Viljoen opgetree het. Die koerant het die vertroue uitgespreek dat die groeiende aanhang Viljoen sou laat wen. Die redakteur se indruk was dat die weddenskappe vir Viljoen en teen L. Geldenhuys op drie teen een gestaan het en wat betref Viljoen teen J. de Meillon "a guinea to a gooseberry".[89] Twee dae later was die uitslag van die stemming bekend: B.J. Viljoen 938 stemme, J. de Meillon 713 en L. Geldenhuys 597.[90]

---

87) Ons Volk, 17 Oktober, 24 Oktober, 31 Oktober en 16 November 1895.
88) Krugersdorp Standard, 14 Januarie 1899.
89) Krugersdorp Standard, 21 Januarie 1899.
90) TAB, SS 7852, R 7044/99. Uitslag van die verkiesing vir 'n lid van die Tweede Volksraad vir die Witwatersrandse Goudvelde.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die oorwinning was vir Viljoen (nog) nie die begin van 'n loopbaan as Lid van die Tweede Volksraad nie. Onmiddellik na die bekendmaking van die uitslag, is besware teen die gang van sake ingedien.

Die besware het oor drie aspekte gehandel. De Meillon het beweer dat Viljoen gratis drank aan kiesers in die stemlokaal uitgedeel het.[91] C.A.B. Grobler het beweer dat daar honderde onwettige stemme uitgebring is en dat die stembus in Johannesburg tien dae te vroeg geopen is.[92] Na aanleiding van hierdie besware het die Eerste Volksraad staatsprokureur J.C. Smuts om advies genader. Die antwoord was dat 'n ondersoekkommissie volgens wet benoem moes word. Hy het tegelykertyd geen geheim daarvan gemaak dat die beëdigde verklarings wat saam met die klagtes ingedien is, omstrede van aard was nie.[93] 'n Kommissie is aangestel wat dadelik met sy werksaamhede begin het.

Dit was spoedig duidelik dat die kommissie gedwonge was om teen 'n slakkepas te werk. De Meillon het op berekende wyse 'n vertragingstaktiek uitgevoer. Hy was te siek om voor die kommissie te verskyn en hy het 'n brief van sy geneesheer gehad om dit te bevestig. Tydens 'n kortstondige herstel het hy kans gesien om na Durban te reis vir algehele genesing. Maar daar het sy gesondheid weer afgeneem en hy was te siek om te reis. Ook hiervan getuig 'n doktersverklaring. De Meillon het gevolglik versoek dat die ondersoek van die saak uitgestel moes word tot hy weer gesond was. Die kommissie het al die sake noukeurig nagegaan en die besware afgewys. Viljoen-ondersteuners het wel drank beskikbaar gestel, maar dit kon nie bewys word dat Viljoen daarvan bewus was en daarvoor betaal het nie.[94] De Meillon se aksie het dus misluk. Dit het hom inderwaarheid meer skade berokken as wat dit Viljoen benadeel het. Die ondersoekkommissie het gerapporteer dat De Meillon se optrede uiters laakbaar was. Dit het gelei tot regeringsaksie teen De Meillon.[95]

Die klag oor onwettige stemme het redelik vinnig doodgeloop. Daar was geen enkele bewys vir die bewering nie en die kommissie het dit daarby gelaat. Dit was anders gesteld met die derde klag. Inderdaad is die stembus in Johannesburg tien dae vroeër geopen as dié in Krugersdorp en Boksburg. Dit het geblyk dat Viljoen in Johannesburg baie goed gevaar het - hy het daar 517 stemme gekry

---

91) TAB, SS 7703, R 1989/99, pp. 37 - 40, Protes van J. de Meillon, 7 Februarie 1899.
92) TAB, SS 7703, R 1989/99, pp. 61 - 65, Protes van C.A.B. Grobler, 8 Februarie 1899.
93) TAB, SS 7703, R 1989/99, pp. 2 - 3, Eerste Volksraad - Staatsprokureur, 9 Februarie 1899 en Staatsprokureur - Eerste Volksraad, 10 Februarie 1899.
94) TAB, SS 7703, R 1989/99, pp.4, 6, 9, 10, 11, 41 - 54, 55 - 57.
95) Kyk hieronder, p. 96.

teen De Meillon se 694 en Geldenhuys se 420.[96] Dit kon invloed gehad het op die verloop van die verkiesing in Krugersdorp en Boksburg. Op grond van hierdie oorweging het die Tweede Volksraad op 10 Mei 1899 die verkiesing nietig verklaar.[97]

Viljoen was natuurlik teleurgesteld oor hierdie verloop van sake, maar J.L. van der Merwe, die Mynkommissaris van Johannesburg, nog meer. Deur dié besluit is sy optrede in 'n swak lig gestel, want hy was die verantwoordelike persoon en dit was sy besluit om die stembus op 24 Januarie oop te maak. Sy verweer het die Regering in 'n sekere mate in die verleentheid gestel. Die Regering was baie terughoudend in sy optrede met betrekking tot die Witwatersrandse Goudvelde. Daar is wel 'n toesegging gemaak om 'n stadsraad in te stel, maar dit was wel duidelik dat die Regering liewer geen kanale wou skep waardeur die Uitlanders invloed kon bekom nie.[98] Die Mynkommissaris het op die gevolge van hierdie aarseling gewys. Die distrik, wat nooit offisieel tot distrik verklaar is nie, is in drie afdelings verdeel, elk met 'n mynkommissaris aan die hoof. Hierdie mynkommissaris was direk aan die Regering verantwoording skuldig. Hy was onder meer verantwoordelik vir die uitvoering van die kieswet. Op grond daarvan moes mynkommissaris Van der Merwe besluit oor die opening van die stembus. Op 24 Januarie was dit vir hom duidelik dat die verkiesing in sy gebied afgehandel was en het hy opdrag gegee dat die stembus oopgemaak en die stemme getel word. Hy was daarvan bewus dat die verkiesing in Boksburg en Krugersdorp, die ander dele van die nie-verklaarde distrik, dalk nog kon voortgaan, maar die kieswet het hom nie verplig om eers met die ander mynkommissarisse oorleg te pleeg nie. Hy het dus volkome binne sy bevoegdheid opgetree. Die stembus in Johannesburg is wel tien dae vroeër oopgemaak as dié in Krugersdorp, maar daar het niks onwettigs plaasgevind nie. Die feit dat die uitslag van die verkiesing in Johannesburg die stemmery in Krugersdorp kon beïnvloed het, is nie ontken nie, maar dit was dan die gevolg van swak wetgewing en swak regeringsbeleid en nie 'n wetsoortreding nie. Staatsekretaris F.W. Reitz kon niks teen hierdie argument inbring nie. Sy opmerking dat die saak nie meer van belang was nie, omdat die Volksraad reeds die uitslag onwettig verklaar het,[99] het na 'n belaglike verskoning geklink.

Inmiddels het Ben Viljoen saam met sy vrou en kinders in Somerset-Wes vakansie

---

96) TAB, SS 7703, R 3751/99 gevoeg by R 1989/99, Mynkommissiaris, Johannesburg - Staatsekretaris B, Pretoria, 24 Januarie 1899.
97) ZAR 22, Notule Tweede Volksraad 1899, art. 47, p. 21.
98) M.S. Appelgryn, Gebrekkige plaaslike bestuursreëlings in Johannesburg as grief van die Uitlanders, (Historia, 8 Junie 1973, pp. 97 - 107).
99) TAB, SS 7852, R 13739/98, Mynkommissaris, Johannesburg - Staatsekretaris, Pretoria.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gehou.[100] Dit was beslis nie 'n teken van 'n gebrek aan belangstelling in die gang van sake nie. Op 23 Maart het hy 'n deftige brief aan die Staatsekretaris geskrywe, om navraag na die stand van sake te doen. Hy het versoek dat sy brief onverwyld beantwoord moet word. Hy moes sy reisreëlings tref, want sy kiesers het van hom verwag dat hy sy volle gewig sou ingooi.[101]

Terug in die noorde moes hy sy aandag aan 'n nuwe verkiesingsveldtog wy. Nuwe rekwisisies is opgestel en Viljoen het die meer as 1 110 ondertekenaars geantwoord dat hy gewillig is om hom weer verkiesbaar te stel. Hy was ook bevoeg om dit te doen, want hy was 'n volle burger, oor die dertig jaar oud, in besit van vaste eiendom en 'n lidmaat van 'n Protestantse kerk.[102] Hierdie verklaring laat die vermoede ontstaan dat daar vrae oor hierdie punte in die vorige verkiesingstryd geopper is. Viljoen het trouens nou nuwe probleme voorsien. Hy is inmiddels tot Spesiale Kommandant van Johannesburg benoem, maar hy kon sy kiesers verseker dat dit geen hindernis was nie. Hy het self eers doodseker gemaak dat hierdie benoeming nie in die pad van 'n verkiesing sou staan nie.[103]

Aanvanklik het dit gelyk of die stryd tussen Viljoen en Geldenhuys beslis sou word. Een dag voordat die stembusse op 28 Junie sou oopmaak, het die De Rand Post berig dat Geldenhuys hom aan die verkiesing onttrek het, maar nie ten gunste van Viljoen nie.[104] Die enigste teenstander wat daardeur vir Viljoen oorgebly het, was C.J. Joubert, die voormalige Hoof van Mynwese.[105] De Meillon was nie weer 'n kandidaat nie, ongetwyfeld tot voldoening van die De Rand Post wat die hoop uitgespreek het dat De Meillon nie sou deelneem nie. Die motivering was nie vleiend vir De Meillon nie: as hy verloor sou daar protes aangeteken word en as hy sou wen, sou daar 'n vloed van klagtes wees.[106]

Die verkiesingstryd het sonder veel ophef verloop en die uitslag was voorspelbaar. Hierdie keer het Viljoen 'n wegholoorwinning behaal met 794 teen 22 stemme.[107] Eugène Marais het Ben Viljoen nie as politikus bewonder nie en kon hom gevolglik nie oor sy verkiesing verheug nie, maar hy het tog gereken dat "de heer Viljoen" in sekere opsigte bes moontlik 'n nuttige lid kon wees. Wat die wettigheid van die verkiesing betref, het hy wel 'n probleem gehad. Marais

---

100) Krugersdorp Standard, 4 Maart, 25 Maart en 22 April 1899.
101) TAB, SS 7703, R 4537/99 gevoeg by R 1989/99, brief, B.J. Viljoen, Somerset-Wes - Staatsekretaris, Pretoria, 23 Maart 1899.
102) De Rand Post, 13 Junie 1899.
103) TAB, SS 7703, R 3751/99 gevoeg by R 1989/99, aantekening op die minute.
104) De Rand Post, 27 Junie 1899.
105) E.L.P. Stals (red.), Afrikaners in die Goudstad I, p. 112.
106) De Rand Post, 16 Mei 1899.
107) SS 7852, R 7989/99 gevoeg by R 13739/98, Uitslag verkiesing op 28 tot 30 Junie 1899 te Johannesburg, Boksburg en Krugersdorp.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Marais het homself afgevra of Viljoen wel verkies mog word, omdat hy Spesiale Kommandant van Johannesburg was - of hy salaris daarvoor ontvang het of nie.[108]

Hierdie beswaar is inderdaad ook offisieel ingedien. Die feit dat Viljoen geen salaris ontvang het nie, is as onwettig vermeld, aangesien die Eerste Volksraad besluit het dat kommandante 'n salaris sou ontvang en sodanige amptenare geen ander betrekking mog beklee nie.[109] Die latere besluit om Viljoen sonder salaris aan te stel en hom toe te laat om aan die verkiesing deel te neem, sou op grond daarvan ongeldig wees.[110] Die protes is egter met goeie gronde van die hand gewys. In die regstelsel van die ZAR het die reël gegeld dat die laaste Volksraadsbesluit geldig was, vroeëre besluite wat daarmee in stryd mog wees, is outomaties deur 'n latere besluit herroep.

Nadat 'n paar administratiewe oneffenhede uit die weg geruim is, was die pad eindelik oop vir Ben Viljoen om as Volksraadslid ingesweer te word. Die inswering het op 12 Julie 1899 plaasgevind.[111] Dit was ongetwyfeld 'n groot dag vir Ben Viljoen en sy familie. Net voordat hulle die tiende herdenking van hul aankoms in Transvaal kon vier, het die oudste seun sy weg gebaan tot by die vlak van publieke erkenning en gesag. Dit sou hierdie hegte familie beslis met trots vervul het.

Hoewel 'n opposisiekoerant soos Land en Volk Viljoen as 'n manteldraaier voorgestel het, is daar ook tydgenootlike en latere erkenning dat Viljoen hom in sy kort loopbaan as Volksraadslid meer aan die kant van die Progressiewes geskaar het as wat hy 'n volgeling van Kruger was.[112] Hy het ooglopend gepoog om sy verkiesingsbeloftes na te kom en het onreg en onreëlmatighede bestry - of dit nou van die kant van die Regering gekom het of van die leier van die Progressiewes, R.K. Loveday, met wie hy ook swaarde gekruis het.[113] Hierdie opmerkings is in ooreenstemming met die offisiële notule van die Tweede Volksraad. Daaruit blyk dit dat Viljoen hom met oortuiging aan sy werk as Volksraadslid gewy het. Sy nuwelingstoespraak op 13 Julie 1899 het gehandel oor paaie, die aanvaarding van tenders en die uitgee van kontrakte; en die volgende dag het hy vir die stigting van 'n instituut vir rekenmeesters en ouditeurs gepleit.[114] Op 17 Julie het Viljoen versoek dat 'n ondersoekkommissie aangestel moes word

---

108) Land en Volk, 4 Julie 1899.
109) ZAR 19, Notule Eerste Volksraad 1898, art. 1474, 27 Oktober 1898.
110) TAB, SS 7703, R 9644/99 gevoeg by R 1989/99, Protes teen die verkiesing van B.J. Viljoen.
111) De Rand Post, 14 Julie 1899.
112) Krugersdorp Standard, 10 Desember 1898; De Volkstem, 19 Januarie 1917; C.J. Beyers (red.), Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek IV, p. 780.
113) F. Rompel, Heroes of the Boer war, p. 150.
114) ZAR 22, Notule Tweede Volksraad 1899, art. 449 en 502.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

om ondersoek in te stel na die uitgifte van erwe in Johannesburg en Krugersdorp. Met die voorstel was Viljoen egter buite die orde en moes hy sy mosie terugtrek.[115] Op 20 Julie het hy gekla dat kosbare grond aan die Wanderers Club afgestaan is, terwyl hierdie klub sy vergaderruimte aan die vyande van die Regering beskikbaar stel en vergaderings van voorstanders van die onafhanklikheid wegweer.[116]

Viljoen se belofte dat hy na die lot van die armes sou omsien, het hy op 20 Julie opgevolg toe hy beswaar gemaak het dat grond waar arm mense jare lank al stene gemaak het, vir industrie bestem is. In dieselfde toespraak het hy versoek dat daar 'n einde gemaak moet word aan die deurmekaarwonery van blankes en gekleurdes. Hy het die genoegdoening gehad om saam met J.W. Erasmus en F. Boshoff in 'n kommissie van ondersoek benoem te word.[117]

Viljoen het in sy amp as Volksraadslid met skerpsinnige opmerkings voor die dag gekom. Op 31 Julie 1899 het 'n memorie ter sprake gekom waarin gevra is om geen kontrole op stoommasjiene in die buitedistrikte toe te pas nie, aangesien dit hoë koste vir die betrokke persone meegebring het. Raadslid Viljoen het in die debat opgemerk dat in die memorie gevra is om met twee mate te meet: inspeksie in die dorpe maar nie in die distrikte nie. Indien die bewoners van die buitedistrikte genoeg geld gehad het om 'n dorsmasjien te koop - so het Viljoen betoog - dan kon hulle ook die koste van die inspeksie dra.[118]

In Augustus 1899, tydens 'n debat oor die paskantoor in Johannesburg, het Viljoen weer 'n slag sy ou teenstander De Meillon op die lyf geloop. Viljoen het die Raad vertel dat die hoof van die paskantoor besware ingedien het teen die verplasing van die kantoor. Maar daar was 'n sakie "tussen hem en meneer De Meillon, zooals daar gewoonlijk iets was tussen meneer De Meillon en andere mensen".[119]

Ben Viljoen het sy werk as lid van die Tweede Volksraad ywerig aangepak en daarmee bewys dat hy nie net die ambisie gehad het om hierdie openbare amp te beklee nie, maar ook daarna gestreef het om sy land en volk sinvol te dien. Die kort tydjie wat verloop het tussen Viljoen se inswering en die uitbreek van die oorlog het dit vir hom onmoontlik gemaak om homself in hierdie hoedanigheid finaal te bewys. Daar is wel aanduidings van erkenning vir sy werk. Op 19 September 1899 is hy genooi om as eregas 'n feestelike byeenkoms van die NZASM-

---

115) ZAR 22, Notule Tweede Volksraad 1899, art. 505 en 506.
116) Ibid., art. 541.
117) Ibid., art. 543.
118) ZAR 22, Notule Tweede Volksraad 1899, art. 632.
119) Ibid., art. 711.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vereniging "Het Drijfwiel" op die 22ste by te woon.[120] Dit is ironies dat Viljoen se politieke loopbaan (wat sterk anti-Hollands begin het en waartydens hy so dikwels kritiek op die NZASM gelewer het) met hierdie feestelike byeenkoms afgesluit is, enkele dae voor sy vertrek na die Natalse grens. Boonop is die fees in die saal van die Wanderers Club gehou, dié klub waarteen Viljoen twee maande vantevore so sterk kapsie gemaak het.

---

120) TAB, Archives of the Colonial Secretary Transvaal 1901-1910, CS 1097, Private documents ZAR received from Army 1900-1902, brief, L.T. Dee, Johannesburg - B.J. Viljoen, Tweede Volksraad, 19 September 1899.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hoofstuk IV

# DIE VELDKORNET

Ben Viljoen se bekendheid is in die eerste plek toe te skryf aan sy aandeel in die Tweede Anglo-Boereoorlog. Maar sy militêre aktiwiteite het baie vroeër as 1899 begin. In hierdie opsig was Viljoen geen uitsondering nie. Al die manlike inwoners van die ZAR kon van die ouderdom van sestien jaar af vir kommandodiens opgeroep word[1] en as gevolg van 'n reeks oorloë met die onderskeie swart stamme het baie inwoners al op jeugdige leeftyd militêre ervaring en vaardigheid opgedoen. Ben Viljoen se jeugjare aan die Kaapse oosgrens en in die Transkei was ook vol gevare en in hierdie opsig het sy agtergrond nie verskil van dié van sy tydgenote in die ZAR nie. Viljoen was 'n bekwame skut en het verskeie pryse tydens skietwedstryde gewen.[2]

Daar was tog 'n verskil tussen Viljoen en baie van sy medeburgers. Vir hom was die deelname aan kommando-aktiwiteite meer as net 'n burgerlike verpligting - militêre sake was sy besondere belangstelling. Hy was lief vir die betowering van die uniform en die paradegrond.[3] Dit blyk ook duidelik uit sy oorlogsherinneringe waarin hy verskeie kere verwys na die uitreiking van militêre onderskeidings - en veral die Victoria Cross deur die Britte.[4] Dit laat die leser selfs vermoed dat daar 'n mate van jaloesie in opgesluit is.

Belangriker is dat Viljoen hom ook in die krygsteorie verdiep het. Op hierdie gebied het hy in sy joernalistieke werk en in sy boeke 'n aantal treffende opmerkings gemaak. In 'n hoofartikel het Viljoen die gebruik van artillerie beoordeel en sy twyfel uitgespreek oor die effek wat 'n bombardement op 'n vyand sou hê wat daarop voorbereid was. Met voorbeelde van swaar beskietings sonder noemenswaardige resultate uit die Frans-Duitse Oorlog van 1870-1871 het hy sy stelling verdedig. Volgens Viljoen was die man met sy Mauser baie doeltreffender en deurslaggewend vir die verloop van die geveg.[5] Hoewel hy sy gedagtes nooit wetenskaplik geformuleer het nie, het hy wel getoon dat hy oor 'n natuurlike aanvoeling en gesonde oordeel beskik het.

Die gesonde oordeel het ook deurgeskemer in dié hoofstukke van sy boeke waarin hy besondere aandag aan militêre aangeleenthede gegee het. Aan die Nederlandstalige uitgawe van sy herinneringe is 'n aantal hoofstukkies toegevoeg waarin hy aspekte van die lewe op kommando en die metode van oorlogvoering bespreek het. Daarin is beskryf: probleme rondom kos en klere vir die kommando's, hoe

---

1) Wet 2 van 1896, art. 23.
2) <u>Ons Volk</u>, 27 Maart 1897.
3) F. Rompel, <u>Heroes of the Boer War</u>, p. 150.
4) B.J. Viljoen, <u>Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog</u>, pp. 62, 161, 183, 212, 231.
5) <u>Ons Volk</u>, 1 Mei 1897.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

om treine op te blaas, 'n vergelyking tussen die Britse soldaat en die burger as krygsman, die Boere-offisier, die burger op kommando, 'n evaluering van die wapens wat gedurende die oorlog gebruik is, probleme betreffende die gebruik van die wit vlag en die rooikruisteken en ten slotte 'n hoofstuk met Viljoen se kommentaar oor spesifieke gebeurtenisse tydens die oorlog waar die Boere oorwinnings deur hul vingers laat glip het as gevolg van die swak beleid van bevelhebbers. Die laaste drie onderwerpe is nie in die Engelse uitgawe gedek nie.[6]

Hoewel daar in hierdie hoofstukkies met gesag en onverwagse insig oor sekere aspekte van oorlogvoering gepraat word, het die inhoud tog sterk betrekking op die oorlog wat nog maar pas verloor is. Daar kan 'n neiging bespeur word om verskoning te maak en beskuldigings rond te swaai. Party van sy insigte het Viljoen later in Amerika verder verwerk en gepubliseer. In een van sy boeke het hy bespiegel oor die beste vegter van die toekoms. Eerstens het Viljoen gemeld dat 'n land se militêre tradisie en die geografie van die gevegsterrein die antwoord sou beïnvloed. Hy het verder goeie dissipline as 'n vereiste genoem, maar dit was vir hom baie belangrik dat dit met 'n goeie morele ingesteldheid gepaard moes gaan: 'n gedemoraliseerde leër stort in duie ondanks goeie dissipline. Wat taktiek betref was Viljoen van mening dat 'n poging om die teenstander se flank te oorvleuel en sy verbindingslyne te bedreig - hoewel gevaarlik - tog in 'n hoë mate effektief is. As vereistes vir 'n suksesvolle oorvleueling het hy spoed en doeltreffendheid genoem. Vandaar sy gevolgtrekking dat die berede infanteris die soldaat van die toekoms sou wees. So 'n soldaat moes aan twee vereistes voldoen: hy moes 'n voortreflike ruiter sowel as 'n goeie skut wees. Die uitrusting moes ook die doel dien: lig en doeltreffend. Wat die rydier betref het Viljoen die ponie verkies vanweë sy groter uithouvermoë en die feit dat hy minder intensiewe versorging as die perd vereis.[7]

Afgesien van sy belangstelling in die krygsteorie en die persoonlike hunkering na die bekoring van die uniform, het Viljoen ook 'n romantiese beskouing van oorlogvoering gehad. Dit het verband gehou met die gees van die Romantiek met sy bewondering vir heldemoed en verheerliking van vaderlandsliefde. Viljoen het die gebeurtenisse tydens die oorlog gemeet aan sy maatstaf van 'n "gentleman's war". Sy held was Napoleon na wie hy graag verwys het en tydens sy eie ballingskap op St. Helena het hy geesdriftig 'n uitstappie na Napoleon se sterfhuis onderneem. Vir Viljoen was Napoleon 'n navolgenswaardige voorbeeld.

---

6) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, pp. 319 - 354; My reminiscenses of the Anglo-Boer War, pp. 485 - 522.
7) B.J. Viljoen, An exiled General, pp. 32 - 38.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In die jare voor die uitbreek van die Tweede Anglo-Boereoorlog was Viljoen op verskeie terreine militêr aktief. In die eerste plek was daar sy rol in die Krugersdorpse Vrywilligerkorps en sy diens in Swaziland. Tydens hierdie periode was Viljoen ook 'n tyd lank veldkornet van wyk I in Krugersdorp en het in hierdie hoedanigheid aan die Mphephu-veldtog deelgeneem. Ten slotte moet aandag gegee word aan sy administratiewe werksaamhede as veldkornet van wyk I in Krugersdorp.

Die Eerste Volksraad het in 1894 besluit dat vrywilligerkorpse gevorm kon word.[8] Hierdie korpse was bestem om sy lede se militêre vaardighede te verhoog en offisiere die kans te gee om hulle in taktiese en stategiese vraagstukke te verdiep. Die korpse het nie die mannekrag van die ZAR vergroot nie, want al sy lede sou in oorlogstyd tog gekommandeer word - maar die korpse kon wel die kwaliteit van die krygsmag verbeter.[9]

Nadat die moontlikheid deur die wet geskep is, is planne onmiddellik in Krugersdorp beraam om 'n korps te stig. Die korrespondent van Land en Volk het daaroor berig. Dit het die redaksie waarskynlik goed te pas gekom dat hierdie berig teen die Regering gebruik kon word. Die korrespondent het gemeld dat die (Hollandse) amptenare alles onder hulle toesig wou hou. Omdat Krugersdorp in daardie stadium nog nie tot distrik verklaar was nie, sou die leiding van die korps in die hande kon kom van hulle wat "geen aanspraak moesten hebben op rechten van burgers."[10]

Eugène Marais het darem in dié opsig sy sin gekry dat die eerste poging tot oprigting van 'n vrywilligerkorps in Krugersdorp misluk het. Maar in Januarie 1896 is die stigting van 'n korps vinnig afgehandel, waarskynlik as gevolg van die Jameson-inval. Op 20 Januarie is die stigtingsvergadering gehou. Luit. S.J. Eloff het die woord gevoer en die verskil tussen 'n artillerie- en 'n kavalleriekorps verduidelik. 'n Bestuur is vervolgens gekies met veldkornet J.C. Bodenstein as voorsitter en B.J. Viljoen as sekretaris. Die vergadering het besluit om 'n veldartilleriekorps te stig, aangesien voetgangers dan ook gebruik sou kon word. Bodenstein is tot kommandant verkies, W. van Klonowski tot kaptein, dr. M. Mehliss tot dokter-majoor en Viljoen tot luitenant-kwartiermeester. 'n Kommissie is benoem om met die Kommandant-generaal te onderhandel en oefentye is gereël; met as eerste oefentyd die eersvolgende Saterdag. Die ledetal was omtrent 80.[11]

---

8) Wet 17 van 1894, "Regelende de oprichting van Vrijwilligers-korpsen".
9) J.H. Breytenbach, Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902 I, p. 61.
10) Land en Volk, 13 September 1894.
11) Ons Volk, 25 Januarie 1896.

In dieselfde koerant waarin die verslag van die stigtingsvergadering verskyn het, is gemeld dat die Kommandant-generaal twee van die gebuite kanonne aan die vrywilligers toegesê het. Ongetwyfeld was dit kanonne wat van Jameson gebuit is. Later het geblyk dat hierdie berig onjuis was. Slegs die toekenning van een kanon vir die Krugersdorpse Vrywilligerkorps is deur die regering goedgekeur.[12] Dié berig sou wel teleurstelling veroorsaak het en dalk was dit die rede dat die vrywilligerkorps in dieselfde koerantberig vir die eerste keer 'n kavalleriekorps genoem is. Daar was ook sake waaroor geesdriftig berig kon word. Uniforms, bestaande uit 'n tuniek van blou serge en 'n broek van Bedford cord, is bestel.[13] Vir Viljoen se koerant was die totstandkoming van die vrywilligerkorps ook voordelig. Die korps het besluit om Ons Volk as mondstuk te gebruik en tewens om die mededelings en oproepe by die kantoor van die Mynkommissaris aan te bring.[14]

In Maart 1896 is vasgestel dat die offisiere in werklikheid nog nie aangestel was nie. Moontlik was die verkiesing in Januarie nie wettig nie. Sake sou in April finaal gereël word.[15] Daar was meer aspekte wat aandag geverg het. Na vier maande het die lede die driloefeninge minder getrou begin bywoon en die Regering se hulp en steun was ook maar skraps. Die lede het nog steeds geen karabyne en patrone ontvang nie. Die gees was tog nog goed en op die vergadering is besluit om die vrywilligerkorps met 'n musiekkorps uit te brei.[16] Deur middel van 'n advertensie is vrywilligers gevra om hul name by die Luitenant-kwartiermeester by die kantoor van Ons Volk in te dien.[17]

Dit is nie duidelik hoe die leiding van die korps gewissel het nie. Uit die verslag van die beëdiging van die offisiere en lede in Augustus 1896 blyk dit dat J.A. Burger kommandant van die korps was. Al neëntig lede het in hul nuwe uniforms en met die musiekkorps heel voor, na die Paardekraalmonument gemarsjeer. Daar het 'n baie plegtige eedaflegging onder leiding van ds. Becker plaasgevind.[18] Kort daarna is Viljoen tot kaptein bevorder. H.C. Viljoen meld dat Ben Viljoen op 13 Oktober 1896 tot kaptein verkies is, die berig van sy verkiesing wat aan die Kommandant-generaal gerig is, is 15 Oktober gedateer.[19]

---

12) Ons Volk, 8 Februarie 1896.
13) Ibid., 1 Februarie 1896.
14) Ibid., 8 Februarie 1896.
15) Ibid., 14 Maart 1896.
16) Ibid., 25 April 1896.
17) Ibid., 9 Mei 1896.
18) Ibid., 22 Augustus 1896.
19) H.C. Viljoen, Die lewe en werk van Benjamin Johannes Viljoen gedurende die periode 1890-1900, p. 5. In die gegewens in hierdie bron kom 'n aantal onnoukeurighede voor betreffende die stigtingsdatum, die getal lede, die aantal kanonne, en die tydstip van oprigting van 'n musiekkorps. TAB, KG 198, CR 6842/96, brief, Kmdt. Vrywilligerkorps - Kmdt.genl., 15 Okt. 1896.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dit is opvallend dat Ons Volk van 24 Oktober 1896 wel 'n berig oor die vrywilligerkorps geplaas het, maar dat daar geen melding van kaptein Viljoen gemaak is nie.

Dit wil voorkom of die korps se sake in die begin van 1897 nog vlot verloop het. Daar is gereeld geoefen en ook in die openbaar opgetree. By die geleentheid van die inswering van nuwe lede in Florida het veertig man saam met die musiekkorps opgetree. 'n Aantal Britsgesinde Johannesburgers het die voorstelling probeer verongeluk deur op die lede van die korps te skel, beledigings teen die volkslied en die Staatspresident te uiter en "Rule Brittania" te sing.[20]

Daar was 'n paar probleme rondom die bestaan en funksionering van die vrywilligerkorpse. Om dié rede het die Regering besluit om 'n kommissie aan te stel wat reëls vir die korpse moes opstel. Viljoen was verheug oor die besluit, al het hy dit betreur dat geen lid van die platteland in die kommissie gedien het nie.[21] Sou hy dalk aan homself as 'n moontlike lid gedink het?

En toe was daar onverwags probleme oor Ben Viljoen se posisie in die korps. Op 18 Mei is sy herverkiesing as kaptein nog wel bekend gemaak,[22] maar kort daarna het hy sy ontslag geneem. 'n Aantal nommers van Ons Volk ontbreek ongelukkig waarin daar ongetwyfeld iets oor die oorsaak van sy ontslag sou gestaan het. Die eerste berig oor die probleme meld slegs dat offisiere en manskappe van die korps nie daarin kon slaag om kaptein Viljoen daartoe te beweeg om sy ontslag terug te trek nie.[23] Die oplossing van die raaisel kan wees dat daar probleme ontstaan het na aanleiding van Viljoen se bekendmaking dat manskappe wat die driloefeninge nie bywoon nie met 2/6 beboet sal word en dat oneervolle ontslag na drie keer se afwesigheid sonder verlof sal volg.[24] Dit was inderdaad 'n taamlike kras maatreël waarby in berekening gebring moet word dat die manskappe geen vergoeding vir hul dienste ontvang het nie en selfs 'n lidmaatskapsfooi aan die bestuur van die korps moes betaal. Wapens en ammunisie is deur die owerheid voorsien en lede het jaarliks 'n kontanttoelaag ontvang vir die aankoop en onderhoud van hulle uniforms en toerusting.[25] Hierdie moontlike oplossing word deur 'n hoofartikel in die koerant gesteun wat berig dat kaptein Viljoen sy bedanking teruggetrek het op aandrang van die manskappe. In die hoofartikel het redakteur Viljoen 'n fel aanval op dié lede van die vrywilliger-

---

20) Ons Volk, 3 April 1897.
21) Ibid., 1 Mei 1897.
22) Ibid., 18 Mei 1897.
23) Ibid., 21 Julie 1897.
24) Ibid., 16 Junie 1897.
25) J.H. Breytenbach, Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902 I, p. 61.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

korps gedoen wat slegs vir die vertoon aangesluit het. Die skrywer het daarvoor gepleit dat die manskappe sò toegewyd sal oefen dat hulle gehard sal wees vir die lewe en oorlog in die veld.[26] Gesien die toestande tydens die Tweede Anglo-Boereoorlog het Viljoen hier iets beetgehad. Dat hy deur sy ontslag die korps tot 'n fermer optrede beweeg het, kan ook die agtergrond wees van 'n berig wat deur Viljoen as kaptein onderteken is en wat lui dat manskap G.M. Ferreira oneervol uit die Krugersdorpse Vrywilligerkorps ontslaan is.[27]

Daar was darem ook aangenamer sake om te vermeld. Op Saterdag 4 en Sondag 5 September 1897 het 'n baie geslaagde wapenskou onder leiding van Ben Viljoen plaasgevind.[28] Moontlik was dit 'n vooroefening ter geleentheid van die besoek van staatspresident Kruger op 25 September. By dié geleentheid het die korps die erewag gevorm onder leiding van Viljoen. Viljoen het ook die voorreg gesmaak om namens die burgers die verwelkomingsadres aan die President te oorhandig.[29]

Die jaar 1897 het nie op 'n hoë noot afgesluit nie. In November het die Krugersdorpse korps 'n vriendskaplike oefening en demonstrasie saam met die Johannesburgse vrywilligers gehou. Viljoen het met neëntig man na Braamfontein gegaan waar vyftig man uit Johannesburg by hulle geledere gevoeg is om die getalle van die twee partye te balanseer. Maar die oefening het nie vlot verloop nie. Daar was verkeerde gewere, verkeerde ammunisie en ongelukke as gevolg van mis en duisternis. Daar was selfs 'n paar gewondes. Kommandant Viljoen was glad nie tevrede nie.[30] Wanneer Viljoen tot kommandant bevorder is, kon helaas nie vasgestel word nie.

Gedurende 1897 is 'n poging aangewend om 'n tweede vrywilligerkorps in Krugersdorp op te rig. Op 15 April het J.P. van den Heever en 34 medeondertekenaars so 'n versoek aan die Regering gerig. Die rede wat hulle vir hul versoek aangevoer het, was dat hulle nie in staat was om die oefeninge van die Krugersdorpse Vrywilligerkorps by te woon nie. Die versoek is afgewys omdat daar nie twee vrywilligerkorpse in een distrik gevorm kon word nie.[31]

Gesien die probleme wat Viljoen in dié tyd binne die Krugersdorpse Vrywilligerkorps ondervind het, bestaan die moontlikheid dat 'n persoonlike konflik verskuil gelê het agter die poging tot oprigting van 'n tweede korps. Die gege-

---

26) Ons Volk, 4 Augustus 1897.
27) Ibid., 1 September 1897.
28) The Roodepoort Mail, Florida and Maraisburg News, 8 September 1897.
29) Ibid., 29 September 1897.
30) Ibid., 17 November 1897.
31) TAB, Argief Landdros Krugersdorp, band 2, Minuteregister Landdros Krugersdorp, Maart 1896 - November 1898, nrs. 587, 596, 650 en 696.

wens oor hierdie aangeleentheid is egter skaars. Van den Heever en sy makkers was nie gelukkig oor die afwysing van hul versoek nie en het by die Uitvoerende Raad geappelleer. Die motief wat hulle aangevoer het, was dat hulle reeds uniforms bestel het. Die Uitvoerende Raad het egter die Kommandant-generaal se besluit gehandhaaf.[32]

Op 8 Julie 1896 het Viljoen die begeerde openbare funksie van veldkornet verkry.[33] Normaalweg is veldkornette en kommandante deur die burgers gekies, maar in streke waar nog geen plaaslike bestuur in die vorm van distrikte gereël is nie, het die Eerste Volksraad hierdie amptenare benoem. Die Krugersdorpse Delwerye, wat ook bekend gestaan het as wyk 1 van Krugersdorp, was sò 'n gebied wat regstreeks onder die gesag van die Regering gestaan het. Daar was 'n mynkommissaris wat die Regering verteenwoordig het en as opvolger van J.C. Bodenstein is Viljoen daar tot veldkornet benoem. Ons Volk was baie ingenome met hierdie aanstelling, al het die redakteur nie oor die benoeming van Viljoen gepraat nie, maar oor die eer wat Klein Joggom te beurt geval het.[34] Wyk 2 en 3 het die distrik Krugersdorp gevorm waar die burgers self hul offisiere gekies het. Daar is vroeër die jaar 'n verkiesing vir veldkornette gehou.[35]

Wyk 1 het 'n groot gebied omvat. Roodepoort, Florida en Maraisburg was deel daarvan en dit het ses uur te perd geduur om van die een grens tot die ander te beweeg. Dit is dus te verstane dat Viljoen kapsie aangeteken het teen die Eerste Volksraad se besluit om, na die dood van sy assistent-veldkornet te Roodepoort, dié pos te skrap.[36]

Viljoen het voortdurend administratiewe probleme ondervind. Die probleme was hoofsaaklik die gevolg van trae en omslagtige administrasie enersyds en andersyds Viljoen se eiegeregtige wyse van optrede. So het hy tot twee keer toe opdrag aan die Magasynmeester in Krugersdorp gegee om gewere en ammunisie uit te reik. Viljoen was nie daartoe geregtig nie - slegs die Landdros kon dergelike opdragte gee. As Veldkornet van Wyk I het Viljoen onder die Mynkommissaris se gesag opgetree en hierdie amptenaar het 'n gesagsgeskil met die Landdros gehad. Die gevolg was dat Viljoen naderhand mooi moes verduidelik waarvoor hy die goedere gebruik het wat hy van die Magasynmeester verkry het.[37]

---

32) TAB, SS 6423, R 6909/97 waarby opgeneem R 2066/97, versoek tot oprigting van 'n vrywilligerkorps in Krugersdorp-distrik.
33) TAB, KG 1029, Register van kommandante, veldkornette en assistent-veldkornette, p. 174, CR 4933/96, R 8280/96.
34) Ons Volk, 25 Julie 1896.
35) Ibid., 8 Februarie 1896.
36) TAB, Argief Landdros Krugersdorp, band 85, brief, B.J. Viljoen - Staatsekretaris, 28 Desember 1896.
37) TAB, Argief Landdros Krugersdorp, band 2, Minuteregister Landdros Krugersdorp, Maart 1896 - November 1898, nrs. 700, 724 en 730.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Viljoen se tweeledige funksie van Kommandant van die Vrywilligerkorps en Veldkornet het soms die geleentheid vir administratiewe kortpaaie geskep waar dit nie geoorloof was nie. In 1898 het hy in sy hoedanigheid as Veldkornet aan die Kommandant-generaal verslag gedoen dat hy vyftig gewere aan die Krugersdorpse Vrywilligerkorps geleen het omdat hulle 'n tekort ervaar het. In antwoord daarop het die kantoor van die Kommandant-generaal dit aan hom voorgehou dat die korps heeltemal voldoende met wapens toegerus was. Viljoen is versoek om die tekort toe te lig. Hy kon nie dadelik aan die versoek voldoen nie, aangesien hy in Swaziland diens gedoen het. Eers op 15 Oktober het die verduideliking gekom: manskappe wat by die korps aansluit moes hul eie gewere by die Veldkornet inlewer. Wanneer hulle uit die korps getree het, het hulle die gewere wat hulle daar ontvang het, gehou om nie as burgers ongewapen te wees nie. Hierdie mooiklinkende, maar swak verduideliking het die Kommandant-generaal maar aanvaar vir wat dit werd was, aangesien alle vrywilligerkorpse op 31 Desember 1898 opgehef sou word.[38]

Hoewel die vrywilligerkorpse eerstens gestig is om geleentheid tot militêre oefening te bied en hulle nie vir diens te velde bestem was nie, het die Krugersdorpse Vrywilligerkorps in 1898 in Swaziland as 'n selfstandige eenheid van die krygsmag opgetree. Swaziland is ingevolge die Derde Swazilandse Konvensie van 1894 onder die bestuur van die ZAR geplaas.[39] In April 1898 is die indoena Mbhabha Sibandze in die koninklike kraal Zombodze vermoor. Die Swazikoning Bhunu is deur die regering van die ZAR van medepligtigheid verdink.[40] Hy is gedagvaar maar het die land verlaat en toevlug onder Britse beskerming in Natal gesoek. Hierdie gang van sake het uiteraard baie onrus in Swaziland veroorsaak. Daar het 'n plofbare situasie ontstaan, want die optrede teen Bhunu was nie die enigste probleem nie. Die runderpes van die neëntigerjare het die bevolking swaar getref en daar was ontevredenheid oor die Derde Swazilandse Konvensie.[41] Om die orde te bewaar het die regering van die ZAR besluit om kommando's na Swaziland te stuur om die polisie daar by te staan.

As joernalis was Ben Viljoen uiteraard op die hoogte van gebeure en hy het sy dienste aan die Kommandant-generaal beskikbaar gestel. Op 4 Junie 1898 herhaal hy die aanbod namens die Krugersdorpse Vrywilligerkorps. Die korps was gereed om binne 24 uur met 100 of desnoods 150 man na Swaziland te vertrek. Genl. Joubert het Viljoen daarna per telegram in kennis gestel dat sy aanbod van 150 man aanvaar is. Viljoen moes dadelik heimlik voorbereidings tref en na

---

38) TAB, KG 295, CR 2888/98, minute betreffende 50 gewere deur Veldkornet Wyk I distrik Krugersdorp uitgeleen aan die Krugersdorpse Vrywilligerkorps.
39) G.D. Scholtz, Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner V, p. 492.
40) P. Warwick, Black people and the South African War 1899-1902, p. 104.
41) C.J. Beyers (red.), Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek IV, pp. 30 - 31.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Pretoria kom vir oorleg. Viljoen het nie op hom laat wag nie en dadelik getelegrafeer dat hy dieselfde aand nog sou vertrek en vroeg die volgende dag sou aanmeld.[42]

Die NZASM het reëlings getref vir die vervoer van die korps van Krugersdorp na Belfast op 13 Junie.[43] Verder sou die reis na Swaziland met waens en perde voortgesit word. Die reis het goed verloop soos Viljoen aan Joubert getelegrafeer het.[44] Viljoen het van die uitstekende telegraafverbinding gebruik gemaak om 'n sekere aangeleentheid uit te klaar. Een van sy manskappe het naamlik siek geword en is na Pretoria teruggestuur. Viljoen het die Kommandant-generaal gevra om dr. Max Mehliss as dokter na die korps te stuur. Die opgawe wat Viljoen aan die Kommandant-generaal se kantoor verskaf het, het dr. Mehliss se naam ingesluit,[45] maar hy het nie saam met die vrywilligers gereis nie. Waarskynlik het die Regering sy aanstelling nie goedgekeur nie, want in antwoord op Viljoen se versoek het hy berig gekry dat dr. Laxton van die artillerie aangewys is om ook die Krugersdorpers te versorg.[46] Viljoen het vermoedelik aanvaar dat dr. Mehliss vanweë finansiële oorwegings nie aangestel is nie, want in antwoord op die weiering het hy aangebied om die helfte van dr. Mehliss se toelaag te betaal.[47] Dit het niks aan die saak verander nie en Viljoen moes genoeë neem met die besluit. Selfs in sake van geringe belang het Viljoen dikwels met mening gepoog om sy eie planne deur te voer, maar wanneer hy nie in sy doel geslaag het nie, was hy dadelik weer die lojale medewerker.

Die reis van Belfast na Swaziland het 'n verdere tien dae geduur.[48] By Bremersdorp het die ZAR-krygsmag 'n aantal forte opgerig. Hulle het bestaan uit 'n wal van sooie met slote rondom, doringdraad by die ingang en 'n maxim vir die beveiliging van die fort.[49] Vanuit die Krugersdorpers se eie fort,

---

42) TAB, KG 293, R 2562/98, brief, B.J. Viljoen, Krugersdorp - Kmdt.genl., Pretoria, 4 Junie 1898; telegram, Kmdt.genl., Pretoria - Kommandant Vrywilligers, Krugersdorp, 8 Junie 1898; CR 259, telegram, Kommandant Vrywilligers, Krugersdorp - Kmdt.genl., Pretoria, 8 Junie 1898.
43) TAB, KG 294, CR 2720/98, brief, NZASM, Pretoria - Kmdt.genl., Pretoria, 11 Junie 1898.
44) TAB, KG 295, CR 2793/98, telegram, Kmdt. Viljoen, Belfaststasie - Kmdt.genl., Pretoria, 14 Junie 1898.
45) TAB, KG 293, CR 2535/98, "Lijst van namen van officieren O.O. en manschapen (sic.) Krugersdorps Vrijwilliger Corps". Uit hierdie lys blyk dit dat Ben se drie broers hulle as manskappe onder die vrywilligers bevind het.
46) TAB, KG 295, CR 2793/98, telegram, Kmdt.genl., Pretoria - Kmdt. Viljoen, Belfast, 14 Junie 1898.
47) TAB, KG 295, CR 2816/98, telegram, Kmdt. Viljoen, Belfaststasie - Kmdt.genl., Pretoria, 14 Junie 1898.
48) TAB, KG 298, CR 3180/98, gevoeg by CR 3161/98, telegram, Kmdt. Viljoen, Bremersdorp - Kmdt.genl., Pretoria, 27 Junie 1898.
49) De Rand Post, 15 Julie 1898.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Fort Viljoen, het kmdt. Viljoen volledig verslag gedoen van die getalsterkte van sy korps. Daar was 155 man, 100 te perd en 55 te voet. 'n Vergelyking van hierdie lys met die vroeëre opgawe wat nog in Krugersdorp opgestel is, toon aan dat daar in die offisierkorps nogal heelwat wysigings voorgekom het. Dit is nie duidelik wat die oorsaak van die veranderings was nie, maar dit is wel opvallend dat twee broers van Ben Viljoen bevorder is: C.A. Viljoen was nou 2de luitenant en broer Wynand sersant.[50] Die kamp was goed georganiseer toe die Kommandant-generaal die kommando's in Swaziland besoek het. Genl. Joubert is deur vyftig ruiters van die Krugersdorpse Vrywilligerkorps verwelkom, ongetwyfeld onder bevel van kmdt. Viljoen.[51]

Die omstandighede waaronder diens in Swaziland verrig is, was nie altyd maklik nie. In Junie was daar berigte van klagtes oor die kos en 'n broodtekort.[52] Dat daar probleme met die kos was, is bevestig deur 'n versoek van die Spesiale Kommissaris in Bremersdorp om toestemming te verkry vir die aankoop van ingevoerde groente. Die versoek is toegestaan met die vermaning dat slegs die uiters noodsaaklike aangekoop moet word - op 'n spaarsame en ekonomiese wyse.[53]

Afgesien van kos was daar ook probleme met wapens. Viljoen het sewe Mausergewere aangekoop. Dit wil voorkom of dit 'n private aankoop was, anders sou hy die wapens uit 'n regeringsmagasyn ontvang het. Vir die gebruik van hierdie gewere het hy Mauserpatrone en 'n geweernaald aangevra. In sy skriftelike antwoord het die Kommandant-generaal hom meegedeel dat geen geweernaalde beskikbaar was nie en dat Viljoen Mauserpatrone in Piet Retief kon bekom, maar hy moes wel kontant daarvoor betaal.[54]

Daar was dikwels probleme ten opsigte van die betaling van rekeninge. Op 1 September 1898 is toestemming aan Viljoen verleen vir die aankoop van stewels en 150 uniforms vir die Krugersdorpse Vrywilligerkorps. Toe die firma Macloskie en Te Water in Krugersdorp die rekening indien, het die Ouditeur-generaal dit nie betaal nie aangesien die begrote bedrag vir die Krugersdorpse Vrywilligerkorps reeds bestee was. Die leweransiers moes nogal vir hul £900 wag, want eers nadat die Uitvoerende Raad vir die betaling magtiging verleen

---

50) TAB, KG 298, CR 3400/98, gevoeg by CR 3206/98, brief, Kmdt. B.J.Viljoen, Fort Viljoen Bremersdorp - Kmdt.genl., Pretoria, 3 Julie 1898.
51) Pretoria News, 21 September 1898.
52) Land en Volk, 29 Junie 1898.
53) TAB, KG 300, CR 3666/98, telegram, Spes.Kom., Bremersdorp - Kmdt.genl., Pretoria, 29 Julie 1898; telegram, Kmdt.genl., Pretoria - Spes.Kom., Bremersdorp, 30 Julie 1898.
54) TAB, KG 300, CR 3625/98, telegram, Kmdt. Viljoen, Bremersdorp - Kmdt.genl., Pretoria, 26 Julie 1898; brief, Kmdt.genl., Pretoria - Kmdt. Viljoen, Bremersdorp, 27 Julie 1898.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

het, is die rekening vereffen - maar toe was dit reeds 1899.[55]

Einde September 1898 is alles in gereedheid gebring vir die terugkeer na Krugersdorp. Die saak teen Bhunu was afgehandel en die aanwesigheid van 'n spesiale polisiemag was nie langer noodsaaklik nie. Die feit dat een van hul lede op beskuldiging van diefstal gearresteer is,[56] het die Krugersdorpse Vrywilligerkorps se gees gedemp.

Die manskappe uit Krugersdorp is nie veel blaaskans gegun nie. Die onrus in Swaziland was nou wel iets van die verlede, maar in die Soutpansberge het nuwe probleme opgeduik. Hier het Mphephu die mag oor die Vendavolk gegryp. Hy het geweier om belasting aan die Regering te betaal en homself bewapen.[57] Pogings om sake sonder 'n oorlog te besleg, het misluk. Genl. Joubert het na die noorde getrek en toe 'n strafekspedisie noodsaaklik blyk te wees, is op 19 Oktober besluit om die Regering te vra om nog twee- tot drieduisend man op te roep, onder meer uit die distrik Krugersdorp en Johannesburg.[58] Die Regering het ingestem en die nodige reëlings getref.

Die oproep is nie allerweë gunstig ontvang deur die manne van die vrywilligerkorpse wat nog maar pas uit Swaziland teruggekeer het nie. In Johannesburg het hulle die spesiale kommandant J. de Meillon meegedeel dat hulle wel bereid was om te gaan, maar dan as 'n selfstandige eenheid onder hul eie kommandant. De Meillon het verontwaardig op hierdie eis gereageer. Hy het geredeneer dat die Volksraad klaar besluit het om die vrywilligerkorpse op te hef en die manskappe moes maar net sy bevele volg.[59] In Krugersdorp was daar ook ontevredenheid en talle navrae is deur die kantoor van die Kommandant-generaal ontvang. Hy het berig ontvang dat elke dienspligtige burger gekommandeer kon word. Die wet het duidelik aangegee wie vrygestel kon word en daarin is geen melding van lede van vrywilligerkorpse gemaak nie.[60]

Tog wil dit voorkom of dit nie soseer die kort ruskans was wat die manne die meeste gehinder het nie. Uit die kommandeerlyste blyk dit dat daar maar min verskonings aangegee en min onwilliges was.[61] Die vraag wie in bevel van die kommando sou wees, het 'n veel groter probleem opgelewer. Kmdt. De Meillon,

---

55) TAB, UR 17, notule vergadering 17 Januarie 1899.
56) Pretoria News, 21 September 1898.
57) D.W. Krüger en C.J. Beyers (reds.), Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek III, p. 656.
58) TAB, KG 654, krygsraadnotule 19 Oktober 1898, p. 2.
59) De Rand Post, 25 Oktober 1898.
60) TAB, KG 667, telegram, Kmdt.genl., Pretoria - Wnd. kmdt. Vrywilligerkorps, Krugersdorp, 28 Oktober 1898.
61) TAB, KG 673, kommandeerlyste burgers Krugersdorp.

wat volgens Land en Volk "onder begunstiging en aanstelling van president Kruger, de eer (heeft) Commandant te zijn van Johannesburg", het baie outoritêr opgetree.[62] De Meillon - as Spesiale Kommandant van die Witwatersrandse Goudvelde - het Ben Viljoen ook gekommandeer. Soos die Johannesburgse vrywilligers, was Viljoen en sy mense ook nie geneë om onder De Meillon te dien nie. Maar, anders as hulle, het die Krugersdorpse veldkornetskap die daad by die woord gevoeg en op eie stoom na die noorde gereis. Op 25 Oktober is 'n groot hoeveelheid goedere deur die NZASM vervoer en op 29 Oktober is honderd treinkaartjies aan Ben Viljoen se veldkornetskap uitgereik.[63]

Hierdie optrede van Viljoen was nie so eiesinnig as wat dit op die oog af lyk nie. Daar was talle onbeantwoorde vrae betreffende die verantwoordelikhede en die bevelstruktuur. Vroeër al het daar probleme opgeduik oor die vraag of die wyk Krugersdorpse Delwerye onder die kommandant van die distrik Krugersdorp of onder die kommandant van die Witwatersrandse Goudvelde geressorteer het. In die eerste geval sou vk. Viljoen kmdt. F.J. Potgieter se ondergeskikte wees; in die tweede geval sou hy kmdt. De Meillon as sy meerdere moes erken. Hierdie vraag is reeds in 1897 aan die die Regering voorgelê maar geen duidelike antwoord is daarop ontvang nie.[64] Moontlik was genl. Joubert ook van hierdie probleem bewus, want die selfstandige optrede van Ben Viljoen het 'n mate van erkenning van die Kommandant-generaal gekry. Op 28 Oktober het laasgenoemde Viljoen in kennis gestel van 'n algemene bevel dat elke afdeling, hetsy veldkornetskap of kommandantskap, so spoedig moontlik na die hooflaer op Rietvlei moes kom.[65]

Kmdt. De Meillon het die selfstandige optrede van sy ondergeskikte nie aanvaar nie en 'n amptelike klag by genl. Joubert ingedien. In 'n brief het hy verklaar dat hy vk. Viljoen ooreenkomstig die krygswet met honderd man gekommandeer het. Viljoen het egter nagelaat om hom aan te meld of te rapporteer. Hy het op eie verantwoordelikheid vervoer gehuur en na die noorde gereis. De Meillon het op 1 November persoonlik opdragte aan Viljoen gegee, maar Viljoen het gesê dat hy hom nie sou gehoorsaam nie. Ooreenkomstig hierdie voorbeeld het die manne onder Viljoen se bevel die spot met De Meillon gedryf.[66]

---

62) Land en Volk, 23 November 1898.
63) TAB, KG 677, CR 7329/98, "NZASM Staat van verzonden goedere voor rekening van het Gouvernement der Zuid-Afrikaansche Republiek over de maand October 1899".
64) TAB, Argief Landdros Krugersdorp, band 2, Minuteregister Maart 1896 - November 1898, nr. 806, CR 5127/97, Landdros Krugersdorp - Kmdt.genl., 28 Oktober 1897; nr. 42/98, CR 5127/97, Kmdt.genl. - Landdros Krugersdorp, 24 Januarie 1898.
65) TAB, KG 667, telegram, Kmdt.genl., Hooflaer - Vk. Viljoen, Pietersburg, 28 Oktober 1898.
66) TAB, KG 658, brief, Kmdt. De Meillon - Kmdt.genl., Hooflaer, 2 November 1898.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

De Meillon het nie heeltemal ongelyk gehad nie. Die Kommandant-generaal het hom opdrag gegee om 300 man te kommandeer en vervoer na Noord-Transvaal te reël.[67] Viljoen het sonder twyfel eiegeregtig opgetree en was waarskynlik ook skuldig daaraan dat die swak verhouding amper ongevalle veroorsaak het. Nadat Viljoen by die hooflaer aangekom het, het hy 'n selfstandige laer getrek - skaars honderd meter van De Meillon en sy mense af. In dieselfde nag nog was daar 'n vals alarm wat heelwat skietery tot gevolg gehad het. Gelukkig was daar geen slagoffers nie, maar volgens genl. Joubert kon die laers van De Meillon en Viljoen mekaar vernietig het. Joubert het meer belang gehad by die stryd teen Mphephu as by die onenigheid tussen sy offisiere. Hy het vervolgens sy sekretaris in Pretoria opdrag gegee om die Regering te versoek om kmdt. De Meillon terug te roep, waarna hy die burgers van Johannesburg 'n tydelike kommandant sou laat kies.[68]

Hierdie effektiewe, maar ietwat onelegante beplanning, is met oorleg uitgevoer. Op 3 November het Joubert 'n gesprek met De Meillon en Viljoen gevoer. Daar kon geen verslag van hierdie gesprek gevind word nie, maar Viljoen het tydens die gesprek in De Meillon se teenwoordigheid kennelik sy mening rondborstig uitgespreek, soos hy genl. Joubert die volgende dag daaraan Joubert herinner het.[69] Die Regering was bewus van De Meillon se weerbarstigheid. Staatspresident Kruger het self eendag kortweg 'n woordewisseling met De Meillon beëindig, toe laasgenoemde Ben Viljoen daarvan beskuldig het dat hy 'n mede-oprigter van die Nasionale Unie was. Hierdie optrede van die President het selfs die redakteur van Land en Volk daartoe gebring om Kruger te prys.[70] Die Regering was dan ook ten volle bereid om met Joubert saam te werk. Op 2 November, onmiddellik na die ontvangs van Joubert se telegram, het die Staatspresident aan die Kommandant-generaal gevra of hy van De Meillon sou kon afsien, aangesien die toestand in Johannesburg sy teenwoordigheid daar vereis het. Op 3 November is De Meillon deur die Staatsekretaris teruggeroep, uiteraard met die voorbehoud dat die Kommandant-generaal geen beswaar het nie![71]

Terwyl die andersins stramme administrasie hierdie aangeleentheid konfidensieel en vlot hanteer het, het Viljoen se manskappe die Kommandant-generaal op

---

67) TAB, KG 667, telegram, Kmdt.genl., Hooflaer - Kmdt. De Meillon, Johannesburg, 21 Oktober 1898.
68) TAB, KG 665, telegram, Kmdt.genl., Hooflaer - Sekr. Kmdt.genl., Pretoria, 3 November 1898.
69) TAB. KG 658, naskrif by brief, manskappe wyk 1 Krugersdorp - Kmdt.genl., 4 November 1898.
70) Land en Volk, 21 Januarie 1897.
71) TAB, KG 658, telegram, Sekr. Kmdt.genl., Pretoria - Kmdt.genl., Hooflaer, 2 November 1898; telegram, Staatsekretaris, Pretoria - Kmdt. De Meillon, Hooflaer, 3 November 1898.

4 November amptelik in kennis gestel dat hulle nie hul weg oopsien om onder De Meillon te dien nie. In hul brief het hulle gestel dat De Meillon deur die Regering as kommandant aangestel is en nie deur die burgers gekies is nie. Hulle het indertyd geen besware aangeteken nie omdat hulle nie sou kon dink het dat hulle ooit onder sy bevel op kommando sou moes gaan nie. Hulle het die bevele van De Meillon as bars, onmenslik en onuithoudbaar bestempel. Met 'n beroep op die krygswet het hulle gevra om hul eie kommandant te mag kies en hulle het die Kommandant-generaal verseker van hulle gewilligheid om al hul pligte as burgers na te kom.[72] Dit was vir Joubert nou baie maklik om aan hierdie versoek te voldoen. Tog lyk dit asof hy nie die beoogde verkiesing van 'n tydelike kommandant laat hou het nie. Moontlik het hy ingesien dat 'n dergelike verkiesing 'n verleentheid vir die Regering kon skep, aangesien 'n verkiesing vir 'n kommandant slegs in 'n wettig geproklameerde distrik gehou kon word. Die Regering het die Witwatersrandse Goudvelde nog onder sy direkte beheer gehou. Maar Joubert het 'n goeie oplossing gevind. Nadat die Krugersdorpkommando op 8 November in die hooflaer aangekom het, het hy kmdt. Potgieter van die Krugersdorpkommando as waarnemende kommandant van die Johannesburgkommando aangestel en vk. Viljoen as waarnemende kommandant van die Krugersdorpers. Hierdie oplossing is deur almal aanvaar en Joubert kon verder sy aandag aan die oorlog teen Mphephu wy.[73]

Die krygsplan wat opgestel is, was eenvoudig. Dit was gemik op die omsingeling van Mphephu se kraal en vir dié doel is drie kommando's saamgestel wat op 16 November om drie-uur die oggend met die aanval sou begin. Namate hulle die doelwit nader, sou hulle in sewe afdelings verdeel om die omsingeling te voltooi.[74] Die burgers van Krugersdorp en Johannesburg het opdrag gekry om by die burgers van Wakkerstroom, Lydenburg en Ermelo aan te sluit.[75] Viljoen, wat met sy manne by die oostelike kolonne onder bevel van kmdt. M. Wolmarans ingedeel was, het geen selfstandige bevelpos beklee nie. Hierdie kommando moes die grootste afstand aflê en Viljoen en sy mense het die verste ooswaarts beweeg. Hulle het op hewige teenstand gestuit wat hul opmars vertraag het. Een van sy burgers, H.A. Auerswald, het gesneuwel en 'n ander, T. Bester, is swaar gewond. Eers nadat hulp opgedaag het, kon hulle die opmars voortsit, maar hulle het eers die volgende dag die doelwit bereik.[76] Die militêre aksie was 'n algehele sukses en die tien kiste wyn wat Sammy Marks aan genl. Joubert gestuur het, het

---

72) TAB, KG 658, brief, 89 burgers Wyk 1 Krugersdorp, Hooflaer - Kmdt.genl., Hooflaer, 4 November 1898.
73) Land en Volk, 16 November 1898.
74) TAB, KG 464, R 7057/99, Rapport van die Kommandant-generaal oor die jaar 1898, p. 5.
75) TAB, KG 670, brief, Kmdt.genl., Hooflaer - Kmdt. Krugersdorp, Rietvlei, 12 November 1898.
76) TAB, KG 655, Dagboek Mphephu-veldtog, p. 8.

dalk gehelp om die oorwinning te vier.[77]

Kort na die oorwinning oor Mphephu het Viljoen na Krugersdorp teruggekeer. Op 23 November was hy nog op die krygsraadvergadering in die hooflaer aanwesig[78], maar dit was die laaste keer. Laat die aand van 26 November het hy met ses burgers en twee agterryers in Potgietersrus aangekom[79] vanwaar hulle die volgende dag per trein na Pretoria gereis het.[80] Viljoen se vroeë vertrek was egter nie vanweë sy verkiesingsveldtog vir die Tweede Volksraad, soos Preller veronderstel nie[81], maar as gevolg van siekte.[82] The Krugersdorp Standard was vol lof oor die gedrag en optrede van die lede van die Krugersdorpkommando in die algemeen en Ben Viljoen in die besonder. Die redakteur het uiteraard sy loftrompet ook geblaas met die oog op die dorpstrots van die Krugersdorpers en die verkoopsyfers van sy koerant, maar een opmerking oor Ben Viljoen is merkwaardig. Die koerant het vermeld dat die Veldkornet al die moeite en swaarkry saam met sy manskappe gedeel het. Sy manne het dit hoog op prys gestel en was bereid om enige tyd weer onder sy bevel te dien. Die redakteur het voorspel dat Viljoen 'n briljante militêre loopbaan tegemoet gaan.[83]

Wat sekere ander sake betref, het die redakteur egter die bal misgeslaan, in die besonder waar hy oor die uitstaande dissipline van die Krugersdorpers geskrywe het. In sy artikel het hy beweer dat hulle altyd gehoorsaam en bereidwillig was en dat die Kommandant-generaal hulle baie gewaardeer het.[84] Inderwaarheid het daar ernstige probleme oor die Krugersdorpers ontstaan, en spesifiek oor dié van wyk 1 van vk. Viljoen. Tydens die krygsraadvergadering van 6 Desember het genl. Joubert sy sterk afkeur uitgespreek oor die handelwyse van sommige bevelvoerders wat tydens die laaste patrollie hulle perde en manskappe in die steek gelaat het. Veral die Kommandant van Krugersdorp het 'n welverdiende vermaning gekry - so het Land en Volk berig.[85] Die redakteur het nie die naam van die kommandant vermeld nie. Kmdt. Potgieter het na die vertrek van De Meillon in die Johannesburgkommando gedien en vk. Viljoen, wat as

---

77) TAB, KG 666, telegram, Kmdt.genl., Hooflaer - Sekr. Kmdt.genl., Pretoria, 14 November 1898.
78) TAB, KG 654, krygsraadnotule 23 November 1898, p. 10.
79) TAB, KG 667, brief, J.C. Dolan, Piet Potgietersrust - J. van Soelen, Pietersburg, 27 November 1898.
80) TAB, KG 677, rekening NZASM aan regering vir vervoer van burgers en goedere gedurende November, inskrywing 27 November.
81) G.S. Preller, Met God en die Mauser, (Die Brandwag, 20 Januarie 1917, p. 279).
82) TAB, KG 682, telegram, Vk. Viljoen, Rietvlei - Krygskommissaris, Hooflaer, 26 November 1898; The Krugersdorp Standard, 10 Desember 1898.
83) The Krugersdorp Standard, 10 Desember 1898.
84) Ibid., 17 Desember 1898.
85) Land en Volk, 7 Desember 1898.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kommandant van Krugersdorp waargeneem het, is twee weke vroeër reeds huis toe.

Op 7 Desember het die Kommandant-generaal 'n dringende opdrag aan kmdt. Potgieter gegee om ernstige klagtes te ondersoek en 'n rapport daaroor aan die Regering voor te lê.[86] Wat die presiese inhoud van die klagtes was, kon nie vasgestel word nie, maar dit is nie onwaarskynlik dat hulle verband gehou het met dit wat tydens die krygsraadvergadering ter sprake gekom het nie. Potgieter se reaksie was uiters merkwaardig. Hy het geantwoord dat hy siek was en dat hy die opdrag van die Kommandant-generaal aan vk. J.M. van Wijk oorgedra het. 'n Paar uur later het Potgieter weer 'n brief aan Joubert geskrywe:

> "Aangezien ik meent dat ons werk afgedaan zijn. Zoo stel ik UEdGestr. in kennis dat ik de burgers der goudvelden afgedankt onder mijn Commandantschap daar ik niet langer kans ziet over hun te ageren als Commandant. Hopende dat het UEdGestr. goedkeuring zal wegdragen verwachtende een antwoord terug. P.S. Ook stel ik u in kennis dat ik heden middag te drie uren zal vertrekken. Ook neemt mijne krankheid steeds toe."[87]

Dit kon nie vasgestel word wat die afloop van die ondersoek was nie (indien dit ooit plaasgevind het), maar uit die korrespondensie blyk duidelik dat daar wel probleme met die dissipline en gedrag van die Johannesburgers ondervind is.[88] Of Ben Viljoen by hierdie ongerymdhede betrokke was, kon nie uit die beperkte gegewens vasgestel word nie.

Daar was egter wel ander probleme waarby Viljoen 'n rol gespeel het. Dit het betrekking gehad op die funksionering van die krygskommissariaat. Hierdie administratiewe liggaam wat vir die verskaffing van voorrade verantwoordelik was, het swak gefunksioneer tydens die oorlog.[89] Viljoen het min geduld met swak organisasie gehad en nog minder met amptelike rompslomp. Soos hy selfstandig gereis het, so het hy ook selfstandig voorrade en goedere aangeskaf sonder die tussenkoms of magtiging van sy kommandant. Hy het self die rekeninge van die NZASM geteken, aanvrae vir transport ingedien, aankope by privaatwinkels gedoen en selfstandig met die Krygskommissaris gehandel.[90] Tydens Viljoen se terugreis het dit ernstige probleme afgegee. Viljoen, self reeds

---

86) TAB, KG 662, brief, Kmdt.genl. - Kmdt. Krugersdorp, 7 Desember 1898. p. 83.
87) TAB, KG 662, briewe, Kmdt. Krugersdorp - Kmdt.genl., 7 Desember 1898.
88) Hoewel daar in die bronne na die Kommandant van Krugersdorp verwys word, moet aanvaar word dat die onreëlmatighede betrekking gehad het op die Johannesburgkommando waaroor kmdt. Potgieter tydelik die gesag gevoer het.
89) L.S. Amery, <u>The Times history of the war in South Africa, 1899-1902 II</u>, p. 83.
90) TAB, KG 674 en 675, rekeninge van J.D. Cooper en H. Möscke te Pietersburg; KG 667, brief- en telegramwisseling vk. Viljoen en krygskommissaris Van Soelen; KG 677, rekeninge vir vervoer van goedere en persone in opdrag van vk. Viljoen.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

siek, het saam met 'n paar manskappe wat ook nie wel was nie, vroegtydig huis toe gegaan. Toe hulle laat die aand op 26 November in Potgietersrus aangekom het, was die agent van die Krygskommissaris nie bereid om hulle van die nodige voer vir hul perde te voorsien nie. Dit was nie uit onwil nie, maar in opdrag van die Krygskommissaris. Viljoen het bloot voortgegaan en geneem wat hy nodig gehad het. Dit was ook nie te moeilik nie, want die voorrade was swak bewaak en nie gestoor nie. Na aanleiding hiervan het agent J.C. Dolan 'n klag by die Krygskommissaris ingedien. Hierdie klag was nie soseer teen Viljoen en sy mense gemik nie - Dolan was selfs simpatiek teenoor hulle - maar teen die besliste opdrag dat geen voorrade hoegenaamd uitgereik mag word nie. As rede vir die bevel om geen voorrade te verskaf nie, is aangevoer dat al die manskappe in die hooflaer van alles voorsien is. Dit was egter nie die geval nie. Agent Dolan het hom daardeur in 'n moeilike posisie bevind. Aangesien hy ook geen steun van die dronk Vrederegter ontvang het nie, was hy genoodsaak om 'n offisiële klag in te dien en 'n krygsraadondersoek aan te vra.[91] Van hierdie ondersoek het niks gekom nie.

Ander ondersoeke van die Krygskommissaris het wel plaasgevind. In Maart 1899 is navraag gedoen oor wie in besit van 118 gewere was wat op 3 November 1898 aan vk. Viljoen vir die Johannesburgkommando afgegee is.[92] Viljoen se assistent, F.D. Changuion, het die Krygskommissaris gekomplimenteer met sy kapitale boekhouer en hom meegedeel dat die gewere inderdaad by die kommando aangekom het die dag toe hulle van die oorlog teen Mphephu in die laer teruggekeer het. Alhoewel Viljoen op die tydstip van die navraag in Somerset-Wes was, het hy wel die boodskap van sy assistent ontvang, want hy het self ook die Krygskommissaris meegedeel dat hy nooit enige gewere vir die Johannesburgse burgers ontvang het nie.[93]

Viljoen se militêre betrokkenheid in die tweede helfte van 1898 het tot gevolg gehad dat hy baie min tuis was. Dit het moontlik bygedra tot die huweliksprobleme wat die egpaar Viljoen ondervind het. Toe Viljoen einde November na Krugersdorp teruggekeer het, was sy vrou nie tuis nie. Dit is nie duidelik of Viljoen daarvan bewus was nie, maar hy het by R.J. Hogan, die direkteur van die telegraafkantoor te Krugersdorp, navraag na sy vrou gedoen. Hogan het Viljoen

---

91) TAB, KG 667, brief, Agent van die Krygskommissaris J.C. Dolan, Potgietersrus - Onderkrygskommissaris Johs. van Soelen, Pietersburg, 27 November 1898; KG 663, brief, Onderkrygskommissaris Johs. van Soelen, Pietersburg - Krygskommissaris W.J. Meyer, Hooflaer, 28 November 1898.
92) TAB, KG 683, brief, Krygskommissaris W.J. Meyer, Pretoria - Vk. B.J. Viljoen, Krugersdorp, 24 Maart 1899.
93) TAB, KG 663, brief, F.D. Changuion, Krugersdorp - Krygskommissaris, Pretoria, 5 April 1899; brief, B.J. Viljoen, Somerset-Wes - Krygskommissaris, Pretoria, 28 Maart 1899.

op sy beurt verwys na die klerk by dié kantoor, E.W. Aitcheson, wat met mev. Viljoen kontak gehad het.[94] Viljoen is daarop na Florida waar malariakoors hom platgetrek het. Ene Van Leggelo het hom na sy vader se huis in Roodepoort gebring waar hy verpleeg is.[95] Op 30 November het Hogan.'n briefie van Viljoen ontvang met die versoek om Aitcheson na Roodepoort te stuur - wat Hogan ook gedoen het. Toe Aitcheson by die huis van vader Viljoen kom, het hy daar 'n stewige pak slae gekry. Dit het gelei tot 'n hofsaak wat op 14 Desember voor die Spesiale Regterlike Kommissaris, J. Bodenstein, gedien het. Sowel die dokter as die apteker het verklaar: "The assault was by no means a dangerous one, although he had a jolly good hiding." Ben Viljoen, hoewel hy aan die aanranding deelgeneem het, is vrygespreek omdat hy vanweë hoë koors nie aanspreeklik vir sy dade gehou kon word nie. Die ander deelnemers het elk 'n boete van £3 of vyf dae tronkstraf gekry. Die boetes is betaal.[96] Dit wil voorkom of die grondliggende redes vir die pak slae meer oorweging geniet het as die wetsoortreding.

Aitcheson het met die uitspraak as basis 'n eis vir skadevergoeding ingedien. Hy wou eintlik £500 gevra het, maar dan sou die saak in die hooggeregshof moes dien. Hy het gevolglik sy eis tot £50 verminder weens naamskending en £50 vir skade en mediese onkoste. Prokureur D.J. (Danie) Theron, die latere bekende leier van die Theron Verkenningskorps gedurende die Anglo-Boereoorlog, het namens hom opgetree en 'n siviele saak teen Ben Viljoen by die Spesiale Landdros aanhangig gemaak. In die aanklag is 'n breedvoerige oorsig oor die aanranding self gegee en oor die beskuldigings wat daarby geuiter is. Daaruit is dit duidelik dat Aitcheson daarvan beskuldig is dat hy gedurende die tyd toe Ben Viljoen in Swaziland en Vendaland was, 'n verhouding met mev. Viljoen sou gehad het. Aitcheson het verklaar dat hy in dié tyd op spesiale versoek en aandrang van mev. Viljoen in dié tyd in haar huis geslaap het, ter gerusstelling en beveiliging van haar en haar suster mej. Els.[97] Teen hierdie agtergrond is dit verklaarbaar dat selfs Eugène Marais vir Ben Viljoen in die bresse getree het, aangesien hy gemeen het dat Viljoen waarskynlik 'n goeie rede gehad het om sy aanklaer 'n pak slae te gee.[98]

Viljoen is deur prokureur J.H. Nieuwoudt bygestaan. Die verweer was maar swak en het hoofsaaklik bestaan uit ontkenning van die bewerings of die verskoning dat hy, as gevolg van sy koorsdelirium, die feite nie meer kon onthou nie. Op 22 Desember, die dag voor die hofsitting, het Theron en Nieuwoudt 'n ooreenkoms

---

94) The Krugersdorp Standard, 24 Desember 1898.
95) Ibid., 17 Desember 1898.
96) The Krugersdorp Standard, 17 Desember 1898; Land en Volk, 21 Desember 1898.
97) TAB, Argief Krugersdorpse Delwerye, band 85, Siviele Sake, saak 276, E.W. Aitcheson vs. B.J. Viljoen.
98) Land en Volk, 28 Desember 1898.

opgestel om die saak te bespoedig en die verhoor van sekere getuies, vermoedelik mev. Viljoen, onnodig te maak. Daarin is opgeneem dat mev. S.S. Kock die briefie geskrywe het en dat Viljoen op haar versoek slegs die adres op die koevert aangebring het. Verder is verklaar dat mev. Viljoen Aitcheson versoek het om haar in Oos-Londen op die hoogte te hou van die verloop van die oorlog teen Mphephu en dat hy slegs een maal aan haar getelegrafeer het - in verband met die dood van Auerswald. Ten slotte is daarin verklaar dat Ben Viljoen en sy eggenote nog steeds in liefde en vrede en ongeskei saam met mekaar lewe. Die volgende dag het die Landdros sy uitspraak gegee. Viljoen is veroordeel tot die betaling van £20, terwyl die eis vir vergoeding van skade en mediese onkoste van die hand gewys is. Op 24 Desember 1898 het Nieuwoudt die griffier in kennis gestel dat Viljoen teen die uitspraak appèleer.[99] Hierdie besluit het moontlik saamgehang met die feit dat Viljoen besig was met sy verkiesingsveldtog en liewer van alle blaam onthef wou word.

Tydens die hofsitting op 23 Desember het Ben Viljoen aan Aitcheson gevra wie hom aan sy vrou voorgestel het. Daarop is geantwoord dat ene Slabbert hulle tydens 'n dansklas aan mekaar voorgestel het. Hierop het Viljoen teenoor sy vader gesê: "You see, Pa, it is just as I said: it all comes from these d--- dancing classes."[100] Moontlik wou Viljoen die hof beïndruk, maar hy was self allermins afkerig van 'n dansparty. By 'n dans in die Assembly Hall in Mei 1897 was hy een van die lede van die reëlingskomitee saam met sy broers Chris en Wynand en onder die dames wat aanwesig was, is mevv. C. en B. Viljoen en mej. Els by name genoem.[101] Dit het beter by Viljoen se flambojante geaardheid gepas as sy Puriteinse opmerking in die hofsaal. Viljoen het nooit die kalklig vermy nie, inteendeel, as veldkornet het hy dit geniet om die middelpunt van belangstelling te wees.

Die werk van die veldkornet was beslis nie tot militêre sake beperk nie; hy het 'n redelike uitgebreide administratiewe verantwoordelikheid gehad. Viljoen het gou agtergekom dat dit vir hom nodig was om 'n noukeurige taakomskrywing te kry en ook die wette te bestudeer wat hy moes toepas. Hy het op 30 September 1896 by die Staatsekretaris 'n aanvraag ingedien vir die toesending van veldkornetinstruksies, 'n paar wette soos dié betreffende die Weesheer en die Naturellekommissaris, asook die Codex van Jorissen.[102] Wat die laaste versoek betref moes die Staatsekretaris hom teleurstel aangesien die uitgawe nie meer beskikbaar was nie.

---

99) TAB, Argief Krugersdorpse Delwerye, band 85, Siviele Sake, saak 276, E.W. Aitcheson vs. B.J. Viljoen.
100) The Krugersdorp Standard, 24 Desember 1898.
101) The Roodepoort Mail, Florida and Maraisburg News, 19 Mei 1897.
102) TAB, SS 5795, R 13616/96, brief, Vk. Viljoen, Krugersdorp - Staatsekretaris, Pretoria, 30 September 1896.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Een van die eerste sake waarby Viljoen as veldkornet betrokke was, was die toekenning van volle burgerskap aan diegene wat in Januarie 1896 teen Jameson opgetrek het. Dat hy in hierdie opsig nie seker van sy saak was nie, is verstaanbaar en dat hy eerder toeligting gevra het as om foute te maak, dui op sy bedagsaamheid. Viljoen was veral behep met die kwessie of die nuwe burgers nog steeds deur middel van memories van ou burgers voorgestel moes word. Die Staatsekretaris het hom gerusgestel met die mededeling dat die presiese voorskrifte reeds by die Staatsdrukker was.[103] De Meillon en president Kruger het juis gebots oor die noukeurige opvolg van die instruksies met betrekking tot die toekenning van burgerskap. De Meillon het dieselfde taak in Johannesburg behartig, maar glad nie noukeurig te werk gegaan nie. Daar het talle foute ingesluip waardeur burgerskap toegeken is aan mense wat nie volgens wet die reg daartoe gehad het nie. In die woordestryd wat tussen Kruger en De Meillon daaroor ontstaan het, het die President die noukeurige werkwyse van Viljoen geprys.[104] Hierdie lof het Viljoen ook van die landdros van Krugersdorp gekry wat getuig het dat alles by die byeenkomste goed georganiseer was en dat daar aan al die vereistes van die wet voldoen is.[105]

Viljoen het sy amp toegewyd vervul en sy aanvanklike toewyding en bedagsaamheid bewys dat hy oor die vermoë beskik het om (wanneer hy werklik wou) sy geaardheid en die neiging om sy eie oordeel te volg, te oorwin. In Desember 1896 het hy sy belangstelling vir sy medemens getoon met 'n netjiese herdenkingsartikel by die afsterwe van een van die manskappe.[106] 'n Paar dae later het hy verskoning gemaak dat hy nie na die verrigtinge by die Paardekraalmonument sy manskappe bedank het nie. Sy verskoning was heeltemal aanvaarbaar. Viljoen is gevra om die Staatspresident as lyfwag op die terugreis na Pretoria te vergesel. Viljoen het dié dag meer eerbewyse ontvang, want by die aankoms van Kruger het hy ook die verwelkomingsadres namens die bewoners van Krugersdorp voorgelees.[107] Die dag het egter met 'n verlies geëindig, want die aand is sy perd uit die stal by sy huis gesteel.[108]

Dit was vir Viljoen nie moontlik om hierdie lewenswyse, wat respek vir en handhawing van voorskrifte en regulasies vereis het, vol te hou nie. Daar sal ook

---

103) TAB, SS 5782, R 13254/96, brief, Vk. Viljoen, Krugersdorp - Staatsekretaris, Pretoria, 24 September 1896; SS 5797, R 13715/96, telegram, Staatsekretaris, Pretoria - Vk. Viljoen, Krugersdorp, 5 Oktober 1896.
104) Land en Volk, 21 Januarie 1897.
105) TAB, Argief Landdros Krugersdorp, band 2, Minuteregister Maart 1896 - November 1898, nr. 433, 15 Januarie 1897.
106) Ons Volk, 16 Desember 1896.
107) Ibid., 19 Desember 1896.
108) Ibid., 7 Januarie 1897.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

meerdere male wel aanleiding gewees het om die regulasies, wat die werk van die veldkornet eerder belemmer as bevorder het, nie alte noukeurig te volg nie. Dit was ook nie deel van Viljoen se geaardheid om hierdie noodsaaklike vryheid van handeling te veel te beperk en uit die oog van die samelewing te hou nie. Daarby het Viljoen die publieke aandag geniet en dus ook kritiese aandag van sy politieke teëstanders gekry. Dit het sy vroeëre vriend Marais laat versug dat daar in Krugersdorp altyd wel iets gaande was - was dit nie na aanleiding van 'n jeugdige luitenant of ewe jeugdige mynkommissaris se optrede nie, dan was die jeugdige en patriotiese veldkornet wel die oorsaak van 'n publieke opskudding.[109] So het dit gebeur dat Viljoen eiemagtig ene Smith gearresteer het wat in Krugersdorp vrywilligers vir plase in Rhodesië gewerf het. Iemand wat homself Vrye Burger genoem het, het Viljoen oor die vingers getik en gesê dat hy nie sy haat teen Rhodes na 'n landstreek moes uitbrei nie.[110] Viljoen het hom natuurlik nie 'n antwoord skuldig gebly nie en sy kritikus veral daaroor aangespreek dat hy onder 'n skuilnaam geskrywe het.[111] Vrye Burger se verweer was dat almal, van president Kruger tot die Krugersdorpse veldkornet, daarop uit was om wraak te neem.[112]

Dit was kenmerkend van Viljoen se karakter om, na sy openbare amp aanvanklik met toewyding en noukeurigheid te vervul, daarna steeds meer selfstandig te begin optree. Die verandering kon tewens die gevolg gewees het van swak ondersteuning van sy manskappe, iets waarvoor Viljoen baie gevoelig was. Dit is des te meer waarskynlik omdat die verandering in sy optrede as veldkornet in dieselfde tyd plaasgevind het as die kortstondige bedanking as kaptein van die vrywilligerkorps.[113] Dat hy deur 'n gebrek aan medewerking wrewelig geraak het, is verklaarbaar, maar sy reaksies het eerder konfrontasie veroorsaak as om tot versoening te lei. Toe 'n wapenskou wat hy as veldkornet gereël het, misluk het, het hy in die koerant geskrywe dat hy nie weer 'n skou sal reël voordat bywoning wettiglik verpligtend is nie. Hy was ontmoedig om te sien hoe mense wat altyd aan die voorpunt wou wees, nou laks was. Maar, het hy geëindig, hy kon gelukkig reken op die werkende klasse en arm burgers.[114] Met hierdie soort reaksie het Viljoen homself geen diens bewys nie en dit was geen aanduiding dat hy oor goeie leierseienskappe beskik het nie.

'n Dergelike manier van optrede was dalk ook die aanleiding tot 'n geskil met N. Blommenstein. Hierdie persoon het 'n aanvraag by die Landdros ingedien tot opheffing van kommandering deur Viljoen in verband met die Mphephu-veldtog. Hy

---

109) Land en Volk, 1 April 1897.
110) Ibid., 27 Oktober 1897.
111) Ons Volk, 22 November 1897.
112) Land en Volk, 1 Desember 1897.
113) Kyk hierbo, p. 72.
114) Ons Volk, 8 September 1897.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

het betoog dat hy die Veldkornet mondeling kennis gegee het van sy verhuising na die wyk van vk. Klopper. Dit wil voorkom of 'n dergelike saak eenvoudig gereël kon gewees het. Maar dit het wel in 'n hofsaak ontaard waar die aansoek van Blommenstein met koste van die hand gewys is.[115]

'n Saak wat Viljoen kennelik baie sorge gebaar het, was die onwettige drankhandel in sy wyk. Die aanwesigheid van die mynwerkers het uiteraard daartoe meegewerk dat die onwettige drankhandel sowel as die verkoop van swak kwaliteit drank 'n winsgewende bedryf was. Viljoen het, soms waarskynlik op eie inisiatief, gepoog om hierdie kwaad te bestry. Nie oor die feit dat hy dit gedoen het nie, maar oor die wyse waarop hy dit gedoen het, het die Publieke Aanklaer by Viljoen navraag gedoen. Viljoen het natuurlik nie op sy antwoord laat wag nie en sy saak onomwonde gestel. Die aanleiding van die navraag was 'n opdrag van die Staatsprokureur wat 'n verslag oor die drankhandel op die Krugersdorpse Goudvelde wou hê. Daar is verskeie klagtes oor hierdie saak ingedien, maar wat die klagtes ingehou het, is nie aan Viljoen bekend gemaak nie. Op die navrae van die Publieke Aanklaer het Viljoen noukeurig geantwoord en hy het van die geleentheid gebruik gemaak om te beklemtoon dat hy al vier maande lank by die inspekteur van die dranklisensies gekla het oor Isak Joff se onwettige drankhandel.[116] Viljoen het ook getuies vir sy bewerings soos die opsigter van die "nachtvuilkarren" wat talle kere al onwettige drankhandel waargeneem het. Viljoen het ook gepoog om die handelaars deur middel van lokvinke die handelaars te verskalk. So is Joffe een keer deur Wynand Viljoen betrap, maar die Publieke Aanklaer self het Joffe van regsvervolging ontslaan omdat hy van oordeel was dat 'n privaat persoon nie iemand kon betrap nie.[117] Dat die regstoepassers dalk self nalatig was in die bestryding van die onwettige drankhandel, kan ook gekonkludeer word uit 'n koerantberig dat Joffe in die hof onskuldig bevind is aan wetsoortreding, aangesien sy klerk die drank verkoop het.[118]

Maar Viljoen het nog verder gegaan. Volgens hom het die drankkommissie wat die lisensies uitgereik het, sy taak nie behoorlik uitgevoer nie. Lisensies is sonder behoorlike ondersoek uitgereik en dat 'n lisensie maklik verkry kon

---

115) TAB, Argief Krugersdorpse Delwerye, band 100, Spesiale Landdros, Rolboek Siviele sake, Januarie 1898 - September 1899, nr. 577; band 83, Siviele Saak 577.

116) As hierdie Joffe dieselfde persoon is as Isak Joffe wat mede-oprigter en eienaar van Ons Volk was ( kyk hierbo, p. 29), en as in aanmerking geneem word dat die breuk tussen Viljoen en Ons Volk kort na hierdie aantyging oor onwettige drankhandel plaasgevind het (kyk hierbo, p. 37), dan kan hierdie openlike beskuldiging teen Joffe moontlik 'n aanduiding wees dat die onderlinge verhoudinge by die koerant al redelik vertroebel was.

117) TAB, Argief Landdros Krugersdorp 1888-1900, band 85, brieweboek Veldkornet wyk 1, SPR 9246/97, 16 November 1897.

118) The Roodepoort Mail, Florida and Maraisburg News, 2 Junie 1897.

word, het geblyk uit die feit dat op die tydstip toe Viljoen sy brief geskrywe het, reeds vyftien nuwe aansoeke ingedien is. Viljoen het die hoop uitgespreek dat die drankkommissie strenger sal optree. Hy het die noodsaak daarvan beklemtoon deur te verwys na 'n geval van 'n ses- of sewejarige dogtertjie wat enkele dae vantevore deur twee dronk mans in 'n lokasie verstik is. Sy dringende oproep om meer beheer was ongetwyfeld ernstig bedoel en die spottende brief wat iemand aan 'n koerant gestuur het, was misplaas, al was dit ook waar dat Viljoen en sy familie self in die verlede vyf lisensies besit het.[119] Viljoen het sy uitvoerige betoog afgesluit met die uitspraak dat dit vir hom vreemd was dat die Publieke Aanklaer geglo het dit is nodig om hom op sy pligte te wys, terwyl sy wettige hoofde dit nooit nodig geag het nie.[120]

Die administrasie van wapens en ammunisie het die Veldkornet dikwels baie hoofbrekens besorg. Reeds aan die begin van Viljoen se loopbaan as veldkornet is 300 Martini-Henry-gewere aan kmdt. Potgieter gestuur, wat hy in die drie wyke verdeel het.[121] Die verdeling van die wapens in sy wyk was vir vk. Viljoen problematies. Hy het baie vreemdelinge in sy wyk gehad. Onder hulle was daar ook Vrystaters wat graag hul deel wou bydra vir die beveiliging van die ZAR. Mog hulle nou bewapen word? Sy navraag in hierdie verband is ontkennend beantwoord, omdat slegs stemgeregtigde burgers volgens wet bewapen mog word.[122]

Viljoen het soms nie net oorspronklike idees gehad nie; ook sy handelwyse was nie altyd volgens die reëls nie. Die Martini-Henry-gewere was nie baie gewild nie en daarom het Viljoen Mausergewere vir vyf van sy mense aangevra. Uit Pretoria is aan hom meegedeel dat hy slegs deur middel van die Landdros met die Kommandant-generaal mog korrespondeer; verder moes hy noukeuriger wees en meld of hy Mausergewere met 'n kort of 'n lang loop bedoel en ten slotte moes ook die name van die burgers vermeld word vir wie die gewere bestem was. Viljoen het vervolgens die regte gegewens deur middel van die Landdros verstrek, maar hy het wel op spoedige reaksie aangedring, aangesien dit reeds 22 Desember 1896 was en hulle die gewere met die skietwedstryde op 1 Januarie wou gebruik.[123]

Of die gewere betyds in Krugersdorp afgelewer is, is nie bekend nie, maar die skietwedstryd het wel 'n interessante afloop gehad. Na afloop van die funksie het vk. Viljoen gevra vir die uitbetaling van die fondse wat vir hierdie doel

---

119) Ons Volk, 8 September 1897.
120) TAB, Argief Landdros Krugersdorp 1888-1900, band 85, brieweboek Veldkornet wyk 1, SPR 9246/97, 16 November 1897.
121) TAB, KG 179, CR 4329/96, nota aan kmdt. Potgieter, 5 Junie 1896; Argief Landdros Krugersdorp, band 2, Minuteregister Maart 1896 - November 1898, nr 137.
122) TAB, KG 188, CR 5628/96, minute met aantekeninge, 6 Augustus 1896.
123) TAB, KG 209, CR 8152/96, minute met aantekeninge, 22 Desember 1896.

beskikbaar gestel was. Die Waarnemende Landdros van Krugersdorp het die geld inderdaad van die Regering ontvang, maar hy het dit verdeel tussen wyk 2 en wyk 3. Die motivering was dat wyk 1 onder die Mynkommissaris geressorteer het. Die Kommandant-generaal het bevestig dat die geld vanselfsprekend onder die drie wyke verdeel moes gewees het. Toe landdros Human weer op sy pos terug was, het hy filosofies opgemerk:

> "Ik ben zeker dat de £103 voor schijfschieten onder die dienstplichtige burgers van al drie wijken verdeeld moest worden, doch wat kan nu verder gedaan worden, de zaak is afgelopen. Het is geen wonder dat iemand in de war raakt met het district van Krugersdorp, want alhoewel eene district, heeft het twee afzonderlijke landdrosten, twee do. Commandanten en twee do. vertegenwoordigers in iedere Raad. Om dit alles goed te onderscheiden vereischt een tamelijke studie."

Uiteindelik is 'n voorstel aanvaar om 'n voorlopige betaling aan die veldkornet van wyk 1 te doen en alles dan in 1898 met die ander wyke te verreken.[124]

Viljoen het dalk soms sy eie kop gevolg en so die amptelike paaie verlaat, maar hy het darem selfstandig gedink en voorstelle gemaak. Na aanleiding van 'n voorval van inbraak by 'n goewermentsmagasyn het hy voorgestel dat twee tot vier nagwagte die kruitmagasyn van Krugersdorp bewaak. Hoewel daar geredeneer is dat die gebou 'n soliede struktuur is waarby nie maklik ingebreek kon word nie, is die voorgestelde aanstelling tog goedgekeur.[125]

Gelukkig het Viljoen 'n uitstekende en pligsgetroue klerk in diens gehad, want daar was 'n magdom geringe sakies wat administratiewe aandag vereis het. Dit het gehandel oor kwitansies vir wapens, omruiling van gewere wat herstel moes word, ontbrekende patroonbande, navrae oor wapens, burgers, ammunisiegebruik, ens.[126] Die amptelike meule mog dalk traag gewerk het, maar daar was min kleinighede wat die oplettende amptenare in Pretoria ontgaan het.

---

124) TAB, KG 214, CR 447/97, minute met aantekeninge van 21 Januarie tot 15 Maart 1897; Argief Landdros Krugersdorp, band 2, Minuteregister Maart 1896 - November 1898, nr. 445, 21 Januarie 1897, nr. 504, 23 Februarie 1897, nr. 525, 15 Maart 1897.

125) TAB, Argief Landdros Krugersdorp, band 2, Minuteregister Maart 1896 - November 1898, nr. 572, 14 April 1897, nr. 635, 26 Mei 1897.

126) TAB, Argief Landdros Krugersdorp, band 2, Minuteregister Maart 1896 - November 1899, nr. 416, CR 7694/96, 1 Desember 1896, nr. 709, CR 3788/97, 20 Julie 1897, nr. 697, CR 7337/97, 5 Julie 1897, nr. 155/98, CR 1495/98, 3 Mei 1898, nr. 177/98, CR 2237/98, 23 Mei 1898, nr. 261/98, CR 2933/98, 23 Julie 1898; band 2a, Minuteregister November 1898 - Mei 1900, nr. 16/99, CR 7336/98, 11 Januarie 1899, nr. 175/99, CR 7297/98, 24 Maart 1899; TAB, KG 243, CR 3788/97, 14 Julie 1897.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Om die papierwerk wat daarmee gepaard gegaan het af te handel, was nie in Viljoen se aard nie. Hy het sy taak as veldkornet met toewyding, maar liefs volgens sy eie insigte volbring en hy het die noulettende administrasie as tydverkwisting beskou. Daarin is eintlik 'n teenstrydigheid te bespeur, want as joernalis en politikus het hy korrupsie bestry, maar as veldkornet het hy probleme met nougesette administrasie ondervind, wat tog die erkende middel is om korrupsie hok te slaan.

Toe Viljoen in Desember 1898 as veldkornet bedank omdat hy homself as Volksraadslid verkiesbaar gestel het, het die vraag om 'n verkose veldkornet weer opgeduik. Die Volksraadsbesluit dat 'n spesiale veldkornet as 'n tydelike maatreël vir die Goudvelde aangestel kon word, het bepaal dat dit sou geld tot tyd en wyl daar genoeg stemgeregtigde burgers sou wees en as die meerderheid van hulle 'n verkiesing sou vra.[127] Met sy bedanking as veldkornet het Viljoen self gevra dat 'n nuwe veldkornet gekies moet word. Om tydelik in die vakature te voorsien, het hy voorgestel dat J.S. du Preez as Waarnemende Veldkornet aangestel word.[128] Twee rekwisisies vir die aanstelling van J.G. Celliers as Waarnemende Veldkornet is egter al 'n dag vroeër ontvang.[129] 'n Paar dae later is nog 'n derde persoon, P.R. Fourie, voorgestel.[130] Daar was ook aansoeke dat 'n verkiesing vir veldkornet in wyk 1 gehou moet word.[131] Hoewel nie almal tevrede was nie, is P.R. Fourie as Waarnemende Veldkornet benoem en die vraag of daar 'n verkiesing sou plaasvind, is ernstig oorweeg. Die Staatsekretaris was van mening dat die versoek afgewys moes word, want dit was nie deur die meerderheid van die burgers ingedien nie. Landdros Human het hierdie standpunt ondersteun en beklemtoon dat slegs 'n vyfde van die burgers 'n verkiesing aangevra het. Uiteindelik is genl. Joubert gevra vir sy goed- of afkeuring van die versoek. Die Kommandant-generaal, soos gewoonlik uiters versigtig in sy bewoordinge, het geantwoord dat daar volgens wet en ooreenkomstig die Volksraadsbesluite gehandel sou word. Die Staatsekretaris het kortweg geantwoord dat so 'n algemene stelling nie sy vraag beantwoord het nie. Hy wou bloot weet of die versoek toegestaan of afgewys moet word. Dit het Joubert ruim vier maande geneem om te besluit dat sy standpunt met dié van die Staatsekretaris ooreengekom het.[132] Hierdie weifelagtige houding van Joubert, wat so min ge

---

127) ZAR 13, Notule Eerste Volksraad 1895, art. 105, 16 Mei 1895.
128) TAB, SS 7588, R 15858/98, brief, B.J.Viljoen, Krugersdorp - Staatsekretaris, Pretoria, 2 Desember 1898.
129) TAB, SS 7588, R 16167/98 en R 16169/98, rekwisisies, 1 Desember 1898.
130) TAB, SS 7588, R 15989/98, rekwisisie, 5 Desember 1898.
131) TAB, SS 7588, R 16153/98, versoekskrif, 7 Desember 1898.
132) TAB, SS 7588, R 16141/98, minute met aantekeninge.

meen gehad het met die kordate optrede van Viljoen, het dikwels wrywing in die verdere kontak tussen hulle veroorsaak, veral toe Viljoen as kommandant onder Joubert gedien het.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




Offisiere van die Krugersdorpse Vrywilligerkorps (KVC).
Ben Viljoen is die tweede van links.



Kmdt. Ben Viljoen by die uitbreek
van die Anglo-Boereoorlog.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# Hoofstuk V DIE KOMMANDANT

Waarskynlik het die regering van die ZAR voorheen goeie redes gehad om J. de Meillon tot Spesiale Kommandant van Johannesburg te benoem, maar in 1899 was hulle moontlik dankbaar om van hom ontslae te raak. Johannesburgers was nie die maklikste mense om te beheer nie en De Meillon het nie oor die vermoë beskik om gesag oor hulle uit te oefen nie. Die gebeurtenisse tydens die Mphephu-veldtog in November 1898 het dit bewys en ook toe al het die Regering laat blyk dat hulle De Meillon eerder sou terugroep as om sy gesag te onderskraag. Die konflik tussen De Meillon en Ben Viljoen is na die botsing tydens die Mphephu-veldtog voortgesit toe hulle altwee kandidaat was in die verkiesing vir 'n lid van die Tweede Volksraad. Dat De Meillon daarin geslaag het om die uitslag ongeldig te laat verklaar, het die verhouding beslis nie verbeter nie. Hierdie gebeure is in die voorgaande hoofstukke bespreek.[1] Die slotfase van die botsing tussen De Meillon en Viljoen is nou aan die orde.

De Meillon het om gesondheidsredes in April 1899 na Durban vertrek. Sy verblyf in Natal het egter die ondersoek van die klagtes oor onreëlmatighede by Viljoen se verkiesing verhinder. De Meillon het nie rekening gehou met die moontlikheid dat sy reëlings vir 'n waarnemende kommandant vir die Witwatersrandse Goudvelde nie deur die Regering aanvaar sal word nie. Die Spesiale Landdros te Johannesburg het die saak onder die aandag van die Kommandant-generaal gebring en voorgestel dat E.R. Ochse aangestel moet word.[2] De Meillon het Ochse as sy plaasvervanger aangewys - onderhewig aan die goedkeuring van die Kommandant-generaal.[3] Genl. Joubert kon nie met die aanbeveling saamstem nie.[4] Hy het verkies dat Viljoen in hierdie pos benoem moet word vanweë sy optrede tydens die Mphephu-veldtog, waartydens hy getoon het dat hy die Johannesburgers kon hanteer.[5] Daar was nog 'n derde moontlike kandidaat, G.B. Bezuidenhout, van wie De Rand Post berig het dat hy deur die Uitvoerende Raad benoem is.[6]

---

1) Kyk hierbo, pp. 62 - 63 en 78 - 80.
2) TAB, SS 7703, 1989/99, telegram, Spesiale Landdros, Johannesburg - Kmdt.genl., Pretoria, 18 April 1899.
3) TAB, SS 7703, R 1989/99, brief, E.R. Ochse, Johannesburg - Kmdt.genl., Pretoria, 25 April 1899.
4) TAB, SS 7703, R 1989/99 waarby opgeneem R 6149/99, aantekening van genl. Joubert op minute: "Ik kan mij met het aanzoek niet vereenigen."
5) TAB, SS 7703, R 1989/99, 18 Mei 1899 nota van Kmdt.genl. op minute: "Als de regeering wil aanstellen totdat er eene kiezing kan of moet plaatsvinden, dan acht ik niet dat er een geschikter persoon gevonden zal worden, waarmede zooveel algemeene tevredenheid bevonden zal worden, als de heer B.J. Viljoen die in den laatsten oorlog met de Johannesburgers zoo goed overweg gekomen is."
6) De Rand Post, 20 Mei 1899.

De Volksstem van dieselfde datum het gemeld dat B.J. Viljoen as Waarnemende Spesiale Kommandant aangestel is[7] en dié berig was juis. Op 18 Mei het die Uitvoerende Raad hierdie benoeming inderdaad bekragtig[8] en op 24 Mei is Viljoen deur die Spesiale Landdros van Johannesburg beëdig.[9]

Die aanstelling van 'n Waarnemende Spesiale.Kommandant het vanselfsprekend die vraag na vore gebring of De Meillon in sy posisie kon aanbly. Die dreigende oorlog sou aan dié vraag 'n bykomende dimensie verleen. Dit was na die Mphephu-veldtog duidelik dat De Meillon nie die regte man op die regte plek was nie. Die kommandant van Johannesburg sou na alle waarskynlikheid ook as aanvoerder moes optree. Tog was dit nie die militêre aspek nie, maar 'n juridiese vraag wat aanleiding tot De Meillon se ontslag gegee het. Die Eerste Volksraad het die verslag wat oor die betwiste verkiesing van Viljoen opgestel is, vir kennisname aanvaar. In die bevindings van die kommissie was ook sprake van omkopery deur De Meillon. Na aanleiding van hierdie bewering het staatsekretaris F.W. Reitz staatsprokureur J.C. Smuts om advies genader.[10] Die advies het dadelik gekom en was glashelder. Die Staatsprokureur het die Regering aangeraai om De Meillon te ontslaan vanweë die moontlike omkopery "en andere gronden aan de Regeering welbekend" De Meillon en geen verdere regstappe te doen nie. Die Staatsekretaris wou die advies volg, maar het ingesien dat hy nie die motivering kon gebruik nie. Daarom het hy opdrag gegee dat daar noukeurig nagegaan moes word of De Meillon wel verlof gevra het om na Durban te gaan. Dit was nie die geval nie en gevolglik is daar besluit om De Meillon op grond van diensverlating te ontslaan. Die ontslagbrief is opgestel,[11] maar voordat dit geteken kon word, is 'n ontslagaanvraag van De Meillon ontvang.[12] Toe het daar 'n ander brief uitgegaan, waarin met leedwese kennis geneem is van De Meillon se swak gesondheid en hy bedank is vir die dienste wat hy die land bewys het. Die ontslag is toegestaan.[13]

Sodra die nuus van De Meillon se ontslag bekend geword het, het belangstellendes vir die pos van kommandant aangemeld. Nog voordat De Meillon se ontslag gefinaliseer was, is daar van 24 tot 30 Junie in Johannesburg reeds ses memo-

---

7) De Volksstem, 20 Mei 1899.
8) TAB, SS 7703, R 1989/99, aantekening op minute.
9) TAB, SS 7703, aantekening op minute R 6149/99 opgeneem by R 1989/99.
10) TAB, SS 7703, R 1989/99, nota, Staatsekretaris aan Staatsprokureur, 19 Junie 1899.
11) TAB, SS 7703, R 1989/99, ongetekende brief, Staatsekretaris, Pretoria - J. de Meillon, Johannesburg, 5 Julie 1899.
12) TAB, SS 7703, R 9659/99, opgeneem by R 1989/99, brief, Kmdt. De Meillon, Johannesburg - Staatsekretaris, Pretoria, 4 Julie 1899.
13) TAB, SS 7703, R 1989/99, nota betreffende brief aan De Meillon, 7 Julie 1899.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ries in Johannesburg ten gunste van Ben Viljoen opgestel.[14] Viljoen het self op 15 Julie, na die ontslag van De Meillon, vir die betrekking aansoek gedoen.[15] Die Spesiale Landdros te Johannesburg het E.R. Ochse weer voorgestel[16] en in Mei het die Regering reeds belowe om twee memories met 1 000 handtekeninge, wat die benoeming van P. Bezuidenhout gevra het, in aanmerking te neem indien daar 'n vakature vir kommandant sou ontstaan.[17] Dit wil egter voorkom of die Regering in hierdie geval sy eie oordeel gevolg het, want reeds op 14 Julie 1899 het die Staatsekretaris die Kommandant-generaal gevra watter persoon hy as opvolger vir De Meillon aanbeveel.[18] Met sy bekende omslagtige negatiewe benadering het Joubert ruim twee weke later geantwoord:

> "Zoolang nog niet besloten wordt een commandant te doen kiezen en het houden van de betrekking door het E.A.lid van de 2den Volksraad niet onwettig wordt beschouwd, vind ik geen termen of vrijmoedigheid om hem door iemand anders te vervangen."[19]

Die Staatsekretaris het hierdie kriptiese antwoord vertolk as Joubert se instemming om Ben Viljoen tot Spesiale Kommandant van die Johannesburgkommando te benoem. Daarna is die volle amptelike pad geloop en die skriftelike instemming van alle betrokke persone en instansies is verkry. Einde Augustus was alle formaliteite afgehandel en op 1 September 1899 is Ben Viljoen deur die Spesiale Landdros te Johannesburg amptelik as Spesiale Kommandant van die Johannesburgkommando beëdig.[20] Dat alles baie vinnig verloop het, blyk uit die feit dat daar tot 15 September nog memories ingekom het ten gunste van die aanstelling van J.J. Rabie van der Linden.[21] Die betoonde haas was nie sonder rede nie. Daar het nie baie tyd vir Viljoen oorgebly om sy voorbereiding vir die oorlog te tref nie.

Op Donderdag 28 September 1899, vier weke na sy aanstelling as kommandant, het Viljoen sy oproepinstruksie ontvang as deel van die algemene kommandering van 27 en 28 September. Tydens 'n vergadering van die Tweede Volksraad is 'n brief van Joubert aan hom oorhandig met die opdrag om die volgende dag met die Johan-

---

14) TAB, SS 7703, CR 4392/99, gevoeg by R 1989/99, ses memories ten gunste van B.J. Viljoen gedateer van 24 tot 30 Junie 1899.
15) TAB, SS 7703, R 4392/99, gevoeg by R 1989/99, brief, B.J. Viljoen, Johannesburg - Staatsekretaris, Pretoria, 15 Julie 1899.
16) TAB, SS 7703, R 6149/99, gevoeg by R 1989/99, brief, Spesiale Landdros, Johannesburg - Staatsekretaris, Pretoria, 19 Julie 1899.
17) TAB, SS 7703, R 7487/99, gevoeg by R 1989/99, twee memories ten gunste van P. Bezuidenhout, ontvangs gedateer 24 Mei 1899.
18) TAB, SS 7703, R 1989/99, aantekening op minute, 14 Julie 1899.
19) TAB, SS 7703, R 1989/99, aantekening op minute, 1 Augustus 1899.
20) TAB, SS 7703, R 1989/99, aantekeninge op minute, 4, 8, 22, 23 en 29 Augustus 1899.
21) TAB, SS 7703, R 12233/99, R 12235/99 en R 12237/99, memories ten gunste van J.J. Rabie van der Linden, ontvangs gedateer 15 September 1899.

nesburgkommando na Volksrust op te ruk. Sy veldkornette het regstreeks van die Kommandant-generaal opdrag ontvang om hul mense en die nodige goedere te kommandeer.[22] Vroeg die volgende dag het Viljoen Joubert eers besoek om nadere instruksies en inligting te kry. Presiese instruksies oor sy verpligtinge aan die Natalse grens, sou later aan hom verskaf word. Op sy vraag wie die oorlog begin het, Brittanje of die ZAR, is geantwoord dat die oorlog nog nie uitgebreek het nie en dat die saak dalk nog geskik kon word, maar dat die houding van Brittanje uiters uitdagend was.[23]

Onmiddellik na sy afskeid van die Kommandant-generaal het Viljoen per trein na Johannesburg gereis. Hy was in die geselskap van genl. en mev. P.A. Cronjé wat na die westelike grens op pad was. Hul volgende ontmoeting sou op St. Helena wees, ongeveer twee en 'n half jaar later.[24]

Viljoen het op 29 September 'n bedrywige dag gehad. In die middag moes hy talle probleme betreffende die kommandering oplos. Allerlei redes vir vrystelling van man, seun of broer is aangevoer en besware teen die kommandering van perde, muile en waens is voorgelê. Vir Viljoen was dit geen maklike taak om al hierdie sake te beslis nie. Trou aan sy aard het hy al die redes wat aangevoer is as beuselagtighede beskou in vergelyking met die uitdaging wat aan die land gestel is. Hy was nie die persoon om dergelike aangeleenthede bedagsaam te hanteer nie. Verder het die tyd gedring; hy moes nog dieselfde dag vertrek. Hy het dié dag ervaar hoe min hy nog maar van sy eie kommando en sy mense geweet het en volgens sy eie indrukke het twee derdes van sy mense hom nie eers geken nie.[25]

Viljoen het lank met probleme oor die kommandering van mense en goedere geworstel. Twee van die drie veldkornette van sy kommando het plaasvervangers gestuur en self by die huis gebly.[26] En met die mense wat aan hom gestuur is, was hy dikwels nie gelukkig nie. Hy het vk. De Vries in Fordsburg duidelik laat verstaan hoe hy oor hulle gevoel het.[27] Pogings om diensplig te ontduik, het Viljoen ook gedurende die oorlog bly grief. In Mei 1900 het hy by die Kommandant-generaal beswaar gemaak dat vyf gesonde jong salaristrekkers in Roodepoort in die kommandeerkommissie benoem is. Hy sou graag wou sien dat hulle deur ander mense vervang en self na die front gestuur word.[28] En dit was

---

22) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, pp. 14 - 15.
23) Ibid., pp. 15 - 16.
24) Ibid., pp. 16 - 17.
25) Ibid., pp. 18 - 19.
26) Ibid., p. 21.
27) R. Chisholm, Ladysmith, pp. 82 en 84.
28) TAB, LA 737 IV, nr. 1754, telegram, Kmdt. Viljoen, Roodepoort - Kmdt.genl., Pretoria. 10 Mei 1900.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

nie die eerste keer dat hy sy misnoeë geuiter het oor die gebrek aan oorlogsywer aan die Witwatersrand nie. Hy het gekla oor gesonde burgers wat nie gekommandeer is nie maar teen hoë lone in die myne bly werk het. Hy het voorgestel dat die Waarnemende Kommandant en Veldkornette opgeroep word; dan sou hy nuwe ampsdraers in hul plek nomineer - 'n voorstel wat deur genl. L. Meyer ondersteun is.[29] Hy was ook nie die enigste wat oor die Johannesburgers se swak voorbeeld van diensontduiking gekla het nie. Ander kommando's was bewus daarvan en het daaroor gepraat en daar was 'n neiging om die verkeerde voorbeeld te volg.[30] Maar dit wil voorkom of die kwaad diepgewortel was. Vk. Van der Bijl het selfs die hulp en advies van Viljoen ingeroep toe klerke van die veldkornet se kantoor hul kommandobriewe opgeskeur het. Viljoen het beveel dat daar in sulke gevalle ten strengste volgens krygswet gehandel moes word.[31] Viljoen het meer as eenmaal genoeg rede gehad om ongelukkig te voel oor die gehalte van sy eie kommando.[32]

Viljoen was dikwels minagtend teenoor elkeen wat nie soos hý met 'n mate van geesdrif aan die stryd deelgeneem het nie. Hy vertel in sy herinneringe dat die predikante P. Nel en J.N. Martins aanvanklik die kommando vergesel het, maar alte gou padgegee het vanweë die swaarkry. Daar was min mense wat hul geestelike sorg gemis het.[33] Hierdie opmerking onthul meer oor Viljoen self as oor die predikante. Wat betref ds. Nel van die gemeente Jeppestown is Viljoen se opmerking ongeregverdig. Ds. Nel is by Elandslaagte gevange geneem en het nie sy amp in die kommando verlaat nie.[34]

Vrydagaand 29 September 1899 het die Johannesburgkommando haastig per trein na die Natalse grens vertrek. Die twee treine het die volgende dag sonder enige teëspoed in Standerton aangekom. Daar is perde, tuie en saals uitgedeel, want voor hul vertrek uit Johannesburg was daar nie tyd daarvoor nie.[35] Jan Viljoen was net te laat om in die kommando van sy broer opgeneem te word. Om tog so gou moontlik by die grens te kom, het hy by die speurpolisie aangesluit en op 30 September uit Johannesburg vertrek. Hierdie groep het die Johannesburgkom-

---

29) TAB, LA 737 IV, band 737 II, nr 508, telegram, Genl. Meyer, Glencoe - Staatsekretaris, Pretoria, 31 Maart 1900.
30) TAB, LA 737 IV, band 737 III, nr. 903, telegram, Genl. Meyer, Glencoe - Wnd. kmdt.genl. Botha, Pretoria, 14 April 1900.
31) TAB, LA 737 IV, band 737 III, nrs. 1098 en 1108, telegramwisseling tussen vk. Van der Bijl, Johannesburg en kmdt. Viljoen, Vantondersnek, 22 April 1900.
32) R. Chisholm, Ladysmith, p. 87.
33) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, p. 20.
34) W.J. de Kock (red.), Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek I, p. 615.
35) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, p. 20.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

mando op Maandag 2 Oktober by Standerton aangetref.[36] Die kommando het die naweek intussen gebruik om beter toegerus te word vir die stryd.[37]

Die bewegings van die kommando na die aankoms te Standerton is nie heeltemal duidelik nie. Ooreenkomstig sy opdrag het Viljoen hom onder die bevel van genl. J.H.M. Kock gestel en by Bothaspas in die Drakensberge posisie ingeneem. Hoewel die hooflaer by Sandspruit in die omgewing van Volksrust geleë was, het genl. Kock net wes daarvan verbygetrek via Perdekop na die plaas Seekoeivlei aan die Kliprivier. Daarvandaan is Viljoen uitgestuur om in kontak te kom met die Vrystaatse kommando's en kommunikasie met hulle te reël. 'n Analise van die beskikbare gegewens dui op dié moontlike reisskema:


Vertrek van Standerton op Dinsdag 3 Oktober;
aankoms te Seekoeivlei aan die Kliprivier op Vrydag 6 Oktober;
kontak gesoek met OVS-kommando's tot Maandag 9 Oktober;
President se verjaardag gevier op Dinsdag 10 Oktober;
vertrek na Bothaspas op Woensdag 11 Oktober.[38]

Uit hierdie verloop van sake is dit duidelik dat die kommando's onder bevel van genl. Kock van meet af aan die taak toebedeel was om Joubert se regterflank te vorm, met die hoofopdrag om die verbinding met die Vrystaatse magte te behou. Die krygsraad het op 17 Oktober hierdie opdrag uitgebrei met die bevel om die spoorlyn tussen Glencoe en Ladysmith te verbreek.[39] Op dié tydstip was hulle reeds in Natal, want die Johannesburgers het al in die nag van 11 Oktober die grens oorgesteek. Kmdt. Ben Viljoen was op die voorpunt. In opdrag van genl. Kock het hy saam met kmdt. A. Schiel van die Duitse Korps 'n patrollie van tweehonderd man gelei wat 'n uitgebreide verkenningstog oor die grens aangepak het. Die spanning was sò groot dat 'n skotskar vir 'n kanon en 'n trop beeste vir 'n Britse leërafdeling aangesien is.[40] Maar duisternis, reën en mis kon ook maklik hierdie misverstand veroorsaak het.

---

36) J.C. Viljoen, In den Anglo-Boer Oorlog met het Johannesburg Commando, (De Goede Hoop, 1(5), November 1903, p. 65).
37) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, p. 20.
38) J.C. Viljoen, In den Anglo-Boer Oorlog met het Johannesburg Commando, (De Goede Hoop, 1(5), November 1903, p. 65); B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, pp. 20 - 21; J.H. Breytenbach, Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika I, p. 158.
39) TAB, KG 346, p. 270; LA 709, pp. 85 en 140; B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, p. 22; C.J. Barnard, Generaal Louis Botha op die Natalse front, 1899-1900, p. 42.
40) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, pp. 21 - 22.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Na 'n trae, onordelike opmars het vk. F.J. Potgieter van die Duitse Korps en vk. A.J. Pienaar van die Johannesburgkommando elk met 'n patrollie tot by die stasie Elandslaagte deurgedring waar hulle tevergeefs probeer het om 'n trein te verower. 'n Tweede trein met voorrade het wel in hul hande geval. Beide veldkornette het aan hul bevelhebbers gerapporteer en die onderskeie reaksies was merkwaardig. Schiel het met honderd man kom help, terwyl 'n woedende Viljoen opdrag gegee het dat die spoorlyn vernietig moet word en die manne onmiddellik terug moet keer. Hy het ook aan Kock verslag gedoen. Laasgenoemde het sonder aarseling afgewyk van sy uitdruklike opdrag en met al die berede lede van sy kommando na Elandslaagte deurgedruk.[41]

Met betrekking tot die slag by Elandslaagte is daar twee aspekte wat aandag verdien, naamlik Viljoen se houding en optrede voor die slag en vervolgens sy rol tydens die slag.

Daar is duidelike getuienis dat Viljoen Kock se handelwyse deur na Elandslaagte op te ruk, afgekeur en dit ook duidelik aan hom bekend gestel het.[42] Nietemin het Viljoen tog Kock se bevele gevolg. Toe hy Donderdag 19 Oktober omstreeks middernag in die gietende reën by Elandslaagte aankom, was sy eerste vraag of 'n goeie verdedigingsposisie reeds bepaal was. Toe dit blyk nie die geval te wees nie, het hy onmiddellik self aan die werk gespring.[43] Toe Viljoen Saterdagoggend berig ontvang dat die Britte besig was om versterkings per trein van Ladysmith af aan te voer, het hy dadelik aan Kock voorgestel om die aflaaipunt aan te val om sodoende ontplooiing van die troepe te verhinder.[44] Kock het hierdie goeie voorstel spottend van die hand gewys en daarmee die enigste kans om 'n nederlaag te voorkom deur sy vingers laat glip.[45] Dit is geregverdig om te sê dat Viljoen voor die slag, ondanks sy afwysing van Kock se optrede, lojaal gehandel het en hom na die beste van sy vermoë bygestaan het.

Die vrae rondom die tweede aspek, naamlik Viljoen se optrede tydens die slag by Elandslaagte, is meer gekompliseerd. Om sy optrede in die regte lig te kan beoordeel is dit noodsaaklik om na die verloop van die veldslag te kyk. Nadat Kock die Britte kans gegee het om ongehinderd versterkings aan te voer, het genl.maj. J.P.D. French 'n doelgerigte aanvalsplan opgestel. Teenoor Kock se sewehonderd Johannesburgers, Hollanders, Duitsers en twee kanonne het French

---

41) J.H. Breytenbach, Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika I, pp. 191 - 194.
42) Ibid., pp. 197 - 199.
43) J.C. Viljoen, In den Anglo-Boer Oorlog met het Johannesburg Commando, (De Goede Hoop, 1(5), November 1903, p. 65).
44) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, p. 25.
45) J.H. Breytenbach, Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902 I, p. 262.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

oor omtrent 3 500 man en 18 kanonne beskik. Sy ruitery het hy oor sy twee flanke verdeel, regs die Imperial Light Horse saam met 'n afdeling van die 5th Lancers onder bevel van maj. A. Woolls-Sampson en op die linkerflank die Dragoon Guards met 'n afdeling van die 5th Lancers gelei deur maj. St. John C. Gore. In die sentrum het kol. Ian Hamilton die bevel oor die infanterie gevoer bestaande uit die regimente Devonshire, Manchester en 2nd Gordon Highlanders. Dit was die infanterie - in die besonder die Manchesters - wat die hoofaanval moes loods teen Kock se linkerflank wat deur die Johannesburgkommando verdedig is. Ondanks die getalsoorwig het Hamilton se manne nie daarin geslaag om die Boereposisies te oorvleuel nie. Eers nadat die Imperial Light Horse die infanterieaanval versterk het, het die Boere se verdediging in duie gestort.[46]


Die nederlaag van Kock se kommando het in twee fases plaasgevind. Toe die Johannesburgers uit hul posisies verdryf is, het hulle wanordelik op die vlug geslaan. Die Hollanderkorps wat op die noordelike koppie standgehou het, is daardeur van hul flankdekking ontneem.[47] Schiel, wat met sy Duitse korps met 'n ompad vanuit sy vooruitgeskowe posisie teruggeval het, het 'n aantal vlugtende Johannesburgers beveel om saam te gaan en Kock te hulp te snel.[48] Die hulp het egter te laat gekom en kon Kock se posisie nie red nie. In die invallende duisternis het die oorlewendes gevlug. Dit was veral die vlugtende Hollanders wat deur Gore se ruitery agtervolg en gevang is.

Reeds in 'n vroeë stadium van die slag het groepies Johannesburgers begin padgee en daarmee die moreel van die kommando ondermyn.[49] Was Viljoen daarvan bewus? Uit sy eie beskrywing van die veldslag blyk dit dat hy slegs op hoogte was van dit wat in sy onmiddellike omgewing gebeur het. Viljoen het nie 'n algemene oorsig gehad van wat in sy kommando as 'n geheel voorgeval het nie. Kontemporêre bronne praat ook ronduit van die vlug van die Johannesburgers.[50] En in 'n poging om die naam van die Johannesburgkommando effens te red, is vertel dat nie almal gevlug het nie. Omtrent twaalf man, onder wie Viljoen, het by Kock gebly en slegs op die laaste oomblik veiligheid gesoek.[51] Barnard se opsomming dat die Johannesburgse kommando in wanorde teruggedryf is, is

---

46) J.H. Breytenbach, Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902 I, pp. 242 - 253.
47) J.W. Meijer, Dr. H.J. Coster, 1865-1899, Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis, 1989 II, p. 206.
48) J.H. Breytenbach, Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902 I, p. 251.
49) J.C. Viljoen, In den Anglo-Boer Oorlog met het Johannesburg Commando, (De Goede Hoop, 1(5), November 1903, p. 66); O.J.O. Ferreira (red.), Krijgsgevangenschap van L.C. Ruijssenaers, 1899-1902, p. 67
50) De Volksstem, 30 Oktober 1899.
51) Ibid., 4 November 1899.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




volkome korrek.[52] Viljoen het ongetwyfeld sy moed en heldhaftigheid bewys in hierdie eerste groot veldslag wat hy meegemaak het. Die vraag is egter hoe hy as kommandant gefunksioneer het. Die inligting dui daarop dat hy hierin gefaal het.

---

52) C.J. Barnard, Generaal Louis Botha op die Natalse front, 1899-1900, p. 52.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Wat kon die oorsaak daarvan gewees het? Gebrekkige opleiding en ervaring het 'n rol gespeel. Viljoen se individualisme en sy behoefte om hom persoonlik te bewys het 'n verdere bydrae gelewer. Daar was ook ander omstandighede wat 'n invloed gehad het. Kort na Viljoen se benoeming tot waarnemende kommandant in Mei 1899, het hy aan die Regering voorgestel dat die groot getal vreemdelinge wat gewillig was om die land te help verdedig, bewapen en opgelei moet word. Die Regering het die voorstel afgewys en vier maande later moes Viljoen met 'n onvoorbereide kommando die stryd in. As gevolg van die gebrek aan oefening het die kommando nie as 'n eenheid gefunksioneer nie.[53] Daar was dus rede tot kritiek op die wyse waarop Viljoen sy kommando beheer het, maar daar was versagtende omstandighede. Daarom is dr. W.J. Leyds in sy oordeel oor Viljoen se optrede te ongenuanseerd as hy sê: "De verantwoordelijkheid voor den slag rust uitsluitend op generaal Kock, maar van Viljoen is het een ernstige fout geweest, dat hij zijn commando niet in de hand had; noch voor noch in de slag heeft hij de leiding gehad."[54] Die bewering is wel korrek, maar die formulering skep die indruk dat die gevolge van Kock se foutiewe optrede voorkom kon gewees het as Viljoen sy kommando beter beheer het. Dit is nie waar nie. Niks kon die nederlaag by Elandslaagte voorkom het nadat Kock besluit het om die Britse aanval in sy swak stellings af te wag nie.

Oor die tydstip van Viljoen se vlug is daar uiteenlopende menings. Amery veronderstel dat Viljoen in 'n vroeë stadium van die geveg saam met sy kommando gevlug het,[55] en Rompel vra hom af hoe Viljoen as enigste bevelhebber daarin geslaag het om sy mense aan die slag te onttrek.[56] Daar is egter geen rede om Viljoen se eie getuienis - dat hy hom op die laaste oomblik uit die voete gemaak het - in twyfel te trek nie. Hy het agt bladsye in sy boek gebruik om sy wedervaringe van die nag te vertel. Uit die romanties-gekleurde verslag, waarin hy uiteraard self die hoofrol speel, blyk dit duidelik dat hy laat in die slag gevlug het, want die eerste mense wat hy ingehaal het, was Britse soldate wat die vlugtende Boere agtervolg het. Verder was hy alleen, nadat sy adjudant gou deur die agtervolgers ingehaal en gevang is. Hy het eers weer die volgende dag kontak met ander burgers gemaak. In die loop van daardie dag het hy ongeveer honderd en twintig man rondom hom versamel terwyl hy op pad was na Dannhauserstasie waar die Kommandant-generaal sy hoofkwartier gehad het.[57]

---

53) J.C. Roos, Johannesburg en die Tweede Vryheidsoorlog Oktober 1899 - Mei 1900, pp. 277 - 278.
54) TAB, W.J. Leyds-huisargief, 3, ongepubliseerde artikel oor Viljoen.
55) L.S. Amery, The Times history of the war in South Africa, 1899-1902 II, p. 195.
56) F. Rompel, Heroes of the Boer War, p. 151.
57) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, pp. 27 - 35. Hierdie ervaring is ooglopend verwerk in Viljoen se roman Under the Vierkleur, p. 117 e.v.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Laat die middag van Sondag 22 Oktober het Viljoen met sy mense by die hoofkwartier aangekom. Hy het dadelik gevra of die Kommandant-generaal hom die volgende môre kon ontvang. Joubert was woedend oor die eiemagtige optrede van Kock se kommando. Dat Viljoen dit moes ontgeld, was voor die hand liggend - hy was die enigste belangrike bevelhebber wat ontkom het. Op wie anders moes Joubert sy toorn uitstort? Op daardie oomblik was Joubert waarskynlik onbewus van die feit dat Kock nie gehoor gegee het aan die aanbevelings en versoeke van onder andere Viljoen nie. Viljoen het nie stilgebly nie. Volgens die Nederlandse uitgawe van sy boek het hy sy bevelhebber vriendelik en half paaiend geantwoord; volgens die Engelse uitgawe was hy redelik parmantig.[58] Die enigste opdrag wat Viljoen dié dag van Joubert gekry het, was om sy kommando te reorganiseer en daarna vir diens aan te meld.[59]

Met dié doel voor oë het Viljoen na Newcastle vertrek. Daar het hy sy verlore toerusting probeer vervang, sy manskappe versamel en die bangbroeke onder hulle met 'n pas "wegens lafhartigheid" Johannesburg toe gestuur. Met sy gereorganiseerde kommando van 485 man het Viljoen na Glencoe vertrek waar hy op 30 Oktober 'n nuwe opdrag gekry het. Dit was om die 1 200 Britse soldate, wat dié dag by Nicholsonsnek en Modderspruit krygsgevange geneem is, na Pretoria te begelei. Vir die taak het hy veertig manskappe aangewys en dadelik vir 'n nuwe opdrag gevra. Die nuwe opdrag was om polisiediens in Dundee te gaan doen. Dit was te veel vir Viljoen - hy het die bevel eenvoudig geïgnoreer en na Ladysmith gereis om sy saak aan Joubert te gaan stel.[60] Sò lui Ben Viljoen se weergawe. Leyds het tot dieselfde gevolgtrekking gekom, naamlik dat Joubert Viljoen uit die krygsgewoel wou hou.[61] Die paar telegramme betreffende hierdie aangeleentheid wat bewaar gebly het, gee tog nie voldoende bewys vir hierdie opvatting nie. Die spesifieke opdrag, soos Joubert dit aan die Resident-vrederegter van Newcastle gesein het, het uitgebreide volmagte aan Viljoen gegee om sake in Dundee te reël. In sy antwoord het die Vrederegter gemeld dat Viljoen op 28 Oktober na Dundee vertrek het om die plek behoorlik in besit te neem. Uit 'n telegram van Viljoen aan die redakteur van die The Standard & Diggers' News in Johannesburg, blyk dit dat hy nie soseer oor sy opdrag gekrenk was nie, maar oor die negatiewe gerugte wat oor hom en sy kommando in omloop was.[62] Wat die

---

58) Ibid. p. 36; B.J. Viljoen, My reminiscences of the Anglo-Boer war, pp. 55 - 56.
59) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, p. 37.
60) Ibid., pp. 38 - 41.
61) TAB, W.J. Leyds-huisargief, 3, ongepubliseerde artikel oor Viljoen.
62) TAB, LA 709 (6), p. 461, telegram, Kmdt.genl., Pretoria - Resident-Vrederegter, Newcastle, 28 Oktober 1899; p. 468, telegram, Telegrafis, Glencoe - Hoof Telegram Dept., Pretoria, 28 Oktober 1899; p. 493, telegram, kmdt. Viljoen, Glencoe - The Standard & Diggers' News, Johannesburg, 28 Oktober 1899.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ware rede ook al was - op 31 Oktober was Viljoen met sy kommando weer by Elandslaagte en op pad na Ladysmith.[63]

Op 1 November 1899 het Viljoen met sy kommando in Ladysmith aangekom en hom by die Kommandant-generaal gaan aanmeld. Slegs Viljoen se eie weergawe van die gesprek is bekend. Viljoen het kapsie aangeteken teen die vernederende behandeling en ook die ongelukkigheid van sy manskappe vertolk. Joubert het aanvanklik heftig uitgevaar en selfs met die doodstraf gedreig, maar later gekalmeer. Hy het Viljoen en sy mense onder bevel van genl. Schalk Burger in die omgewing van Lombardskop geplaas.[64]

Vyf weke lank, van 1 November tot ongeveer 5 Desember 1899, was die Johannesburgers deel van die magte wat Ladysmith omsingel het. Viljoen en sy kommando het die kans gekry om die smaad wat hulle, ten regte of ten onregte, sedert Elandslaagte moes verduur, af te skud.[65] Die gebrek aan eenheid en dissipline moes eerste aangespreek word. Of Viljoen daarin geslaag het om verbetering te bewerkstellig, kan slegs beoordeel word deur die gebeure waarby die Johannesburgkommando betrokke was, na te gaan.


Die eerste skermutseling het in die vroeë oggend van 4 November plaasgevind. 'n Brandwag Johannesburgers het met 'n Britse patrollie slaags geraak. Een burger en twee Britte het tydens die geveg gesneuwel.[66] Die Johannesburgkommando het 'n ondergeskikte rol gespeel tydens die onsuksesvolle aanval om Ladysmith op 9 November te verower. Bygestaan deur die Johannesburgers, moes die Middelburgkommando 'n aanval loods op die mees oostelike punt van die Britse linies. Dit was nie hul opdrag om die koppies en die skansmuur stormenderhand te verower nie. Hulle moes die Britse troepe daar vaspen terwyl die

---

63) Ibid., p. 559, telegram, Kmdt. Viljoen, Elandslaagte - Staatspresident, Pretoria, 31 Oktober 1899.
64) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, pp. 41 - 42. B.J. Viljoen, My reminiscences of the Anglo-Boer war, pp. 64 - 65. Die weergawe van Viljoen is t.o.v. twee ondergeskikte punte teenstrydig. R. Chisholm, Ladysmith, p. 68, haal die Engelse uitgawe aan waarin sprake is van Joubert se "fine bass voice" en "stentorian tones". In die Nederlandse uitgawe word gepraat van "zijn fijne stem" en "op militaire wijze". Daaruit blyk dit dat Viljoen se geskrif ook gebruik kan word om J. Meintjes se mening oor Joubert se stemklnak te ondersteun en dat hy dit nie slegs weerspreek nie, soos Chisholm veronderstel.
65) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, pp. 42 - 43; B.J. Viljoen, My reminiscenses of the Anglo-Boer war, p. 67.
66) J.H. Breytenbach, Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902 I, p. 356.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hoofaanval in die noorde geloods sou word. Hierdie gesamentlike operasie van die Middelburg- en Johannesburgkommando onder dekking van die kanonne van die Heidelbergkommando van kmdt. J.D. Weilbach, is suksesvol uitgevoer en Viljoen en sy mense het Ladysmith tot op 'n afstand van ruim twee kilometer genader.[67] Viljoen het dit beslis nie as 'n belangrike krygshandeling beskou nie, want hy




---

67) L.S. Amery, <u>The Times history of the war in South-Africa, 1899-1902 III</u>, pp. 158 - 160; J.H. Breytenbach, <u>Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902 I</u>, pp. 358 - 361.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

het glad nie melding daarvan in sy boek gemaak nie[68] - terwyl sy broer Jan in sy verslag duidelik teleurgesteld was dat die hoofkwartier die aanval afgelas het.[69] Dit is egter wel duidelik dat die Johannesburgers georganiseerd en ordelik volgens die planne en opdragte gehandel het, wat 'n verbetering was in vergelyking met die optrede tydens die slag van Elandslaagte.

Die beste getuienis van 'n wakkere optrede van Viljoen self kom van Britse kant. Omstreeks 14 November is die Johannesburgkommando oorgeplaas na die noordelike sektor, waar hulle onder die bevel van genl. D.J.E. Erasmus van die Pretoriakommando gekom het. Hierdie oorplasing kan afgelei word uit Viljoen se eie mededeling dat sy kommando ongeveer twee weke na sy aankoms onder bevel van Erasmus geplaas is. Weliswaar meld Viljoen dat dit ten suidweste van Ladysmith was, maar dit moet 'n fout wees, aangesien die Pretorianers ten noorde van die dorp, van Modderspruit tot aan die Harrismith-spoorlyn, gestasioneer was. Hierdie gevolgtrekking kom ook ooreen met Chisholm en Amery se gegewens, hoewel laasgenoemde meld dat die Johannesburgers van meet af aan daardie posisie ingeneem het.[70] In die nag van 10 Desember het die Britte Surprise Hill aangeval. Die aanval het bo verwagting gunstig verloop. Die aanvallers het ongeveer 800 meter voor hul doelwit teenstand verwag, want daar het Viljoen snags 'n sterk wagpos geplaas. Maar die Johannesburgkommando is enkele dae voor die Britse aanval na die Tugelalinie oorgeplaas en Viljoen se opvolger het nie so bedagsaam opgetree nie.[71] Hieruit mag afgelei word dat die plasing van die nagtelike vooruitgeskowe wagpos deur Viljoen op eie inisiatief gedoen is, wat van sy verstandigheid en oorleg getuig.

Die Engelse uitgawe van Viljoen se herinneringe skep die indruk dat hy aan die verkenningstog in Natal van 13 tot 23 November deelgenem het. Die Nederlandse uitgawe is noukeuriger. Dit vermeld dat vyftig manskappe van die Johannesburgkommando die tog meegemaak het. Beide uitgawes vertel dat die verkenningstog beëindig is deurdat twee burgers deur weerlig gedood is. Barnard het aangetoon

---

68) Viljoen vertel wel van 'n verkenningstog in die noordwestelike sektor enkele dae na sy aankoms. Dit is moontlik dat hy die aanval van 9 November bedoel, maar daar is tog 'n duidelike verskil tussen die plek en die omvang van die geveg waarna hy verwys en die aanval van 9 November. (B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, p. 43; B.J. Viljoen, My reminiscenses of the Anglo-Boer war, pp. 68 - 69.
69) J.C. Viljoen, In den Anglo-Boer Oorlog met het Johannesburg Commando, (De Goede Hoop 1(6), Desember 1903, p. 86).
70) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, p. 44; B.J. Viljoen, My reminiscenses of the Anglo-Boer war, pp. 69 - 70; L.S. Amery, The Times history of the war in South-Africa, 1899-1902 III, p. 154; R. Chisholm, Ladysmith, pp. 96 - 97.
71) L.S. Amery, The Times history of the war in South-Africa, 1899-1902 III, pp. 170 -171.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dat die tog nie verder voortgesit is nie, deurdat genl. Joubert ernstige inwendige beserings opgedoen het toe sy perd gestruikel en hy geval het.[72]

Die Johannesburgkommando het nie aktief aan die slag van Colenso op 15 Desember 1899 deelgeneem nie. Verskeie bronne ken aan Viljoen 'n kleiner of groter aandeel in die veldslag toe, maar dit is nie korrek nie. Die Johannesburgkommando het vroeg in Desember van Ladysmith na die Tugela vertrek. Hulle het daar onder bevel van die Vrystaatse genl. Andries Cronjé gestaan. Op 14 Desember het die bevel gekom dat Viljoen met tweehonderd man, ongeveer die helfte van sy kommando, na Colenso moes gaan.[73] Daar het hulle saam met die Vrystaters onder genl. Cronjé en die Middelburgkommando onder kmdt. Piet Trichardt die uiterste regterflank van genl. L. Botha se linie gevorm. Hulle posisie was tussen Rooikop en die Tugela in die omgewing van H. Robinson se plaashuis, waar daar 'n wadrif deur die rivier was. Hierdie posisie was uiteraard van belang om 'n moontlike flankaanval van genl. Redvers Buller te keer, hoewel Botha tereg daarop gereken het dat Buller 'n frontale aanval sou onderneem.[74] Die Johannesburgers het dus nie daadwerklik aan die slag van Colenso deelgeneem nie.


Louis Botha se krygsplan het nog 'n taak vir die regterflank uitgespel. Sodra die gevegsituasie dit vereis het, moes hulle 'n teenaanval loods en die vyand met omsingeling bedreig. Uiteraard sou dié bevel regstreeks van Botha moes kom. Deur allerlei misverstande het daar niks van hierdie beplande flankaanval gekom nie.[75] Viljoen vertel dat hy op eie inisiatief besluit het om die Tugela oor te steek, in 'n poging om 'n Britse battery kanonne in die hande te kry. Na sý oordeel het hulle te ver vorentoe beweeg en sonder dekking op die linkerflank van Buller gestaan. Viljoen het die oog op twee batterye gehad, die 64 en 73 Royal Field Artillery, maar hulle was nie sonder dekking nie. Die Royal Dragoons was aan hul linkerkant en sou Viljoen se weg versper het.[76] Maar 'n opdrag van Botha om die burgers van Ermelo te gaan help, het Viljoen se aanval in die kiem gesmoor. Dis onduidelik waarom hierdie opdrag gegee is, want daar

---

72) B.J. Viljoen, My reminiscenses of the Anglo-Boer war, pp. 70 - 71; B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, pp. 44 - 45; C.J. Barnard, Generaal Louis Botha op die Natalse front, 1899-1900, p. 83.
73) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, p. 46; B.J. Viljoen, My reminiscenses of the Anglo-Boer war, p. 78.
74) L.S. Amery, The Times history of the war in South-Africa, 1899-1902 II, pp. 429 en 434 - 435.
75) C.J. Barnard, Generaal Louis Botha op die Natalse front, 1899-1900, pp. 126 - 127
76) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, p. 47; B.J. Viljoen, My reminiscenses of the Anglo-Boer war, p. 79; L.S. Amery, The Times history of the war in South-Africa, 1899-1902 II, p. 444.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

was geen hulp nodig en ook geen versterking gevra nie.[77] Moontlik het Viljoen se eie aanvalsplan aanleiding gegee tot die gerug dat hy deel gehad het in die verowering van die kanonne by Colenso, soos Strydom vermeld.[78]





Viljoen het eiemagtig 'n aanval op die Britse batterye beplan. Hoewel dit vroegtydig beëindig is, is die vraag geregverdig of hy korrek opgetree het. Sy plan het 'n mate van ooreenkoms met Botha se plan vir 'n flankaanval gehad, maar dit is nie voldoende regverdiging nie. Viljoen het geen oorsig van die totale situasie gehad nie en sy plan was 'n individuele aksie wat moontlik daarop gemik was om die naam van die Johannesburgkommando in ere te herstel. 'n Suksesvolle aksie sou inderdaad roem vir die Johannesburgers besorg het. Maar sy aksie kon ook gefaal het. Die doelwit was nie so onbeskerm as wat Viljoen gedink het nie. Barnard meld dat Viljoen se manskappe meer as een derde van Cronjé se mag gevorm het en dat 'n flankaanval sonder hulle nie moontlik was nie.[79] Viljoen se optrede het dus definitief gevaar ingehou. Dit getuig wel van Viljoen se betrokkenheid, sy individualisme en sy impulsiwiteit

---

77) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, p. 47; B.J. Viljoen, My reminiscenses of the Anglo-Boer war, p. 80.
78) C.J.S. Strydom, Ruitervuur, dramatiese hoogtepunte van die Boereoorlog, p. 71.
79) C.J. Barnard, Generaal Louis Botha op die Natalse front, 1899-1900, p. 127.

- van sy waagmoed. Volgens sy eie getuienis was hy aan die voorpunt van die stormloop, nie die plek vir die bevelhebber wat in beheer is nie, maar van die heldhaftige vegter; eienskappe wat hom ook by die geveg te Elandslaagte duur te staan gekom het. Tot Viljoen se voordeel pleit dat hy sy eie planne onmiddellik laat vaar het toe daar 'n bevel van Botha gekom het. As mens het Vljoen natuurlik nie verander nie, maar as militêr het hy vordering gemaak.




'n Paar dae na Kersfees 1899 het die Johannesburgers na hul laer by Porritsdrif teruggekeer. Hierdie keer het al vier broers Viljoen in dieselfde kommando gedien. Wynand en Chris, wat aanvanklik in die Soutpansbergkommando gedien het, het by Colenso by Ben en Jan aangesluit.[80] Uit Ben Viljoen se herinneringe wil dit voorkom of die Johannesburglaer in die omgewing van Potgietersdrif geleë was. Dit is egter nie korrek nie. Chris Viljoen vermeld baie spesifiek die samevloeiing van die Tugela en die Klein Tugela as die regte plek en Barnard en Breytenbach gee Porritsdrif aan as die plek van die Johannesburg-

---

80) J.C. Viljoen, In den Anglo-Boer Oorlog met het Johannesburg Commando, (De Goede Hoop 1(6), Desember 1903, p. 87); TAB, Aanwins 1063, Die ervaringe van kmdt. Wynand J. Viljoen, p. 3.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kommando se laer.[81]

Met betrekking tot die slag van Spioenkop op 23 en 24 Januarie 1900 was daar 'n soortgelyke situasie as by Colenso. Ook hierdie keer was Viljoen en sy kommando slegs onregstreeks by die stryd betrokke. Uit Barnard se beskrywing van die geveg by Spioenkop, blyk dit dat daar wel tot tweehonderd manskappe van die Johannesburgkommando by die gevegte betrokke was. Hulle was deel van die versterkings wat gedurende die eerste fase van die geveg na die westelike flank gestuur is.[82] Viljoen self vertel dat hy aanvanklik een en later 'n tweede veldkornetskap vir versterking moes afstaan. Hy het homself bepaal by sy opdrag om Potgietersdrif (dit moet Porritsdrif wees) te beskerm.[83] Leyds wil dit laat voorkom of Viljoen hom onnodig afsydig gehou het[84], maar hierdie opmerking is totaal ongegrond.

Soos daar nie rede is om Viljoen se optrede af te keur nie, so is daar min grond om dit te oorskat. Tog is daar verskeie bronne wat meld dat hy 'n rol in die gevegte van Spioenkop gespeel het.[85] By Colenso en Spioenkop het Viljoen en sy mense nie die kans gegee om te bewys van watter staal hulle gemaak is nie. Dié geleentheid het hulle gekry by die derde groot geveg by die Tugelalinie: die slag van Vaalkrans.

Generaal Buller het nå sy nederlae by Colenso en Spioenkop besluit om op Vaalkrans en Groenkop toe te slaan, twee koppies tussen Spioenkop en Colenso waartussen 'n pad na Ladysmith geloop het. Die aanvalsplan was breed opgeset. Ten weste van Vaalkrans sou 'n grootskaalse afleidingsaanval op die Brakfonteinhoogtes gedoen word. Britse troepe sou ook oostelik, in die omgewing van Colenso aktief wees om te verhinder dat die Boere die werklike aanvalspunt sou versterk. Die effek van hierdie voorbereidings het egter verlore gegaan deurdat genl. Andries Cronjé uit betroubare bron berig van hierdie beplanning

---

81) J.C. Viljoen, In den Anglo-Boer Oorlog met het Johannesburg Commando, (<u>De Goede Hoop</u> 1(6), Desember 1903, p. 87); C.J. Barnard, <u>Generaal Louis Botha op die Natalse front, 1899-1900</u>, p. 160; J.H. Breytenbach, <u>Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902 III</u>, pp. 77 en 80.
82) C.J. Barnard, <u>Generaal Louis Botha op die Natalse front, 1899-1900</u>, pp. 173 - 174 en 193.
83) B.J. Viljoen, <u>Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog</u>, p. 50; B.J. Viljoen, <u>My reminiscenses of the Anglo-Boer war</u>, p. 86.
84) TAB, W.J. Leyds - huisargief, 3, ongepubliseerde artikel oor Viljoen.
85) H.C. Viljoen, <u>Viljoen-Gedenkboek</u>, p. 112; C.J. Beyers (red.), <u>Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek IV</u>, p. 780; L.S. Amery, <u>The Times history of the war in South-Africa, 1899-1902 III</u>, p. 207; TAB, LA 190 II, lêer 67, afskrif van artikel in <u>Daily Mail</u> by 'n brief van P.A. Nierstrasz, 's-Gravenhage - Dr. W.J. Leyds, Utrecht, 20 Maart 1902. Volgens die artikel sou Viljoen in 'n vraaggesprek gesê het dat hy as kommandant aan die slag van Spioenkop deelgeneem het.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ontvang het.[86] Die toestande in en agter die Boerelinie was glad nie rooskleurig nie. Die generaals Schalk Burger, Cronjé en Joubert was siek en genl. L. Botha, die enigste wat die noodsaaklike leiding kon gee, het na Pretoria vertrek. Hy was nie die enigste wat, met of sonder verlof, huis toe gegaan het nie.[87] Sowel die Boeremagte se getalsterkte as hul leiding was swak. Die sektor wat Buller vir sy aanval uitgesonder het, is deur die kommando's van Standerton, Soutpansberg en Johannesburg verdedig, altesaam omtrent 850 man onder bevel van veggeneraal Tobias Smuts. Viljoen was verantwoordelik vir die verdediging van Vaalkrans en Groenkop.

'n Groot deel van Viljoen se manskappe, ongeveer 350 man, onder bevel van veldkornet Japie du Preez het op Groenkop en in die mielievelde oos van Vaalkrans stelling ingeneem. Hulle het die pad versper vir Buller se beplande kavalleriestormloop na Ladysmith. Voordat Buller dit kon doen, moes hy Vaalkrans oorneem. Daar het Viljoen self, met 'n skamele honderd man, die suidelike kop verdedig, terwyl die res van die Johannesburgers saam met die Standertonners en Soutpansbergers die noordelike kop van Vaalkrans en die verbinding met die Brakfonteinhoogtes beveilig het.[88]


Dit is nie verbasend dat die onderskeie bevelhebbers die telegraafdrade laat gons het soos hulle om versterkings gevra het nie. Die dringende versoeke het nie veel reaksie opgelewer nie. Die Kommandant-generaal in sy hoofkwartier by Ladysmith was van oordeel dat die bevelhebbers ter plaatse kleingelowig geword het en daarom het hy genl. Meyer opdrag gegee om hulle moed in te praat.[89]

Nie net Joubert het min vertroue in die Johannesburgers gehad nie - ook Botha was van oordeel dat daar nie op die Johannesburgers gereken kon word nie en dat dit al genoeg rede was om betroubaarder kommando's soos dié van Ermelo of Heidelberg na die Vaalkranssektor te stuur.[90] Al was die dringende versoeke om versterking tevergeefs, het dit wel meegehelp om Louis Botha dringend na die Tugela terug te roep. Hierdie gebrek aan ondersteuning was vir Viljoen 'n ernstige saak. Na die slag by Vaalkrans het hy in 'n amptelike verslag aan Botha die gebrek aan hulp in verband gebring met die swaar verliese wat hy gely het.[91]

-------------------------------------

86) C.J. Barnard, Generaal Louis Botha op die Natalse front, 1899-1900, p. 214.
87) L.S. Amery, The Times history of the war in South-Africa, 1899-1902 III, p. 310.
88) J.H. Breytenbach, Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902 III, pp. 288 - 289.
89) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, p. 52.
90) C.J. Barnard, Generaal Louis Botha op die Natalse front, 1899-1900, p. 216.
91) TAB, Prellerversameling, band 1, pp. 69 - 78, brief, B.J. Viljoen, Colenso - L. Botha, Colenso, 8 Februarie 1900.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





Op Maandagoggend 5 Februarie 1900 het die Britse skynaanval op die Brakfonteinhoogtes begin. Viljoen kon die swaar bombardement deur die Britse artillerie reg wes van hom maklik waarneem. Ook die beperkte getal Boerekanonne het van hulle laat hoor. Nie een van die twee partye het groot voordeel uit die skietery getrek nie. Tot 'n geveg met handwapens het dit nie gekom nie, aangesien die Vrystaters opdrag gekry het om nie te skiet voordat die Britte ongeveer vierhonderd meter ver was nie, maar hulle het nooit nader as omtrent negehonderd meter gekom nie. Verder kon Viljoen ook die konsentrasie van vier brigades aan die noordelike voet van Swartkop sien, effens suidwes van sy eie posisie. Hierdie troepe kon vinnig die aanval op die Brakfonteinhoogtes via pontonbrug 2 ondersteun, maar in werklikheid was hulle bestem vir die aanval op Vaalkrans en pontonbrug 2 moes die artillerie by Rooikoppies kans gee om vinnig deel van die hoofaanval te word. Hierdie aanval op Vaalkrans het laat die oggend begin.[92]

---

92) J.H. Breytenbach, <u>Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902 III</u>, pp. 290 - 294.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




Die eerste aanwysing vir die werklike doel van die aanval was die konstruksie van pontonbrug 3 enkele honderde meters suid van Mungersdrif. Die bou van die brug is teen 12:00 voltooi. Viljoen vertel dat die Britte dit ongehinderd kon bou en dat die Boere se artillerie 'n goeie geleentheid onbenut gelaat het om die Britse aanval te weerstaan.[93] Barnard meld egter dat die bou van die brug plaasgevind het onder die die knaende geweervuur van die kant van die Johannesburgers onder vk. Japie du Preez.[94] Eers twee uur na voltooiing van die

---

93) TAB, Prellerversameling, band 1, p. 71, brief, B.J. Viljoen, Colenso - L. Botha, Colenso, 8 Februarie 1900.
94) C.J. Barnard, Generaal Louis Botha op die Natalse front, 1899-1900, p. 222.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

pontonbrug het Buller bevel vir die aanval gegee. Inmiddels is Vaalkrans al van 09:15 af gebombardeer; aanvanklik deur slegs twee kanonne vanaf Swartkop. Die aantal het egter toegeneem tot 72 namate die skynaanval beëindig is en die artillerie oor pontonbrug 2 vir die aanval op Vaalkrans ontplooi is.[95] Om 14:00 het Buller bevel gegee dat die infanterie-aanval op Vaalkrans moet begin. Sy mense moes reg in die spervuur van Du Preez se manne oor die brug storm, maar daarna kon hulle direk na links beweeg en onder die beskerming van die hoë wal van die Tugelarivier ongeveer vierhonderd meter in die rigting van Vaalkrans vorder.[96]


Naby Munger se plaas het die Britse infanterie die wal van die Tugela uitgeklim om uit te sprei en die finale aanval op Vaalkrans te doen. Hulle is deur sò 'n hewige vuur van drie kante begroet dat die aanvallers 'n oomblik gehuiwer het. Vaalkrans is uit die suidelike en suidoostelike kant bestorm.[97] Hier moes Viljoen met minder as honderd man die aanvalle van ongeveer tweeduisend Britte weerstaan. Viljoen en sy mense het op daardie tydstip al langer as vyf uur 'n steeds sterker wordende kanonvuur verduur en hoewel die verliese nie baie groot was nie het hierdie bombardement tog sy tol geëis. Viljoen self het die mening uitgespreek dat hy hierdie dag die swaarste beskieting van die hele oorlog deurstaan het[98] en sy broer Wynand het beweer dat die bombardement seker swaarder was as wat tydens die hele Krimoorlog afgevuur is.[99] Nietemin het die Johannesburgers die Britse aanval tot drie maal toe gestuit.[100]

Omstreeks 16:00 was die helfte van Viljoen se mense gedood of gewond en die vyand was sò naby dat omsingeling nie uitgesluit was nie. Viljoen se enigste uitweg was om van Vaalkrans af pad te gee en tegelykertyd te poog om kontak te handhaaf met Du Preez aan sy linkerkant en die Standertonners op die noordelike Vaalkranskop aan sy regterkant. Op dié oomblik is hy deur 'n barstende lid-dietbom gewond terwyl sy geweer aan stukke geslaan en vier van sy makkers gedood is. Toe Viljoen enkele oomblikke later weer bykom,

---

95) L.S. Amery, The Times history of the war in South-Africa, 1899-1902 III, pp. 315 - 316.
96) Ibid., pp. 317 - 318. Viljoen se verslag wat hy op St. Helena sonder dokumente geskryf het, is onnoukeurig ten opsigte van sekere detail. Hy skryf dat die Britse aanval oor twee pontonbrûe plaasgevind het en die tye wat hy noem is te vroeg in die dag. B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, p. 52.
97) L.S. Amery, The Times history of the war in South-Africa, 1899-1902 III, p. 318.
98) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, pp. 52 - 53.
99) TAB, Aanwins 1063, Die ervaringe van kmdt. Wynand J. Viljoen, p. 4.
100) J.H. Breytenbach, Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902 III, pp. 300 - 301.

was die vyand ongeveer 200 meter van hulle af en moes Viljoen en sy mense onverwyld terugval. Onder hewige kanon- en geweervuur het hulle padgegee en Viljoen het self daarvoor gesorg dat die Pom-pom gered is.[101] Ongeveer duisend meter oos van hul oorspronklike posisie het hulle by Groenkop opnuut stelling ingeneem. Vanuit hierdie nuwe posisie het hulle dit vir die Britte onmoontlik gemaak om op die oostelike hang van Vaalkrans te kom en daarmee die verlies van die suidelike Vaalkranskop geneutraliseer.[102]




Die Britse aanval is hiermee beëindig. Nog voordat die Britse troepe die suidelike kop van Vaalkrans betree het, was die slag eintlik al verlore. Die aanval op Vaalkrans sou volgens plan onmiddellik opgevolg word met 'n aanval op Groenkop. Dat die oorname van Groenkop noodsaaklik was, blyk uit die feit dat Viljoen vanuit die rigting van Groenkop die Britte verhinder het om die oostelike hang van Vaalkrans te gebruik. Slegs die gesamentlike besit van beide koppe sou 'n kavaleriestormloop moontlik maak en die pad na Ladysmith kon baan.[103] Terwyl die eerste bataljons wat Groenkop moes aanval al oor die pontonbrug beweeg het, het Buller onverwags dié

---

101) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, pp. 53 - 54.

102) L.S. Amery, The Times history of the war in South Africa, 1899-1902 III, p. 320.

103) J.H. Breytenbach, Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902 III, p. 309.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

aanval afgelas.[104] Wat hom tot hierdie beslissing beweeg het, is nie duidelik nie, maar dit is seker dat die verbete weerstand van die Johannesburgers daartoe bygedra het dat Buller aan sy sukses begin twyfel het. Viljoen se persoonlike optrede en moed, sy georganiseerde terugval na Groenkop, die feit dat die res van die Boerelinie nie gewyk het nie (en ook hier was dit Johannesburgers wat op die kritieke punte was), dui op 'n nuwe gees en beter dissipline wat in die kommando geheers het. Daar was nie net die wil en behoefte om die verduurde smaad oor Elandslaagte uit te wis nie, daar was ook die vermoë en eensgesindheid wat dit sou kon laat slaag. Dat genl. Joubert Viljoen na die slag kom besoek en hom met die pragtige ver-dediging van Vaalkrans gekomplimenteer het,[105] was beslis 'n verdiende bewys van lof en erkenning dat die Johannesburgers nie langer as 'n tweederangse kommando beskou is nie.


Die verwagting was dat die Britte sou probeer om gedurende die nag die veiligheid van die suidelike Vaalkranskop te verseker en dit moontlik te maak om kanonne daar te plaas. Dit het egter nie gebeur nie. Die Boere op die noordelike Vaalkranskop het wel gepoog om die Britte te verdryf. Dit het die Britse troepe gedwing om defensiewe maatreëls te tref, soos die bou van verskansings en die grawe van slote. As gevolg daarvan het daar vir hulle niks anders oorgebly as om die volgende dag aan 'n nuttelose posisie vas te klou nie. Die Boeregeneraals het na die verwoede gevegte op 5 Februarie besef dat die Vaalkranssektor versterk moes word. Gedurende die nag is duisend man en drie kanonne aangevoer.[106]

Die situasie op Dinsdag 6 Februarie was totaal anders as dié van die vorige dag. Die Britse leiding was moedeloos en aan die Boerekant het alle tekens van aarseling en besluiteloosheid juis begin wyk. Louis Botha was op pad terug na Natal en het in die loop van die dag die bevel oorgeneem, maar voor dié oomblik het die teenaanval op Vaalkrans al begin. 'n Long Tom wat gedurende die nag op Doringkop geplaas is en ook die ander beskikbare vuurmonde het die Britse posisie op Vaalkrans onder voortdurende druk geplaas. Dit was egter nie voldoende om die Britte te verjaag nie. Die enigste manier om dit te bereik sou 'n aanval oor oop grond wees. Onder dekking van die rook van 'n veldbrand was daar 'n oomblik toe sukses bykans bereik is, maar die Britse reserwes het die balans in hul voordeel beklink. Teen die aand van 6 Februarie het die onderskeie posisies geen verandering ondergaan nie. Onder druk van lord Roberts het Buller, sonder enige selfvertroue of deursettingsvermoë, aan Vaalkrans vasgeklou.

---

104) L.S. Amery, The Times history of the war in South-Africa, 1899-1902 III, pp. 318 - 319.
105) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, pp. 53 - 57.
106) J.H. Breytenbach, Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902 III, pp. 307 - 309.

Pontonbrug 2 is na die westelike voet van Vaalkrans verplaas om die vermoeide troepe af te los. Op Woensdag 7 Februarie het Buller in baie opsigte dieselfde gebrek aan deurtastendheid vertoon. In die loop van die middag het die Britse bevelhebbers besluit om die geveg te staak en Vaalkrans te ontruim. Die ontruiming het gedurende die nag plaasgevind en was teen die oggend van 8 Februarie voltooi.[107]




Viljoen se aandeel in die gevegte van 6 Februarie was gering. Deur die dag het dit geblyk dat sy verwonding ernstiger was as wat aanvanklik vermoed is. Sy hoofpyne het toegeneem totdat hy uiteindelik weer sy bewussyn verloor het en in die ambulans van dr. Shaw opgeneem is. Daar is vasgestel dat hy ligte skedelbreuk opgedoen het. Hy is na die hospitaal by Colenso vervoer en het vandaar na Johannesburg vertrek om heeltemal te herstel.[108]

---

107) C.J. Barnard, Generaal Louis Botha op die Natalse front, 1899-1900, pp. 224 - 230; L.S. Amery, The Times history of the war in South-Africa, 1899-1902 III, pp. 320 - 327; J.H. Breytenbach, Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902 III, pp. 309 - 325.

108) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, p. 53.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Viljoen kan geëer word as die held van Vaalkrans. Die dapper verdediging deur die Johannesburgers onder sy leiding het Buller se selfvertroue in die beslissende eerste fase van die stryd laat wankel. Die vrugte van hul verbete teëstand op 5 Februarie is twee dae later gepluk. Die een enkele gebeurtenis wat die verbeelding aangegryp het, is Viljoen se optrede tydens die terugval van Vaalkrans na Groenkop, waartydens hy persoonlik die Pom-pom gered het. Self skryf hy oor die voorval met nugtere terughoudendheid. Een aspek blyk duidelik uit sy verhaal: die Pom-pom waarvan hier sprake is, is tydens die georganiseerde terugtog onder hewige vuur saamgeneem.[109] Hierdie gebeurtenis is egter uit verband geruk deur skrywers wat sy heldedaad wou vergroot. So het die Daily Mail gemeld dat Viljoen, hoewel hy deur tien kanonne omsingel was, kans gesien het om te ontsnap.[110] In ander berigte is die indruk geskep dat die bom-maxim aanvanklik deur die Boere agtergelaat is en dat Viljoen teruggegaan het om die kanon te red.[111] Die hoogste eer is Viljoen toegeswaai in 'n romantiese vers van captain A.E. Lynch, U.S.A.: "That notorious genearal (sic.) Viljoen":

"It was a splendid feat of arms.
Now 'that notorious Viljoen,'
With a span of spanking mares,
Which erstwhile used to cleave the veldt
With Blade of peaceful shares,
Comes dashing down the donga,
Where the Maxim-Vickers lay
Abandoned to th'advancing foe
And soon to be their prey.
To earth he leaps and cuts it loose,
While lies the old team slain;
In spans the new one quickly,
Unheeding shapnel rain.
For, as they mark his object,
Each British gunner turns
His sight upon "that Boer"
Who life and safety spurns. etc."[112]

Op advies van die dokter is Viljoen huis toe om te herstel. Danksy die goeie mediese behandeling en die toegewyde verpleging van sy vrou was hy spoedig

---

109) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, p. 54.
110) TAB, LA 190 II, lêer 67, bylae by brief, P.A. Nierstrasz, 's-Gravenhage - W.J. Leyds, Utrecht, 20 Maart 1902.
111) The P. & S. Advertiser and Townships Gazette, 7 Maart 1917; B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, p. 56; F. Rompel, Heroes of the Boer War, pp. 151 - 152.
112) B.J. Viljoen, An exiled general, pp. 61 - 62.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

weer op die been.[113] Die presiese datums van sy verblyf in Roodepoort, waar die familie toe tydelik woonagtig was, is nie bekend nie. Viljoen se verslag aan genl. Botha is gedateer 8 Februarie en hy het dit in Colenso afgehandel. Hy sou dus nie vroeër as die 9de na Roodepoort vertrek het nie. Hy vertel self dat hy omstreeks 25 Februarie deur sy kommando ingelig is oor die nuwe ontwikkelinge by Colenso. Dieselfde aand sou hy van die Staatspresident die versoek ontvang het om so spoedig moontlik na Natal te vertrek indien sy gesondheid dit sou toelaat. Die volgende dag het hy vertrek en op 27 Februarie by die hooflaer te Modderspruit aangekom.[114] Die verloftyd in Roodepoort was dus moontlik van 10 tot 25 Februarie. Dit blyk allesins 'n redelike verloftydperk te wees en die oordeel van Leyds klink darem 'n bietjie fel: "Viljoen heeft in de critieke periode de leiding van zijn commando aan Du Preez overgelaten; zijn burgers riepen hem van huis, doch hij kwam eerst toen het te laat was."[115] Hoewel Viljoen dit nie vermeld nie, het hy waarskynlik saam met sy broer Wynand gereis wat ook twee weke verlof gekry het. Wynand vertel dat hulle verlof deur die gebeure in Natal kortgeknip is en in dié verband praat hy van "ons aankoms".[116] Hy vertel ook dat Chris en Jan in dieselfde periode by die huis was, maar of die ander twee broers met of sonder verlof na die Rand gegaan het, is nie duidelik nie. Afwesigheid sonder verlof het redelik algemeen voorgekom en ook was eiemagtige optrede nie vreemd vir die Viljoen-broers nie. Na die slag by Colenso het Wynand en Chris, van die Soutpansbergkommando, by hul broers in die Johannesburgkommando aangesluit - soos Wynand sê: "... natuurlik sonder vra of permissie van my ou offisiere."[118] Dit is onseker of Jan Viljoen ook saam met Ben en Wynand na Natal teruggekeer het. Chris Viljoen het vir die tweede keer by die Speurpolisie aangesluit en in Transvaal agtergebly.[119]

Viljoen het dus nie die laaste fase van die stryd voor die ontsetting van Ladysmith meegemaak nie. Tydens sy afwesigheid is die kommando's verswak deur die dringende versterking van die troepe wat in die Vrystaat gepoog het om Roberts se opmars te keer; die Tugelalinie het uiteindelik verbrokkel en die Britse deurbraak het plaasgevind. Viljoen het net in die terugtog 'n beskeie rol gespeel. Rompel het Viljoen dus ten onregte 'n aandeel in die slag by Pietershoogte toegedig.[120]

---

113) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, p. 59.
114) Ibid., p. 59.
115) TAB, W.J. Leyds - huisargief, 3, ongepubliseerde artikel oor Viljoen.
116) TAB, Aanwins 1063, Die ervaringe van kmdt. Wynand J. Viljoen, p. 4.
117) F. Pretorius, Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902, p. 224.
118) TAB, Aanwins 1063, Die ervaringe van kmdt. Wynand J. Viljoen, p. 3.
119) J.C. Viljoen, Door den Anglo-Boer Oorlog met het Johannesburg-Commando, (De Goede Hoop, Januarie 1904, p. 99).
120) F. Rompel, Heroes of the Boer War, p. 152.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Onbewus van die teenslae by Pietershoogte en Perdeberg het Viljoen en sy geselskap deur die nag van 27 Februarie na sy laer aan die Tugela gereis. Die volgende dag, toe die gewondes van die slag by Pietershoogte ingebring is, het hy besef dat sy kommando vir die tweede maal in een maand ernstige verliese gely het. Hy meld honderd man, ongeveer 25% van sy sterkte.[121]

By Porritsdrif aangekom, was Viljoen se posisie nie buite gevaar nie. Ten weste van hom het Buller so vinnig as moontlik opgeruk om Ladysmith te ontset. Viljoen het opdragte gevra en bevel gekry om sy waens na Modderspruit te stuur en die Tugelaposisie met sy perdekommando te beskerm. Dit was 'n duidelike aanwysing dat die Boeremagte in volle terugtog was en dat Botha hierdie beweging georganiseerd wou laat verloop met behoorlike dekking deur perdekommando's. Daarmee was ook Viljoen se terugtogroete bepaal, naamlik langs Ladysmith in die rigting van Newcastle en Volksrust. Dit was sy mees bedreigde ontsnappingsroete. Die ander roetes oor Vanreenenspas of moontlik selfs Olivierhoekpas sou hom alle kontak met Botha laat verloor het en hom geen kans gebied het om die terugtog van die Transvaalse magte te dek nie.

Viljoen het sy waens wes van Ladysmith langs na die noorde gestuur. Vervolgens het hy die situasie fyn dopgehou, verkenners uitgestuur en die bewegings van die Britte gevolg. Toe hy verneem dat die Vrystaters suid van Ladysmith besig was om hul posisies te ontruim, het Viljoen besluit dat dit vir hom tyd geword het om te vertrek. Die burgers het ook onrustig geraak en gevra hoekom ander kommando's wegtrek. Viljoen het op eie gesag besluit om terug te trek. Hy het dieselfde pad as sy waens gevolg, wes van Ladysmith langs in die rigting van die Biggarsberge en die Sondagrivier.[122] Teenstrydig hiermee vermeld Wynand Viljoen se verslag dat hulle oos van Ladysmith verbygetrek het.[123] Dit is egter onmoontlik, want dan sou hulle op die Britse troepe gestuit het. Viljoen het Botha oor sy besluit ingelig, waarop geantwoord is dat 'n algehele terugtog gelas is.[124]

In sy herinneringskrif is Viljoen vaag oor die datum waarop hy die Tugela verlaat het. Aangesien hy gedurende die nag van 27 Februarie van Modderspruit na Porritsdrif gereis en teen die aand van die Tugela af vertrek het, is 28 Februarie die vroegste moontlike datum vir sy vertrek. Aangesien die Britte Ladysmith dié dag bereik het, is dit onwaarskynlik dat Viljoen na 1 Maart nog veilig verby Ladysmith kon gekom het. Dié mening word verder onderskraag deur Viljoen se vertelling dat groot groepe perderuiters en waens die Kliprivier

---

121) B.J. Viljoen, <u>Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog</u>, p. 61.
122) <u>Ibid.</u>, pp. 61 - 62 en 64.
123) TAB, Aanwins 1063, Die ervaringe van kmdt. Wynand J. Viljoen, p. 5.
124) B.J. Viljoen, <u>Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog</u>, p. 64.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

moeisaam gedurende die aand en nag moes oorsteek.[125] Hierdie veronderstelde datum (1 Maart) word min of meer bevestig deur 'n telegram van Du Preez aan die Kommandant-generaal, gedateer 3 Maart. Dit meld dat Viljoen die Kliprivier veilig oorgesteek het en na die Biggarsberge op pad was.[126]

Op pad na die noorde is Viljoen versoek om versterkings in die rigting van Ladysmith terug te stuur om die Pretoriakommando by te staan. Aangesien daar min vrywilligers bereid was om aan hierdie vreemde versoek gehoor te gee, het Viljoen self gegaan. Inderdaad het dit geblyk dat daar geen Pretoriakommando meer te vinde was nie. Gevolglik was Viljoen met 'n klein groepie manne van sy kommando geskei. By die Sondagrivier aangekom, het hulle bevind dat genl. Botha wagposte daar geplaas het om orde onder die vlugtelinge te skep en elkeen voor te keer. Viljoen het die wagte mislei deur voor te gee dat hy 'n spesiale opdrag van Botha gehad het. Sodoende kon hy deurgaan om weer by sy kommando aan te sluit.[127] Oor hierdie episode, wat Viljoen origens sonder enige terughoudendheid vertel, het Leyds hom hard geoordeel as synde 'n onverantwoordelike persoon.[128] Die noodsaak van die krygslis is egter 'n ernstiger saak as die krygslis self. Dit was beslis onverstandig van hom om persoonlik op die versoek van hulp te reageer. Sy eerste verantwoordelikheid tydens hierdie terugtog was om eenheid in sy kommando te handhaaf. Viljoen se hulpvaardigheid en moed het hom hier parte gespeel - hy het onmiddellik gereageer en moes toe later die nadelige gevolge van sy optrede regstel. Hierdie gebeurtenis dui op Viljoen se beperkte leierskwaliteite; 'n verskynsel wat deur vorige gebeurtenisse (soos by Elandslaagte) bevestig word. Viljoen het wel, soos die oorlog gevorder het, groter verantwoordelikheidsin ten opsigte van sy kommando aan die dag gelê, maar die onderliggende neiging om self op te tree, het nou en dan na vore gekom.

Dit is besonder moeilik om Viljoen se bewegings gedurende Maart 1900 presies te dateer en vas te stel. Hy het omstreeks 2 Maart in die Biggarsberge aangekom, vanwaar hy 'n soektog na sy kommando en waens geloods het. Na drie dae het hy berig ontvang dat hulle die volgende dag by hom sou aansluit. Viljoen het lewensmiddele in Glencoe gekry,[129] sodat daar aanvaar kan word dat hy van 3 tot 5 Maart in die omgewing van Glencoe vertoef het. Die krygsraad wat op 5 Maart in Glencoe beraadslaag het, het nuwe posisies aan die kommando's in die Biggars-

---

125) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, pp. 64 - 65.
126) TAB, LA 737 II, nr. 376, telegram, Kmdt. Du Preez, Vanreenenspas - Kommandant-generaal, Glencoe, 3 Maart 1900.
127) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, pp. 65 - 68; B.J. Viljoen, My reminiscences of the Anglo-Boer War, pp. 112 - 117.
128) TAB, W.J. Leyds - huisargief, 3, ongepubliseerde artikel oor Viljoen.
129) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, p. 69.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

berge toegewys[130] en die Johannesburgkommando, nou onder bevel van genl. Meyer, het na Vantondersnek in die omgewing van Pomeroy gegaan. Vermoedelik het hulle omstreeks 8 Maart 1900 daar laer opgeslaan.

Die Johannesburgers het hulself weke lank besig gehou met die bou van versterkings. Aangesien daar geen noemenswaardige aktiwiteite aan die Britse kant was nie, het die oorlogsfront in Natal gestabiliseer en gerustheid onder die Boere toegeneem. Dit het weer tot gevolg gehad dat daar baie probleme met verlofversoeke ontstaan het. Die reëlings wat getref is, was heeltemal redelik en toereikend, maar die burgers was nie gewoond daaraan om hul handelwyse op regulasies af te stem nie, maar eerder op eie behoeftes.

Dat Viljoen ongelukkig oor die ledigheid gevoel het, blyk uit sy titel vir hierdie hoofstuk: "Twee maanden werkeloos in de Biggarsbergen."[131] Viljoen het die situasie glad nie geniet nie. Inteendeel, hy het na aksie gehunker. Volgens 'n berig van die Johannesburgkommando het hulle oorplasing na die Vrystaatse front gevra, maar dis afgewys.[132] Die volgende dag het Viljoen 'n nuwe poging aangewend en aan Botha gesein dat hy en sy kommando onmiddellik kan kom indien Botha hulle sou ontbied.[133]

Daar was ander sake waaroor Viljoen ook ongelukkig gevoel het. Die voorsiening van proviand was beslis nie altyd na wense nie en vermoedelik het hy ook nie juis rekening gehou met die probleme wat dit sou oplewer om die kommando's deurentyd van die nodige te voorsien nie. Hy het sy misnoeë partykeer op 'n baie oorspronklike manier bekend gemaak, soos toe hy gesein het: "De 30 paarden geheel onbruikbaar, zynde merries, jong, ongeleerd en mager. Geef proviandcommissie kennis die naar een ander lager te zenden, waar acrobaten, veel voeder en geen werk is."[134]

---

130) C.J. Barnard, <u>Generaal Louis Botha op die Natalse front, 1899-1900</u>, p. 149.


131) B.J. Viljoen, <u>Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog</u>, pp. 73 - 76; B.J. Viljoen, <u>My reminiscences of the Anglo-Boer War</u>, pp. 124 - 128.

132) TAB, LAG 1, L 10, deel van 'n brief uit Johannesburgkommando, gedateer Biggarsberg 28 April 1900 en vermoedelik aan die redakteur van die <u>The Standard and Diggers' News</u> gerig. Die naamtekening ontbreek, maar die handskrif kom ooreen met dié van Ben Viljoen. Viljoen het inderdaad korrespondensie gevoer met Van Gelder van bognoemde koerant. In hierdie gedeeltelike brief word daar na Ben Viljoen in die derde persoon verwys. Ook is die Engelse spelling swak. Moontlik is dit 'n brief van Wynand Viljoen.

133) TAB, LA 737 IV, nr. 1637, telegram, kmdt. Viljoen, Vantondersnek - Kmdt.genl., Kroonstad, 29 April 1900.

134) TAB, LA 737 III nr. 1129, telegram, kmdt. Viljoen, Vantondersnek - Landdros, Standerton, 23 April 1900.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Dit is opvallend dat Viljoen twee besondere gebeurtenisse uit hierdie periode nie vermeld nie. In die eerste plek was daar die besoek wat staatspresident Kruger begin Maart aan die Natalse front gebring het.[135] Dit is dus waarskynlik dat Viljoen die President nie persoonlik ontmoet het nie. Dit kan nie vir die ander gebeurtenis geld nie, naamlik die sitting van die Volksrade wat begin Mei in Pretoria plaasgevind het en waar Viljoen teenwoordig was. Reeds op 25 April het Viljoen in 'n brief geskrywe dat hy oorweeg het om, "the English permitting", vir die opening van die sitting na Pretoria te kom.[136] Die besoek aan Pretoria het inderdaad plaasgevind. Die notule van die Volksraadsitting op 7 Mei 1900 vermeld Viljoen nie onder die afwesiges nie,[137] maar Davitt, wat die sitting beskryf het, noem hom spesifiek as een van die aanwesiges.[138]

Voor sy vertrek na Pretoria het Viljoen genl. Meyer in kennis gestel van die inligting wat hy ontvang het, naamlik dat die Britte 'n aanval op Helpmekaar, Vantondersnek en Glencoe beplan het.[139] Viljoen se beskrywing van hierdie periode skep die indruk dat hy deurentyd in Natal aanwesig was en gevolglik is die datums wat hy noem ook nie korrek nie. Hy vertel dat hy begin Mei deur patrolliewerk die beweging en die moontlike oogmerke van die Britte bepaal het,[140] terwyl die telegram oor hierdie saak einde April gedateer is. Begin Mei was ook die tyd toe Viljoen in Pretoria en Roodepoort was. Die aanval wat hy voorspel het, het wel eers teen die middel van Mei plaasgevind. Op 8 Mei het die Waarnemende Kommandant aan Viljoen in Pretoria gesein dat die Britte begin op-ruk het. Die volgende dag het hy aan genl. Chris Botha, wat vanuit Glencoe die bevel oor hierdie sektor gevoer het, gemeld dat groot stofwolke oor 'n paar myl op die pad van Ladysmith oor De Doorns sigbaar was. Een van genl. Chr. Botha se maatreëls was om Viljoen onmiddellik terug te roep. Ben Viljoen het met 'n spesiale trein na Natal gereis en op 11 Mei weer die bevel oor sy kommando geneem.[141]

Genl. Meyer het omstreeks dieselfde tyd as Viljoen na Natal teruggekeer en die bevel weer van Chris Botha oorgeneem. Maar die waarskuwing dat Helpmekaar die

---

135) J.H. Breytenbach, Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902 V, pp. 17 - 21.
136) TAB, LAG 1, L 10, brief, B.J. Viljoen, Vantondersnek - Van Gelder, Pretoria, 25 April 1900.
137) ZAR 74, Notule Eerste Volksraad 1899-1900, 7 Mei 1900.
138) M. Davitt, The Boer fight for freedom, p. 422.
139) TAB, LA 737 IV nr. 1319, telegram, kmdt. Viljoen, Vantondersnek - Genl. Meyer, Glencoe, 29 April 1900.
140) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, p. 76.
141) TAB, LA 737 IV nrs. 1660, 1701, 1707 en 1747; 737 V nrs. 1776 en 1840, telegramwisseling tussen Viljoen te Pretoria/Roodepoort, die wnd. komdt. van die Johannesburgkommando te Vantondersnek en genl. Chr. Botha te Glencoe van 8 tot 11 Mei 1900.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Britte se doelwit was, is in die wind geslaan. Hierdie uiterste oostelike flank van die Boerelinie is nie versterk nie en in werklikheid was Buller se weg oop oor die pas. Viljoen het, waarskynlik op eie gesag, 'n wanhopige poging aangewend om die bedreigde pas voor die Britte te bereik, maar hy het daarin gefaal. Die Britte het die Boerelinie redelik maklik oorvleuel en genl. Meyer se magte tot 'n algehele aftog gedwing.[142]

Die generaals se gebrek aan insig, beslissingsvermoë en deurtastendheid het Viljoen bitter gestem. Weer moes hy ervaar dat min bevelhebbers bekwaam genoeg was om hul verantwoordelikhede na te kom. Meyer het hom veral teleurgestel en Viljoen het sonder omweë die Staatspresident self gevra om hom af te dank.[143] In sy boek klink die bitterheid nog deur as hy skryf dat die opinie van 'n kommandant in daardie dae nie baie swaar by die generaals geweeg het nie en dat geen aandag aan waarskuwings gegee is nie.[144]

Die Johannesburgers het nuwe posisies by Laingsnek ingeneem, maar het nie lank daar gebly nie. Ongeveer 'n week na hul aankoms het hulle die verlangde opdrag gekry om na die bedreigde Witwatersrand te kom. Die vertrek het in aller yl plaasgevind, want Viljoen het sonder kos vir sy manskappe en voer vir sy diere vertrek. Vanuit Volksrust het hy die Waarnemende Kommandant in Johannesburg versoek om voorrade na Elandsfontein te stuur.[145] Sy mense wou nie net kos hê nie, hulle het ook 'n dag verlof geëis voordat hulle na die front sou trek en Viljoen het die Kommandant-generaal dringend versoek om dit toe te staan, anders sou die manskappe dros.[146]

Was die dreigende toon van Viljoen se telegram 'n poging om genl. Botha oor te haal om die dag verlof toe te staan, of was dit 'n juiste weergawe van die werklikheid? In albei gevalle laat dit sekere vrae ontstaan. In die eerste geval sou dit van Viljoen se kant 'n miskenning van die erns van die toestand wees. Dit is baie onwaarskynlik dat Viljoen hom daaraan sou skuldig maak. Die opmars van Roberts het 'n groot bedreiging vir Johannesburg en Pretoria ingehou en die Boerekommando's het die eerste verskynsels van ontbinding vertoon. In dié omstandighede was elke man nodig. In die tweede geval kan 'n mens vra of

---

142) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, p. 78; L.S. Amery, The Times history of the war in South-Africa, 1899-1902 IV, pp. 170 - 175.
143) TAB, LA 737 V, nrs. 2049 en 2064, telegramme, B.J. Viljoen, Charlestown - Staatspresident, Pretoria, 16 Mei 1900.
144) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, pp. 76 - 77.
145) TAB, LA 737 VI, nr. 2528, telegram, Kmdt. Viljoen, Volksrust - Wnd.kmdt., Johannesburg, 23 Mei 1900.
146) TAB, LA 737 VI, telegram, Kmdt. Viljoen - Kmdt.genl., Pretoria, 23 Mei 1900.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die dringende versoek dan bewys dat Viljoen nie werklik sy kommando kon beheer nie. 'n Ander element kan ook nog 'n rol gespeel het. In sy boek verduidelik Viljoen dat die verlofreëling onder die Boeremagte sterk afgestem was op die behoefte van die boere en dat die kanse op verlof vir die stadsmense baie geringer was.[147] Moontlik het hierdie gevoel van miskenning 'n rol gespeel in die houding van die Johannesburgers. Die dringende versoek het tog meriete gehad, want Botha het dit toegestaan op voorwaarde dat hulle daarna eendragtig sou opruk en na Vereeniging gaan.[148] Viljoen het met oorleg van die toestemming gebruik gemaak en slegs 'n deel van sy manne het verlof gekry. Daar was ook 'n aantal wat verlof geneem het.[149]

Op Kliprivierstasie het Viljoen bevel van Botha gekry om af te klim en in die rigting van Vereeniging te trek. Op pad daarheen het hy Botha persoonlik ontmoet en opdrag gekry om generaals H.R. Lemmer en F.A. Grobler by te staan. Viljoen het in die Gatsrand by die nek Faro's Fontein stelling ingeneem. Waarskynlik moet hierdie plek tussen die Platberg en Vanwyksrus gesoek word. Die oggend van 26 Mei het die verkleinde Johannesburgkommando posisie ingeneem. Die Britte het hul opmars effens na links geswaai en Grobler se stelling aangeval. Viljoen het probeer om die vyand se regterflank te bestook, maar aangesien hy nie kanonne gehad het nie, kon hy weinig uitrig. Nadat Grobler 'n groot aantal manne verloor het - of het hulle dalk hòm verloor? vra Viljoen - het hierdie linie gewyk en moes Viljoen na die Kliprivierberg terugval, waar genl. Botha stelling ingeneem het. Daar het die Johannesburgers op 27 Mei na 'n moeilike nagtelike tog aangekom. Viljoen noem as datum van aankoms 29 Mei, maar dit moet verkeerd wees aangesien die Britse aanval op die Kliprivierlinie op 28 Mei plaasgevind het.[150] Dit is opvallend dat Amery die gang van sake by Vanwyksrus presies andersom weergee. Volgens hom het genl. T.C. Porter 'n aanval van Viljoen op hul flank afgeslaan en hulle uit hul posisies verdryf, waarna hulle baie meer moeite gehad het om Grobler se posisies in te neem.[151] Breytenbach se beskrywing van die gebeure stem met dié van Amery ooreen.[152]

---

147) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, pp. 74 - 75.

148) TAB, LA 752, p. 357, telegram, Kmdt.genl. - Kmdt. Viljoen, 24 Mei 1900. Hieruit blyk ook dat Viljoen 19 Mei ten onregte as vertrekdatum vermeld (B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, p. 82). Ook Schikkerling is verkeerd met sy datum van 26 Mei. (R.W. Schikkerling, Hoe ry die Boere, p. 12).


149) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, pp. 84 - 85.

150) J.H. Breytenbach, Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902 V, p. 528.

151) L.S. Amery, The Times history of the war in South Africa, 1899-1902 IV, p. 138.

152) J.H. Breytenbach, Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902 V, pp. 525 - 527.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




In die geveg wat gevolg het, het Viljoen geen noemenswaardige rol gespeel nie. Sy kommando, wat vierhonderd man sterk moes wees, het slegs 65 man getel. Dit was nie net die gevolg van die verlof wat na aankoms uit Natal toegestaan of geneem is nie. Die algemene gees van wanhoop het ook die Johannesburgers aangetas. Noudat hulle Johannesburg, waar hul families gebly het, moes prysgee, het baie van hulle vir oulaas na hul huise gegaan. Viljoen skryf: "Had ik allen die met verlof wilden gaan, dit bij aanvrage geweigerd, dan zouden zij toch 'Iersch verlof' hebben genomen."[153] Uit hierdie formulering kan afgelei word dat Viljoen die verlof toegestaan het. Vermoedelik het hy, soos genl. Botha enkele dae tevore, toestemming gegee op voorwaarde dat hulle weer op 'n sekere tyd by hom sou aanmeld. Sonder twyfel het daar heelwat verwarring onder

---

153) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, p. 90.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die manskappe geheers. Die toestand was baie onstabiel en allerlei gerugte het ontstaan. Dit is ook te betwyfel of bevele altyd die regte persone bereik het. Schikkerling was byvoorbeeld een van dié wat na aankoms uit Natal verlof gekry het, maar ooglopend nie kennis gedra het van die voorwaarde dat hy na 24 uur weer moes aanmeld nie.[154]

Die Johannesburgkommando het nie as 'n selfstandige eenheid aan die geveg by Sesmylspruit deelgeneem nie - die laaste skermutseling voor die Britse inname van Pretoria op 5 Junie 1900. Dit was deels toe te skryf aan die feit dat Botha hierdie weerstandspoging slegs geloods het om tyd te wen vir die ontruiming van Pretoria. Hy het dus slegs 'n gedeelte van die beskikbare manskappe gebruik.[155] Dit laat die vraag ontstaan of die Johannesburgkommando inderdaad een van die mees ongeorganiseerde eenhede van die Transvaalse magte was, soos Leyds dit gestel het.[156] En as dit inderdaad so is, in hoeverre was Viljoen daarvoor verantwoordelik? Die antwoorde op hierdie vrae is uiteraard van groot belang vir die evaluering om Viljoen as kommandant te evalueer, maar dit is eweneens duidelik dat dit baie moeilik sal wees om afdoende en gedokumenteerde antwoorde op die vrae te vind.

Om reg te laat geskied aan Viljoen, is dit noodsaaklik om in berekening te hou dat daar 'n algehele gevoel van wanhoop geheers het. Na die suksesvolle verdediging van die Tugelalinie het die Boeremagte teenslag op teenslag verduur. Die Boerekommando's was hoegenaamd nie die portuur van Brittanje se magtige oorlogmasjien nie. Verslane troepe wat moes terugval, sou slegs deur sterk, geoefende dissipline as gevegseenhede kon bly bestaan. Dit het heeltemal by die Boeremagte ontbreek. By die nadele van die gebrek aan dissipline in die volksleër[157] mag ook hierdie een gereken word. Die algehele wanhoop na die val van Bloemfontein, die ineenstorting van die Vrystaatse magte, die gemak waarmee die vyand die Boere voor hom uitgedryf het en Johannesburg en Pretoria bedreig het, het talle burgers laat besluit dat die saak van die Republieke verlore was en dat hulle nou hul plig teenoor huis en haard moes nakom.[158] Geen kommando het aan hierdie algemene tendens ontkom nie en geen offisier kon dit keer nie. Ook nie Viljoen nie!

Afgesien daarvan was die omstandighede van die Johannesburgkommando nog in vele opsigte uniek. Hulle was baie naby hul huise en families. Baie van hulle was

---

154) R.W. Schikkerling, Hoe ry die Boere, p. 12.
155) J.H. Breytenbach, Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902 V, p. 545.
156) TAB, W.J. Leyds - huisargief, 3, ongepubliseerde artikel oor Viljoen.
157) F. Pretorius, Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902, pp. 212 - 215.
158) C.R. de Wet, De strijd tusschen Boer en Brit, pp. 65, 76, 136, 138, 152.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'n lang tyd reeds afwesig en was ten minste by twee bloedige gevegte aan die Natalse front betrokke. Hoewel hulle nie van jongs af as stadsmense opgegroei het nie, was daar tog 'n mate van vervreemding ten opsigte van die plattelandse lewe en dit mag aanvaar word dat die lewe op kommando vir hulle ekstra veeleisend was. Hoewel Viljoen volkome vertroud was met die erns van die militêre situasie het hy ook nie kans gesien om sy mense 'n kort verloftydperk te weier nie.[159]

Dit is egter moontlik dat Viljoen se persoonlikheid en karakter die algemene gees van sy kommando ongunstig beïnvloed het. Sy ontvlambare humeur, sy romantiese geaardheid, sy hart-op-die-tong-gewoonte kon maklik aanleiding gegee het tot oomblikke van neerslagtigheid wat hy nie agter 'n masker van standvastigheid en vertrouenswaardigheid kon verberg nie. Hoe maklik kon 'n terloopse opmerking nie 'n gerug veroorsaak het dat ook kmdt. Viljoen geen lig meer gesien het nie. Daar is rede om Viljoen se leierskwaliteite krities te bevraagteken.[160]

Dit is belangrik om ook 'n aantal dokumente te betrek by die evaluering van Viljoen as kommandant. Op 31 Mei 1900 het daar 'n draadgesprek plaasgevind tussen die Staatspresident en 'n aantal generaals, L. Botha, L. Meyer, J.H. de la Rey, staatsprokureur J.C. Smuts en as enigste kommandant, Ben Viljoen. Dit is uiters onwaarskynlik dat hy op daardie dag aan daardie gesprek sou deelgeneem het as hy nie die volle vertroue van die regering en leërleiding geniet het nie. Hierdie gesprek het gehandel oor die benarde stand van sake en die dringende noodsaak van 'n vergadering van die Volksraad of Krygsraad.[161] 'n Ander dokument bewys dat Viljoen self baie moeite gedoen het om sy kommando op peil te hou. Twee dae na die gemelde gesprek het hy 'n brief aan genl. Botha geskrywe oor sy teleurstelling in sy kommando. Twee van sy veldkornette het gevlug en hy was nie in staat om sy deel in die verdediging van Pretoria uit te voer nie. Hy vra Botha vervolgens om die offisiere wat daarop reken dat hy sekere rante beset het, in te lig dat daar niemand op daardie plekke is nie.[162] Dit is nie die optrede van 'n man wat hom deur sy wanhoop laat meesleur nie, maar die handelwyse van 'n verantwoordelike offisier. Hierdie skriftelike gegewens sluit ook aan by Viljoen se optrede in Johannesburg. Daar het hy volgens sy manskappe se behoefte voedselvoorrade en toerusting uit die opslagplekke van die krygskommissariaat geneem. Eerder as om die voorrade aan die

---

159) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, pp. 84 - 85.
160) Kyk hieronder, p. 183.
161) TAB, LA 757, nr. 170, verslag draadgesprek, 31 Mei 1900.
162) TAB, LA 757, nr. 206, brief, Kmdt. Viljoen - Genl. Botha, 2 Junie 1900.

Britte uit te lewer, het hy dit aan die plaaslike bevolking beskikbaar gestel.[163] Hoe hierdie eiemagtige optrede ook beoordeel mag word, dit is nie die daad van 'n défaitis nie. Vir Viljoen was die val van Johannesburg en Robert se onstuitbare opmars nie die einde van die oorlog nie. Die duidelikste bewys is ongetwyfeld dat hy kort na hierdie gebeure tot veggeneraal bevorder is.[164]

Viljoen se vasberadenheid en uitgesproke moed staan bo verdenking. Moontlik het hy deur 'n gebrek aan stabiliteit in woord of gedrag uiting gegee aan 'n onderliggende gevoel van twyfel. Dat sy kommando, soos baie ander, 'n swak indruk geskep het, moet gesien word teen die agtergrond van 'n algemene gevoel van wanhoop wat geheers het. Daarby moet in berekening gebring word dat die Johannesburgers 'n moeilik beheerbare kommando was. Die balans is beslis in Viljoen se voordeel as die beskikbare dokumente in ag geneem word. Kort na die val van Pretoria het Viljoen sy kommando weer volledig onder beheer gehad. Die konklusie mag wees dat, ondanks tekortkomings, Viljoen 'n betroubare, lojale en moedige kommandant was.

---

163) J.C. Roos, <u>Johannesburg en die Tweede Vryheidsoorlog Oktober 1899 - Mei 1900</u>, pp. 59 - 61.
164) Kyk hieronder, p. 136.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# Hoofstuk VI DIE GENERAAL, (I) - 1900

Met die val van Pretoria op 5 Junie 1900 het 'n nuwe fase van die oorlog aangebreek. Vir baie mense was die Regering se vlug 'n duidelike bewys dat die Boere, na 'n aantal opsienbarende oorwinnings, uiteindelik die knie moes buig. Die groot teenslae vir die Republikeinse magte, wat gepaard gegaan het met die opmars van genl. Roberts, het inderdaad baie van die burgers vertroue laat verloor en die getalle van die kommando's laat krimp.[1] Die intog van die Britse troepe in Pretoria het aanvanklik tot 'n algemene moedeloosheid onder die Boeremagte gelei. Tog was die verowering van die Transvaalse hoofstad nie - soos Roberts gehoop het - die einde van die oorlog nie.[2] Spoedig was daar sprake van 'n nuwe gees van verbete vasberadenheid.[3] Die berig van genl. De Wet se sukses by Roodewal op 7 Junie het grootliks tot hierdie verandering van moedeloosheid na strydvaardigheid bygedra.[4] Die nuwe veglus is ook geopenbaar in die hergroepering van die Johannesburgkommando onder kmdt. Ben Viljoen.

Kort na die val van Pretoria het genl. Botha net oos van die stad 'n linie van omtrent veertig km gevorm om die terugtog van die Regering langs die Oosterlyn te beveilig. Viljoen het met sy 150 Johannesburgers deel van die suidelike flank gevorm. Hulle is by Donkerpoort geplaas waar die groot pad na Oos-Transvaal deur die berg gelei het,[5] op die dieselfde plek waar die N4-snelweg vandag loop. Dit was 'n verantwoordelike posisie en getuig van die vertroue wat Botha in Viljoen gestel het. Botha het Roberts se aanvalstaktiek geken en veronderstel dat hy sy flanke hewig sou aanval, waarna 'n deurbraakpoging in die sentrum onderneem sou word.[6] Viljoen se posisie was die skarnier tussen die sentrum en die suidelike flank.


Op 11 Junie, toe gevegte op die noordelike flank al 'n aanvang geneem het, het daar 'n drietal persone onder beskerming van 'n wit vlag by die ingang van Donkerpoort opgedaag. Dit was 'n deputasie, bestaande uit dr. W.C. Scholtz, J.S. Smit en J.F. de Beer, wat namens lord Roberts aan Botha die versekering kom gee het dat president Kruger goed behandel sou word as die Boere nou sou oorgee.[7] Ben Viljoen het hierdie deputasie, wat hy as verraaiers beskou het, nie toegelaat om binne die Boerelinies te kom nie.[8] Botha het self aandag

---

1) J.C. Roos, Johannesburg en die Tweede Vryheidsoorlog Oktober 1899 - Mei 1900, p. 381.
2) S.B. Spies, Methods of barbarism?, p. 90.
3) T. van Rensburg (red.), Vir vaderland, vryheid en eer, p. 187.
4) C.F.J. Muller (red.), Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis, p. 307.
5) A.E. Breytenbach, Die slag by Donkerhoek 11 - 12 Junie 1900, p. 76.
6) Ibid., p. 60.
7) Ibid., p. 23.
8) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, p. 96.

aan hierdie saak gegee en na Donkerpoort gekom. Sy antwoord was kort en bondig: Roberts se aanbod is beledigend.[9]

Die eerste dag van die slag by Donkerhoek, 11 Junie 1900, het Roberts 'n aanval op Botha se noordelike of regterflank geloods. Hierdie aanval is afgeslaan. Na genl. De la Rey se hardnekkige weerstand op die noordelike flank het die suidelike Diamond Hill met sy geleidelike helling die beste kans vir die Britte gebied om deur te breek en die spoorlyn in die rug van die Boerelinie af te sny. Hierdie aanval is die volgende dag met vasberade doeltreffendheid uitgevoer en het genl. T. Smuts se Ermeloërs sodanig ontsenu dat hulle die stelling verlaat het nog voordat die Britte behoorlik binne gevegsafstand gekom het.[10] Dit was 'n ordelike terugtog na 'n nabygeleë rant en die Britse opmars is opsienbaar vertraag deur volgehoue vuur van Boerekant. Botha het Viljoen beveel om die linkerflank van die Britse opmars te bedreig en hy het self dié aanval met 'n gedeelte van die Krugersdorpers ondersteun. Hierdie aksie is met soveel mening onderneem dat die Britse opmars uiteindelik tot stilstand gedwing is.




---

9) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, p. 97.
10) A.E. Breytenbach, Die slag by Donkerhoek 11 - 12 Junie 1900, pp. 125 - 126.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die Britte het waarskynlik nie besef dat hulle reeds deur die Boerelinie gebreek het nie.[11] Botha het dit wel geweet - dit was tewens duidelik dat hy nie 'n derde dag van Britse aanvalle sou kon afweer nie en hy het 'n nagtelike terugtog langs die spoorlyn beveel. Dit is so suksesvol uitgevoer dat die Britte eers die volgende dag ontdek het dat die linie verlate was.

Viljoen se verbete poging om die Britse deurbraak te stuit moes uiteraard 'n rol gespeel het by sy benoeming tot veggeneraal op 19 Junie 1900. Botha het hom die bevel gegee oor die kommando's van Krugersdorp, Johannesburg, Germiston en Boksburg en oor die Berede Polisie. Viljoen is self beskeie oor sy aanstelling. Hy gee 'n saaklike oorsig van Botha se besluite oor die oorplasing van 'n aantal kommando's en bevelhebbers na Wes-Transvaal en die rekonstruksie van die bevelstruktuur oor die manskappe wat die Oosterspoorlyn en die terugtrekkende Regering moes beskerm.[12]

Viljoen se aanstelling het onder sy tydgenote voor- en teenstanders gehad en roep ook huidig 'n paar vrae op. In die eerste plek kan 'n opmerking van Leyds genoem word. Hy vra homself af wat Botha beweeg het om Viljoen in so 'n gewigtige posisie aan te stel. Volgens Leyds het Viljoen hom tot op dié tydstip nie gunstig onderskei nie. Leyds het aan drie moontlike oplossings gedink: Botha kon met vrug van Viljoen se vermetele gedragswyse gebruik maak om die kommando's wat gedreig het om te dros, byeen te hou; of Botha wou die kritiese Viljoen die swye oplê deur sekere verantwoordelikhede aan hom op te dra. 'n Derde moontlikheid was dat Botha dalk vermoed het dat Viljoen oor verborge krygskundige kwaliteite beskik het.[13] Hierdie uitlatings van Leyds moet beskou word in die lig van die feit dat sy artikel oor Viljoen deurgaans uiters krities is.

Aan die ander kant moet die menings van Viljoen se naaste medewerkers en ondergeskiktes ook in oënskou geneem word. Op 18 Junie 1900, een dag voor Viljoen se aanstelling, het die veldkornette van Jeppesdorp, Johannesburg en Fordsburg, genl. Botha namens 350 burgers van die Johannesburgkommando gevra om Viljoen tot veggeneraal te bevorder. As rede vir hierdie versoek het hulle aangevoer dat Viljoen belangrike dienste gelewer het en sy kommando op bekwame wyse gelei en bymekaar gehou het. Hulle het verder getuig dat hulle persoonlik kennis dra van sy opofferings en die ongemak wat hy tevrede verduur het. Daar was volgens hulle maar min ander leiers wat sò volgehou het sonder om bevorder te word.[14] Dié getuienis van mense wat met Viljoen saamgewerk en onder hom gedien het,

---

11) A.E. Breytenbach, Die slag by Donkerhoek 11 - 12 Junie 1900, pp. 126 - 132.
12) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, pp. 102 - 104.
13) TAB, W.J. Leyds-huisargief, 3, ongepubliseerde artikel oor Viljoen.
14) TAB, LA 754 III, nr. 680, telegram, Veldkornette Johannesburgkommando, Balmoral - Kmdt.genl., 18 Junie 1900.

bevestig sy sukses as kommandant.

Dit is onwaarskynlik dat Botha sonder verdere oorweging reeds die volgende dag al aan hierdie versoek sou voldoen het. Trouens, op dieselfde dag van die veldkornette en burgers van Johannesburg se versoek het Botha van die Staatspresident opdrag gekry om P.R. Viljoen van die Heidelbergkommando tot veggeneraal te benoem. Botha het teensinnig en byna onder protes aan die bevel voldoen. Hy het vir Kruger gesein dat daar verskeie redes was waarom hy nie met sy besluit saamgestem het nie. Daar was persoonlike aspekte, soos die feit dat Piet Viljoen sieklik en nie 'n "oorlogsman" was nie, soos Botha dit geformuleer het. Daar was ook algemene oorwegings. Volgens Botha moes 'n generaal ten minste eenduisend man onder sy bevel hê en was daar al klaar te veel generaals.[15] Selfs sy telegram aan P.R. Viljoen het van sy afkeer getuig. Hy het getelegrafeer dat hy hom in opdrag van die Staatspresident voorlopig (!) as veggeneraal aanstel "over het klompje mensen thans onder uw bevel."[16] Onder dié omstandighede is dit onwaarskynlik dat Botha Ben Viljoen slegs op versoek van sy ondergeskiktes sou bevorder.

Afgesien van bogenoemde standpunte is daar nog die vraag wie eintlik die bevoegdheid tot benoeming gehad het. In die geval van P.R. Viljoen was dit die Staatspresident wat aan die Kommandant-generaal die opdrag gegee het; in die geval van B.J. Viljoen was dit die Kommandant-generaal wat hom benoem en die Staatspresident ingelig het. Die Krygswet van 1898 maak nie melding van die rang van generaal nie. Daarin was slegs sprake van veldkornette, kommandante en 'n kommandant-generaal wat deur die stemgeregtigde burgers van respektiewelik 'n wyk, 'n distrik en die land gekies word.[17] Tog was daar ook voor die tyd al aanstellings as generaal, bv. genl. N.J. Smit in 1876.[18] Tydens veldtogte waarby meer as een kommando betrokke was, was dit dikwels nodig om een persoon in die beheer van 'n aantal kommando's te plaas. In so 'n geval is 'n generaal dan aangestel. In beginsel was dit 'n tydelike aanstelling in 'n bepaalde funksie en nie 'n rang as sodanig nie. In teenstelling met kommandante en veldkornette het 'n generaal geen rol in vredestyd gespeel nie. Na afloop van die veldtog het die funksie van generaal ook verval. Dat die betrokke persoon daarna tog die titel van generaal behou het, kan as 'n soort eerbetoon geag word in 'n weermag wat geen onderskeidings- en eretekens geken het nie.

Teen hierdie agtergrond is dit verstaanbaar dat Botha Viljoen as veggeneraal

---

15) TAB, LA 753 II, nr. 254, telegram, Kmdt.genl. - Staatspresident, 18 Junie 1900.
16) Ibid., nr. 252, telegram, Kmdt.genl. - P.R. Viljoen, 18 Junie 1900.
17) TAB, ZAR 33, Wet 20/98, art. 12.
18) W.J. de Kock (red.), Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek II, p. 688.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

aangestel het. Na die slag van Donkerhoek was dit sy plig om die terugtog langs die Oosterspoorlyn te organiseer en Ben Viljoen se aanstelling was dus suiwer militêr van aard. Kruger se benoeming van Piet Viljoen tot veggeneraal was eerder 'n blyk van waardering vir die dienste wat hy gelewer het.[19]

Dit bied nog geen verklaring vir die feit dat sowel die Staatspresident as die Kommandant-generaal aangestel het nie. Waarskynlik was daar geen wetlike reëling daaroor van krag nie. Die verkose offisiere se aanstellings is altyd deur die Staatspresident bekragtig. Het Botha miskien hier en daar 'n woord laat val om die Johannesburgers se versoek om Viljoen tot generaal te bevorder uit te lok? Indien Kruger besware teen die aanstelling van Ben Viljoen sou opper, sou hy dit kon gebruik om die Staatspresident te oortuig dat hier sprake van die volkstem was - iets wat deur Kruger altyd as die koningstem eerbiedig is.[20] Dit is uiteraard onmoontlik om hierdie veronderstelling te bewys, maar dit bied wel 'n verklaring vir die feit dat Botha onmiddellik op die Johannesburgers se versoek gereageer het. Dié versoek was wonderbaarlik betyds en het hom goed te pas gekom.

Die verwarring oor die reg van aanstelling is beëindig toe die kwessie van die aanstelling en posisie van offisiere kort daarna beter uitgestippel is. Op 4 September is wet 5 van 1900 gepubliseer - ter aanvulling en wysiging van die krysgwet. In hierdie nuwe wet is die vredestydse verbinding van wyke en veldkornette, en distrikte en kommandante deur 'n getallebasis vervang. Die totale mag is ingedeel in kommandantskappe van drie- tot vyfhonderd man, verdeel in veldkornetskappe van honderd tot tweehonderd man wat weer verdeel is in korporaalskappe van hoogstens vyftien man. Die Kommandant-generaal kon generaals en veggeneraals volgens behoefte aanstel om dele van die krygsmag te beheer. Alle aanstellings tot met die rang van kommandant is regstreeks deur die Kommandant-generaal gedoen. Die laer range is benoem deur die kommandante of veldkornette, onderworpe aan die goedkeuring van die Kommandant-generaal. Alle aanstellings van offisiere moes finaal deur die Staatspresident bekragtig word.[21]

Viljoen se aanstelling as veggeneraal moet gesien word teen die agtergrond van die militêre situasie na die val van Pretoria. Twee sake was in hierdie stadium van die grootste belang. Eerstens die reorganisasie van die strydkragte met die oog op 'n beskermde aftog na die ooste en ter voorbereiding van die guerrillafase. Hierby kom die afdanking ter sprake van generaals wat Viljoen

---

19) J. Malan, Die Boere-offisiere van die Tweede Vryheidsoorlog, 1899-1902, p. 57.
20) A. Wypkema, Die volkstemidee in Suid-Afrika (Historiese Studies 1(1) 1939, p. 55).
21) TAB, ZAR 83 C, Buitengewone Staatskoerant, Nelspruit 4 September 1900, wet 5/1900, art. 2 - 4.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vermeld.[22]

Die tweede belangrike taak wat Botha gehad het, was om die nuwe gees van vasberadenheid uit te bou. Ook in hierdie opsig was Botha bereid om ferm op te tree teenoor mense wat dié gees deur hul optrede kon ondermyn. Daarvan getuig sy telegramme aan kmdt. C.H. Muller en vk. A. Boshoff aan wie hy getelegrafeer het om onmiddellik na hul kommando's te gaan of anders sou hy teen hulle optree.[23] Die benoeming van Ben Viljoen as veggeneraal is in pas met hierdie beleid. Botha het dalk nie, soos Leyds vermoed, verborge militêre talente by Viljoen bespeur nie - hy het eerder gehandel ooreenkomstig die opvallende moedige en vasberade houding wat Viljoen geopenbaar het in tye toe so baie ander leiers gefaal het. Viljoen se houding en daadwerklike optrede spreek onder meer uit die ontslag van vk. Van der Bijl wat na Viljoen se oordeel na Machadodorp gedros het.[24] Om die woorde van Botha betreffende Piet Viljoen aan te haal: Botha het in Ben Viljoen 'n "oorlogsman" gesien.[25]

Dat Botha vertroue in Viljoen gehad het, blyk uit die feit dat die bevel oor die agterhoede aan hom opgedra is. Terwyl die meeste kommando's na Middelburg teruggeval het, het Viljoen met sy mense na die omgewing van Pienaarspoort en Bapsfontein teruggekeer. Sy teenwoordigheid in hierdie gebied het gehelp om die Britte te verhinder om die wegtrekkende Boeremagte te agtervolg.[26]


Begin Julie het Roberts weer tot die offensief oorgegaan. Van 5 Julie af het genl.maj. E.T.H. Hutton patrollies van die rante naby Swawelpoort en Tierpoort in die rigting van Bronkhorstspruit uitgestuur. Byna daagliks het skermutselinge met afdelings van Viljoen se manne plaasgevind. Toe genl. J.H. de la Rey op 11 Julie by Silkaatsnek, wes van Pretoria, sukses teen die Britte behaal het, het Botha besluit om ook aan die oostekant aktief op te tree. Viljoen het bevel gekry om sy eerste selfstandige aksie as generaal teen die vyand te onderneem. Viljoen meld self dat die datum van sy aanval op Hutton se mag die 14de Julie was.[27] Viljoen het sy boek op St. Helena sonder sy aantekeninge geskryf en die datum van 16 Julie wat deur Amery genoem word, is korrek.[28]

-------------------------------------

22) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, pp. 103 - 104.
23) TAB, LA 753 II, nr. 263, telegram, Kmdt.genl. - Kmdt. C.H. Muller, 19 Junie 1900; nr. 264, telegram, Kmdt.genl. - Vk. A. Boshoff, 19 Junie 1900.
24) TAB, LA 754 III, p. 640, brief, Kmdt. Viljoen, Donkerhoek - Kmdt.genl., Pienaarspoort, 10 Junie 1900.
25) Kyk hierbo, p. 137.
26) L.S. Amery, The Times history of the war in South Africa, 1899-1902 IV, p. 296.
27) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, p. 107.
28) L.S. Amery, The Times history of the war in South Africa, 1899-1902 IV, p. 396.

Viljoen se beskrywing van die geveg is sober en betreklik kort. Hy gee toe dat hy voor die aanval deeglik bewus was van die spanning. Die spanning sou nog toeneem deur die aanwesigheid van die Kommandant-generaal omring deur Franse, Russiese en Hollandse militêre attachés wat Viljoen se verrigtinge fyn dopgehou het.[29] Waarskynlik is die gegewens net ter "versiering" van sy verhaal. Hierdie mededeling kom nie ooreen met Botha se wyse van optrede nie en daarby het Botha Viljoen se aanval persoonlik ondersteun deur 'n aanval op die Britse linie noord van die spoorlyn te loods.[30]

Viljoen se aanval was moedig en goed beplan. 'n Drievoudige aanval is op lt.kol. E.A.H. Alderson se stellings by Witpoort onderneem. Hierdie groepe is gelei deur die kommandante F. Pienaar, G.H. Gravett en J.C.G Kemp met die kommando's van Johannesburg, Germiston en Krugersdorp. Terselfdertyd is 'n ondersteunende aanval uit die suidooste deur kmdt. Griffiths gedoen. Laasgenoemde was nie baie suksesvol nie, maar die ander kommando's het kans gesien om die




---

29) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, p. 107.
30) L.S. Amery, The Times history of the war in South Africa, 1899-1902 IV, p. 395.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Britse voorposte terug te dryf. Viljoen het self die hoofaanval gelei en sy manne tot omtrent sewentig meter van die Britse loopgrawe af aangevoer. Die Britte was egter te goed voorberei om deur 'n betreklike klein mag soos dié van Viljoen oorrompel te word. Vroeg die middag moes hy sy manne terugneem.[31] Viljoen het darem nie met leë hande teruggekeer nie. Hy vertel van 45 krygsgevangenes, twintig perde, saals en komberse. Sy verliese was twee gesneuweldes en sewe gewondes. Hy meld dat die Britse verliese aansienlik was. Amery verskaf geen getalle nie en Viljoen self is onduidelik oor die vermoedelike aantal ten opsigte waarvan die Nederlandse en Engelse uitgawe van sy boek ook nog verskil.[32]

Veel belangriker as hierdie materiële sake is die feit dat die Boeremagte by Bapsfontein se geveg sterk offensief opgetree het. Dit was 'n duidelike bewys daarvan dat, ondanks die teenslae wat hulle gely het, die gees van wanhoop besig was om te wyk en plek te maak vir 'n nuwe strydvaardigheid onder die Transvaalse magte. Hierdie geveg het sekerlik daartoe bygedra dat die Britse leërleiding besef het dat die oorlog beslis nog nie verby was nie. Dit kon wees dat juis hierdie besef daartoe gelei het dat Roberts opdrag gegee het dat daar strenger teenoor die families van burgers op kommando opgetree moet word.

Daar is al in Junie voorstelle aan Roberts gemaak dat die onderhoud van vegtende burgers se families gestaak en die behoeftiges na die kommando's gestuur moet word. Roberts het aanvanklik die voorstel van die hand gewys maar op 17 Julie sy toestemming vir 'n dergelike aksie in Pretoria gegee.[33] Omtrent seshonderd vroue en kinders in Pretoria is aangesê om op 19 Julie by die stasie aan te meld om na die ooste weggevoer te word. Die aantal wat gekom het, was heelwat minder. Enkeles is huis toe gestuur vanweë swak gesondheid of swangerskap. Die orige 412 vroue en kinders is in oop trokke gelaai en in die winteraand se koue na Van der Merwestasie vervoer. Daar is hulle deur Viljoen ingewag wat hulle na die beste van sy beperkte vermoë versorg en verder na Barberton vervoer het.[34]

Viljoen het na aanleiding van hierdie transport heftig beswaar by lt.genl. sir Reginald Pole-Carew aangeteken. Sy besware was gerig teen die tydstip wat dit vir hom onmoontlik gemaak het om vir verdere vervoer te sorg. Verder het hy geprotesteer teen die manier van transport waardeur die vroue - veral die drie

---

31) L.S. Amery, The Times history of the war in South Africa, 1899-1902 IV, pp. 396 - 397.
32) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, p. 108; B.J. Viljoen, My reminiscences of the Anglo-Boer War, p. 172.
33) S.B. Spies, Methods of barbarism?, pp. 128 - 129.
34) Ibid., p. 130.

of vier wat hoogswanger was - ernstig blootgestel is.[35] Die Britte het die besware in 'n ernstige lig beskou en lord Roberts het opdrag gegee dat 'n plaaslike arts ondersoek moes instel.[36] Die volgende dag het die dokter gerapporteer dat daar slegs drie vroue op Van der Merwestasie aanwesig was waarvan nie een siek was nie. Hierdie voor die hand liggende bevinding is aangevul met 'n uitvoerig verslag oor die goeie voorsorg wat vir die reis van die vroue en kinders getref is.[37] Die enigste fout wat gevind kon word, was dat die vertrek uit Pretoria van 11:30 tot 16:30 vertraag is.[38] Uiteraard het juis hierdie vertraging veroorsaak dat die vroue en kinders se reis, aankoms en versorging tydens die winternag plaasgevind het.

Die ontvangs van die gedeporteerdes was Viljoen se laaste aktiwiteit in die onmiddellike omgewing van Pretoria. Roberts se opmars het op 23 Julie begin[39] en Viljoen het geen ander keuse gehad as om ordelik voor die vyand terug te val nie. Daar was geen onmiddellike gevaar vir die Staatspresident en die Regering nie, aangesien hulle reeds in Junie na Machadodorp gegaan het. Op 27 Julie is Middelburg ingeneem. Daarna is die opmars vertraag omdat lord Roberts dit eers vir lt.genl. sir Redvers Buller moontlik wou maak om kontak met sy magte te maak. Terselfdertyd moes dit hom die geleentheid gee om genl. De Wet se aktiwiteite in die Oranje-Vrystaat te beëindig.[40]

Viljoen se grootste probleem was om te voorkom dat Roberts hom van die hoofmag afsny. 'n Verdere kwelling was die beskerming en gebruik van 'n Long Tom wat op 'n spoorwegtrollie gemonteer was. Na baie moeite het hulle uiteindelik kans gesien om met die kanon te vuur. Eenkeer het die gras in die onmiddellike omgewing vlam gevat en hulle moes spook om die vlamme te blus voordat dit die kruit en bomme kon bereik.[41]

Dit was nie die enigste brand waarmee hulle te doen gekry het nie. Die gesamentlike laer van Botha en Viljoen is omstreeks 10 Augustus weens nalatigheid deur brand verwoes. Die brand het werklik alle toerusting vernietig, buiten

---------------------------------------

35) TAB, FK 1906, p. 86, brief, B.J. Viljoen, Van der Merwestasie - R. Pole-Carew, Hatherley, 20 Julie 1900.
36) TAB, FK 1906, p. 87, telegram, Roberts, Pretoria - Pole-Carew, Hatherley, 20 Julie 1900.
37) TAB, FK 1906, pp. 88 - 90, verslae van dokter en genl. Maxwell.
38) S.B. Spies, <u>Methods of barbarism?</u>, p. 130.
39) L.S. Amery, <u>The Times history of the war in South Africa, 1899-1902 IV</u>, p. 404.
40) <u>Ibid.</u>, p. 407.
41) B.J. Viljoen, <u>Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog</u>, pp. 109 - 110.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die wa van die Staatspresident wat aan Botha toevertrou was.[42] Viljoen was nie in die kamp aanwesig toe die brand uitgebreek het nie. Hy was op Belfast se stasie besig met die ontvangs van vroue en kinders uit Johannesburg. Reeds op 8 Augustus het Roberts beveel dat daar aan Botha gesein moet word dat ongeveer tweeduisend vroue en kinders gedeporteer sou word. Die voortdurende aanvalle op die Britse spoorwegverbindings het vertraging in die aanvoer van voorrade veroorsaak en daardeur kon hulle nie langer vir hierdie mense sorg nie. Die eerste groep sou Wonderfontein, die laaste stasie wat in Britse hande was, op Saterdag 11 Augustus bereik om vandaar na Belfast gestuur te word.[43]

Dit was nie moontlik om Roberts se tydskema te volg nie. Op Sondagaand 12 Augustus is die eerste ongeveer 850 vroue en kinders in die Hoëveldse winterkoue afgelaai. Skaars die helfte kon verder vervoer word. Die NZASM het wel opdrag gekry om elke beskikbare spoorwegtrok in te span, maar baie trokke was toe al op die Selati-spoorlyn weggesteek en kon nie vinnig genoeg beskikbaar gestel word nie.[44]

Hierdie aangeleentheid was 'n ware vuurproef vir Viljoen se vermoë om vinnig en akkuraat te organiseer. Talle aspekte van hierdie proses het sy onverdeelde aandag vereis. Botha het na Lydenburg gereis en Viljoen as sy verteenwoordiger op Belfast gelaat,[45] maar Viljoen moes hom natuurlik noukeurig op die hoogte hou, soos hy ook die Staatspresident te Machadodorp moes inlig oor die verloop van sake. Daar moes verder met die Britte in aanraking gekom word om die gedeporteerdes te ontvang. Die vroue en kinders moes versorg en so gou as moontlik afgevoer word. Die burgers op kommando was uiteraard bekommerd oor hul families. Hulle moes volkome gerusgestel word om te voorkom dat hulle self die sorg vir hulle families sou gaan behartig, waardeur die Boerelinie gevaar sou loop om ineen te stort. Viljoen het hierdie verskeidenheid take met groot welslae uitgevoer. Hy het bewys dat hy die druk van die verantwoordelikheid kon dra. Die groot getal telegramme wat hy versend het getuig dat hy 'n oog vir klein besonderhede sowel as vir die groot geheel gehad het.[46]

---

42) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, pp. 111 - 112; TAB, LA 757, nr. 432, telegram, Kmdt.genl., Belfast - Staatspresident, Waterval Onder, 12 Augustus 1900.

43) TAB, FK 1906, p. 97, telegram, Roberts, Pretoria - Waterfield, Wonderfontein, 8 Augustus 1900.

44) TAB, LA 751 B en 757, telegramwisseling NZASM, Staatspresident, Kommandant-generaal en Viljoen op 12 en 13 Augustus 1900, nrs. 436, 437, 438.

45) TAB, LA 757, nr. 435, telegram, Sekr. Kmdt.genl. - Viljoen, Belfast, 13 Augustus 1900.

46) TAB, LA 751 B 751 C, 757, 759, telegramwisseling NZASM, Staatspresident, Staatsekretaris, Kommandant-generaal, Viljoen op 12, 13, 14 en 15 Augustus 1900, nrs. 22, 434, 435; FK 1906, briefwisseling Roberts - Botha, pp. 116, 129 - 134.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hoewel al die vroue en kinders van die Rand afkomstig was, was mev. Helena Viljoen nie onder hulle nie. Die berig dat sy wel onder die gedeporteerdes was en dat Ben Viljoen sy vrou na veiligheid in Lourenco Marques gebring het,[47] berus nie op die feite nie. Haar naam ontbreek op die naamlyste in sy boek maak Viljoen nie melding van 'n dergelike herontmoeting nie.[48] 'n Moontlike verklaring hiervoor is dat sy in haar gesin se behoeftes kon voorsien, maar daar is getuienis dat ook vroue wat selfversorgend was, gedeporteer is.[49] 'n Ander moontlike verklaring is dat mev. Viljoen op dié tydstip ruim vier maande swanger was en dat sy om hierdie rede toestemming gekry het om in Krugersdorp te bly.

Dit is merkwaardig dat Viljoen so min aandag in sy boek gee aan die koms van die vroue en kinders en die probleme wat dit vir hom geskep het. Hy rapporteer slegs dat hulle gekom het, gely het onder die koue, maar vol wonderlike geesdrif was. Hulle is onmiddellik na Barberton gestuur.[50] Wel het al Viljoen se aantekeninge deur die brand in die laer verlore gegaan, maar dit kon nie die herinnering aan hierdie aangrypende gebeure beïnvloed het nie. Waarskynlik het Viljoen eerder aandag aan meer opsienbarende gebeure van militêre aard gegee. Valse beskeidenheid was nie karakteriserend van Viljoen nie. Dit is meer waarskynlik dat hy die deportasie as 'n tragiese element beskou het wat die militêre gang van sake onderbreek het. Noudat dit afgehandel was, kon hulle - soos Botha dit uitgedruk het - weer onder die kakies verjaar waar hulle kans gekry het.[51]

Dit is nog meer opvallend dat Viljoen ook geen aandag aan sy probleme met proviandvoorsiening gegee het nie. Verskeie kommando's het gebrek aan kos, klere, skoene en geld ondervind.[52] Veral die verskil in kosvoorrade het moeilikheid tussen die kommando's veroorsaak. Kmdt. G.H. Gravett van die Germistonkommando het slagvee gehad, maar die Duitsers daar naby onder kmdt. R. Krieger was al verskeie dae sonder vleis. Sy versoek aan Gravett om twintig slagskape aan hom af te staan, is effens spottend afgewys met die motivering dat Gravett geen kommissariaat opgerig het nie.[53] Die hongerige Duitsers het daarop gevat wat hulle nie kon kry nie en Gravett het die Kommandant-generaal dringend versoek

---

47) D.W. Krüger, Boere-generaal maak revolusie in vreemde land (Die Huisgenoot, 25 Januarie 1974, p. 42.)
48) TAB, FK 1906, pp. 103 - 114, lyste van gedeporteerdes uit Fordsburg, Sentrale Depot, Jeppe en Braamfontein.
49) S.B. Spies, Methods of barbarism?, p. 135.
50) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, p. 111.
51) TAB, LA 751 C, telegram, Botha - Trichardt, 17 Augustus 1900.
52) TAB, LA 759, nrs. 32, 39 en 56.
53) TAB, LA 759, nrs. 69, 70 en 71.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

om die Duitsers oor te plaas.[54]

Gravett het miskien geen eie kommissariaat gehad nie, maar dit wil voorkom of Viljoen privaat voorsiening vir vleis gemaak het. Sy broer Jan vertel in sy artikelreeks dat hy in die Bosveld noord van die spoorlyn gebly, vee opgepas en gejag het. Sy verslag toon duidelik dat daar in Julie en Augustus noue kontak tussen hom en die laer van die Johannesburgkommando en Viljoen se hoofkwartier was. Ben Viljoen het ook aan hulle opdragte gegee.[55] 'n Opmerking van F.L. Rothmann dui ook op 'n stelsel van eie voedselvoorsiening vir die Johannesburgers - hy maak melding van 127 beeste wat in die omgewing van die Olifantsrivier opgepas is.[56]

Die beeswagters van die Johannesburgkommando was nie die enigste burgers wat in die Bosveld rondgetrek het nie. Daar was ook mense wat daar weggekruip het om diensplig te ontduik. Trichardt kla "over het ledig liggen van zoo vele burgers in het boschveld".[57] Dit is onseker of daar ook van Viljoen se eie mense was wat weggekruip het. Viljoen het dit wel as sy verantwoordelikheid beskou om dié saak te help hanteer. Op 14 Augustus het hy aan die Regering getelegrafeer dat volgens berigte wat hy ontvang het, die Resident-Vrederegter van Belfast met sy polisie ook daar was. Veral die Lydenburgse offisiere het laks opgetree en Viljoen het aangebied om sy "kosakke" te stuur om die onwilliges te vang.[58] Daar het egter ander werk vir hulle voorgelê.


Nadat Viljoen die ontvangs van die vroue en kinders suksesvol afgehandel het, het hy nuwe opdragte van Botha gekry in verband met die verwagte veldslag. Dat dit by Belfast tot 'n botsing sou kom, was duidelik. Roberts het daar halt gehou om Buller die geleentheid te bied om by hom aan te sluit. Van Belfast het drie roetes die weg na die ooste beheer - in noordoostelike rigting die pad na Lydenburg, in suidoostelike rigting die pad na Barberton en regstreeks oos, die spoorlyn en pad na Nelspruit. Uit strategiese oogpunt was dit dwingend noodsaaklik om die vyand hier te keer. Vanweë die geografiese ligging was die plek 'n sterk verdedigbare stelling.[59]

---

54) TAB, LA 759, nr. 63.
55) J.C. Viljoen, In den Anglo-Boer Oorlog met het Johannesburg Commando, (Goede Hoop 1(12), 1 Junie 1904, pp. 240 - 242).
56) M.E. Rothmann, Oorlogsdagboek van 'n Transvaalse Burger te velde 1900-1901, p. 78.
57) TAB, LA 759, nr. 47, brief, Kemp - Viljoen, 15 Augustus 1900, met nota van Viljoen aan Botha deurgestuur op 17 Augustus 1900.
58) TAB, LA 751 B, telegram, Viljoen - Staatsekretaris, 14 Augustus 1900.
59) B.G. Schultz, Die slag van Bergendal, pp. 21 - 22.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

By Bergendal het Botha dieselfde maatreëls as by Donkerhoek getref. Sy relatief geringe kragte van net meer as vierduisend man het hy oor 'n gevegslyn van tagtig km verdeel. Botha het gereken dat Roberts, soos gebruiklik, met 'n flankaanval sou kom en het veronderstel dat sy eie regterflank die doelwit sou wees. Dit was 'n mistasting en die belangrikste oorsaak van die Boere se nederlaag.[60]




Op die plek waar Botha die hewigste aanval verwag het, het hy Viljoen in bevel geplaas. Die eerste opdragte is op 17 Augustus uitgereik. Viljoen moes na Bothasberg vertrek en sake daar behoorlik reël. Viljoen het dadelik aan die werk gespring en die volgende dag reeds sy eerste bevindinge aan Botha gesein. Nadat hy die posisies in die Steenkampsberge verken het, het hy op 19 Augustus fyn beplande voorstelle aan die Kommandant-generaal gemaak. Viljoen se beplanning is voor die voet aanvaar en Botha het daarvolgens opdragte gegee aan vk. J.J. Krige met sy Lydenburgers, kmdt. P.F. Trichard met die Middelburgkommando, kmdt. A.J. Dercksen van Boksburg en kmdt. Wynand Viljoen en die Johannesburgkommando.[61]

Botha se handelwyse beklemtoon sy groot vertroue in Viljoen. Omdat Roberts heeltemal anders opgetree het as wat Botha verwag het, het Viljoen nie daadwerklik aan die slag by Bergendal deelgeneem nie. 'n Veronderstelde bydrae is deur latere bewonderaars ten onregte aan hom toegedig. Volgens D.W. Krüger het

---

60) B.G. Schultz, Die slag van Bergendal, pp. 23 - 24 en p. 194.
61) TAB, LA 751 C en D, telegramwisseling tussen Botha, Viljoen, Trichard, Krige en Dercksen op 18, 19 en 20 Augustus 1900.

Ben Viljoen die sentrum verdedig, 'n bewering wat hy moontlik van Amery oorgeneem het.[62] H.C. Viljoen vertel selfs in sy familiegedenkboek dat die vyand met groot verlies voor genl. Viljoen moes terugval.[63] En ook C.J.S. Strydom laat Viljoen die achilleshiel verdedig.[64] In hierdie geval is Leyds heeltemal korrek as hy sê dat Viljoen geen daadwerklike aandeel aan die geveg gehad het nie.[65] Toe Viljoen die rante verken het wat hy moes verdedig, het hy Botha laat weet dat hy oortuig daarvan was dat die vyand dit nie sou waag om daar te probeer deurkom nie.[66] Hierdie oordeel was heeltemal reg.

Die sentrum van Botha se stelling en veral dié gedeelte waar die manskappe van die ZARP opgestel was, moes die volle krag van die Britse aanval verduur. Hulle manhaftige verdediging kon nie vir die gebrek aan mannekrag en artillerie vergoed nie. Botha, wat geen reserwes gehad het nie, kon die deurbraak van 27 Augustus nie verhinder nie en moes sy stellings ontruim.[67]

Na die slag het Botha sy kommando's noord en suid van die spoorlyn laat versprei. Slegs Ben Viljoen sou die Britse opmars langs die spoorlyn met die Krugersdorp- en Johannesburgkommando vertraag en daarmee die terugvallende Regering beskerm.[68] Weereens het Botha 'n betekenisvolle en vererende opdrag aan Viljoen gegee, waaruit sy vertroue in die byna 32-jarige veggeneraal duidelik geblyk het. Hoewel Botha Viljoen op 29 Augustus 1900 gevra het om alles in sy vermoë te doen om die vyand "in de kloven een gewenscht nekslag toe te brengen",[69] was die slag by Bergendal die laaste groot slag. Totdat die Boeremagte in September 1900 ontbind het, was Viljoen nie meer by gevegte betrokke nie. Die terugtog was moeilik en tussen Waterval-Onder en Nooitgedacht was Viljoen selfs genoodsaak om verlof by J.F. Schutte van die plaas Elandspruit te kry om die perde in die landerye ryp hawer te jaag.[70]

In hierdie laaste fase van die georganiseerde oorlogvoering was Viljoen by drie kwessies betrokke waarby stilgestaan moet word. Eerstens was daar onenigheid

-------------------------------------

62) C.J. Beyers (red.), Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek IV, p. 780; L.S Amery, The Times history of the war in South Africa, 1899-1902 IV, pp. 452 - 453.
63) H.C. Viljoen, Viljoen-Gedenkboek, p. 112.
64) C.J.S. Strydom, Ruitervuur, pp. 125 - 126.
65) TAB, W.J. Leyds-huisargief 3, ongepubliseerde artikel oor Viljoen.
66) TAB, L.A. 751 D, telegram, Viljoen - Botha, 18 Augustus 1900.
67) C.J.S. Strydom, Ruitervuur, p. 126.
68) B.G. Schultz, Die slag van Bergendal, p. 200; R.W. Schikkerling, Hoe ry die Boere, p. 46.
69) TAB, LA 757 nr. 462, brief, Botha, Lydenburg - Viljoen, Nooitgedacht, 29 Augustus 1900.
70) W.H. Ackermann, Opsaal,p. 236.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

oor die vrylating van krygsgevangenes; daarna was Viljoen by die arrestasie van Britse ambulanse betrokke en ten slotte het hy aan die vernietiging van voorrade deelgeneem.

By Nooitgedacht het Viljoen 'n krygsgevangenekamp met omtrent tweeduisend Britte aangetref, wat deur slegs vyftien wagte bewaak is. In sy boek het Viljoen sy afkeuring uitgespreek oor die behandeling van die gevangenes - hierin was hy ongetwyfeld opreg. Hy vertel ook hoe hy eintlik met 'n draai die Regering se opdrag omseil het. Hy sou bevel gekry het om die gevangenes aan te hou totdat die vyand die plek inneem. Hy het weer eens op eie gesag opgetree en - volgens hom - die gevangenes om militêre redes vrygelaat.[71] Waarskynlik na aanleiding van Viljoen se eie weergawe, het Leyds sy afkeur daaroor uitgespreek en daarop gewys dat Viljoen darem tog seker die Britse offisiere moes aangehou het.[72] Leyds was heeltemal reg en dit is ironies dat Viljoen se oppervlakkige vertelling nie reg laat geskied aan die werklike gang van sake nie.

Viljoen het in werklikheid nie so eiemagtig opgetree as wat hy voorgegee het nie. Die Uitvoerende Raad het op 25 Augustus reeds besluit dat die gevangenes, met uitsondering van die offisiere, vrygelaat kon word indien nodig.[73] Ten einde Viljoen se optrede te kan beoordeel is die vraag of hy die offisiere ook vrygelaat het, van belang. Daaroor skryf hy nie self nie, maar Amery meld wel dat "a few of the officers were removed to Barberton."[74] Was daar nog wel offisiere aanwesig toe Viljoen die gevangenes vrygelaat het? H.J.P. Erasmus, wat 'n bewaker by Nooitgedacht was, vertel dat hulle opdrag gekry het om alle offisiere van hoë rang na Barberton te stuur. Dieselfde aand nog is die bevel uitgevoer en het die betrokke offisiere, wat veral uit Yeomanry bestaan het, na Barberton vertrek. Die volgende dag het Viljoen sy verskyning by die kamp gemaak.[75] Dit is moontlik dat Viljoen self hierna verwys het in 'n telegram aan die Staatspresident waarin hy meld dat 'n aantal Koloniale burgers met 'n klompie Yeomanry na Barberton vertrek het.[76] Dit bly egter onseker of Viljoen die opdrag van die Uitvoerende Raad stiptelik uitgevoer het, soos Schulz sê,[77] want 'n naamlose en ongedateerde bladsy uit 'n notaboekie meld dat nege offi-

---

71) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, pp. 117 - 118.
72) TAB, W.J. Leyds-huisargief 3, ongepubliseerde artikel oor Viljoen.
73) TAB, LA 757, nr. 461, UR-besluit art. 143 van 25 Augustus 1900.
74) L.S Amery, The Times history of the war in South Africa 1899-1902 IV, p. 457.
75) VAB, A 155/68/2, Oorlogsmuseumversameling, Depósito os Boers, Alcobaça, Portugal, H.J.P. Erasmus, "Vlug van Johannesburg na Pretoria", p. 43.
76) TAB, LA 757, nr. 493, telegram, Viljoen - Staatspresident, 30 Augustus 1900.
77) B.G. Schultz, Die slag van Bergendal, p. 201.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

siere en 1 697 manskappe by Nooitgedacht vrygelaat is.[78] Dit is egter moontlik dat Viljoen meer offisiere in bevel geplaas het as die een wat hy vermeld.[79] Moontlik het hy ook liggewonde Britse offisiere laat saamgaan om die groot groep vrygelate manskappe te beheer.

Die vrylating van die gevangenes het 'n bykans komiese nasleep gehad. Ter wille van die siek en gewonde soldate te Nooitgedacht het Viljoen 'n parlementêr saamgestuur om vir 'n Britse ambulans te vra. Die skriftelike versoek kon nie afgelewer word nie aangesien die Britte op die boodskapper geskiet het. Die Britte het egter op eie inisiatief 'n dokter en 'n luitenant gestuur en hoe hierdie Britte deur die linie gekom het, word nie verklaar nie. Op sy beurt het die dokter 'n Britse ambulans aangevra en 'n korporaal van Viljoen se wagte was naief genoeg om die boodskapper deur te laat. Gevolglik het Viljoen die volgende dag 'n volledige Britse ambulansafdeling binne sy stelling aangetref. Hy het onmiddellik met die Kommandant-generaal in verbinding getree en voorgestel dat die personeel gearresteer en saam met die agt ambulanse oor die grens gesit moet word.[80] Die voorstel is goedgekeur.

Op 1 September het Viljoen 'n sterk protesnota aan Pole-Carew gestuur.[81] Indien Viljoen slegs die feite saaklik sou weergegee het, sou hy 'n sterk saak gehad het. Die styl van sy brief aan Pole-Carew toon dat hy hierdie geleentheid eerder wou gebruik om die Britte 'n keer die loef af te steek. Sy behoefte aan grootpratery het hom verlei om ander sake te betrek. Hy het ter regverdiging aangevoer dat die Britte by sekere geleenthede ambulansafdelings van die Boere voorgekeer en gevange geneem het. In sy boek sê hy dat hy die opdrag van Botha gekry het[82], maar dit is onwaarskynlik. Daar is geen dokumentêre bewys vir die stelling nie en dit was ook nie Botha se wyse van optrede nie. Dit het Pole-Carew wel die geleentheid gebied om van die eintlike kwessie af te wyk en hy het die kans goed benut.

In sy antwoord het Pole-Carew geen woord daarvan gerep dat sy ondergeskiktes eiemagtig die Boerestellings binnegegaan het nie. Hy het beweer dat die ambulanse gestuur is op 'n mondelinge versoek van Boerekant. Hy het belowe om die beskuldiging te ondersoek dat daar op draers van die wit vlag geskiet is, maar het ook bygevoeg dat die Boere al dikwels die wit vlag onder vals voorwendsel gebruik het - en daarin kon 'n mens die uitslag van die ondersoek reeds

---

78) TAB, LA 757, nr. 181A.
79) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, p. 119.
80) TAB, LA 733, p. 199, telegram, Viljoen - Botha, 31 Augustus 1900.
81) TAB, LA 751 F, telegram, Viljoen - Botha, 1 September 1900; FK 1905, p. 20, telegram, Pole-Carew - Roberts, 1 September 1900.
82) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, p. 120.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sien deurskemer. Pole-Carew het uitvoerig aandag gegee aan Viljoen se verskoning dat die Britte eers lede van Boere-ambulanse aangehou het. Met 'n oorvloed van onkontroleerbare bewyse het hy aangetoon dat hulle in elke afsonderlike geval volkome binne hul regte opgetree het.[83]

In sy antwoord kon Viljoen slegs Pole-Carew se beweringe ontken, maar die aksent van die saak het verskuif van 'n bewysbare Britse oortreding ter plaatse na onbewese Britse oortredings elders. Viljoen het sy antwoord afgesluit met die mededeling dat die ambulanse en hul personeel aan die Britse verteenwoordiger in Lourenco Marques oorhandig sou word. Sy laaste paragraaf, waarin hy sy voldoening uitgespreek het dat Pole-Carew die "grove mishandeling myner dragers eener depeche aan u onder witte vlag aangedaan afkeurt" en die skuldiges sal straf, kon nouliks verbloem dat Viljoen die debat verloor het.[84]

Waar die spoorlyn die kronkelende loop van die Elandsrivier volg, het Viljoen by Nooitgedacht 'n bykans onaantasbare posisie ingeneem.[85] Roberts het egter besluit om 'n grootskaalse flankbeweging en aanval op Nelspruit uit te voer. French, wat in die rigting van Barberton opgeruk het, het met vyfduisend man sy regterflank gevorm. Hulle het te staan gekom teenoor genl. T. Smuts met ruim duisend man. Die noordelike flank was 'n sterk mag, twaalfduisend man en 48 kanonne onder Buller en Ian Hamilton, wat via Lydenburg in die rigting van Sabie getrek het - 'n roete wat deur Botha met omtrent tweeduisend man beskerm is. In die sentrum het Hutton en Pole-Carew met ruim negeduisend man en twintig kanonne gestaan teenoor Viljoen met ongeveer twaalfhonderd man, een Long Tom en 'n aantal stukke veldgeskut.[86]

Hierdie laaste mag het 'n omtrekkende beweging oor die plato gemaak om sodoende Viljoen se moontlike terugvalroete by Duivelskantoor af te sny. Dit het hom genoodsaak om terug te trek. In plaas van 'n grootskaalse aanval op sy sterk stellings was Viljoen verplig om met 'n aantal agterhoedegevegte tevrede te wees.[87]


Die Boeremagte het Nelspruit op 11 September ontruim en in opdrag van Botha na Hectorspruit teruggeval. President Kruger het na Europa vertrek en president

---

83) TAB, LA 751 F, telegram, Viljoen - Botha, 3 September 1900; FK 1905, p. 21, telegram, Roberts - Pole-Carew, 2 September 1900.
84) TAB, LA 751 F, telegram, Viljoen - Botha, 3 September 1900; FK 1905, p. 23, brief, Viljoen - Pole-Carew, 3 September 1900.
85) L.S Amery, The Times history of the war in South Africa, 1899-1902 IV, p. 463.
86) Ibid., p. 465.
87) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, pp. 121 - 122.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Steyn, wat sy ampsgenoot besoek het, het met 'n geleide van omtrent honderd man na Waterberg vertrek om vandaar na die Vrystaat terug te keer. Die kommando's wat by Hectorspruit vasgekeer was, was moedeloos. Baie van die manskappe was voetgangers en sou betreklik nutteloos in die beoogde guerrillastryd wees.[88] Die verwarring wat met die moeilike terugtog gepaard gegaan het, was vir Viljoen by Nelspruit opvallend.




DIE BRITSE OPMARS VAN BELFAST NA NELSPRUIT 1 — 15 SEPTEMBER 1900

Viljoen se terugtog na Hectorspruit is deur swaar reëns bemoeilik. Nog meer probleme het gedreig toe die gerug die rondte doen dat Nelspruit reeds deur die Britte beset is. Versigtige verkenning het getoon dat die gerug onwaar was, maar hierdie soort gerugte - saam met die chaos wat in Nelspruit aangetref is - was duidelik bewys dat wanhoop en moedeloosheid besig was om die oorhand te kry.[89]

---

88) J.C. Viljoen, Door den Anglo-Boer Oorlog met het Johannesburg-Commando, (De Goede Hoop, Augustus 1904, p. 33).
89) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, pp. 122 - 123.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In Nelspruit, Krokodilpoort en Hectorspruit het Viljoen toegesien dat alles vernietig word wat nie deur die Boere saamgevat kon word nie en wat vir die Britte waardevol kon wees. Groot voorrade kos en toerusting was by die onderskeie stasies gestoor en kon nie vervoer word nie. Die leiding wat Viljoen in die vernietiging van voorrade geneem het, was heeltemal in ooreenstemming met die riglyne van die Regering. Na aanleiding van die feit dat daar in Bloemfontein groot hoeveelhede voorrade en installasies in Britse hande geval het, het die Regering opdrag gegee dat betroubare komitees oral opgerig moes word om 'n herhaling daarvan te voorkom.[90] Tydens sy terugtog langs die spoorlyn het Viljoen sorg gedra dat alle brûe vernietig word.[91] Dat die Britte moeilikheid met die aanvoer van voorrade ondervind het, blyk wel uit die probleme wat French in dié opsig ondervind het.[92] Die vernietiging het dus wel deeglik 'n militêre doel gedien.

Nie net kos en voorrade is vernietig nie, ook waens en kanonne waarvoor geen ammunisie meer beskikbaar was nie. Rothmann vertel dat daar op 17 September, die dag waarop Viljoen se tog na die noorde begin het, meer as tien kanonne vernietig is - waaronder Krupps, Creusots, Maxim-Nordenfeldts, bergkanonne en 'n aantal verouderde kanonne wat vir die Boere geen nut meer gehad het nie.[93]

Daar was ook baie manne wat moeilik in die komende guerrillastryd ingeskakel kon word omdat hulle geen perde gehad het nie. In opdrag van die Kommandant-generaal wat siek was, moes Viljoen hierdie voetgangers aansê om na Komatipoort te vertrek waar hulle hul óf deur die Portugese kon laat interneer, óf kon probeer om deur Swaziland of noordwaarts deur die Lebomboberge aan krygsgevangenskap te ontsnap.[94] Hieroor is Viljoen fel deur Leyds aangeval. Hy het die Generaal verwyt dat hy die moedelose manne 'n soortgelyke opdrag gegee het. Volgens Leyds was die manne maar net tydelik moedeloos en was dit Viljoen se plig om hulle weer te bemoedig. Hy vergelyk Viljoen se optrede met dié van Napoleon in Egipte waar hy sy manne met sy toespraak selfs uit die hospitaal laat opstaan het.[95] Hier was Leyds baie onregverdig teenoor Viljoen. Hy het ook nie in berekening gebring dat Viljoen Botha se bevele uitgevoer het nie. Dat Leyds hom en Napoleon in een asem genoem het, sou Viljoen se ego sekerlik gestreel het. Waar Leyds verder beweer het dat Viljoen die mense aangeraai het om hulle aan kos en drank te vergryp, berus beslis op fantasie. Schikkerling,

---

90) TAB, LA 757, nr. 494, "Een vreeslijk verzuim".
91) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, p. 122.
92) L.S Amery, The Times history of the war in South Africa, 1899-1902 IV, p. 471.
93) M.E. Rothmann, Oorlogsdagboek van 'n Transvaalse burger te velde 1900-1901, p. 85.
94) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, p. 129.
95) TAB, W.J. Leyds-huisargief 3, ongepubliseerde artikel oor Viljoen.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

wat persoonlik na Viljoen se toespraak geluister het, se verslag is bondig: Viljoen het twee keuses aan die mense voorgehou: om saam met hom deur die Laeveld te gaan, perderuiters sowel as voetgangers, of om na Mosambiek uit te wyk.[96]

Botha het nog 'n ander opdrag vir Viljoen gehad. Die manskappe wat perde gehad het, is in twee groepe verdeel. Een groep het Botha self onder sy bevel geneem. Hulle het in 'n noordwestelike rigting getrek om so gou moontlik die Hoëveld te probeer bereik om die stryd daar voort te sit. Die ander groep moes Viljoen onder sy bevel neem[97] en hulle deur die Laeveld na Pietersburg lei. Uit hierdie opdrag blyk opnuut hoe groot Botha se vertroue in Viljoen was. Botha het baie goed besef dat dit 'n veeleisende opdrag was om in dié tyd en onder dié omstandighede sò 'n tog te onderneem. Dat hy die leiding aan Viljoen toevertrou het, was 'n duidelike erkenning van sy kwaliteite. Ook Amery vermeld dat Viljoen die eerste van die Boereleiers was wat vasbeslote was om die stryd voort te sit.[98]

Op 16 en 17 September het die groot tog na die noorde begin. President Steyn van die Oranje-Vrystaat, die Transvaalse regering en kmdt.genl. Botha het vooruit getrek. Die bedoeling was om so gou moontlik die Hoëveld te bereik omdat Steyn by genl. De Wet moes aansluit. Dit was ook Botha en die Regering se taak om leiding in die onderskeie gevegsterreine in die ZAR te gee en dit kon hulle nie vanuit die verlate Oos-Transvaal doen nie. Die kortste pad was oor Kowynspas, Graskop en Pelgrimsrus. Hierdie deurgang is slegs beveilig deur 'n klein kommando onder bevel van kmdt. Gert Gravett en is bedreig deur Buller se mag wat in die omgewing van Spitskop was.[99] Steyn het eerste vertrek en die betreklike veiligheid van die Hoëveld bereik. Botha en Viljoen het 'n dag later getrek.

Die Boere het nie almal gesamentlik vertrek nie. Schikkerling skryf dat sy kookseksie van tien man besluit het om selfstandig te trek.[100] Ook Rothmann en sy groep het 'n paar dae na Viljoen getrek - in ieder geval wat die laaste deel van die tog betref.[101] Dit was nie 'n wilde vlug nie, maar 'n georganiseerde beweging. Onmiddellik nadat die Krokodilrivier oorgesteek is, ongeveer 'n

---

96) R.W. Schikkerling, Hoe ry die Boere, p. 57.
97) J. Meintjes, Die Anglo-Boereoorlog 1899-1902 in beeld, p. 149.
98) L.S Amery, The Times history of the war in South Africa, 1899-1902 IV, p. 474.
99) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, p. 132.
100) R.W. Schikkerling, Hoe ry die Boere, p. 58.
101) M.E. Rothmann, Oorlogsdagboek van 'n Transvaalse burger te velde 1900-1901, p. 89.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

halfuur van Hectorspruitstasie af, is die trek in sodanige orde opgestel dat daar vinnig tot verdediging oorgegaan kon word in geval van 'n onverhoedse aanval van voor of agter.[102]

Die veld was droog, want die reën het daardie jaar laat gekom. Die waens en perde het groot stofwolke veroorsaak. Een van die grootste probleme was voer vir die diere en die hitte en vrees vir koors was 'n groot bekommernis. Die eerste doelwit was Graskop en uit Viljoen en Schikkerling se beskrywing kan afgelei word wat die eerste deel van die roete was: langs die ou Voortrekker-handelspad van Mosambiek af, oor Pretoriuskop en vermoedelik verby Albasini se voormalige handelspos waar die Sabierivier oorgesteek is.[103] Hoewel die tyd gedring het, het hulle daar 'n ruskans geneem.[104]

Op 24 September het Viljoen die voet van die Drakensberge by Kowynspas bereik. Daarvandaan het Botha met 'n klein geselskap verder getrek. Terwyl hy naby die Mac-Mac-waterval die pad na Pelgrimsrus bereik het, het Buller se mag uiteindelik van Spitskop af aangekom. Gravett en sy mense het die pad net lank genoeg oopgehou om deurtog aan Botha te verleen. Vir die veel stadiger Viljoen met sy talle mense, waens en voetgangers, was dit onmoontlik om die Hoëveld veilig langs hierdie roete te bereik. Vir hom en sy ongeveer tweeduisend man het die hitte en droogte van die Laeveld gewag. Viljoen vertel dramaties van Botha se afskeid.[105] Rothmann meld dat Botha van bo af geheliografeer het dat die pad vir Viljoen gesluit was en dat hy die tog na Pietersburg moes voortsit.[106] Hierdie verklaring klink waarskynliker as Viljoen se verslag, omdat Botha eers so 'n belangrike besluit kon neem nadat hy die situasie ter plaatse waargeneem het. Hy sou voor sy vertrek die verskillende opsies met Viljoen bespreek het, sodat sy opdrag later kort en saaklik kon wees.

Van daardie oomblik af was Viljoen heeltemal op sy eie. Totdat hy Pietersburg bereik het, kon hy nie met ander bevelhebbers kontak maak of hulp van hulle verwag nie. Sy belangrikste taak was om eenheid tussen die verskillende groepe te handhaaf en hulle op 'n veilige roete te lei - veilig ten opsigte van die voorsiening van kos en water, maar ook veilig ten opsigte van die Britte. Hoewel hulle nou elke dag verder van die Britte af wegbeweeg het, was daar vir 'n bekwame en kreatiewe Britse bevelvoerder twee moontlike afsnypunte.

---

102) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, p. 132.
103) Ibid., p. 131; R.W. Schikkerling, Hoe ry die Boere, p. 61.
104) TAB, A 1063, "Die ervaringe van kmdt. W.J. Viljoen", p. 8.
105) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, p. 134.
106) M.E. Rothmann, Oorlogsdagboek van 'n Transvaalse burger te velde 1900-1901, p. 86.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Eerstens kon hulle langs die spoorlyn van Pretoria af na Pietersburg opruk en Viljoen daar inwag. Verder was daar 'n moontlikheid om vanuit Lydenburg oor Ohrigstad na Erasmuspas te beweeg in 'n poging om Viljoen voor te keer.[107]

Dat die Britte nie van hierdie geleenthede gebruik gemaak het nie, was nie Viljoen se verdienste nie. Maar as daar rekening gehou word met die beperkte bevoorradingsmoontlikhede, die ongunstige klimaat en die gewoonte onder die burgers om eiesinnig op te tree, dan staan Viljoen se verdienste tydens hierdie tog bo alle twyfel vas. Hy het dit reggekry om die groot aantal manskappe as 'n eenheid te hanteer. Hoewel verskeie groepe min of meer selfstandig getrek het, het Viljoen die roete en die pas duidelik uitgespel. Dat sy optrede suksesvol was, kan ook daaruit afgelei word dat selfs Leyds in sy kritiese beskouing oor Viljoen, hom dié eer gee.[108] Viljoen self vertel nie baie van sy besluite en reëlings nie. Hy meld dat hy met sy offisiere afgespreek het dat 'n ander kommando elke dag die voor- en agterhoede sou vorm.[109] Verder vertel hy dat, as maatreël teen die gevaar van koors, niemand snags naby 'n rivier of in 'n laagliggende plek mog oornag nie.[110] Daar moes voortdurend gejag word terwyl die ry- en trekdiere se kondisie sorgwekkend was.[111]


Die roete het van Kowynspas deur die Sandrivier gelei oor Boskoprand langs die voet van die Drakensberge, deur die Blyderivier, na die Olifantsrivier. Hier het hulle twee mans begrawe. Die een het aan die koors beswyk terwyl die ander homself - per ongeluk of opsetlik - geskiet het.[112] Dit is baie moeilik om die presiese datums vas te stel waarop bepaalde punte gepasseer is. Rothmann vermeld talle datums en plekke en die gegewens kan betroubaar geag word aangesien hy die dagboek tydens die tog bygehou het. Daar is egter onsekerheid oor die gedeelte van die roete wat hy saam met Viljoen getrek het. Schikkerling, Jan Viljoen en Wynand Viljoen noem geen datums in hul verslae nie. Ben Viljoen noem wel datums, maar dit is uit sy herinnering, want op St.Helena het hy geen gegewens voorhande gehad nie. Ook in Viljoen se roetebeskrywing kom ernstige foute voor. Hy verwys na nog 'n breë stroom, die Nagoutrivier, tussen die Blyde- en Olifantsrivier. Die afstand van die Blyderivier tot die Nagoutrivier sou 2 dagreise ver gewees het (omtrent 25 km) en van die Nagoutrivier tot die Olifantsrivier was dit omtrent 32 km of drie dagreise.[113] Rothmann sê egter

---

107) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, p. 133.
108) TAB, W.J. Leyds-huisargief 3, ongepubliseerde artikel oor Viljoen.
109) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, p. 135.
110) Ibid., p. 140.
111) Ibid., p. 142.
112) J.C. Viljoen, In den Anglo-Boer Oorlog met het Johannesburg Commando, (De Goede Hoop 1(12), 1 Augustus 1904, p. 34).
113) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, pp. 141 - 143.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dat die hele afstand van die Blyde- tot die Olifantrivier in een dag afgelê is.[114] Dit is wel moontlik, aangesien die afstand tussen die twee riviere omtrent tien km is. Viljoen vertel êrens anders dat hulle na Leydsdorp getrek het, nadat hulle die Letabarivier deurgegaan het.[115] Waarskynlik het hy hier die Selatirivier bedoel wat oos van Leydsdorp vloei.




---

114) M.E. Rothmann, Oorlogsdagboek van 'n Transvaalse burger te velde 1900-1901, p. 87.
115) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, p. 144.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Viljoen vertel dat hulle omstreeks 9 Oktober in Leydsdorp aangekom het, waar hulle enige dae gerus het.[116] Rothmann sê dat hulle op 4 Oktober daar aangekom het en sy lys van datums laat nie meer ruimte as een dag verblyf daar toe nie.[117] As hulle datums tog reg is, kan die verkil moontlik aandui dat Rothmann en Viljoen se paaie geskei het, aangesien uitputting juis omstreeks hierdie tyd steeds meer slagoffers onder die ry- en trekdiere geëis het.[118] Dié oplossing lewer tog ook probleme op. In sy uitvoerige en humoristiese beskrywing van hulle belewenisse in Leydsdorp, maak Viljoen glad nie melding van 'n besoek van 'n vooruittrekkende groep Boere 'n paar dae vroeër nie. Dit is egter nie 'n groot beswaar nie, aangesien daar rekening gehou moet word met Viljoen se behoefte aan vertoon in sy verslag. 'n Ander moontlikheid is dat Viljoen Rothmann in 'n later stadium dan weer ingehaal het, want Viljoen het omstreeks 19 Oktober in Pietersburg aangekom,[119] terwyl Rothmann sy aankoms daar op 22 Oktober stel.[120]

Ondanks al die ontberings van die reis was daar 'n redelike mate van mediese bystand. Viljoen maak met groot dankbaarheid melding van die aanwesigheid van dr. Manning van die Russiese ambulans. In Leydsdorp en Haenertsburg was klein hospitaaltjies waar medisyne en mediese hulp beskikbaar was.[121] Maar ondanks hierdie voordele en die lugtige toon wat Viljoen aanslaan in sy verhaal, is dit duidelik dat die tog swaar en uitputtend was. Schikkerling het verwag dat die pad met dorings besaai sou wees,[122] maar dit het geblyk ook vol figuurlike dorings te wees.

Viljoen meld nie in sy verslag of hy ook 'n ander roete oorweeg het nie. As gevolg van die probleme wat die trek deur die Laeveld opgelewer het, moes hy tog aan die moontlikheid gedink het om na die Hoëveld te beweeg. Die topografie van die gebied het dit egter baie moeilik gemaak. Die enigste moontlikheid om die platorand met sy waens te bestyg, sou Erasmuspas wees. Hy het die pas nie laat verken om vas te stel of daar Britse troepe was nie. Waarskynlik het hy aan 'n groter gevaar gedink. Die Hoëveld tussen Erasmuspas en Pietersburg was

---

116) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, p. 144 en p. 146.
117) M.E. Rothmann, Oorlogsdagboek van 'n Transvaalse burger te velde 1900-1901, p. 87.
118) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, p. 142.
119) Ibid., p. 149.
120) M.E. Rothmann, Oorlogsdagboek van 'n Transvaalse burger te velde 1900-1901, p. 89.
121) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, pp. 141, 145 - 146, 148 - 149.
122) R.W. Schikkerling, Hoe ry die Boere, p. 57.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die stamgebied van die Pedi wat die Boere uiters vyandiggesind was.[123]

Die groot probleem van die kosvoorsiening vir die diere was verby toe hulle die Letabarivier omstreeks 9 Oktober oorgesteek het. Die gebied wes daarvan het goeie weiding gebied. Hulle het deur die Magoebaskloof en die Houtbosberg tot in Haenertsburg getrek. Daar het hulle vir oulaas gerus en nadat hulle seker gemaak het dat dié plek veilig was, het hulle die laaste skof na Pietersburg aangepak.[124]

Hoewel Viljoen na hul aankoms in Pietersburg uitgesien het - na die moeilike tog deur Oos-Transvaal was dit vanselfsprekend die geval - het sy verblyf hom daar min vreugde verskaf. Na 'n jaar van oorlog en ontberings moes hulle in Pietersburg stuit teen moedelose burgers se onwilligheid en verset teen die kommandering van perde en goedere wat die vegtende burgers benodig het om die oorlog voort te sit.[125] Die toestande moes hom herinner het aan dié van 'n jaar tevore in Johannesburg voor die aanvang van die oorlog.

Viljoen was nie die enigste wat aan die toestande in Johannesburg gedink het nie. L.E. Krause skryf in sy herinneringe dat Viljoen in Pietersburg net so opgetree het as indertyd in Johannesburg: sy mense het stoorplekke van die Kommissariaat oopgebreek en voorrade gesteel en Viljoen was onwillig om daarteen op te tree. Om dié rede sou ook kmdt. J.C.G. Kemp van die Krugersdorp-kommando hom van Viljoen gedistansieer en hom by genl. C.F. Beyers geskaar het.[126]

Aangesien die Britte nog geen ernstige poging aangewend het om langs die spoorlyn na die noorde op te ruk nie, was Transvaal ten noorde van Warmbad nog volledig onder beheer van die ZAR-regering.[127] Nadat Botha Buller by Pelgrimsrus ontglip het, het hy na Nylstroom gegaan waar hy teen die einde van Oktober 'n krygsraad byeengeroep het.[128] Na 'n avontuurlike treinreis het Viljoen en een van sy kommandante daar aangekom. Op die vergadering is die guerrilla-oorlogvoering deeglik beplan. Viljoen se gebied sou die Transvaal oos van Pretoria en noord van die Delagoaspoorlyn wees. Amery vermeld dat Viljoen spesifiek opdrag gekry het om die veggees aan te wakker en aanvallend op te tree.[129] Dit

---

123) P. Warwick, Black People and the South African War 1899-1902, p. 96.
124) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, p. 148.
125) Ibid., p. 150.
126) TAB, Preller-versameling 80, Oorlogsherinneringe van L.E. Krause, pp. 663 - 665.
127) L.S. Amery, The Times history of the war in South Africa, 1899-1902 V, p. 60.
128) W.F. Andriessen, Gedenkboek van den oorlog in Zuid-Afrika, p. 357.
129) L.S. Amery, The Times history of the war in South Africa 1899-1902 V, p. 60.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

was die soort opdrag wat al die bevelhebbers gehad het. Dat dit in die besonder ten opsigte van Viljoen vermeld word, is moontlik 'n bewys van sy reputasie van veglus in dié tyd. Hierdie moontlikheid word onderstreep deur Schikkerling se opmerking oor Viljoen se dapper kommando.[130]

Viljoen het 'n moeilike gevegsterrein gekry. Dit was 'n langwerpige gebied - in die suide deur die spoorlyn begrens en daardeur maklik toeganklik vir die Britte. Dit het origens tegelykertyd aan die Boere die voordeel gebied om die Britse verbindingslyne aan te val. Die gebied noord van die spoorlyn was nie 'n baie veilige skuilplek nie. Die Pedi het in hierdie kontrei taamlik selfstandig opgetree en Viljoen moes deurentyd op sy hoede bly vir gevare van dié kant. Die deel van sy terrein wat die veiligste heenkome verskaf het, Oos-Transvaal, het bitter min kans vir offensiewe optrede gebied. Hierdie omstandighede het beslis Viljoen se kanse vir optrede beperk.


Begin November het Viljoen na sy nuwe werkterrein vertrek.[131] Krause vertel dat almal bly was toe Viljoen en sy kommando Pietersburg verlaat het, hoewel hy Viljoen tegelykertyd erkenning gee as verdienstelike aanvoerder te velde.[132] Volgens Schikkerling het hulle nie die spoorlyn na die suide gevolg nie, maar 'n meer oostelike koers gekies: oor Marabastad, in die rigting van Zebediela en Marble Hall, langs die boloop van die Olifantsrivier na Witnek,[133] ongeveer vyftig kilometer noord van Bronkhorstspruit - die plek wat tydens die krygsraadvergadering aan Viljoen aangewys is.[134]

Viljoen se mag het aanvanklik bestaan uit die Johannesburgkommando onder bevel van kmdt. Wynand Viljoen en die Boksburgkommando onder kmdt. C.H. Muller. Verder was daar nog manskappe van die Johannesburgse en die Pretoriase polisie en is die voormalige Staatsartillerie in 'n gewone kommando omskep en onder Viljoen se bevel geplaas.[135] Aanvanklik was sy mag ongeveer sewehonderd man sterk, 'n getal wat voortdurend toegeneem het deurdat enkelinge en groepies hulle opnuut by die kommando's gevoeg of van ander kommando's oorgekom het.[136] 'n Verdere versterking het gekom deurdat ook dele van die Middelburg- en

---

130) R.W. Schikkerling, Hoe ry die Boere, p. 82.
131) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, p. 154.
132) TAB, Preller-versameling 80, Oorlogsherinneringe van L.E. Krause, p. 665.
133) R.W. Schikkerling, Hoe ry die Boere, p. 80; B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, p. 154.
134) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, p. 153.
135) M.E. Rothmann, Oorlogsdagboek van 'n Transvaalse burger te velde 1900 - 1901, p. 92.
136) J.C. Viljoen, In den Anglo-Boer Oorlog met het Johannesburg Commando, (De Goede Hoop 2(3), 1 September 1904, p. 58).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Pretoriakommando onder Viljoen gedien het.[137]

Viljoen het onmiddellik aan die werk gespring en waarskynlik gereken dat 'n suksesvolle aanval die beste middel sou wees om die veggees aan te wakker. Op 19 November het hy die stasies Balmoral en Wilgerivier tegelykertyd aangeval. Die aanval was goed beplan. Vooraf is die telegraafverbindings van die Britte verbreek, en bevele uitgereik. Viljoen sou self die aanval op Balmoral lei, terwyl Muller die bevel by Wilgerivier gehad het. 'n Afdeling onder vk. J.C. Duvenhage van Middelburg sou Muller se aanval ondersteun. Alles het nie volgens plan verloop nie. Duvenhage het die verkeerde posisie ingeneem en nie werklik 'n bydrae tot die geveg gelewer nie. Die telegraaflyne is vinnig herstel en daardeur was die Britte in staat om vinniger versterking te kry as wat Viljoen verwag het. By Balmoral is wel 'n mate van sukses behaal deurdat 'n aantal versterkte punte ingeneem is, maar nie die Britse kanon waarop hulle graag die hand wou gelê het nie - dit was by die stasie self. Met nuttige buit - veral wapens en ammunisie - en 'n dertigtal krygsgevangenes moes die aanval gestaak word. Die krygsgevangenes is later uitgeruil vir een burger wat deur die Britte gevang is.[138]

In die algemeen kan gesê word dat die aanval misluk het. Die twee stasies is nie verower nie, in welke geval die buit meer sou wees en die Britse aansien groter skade sou gelei het. Tog was die sukses groter as wat dit op die oog af wil voorkom. Viljoen se manne het vir die eerste keer in 'n lang tyd, 'n aanval geloods in plaas daarvan om 'n Britse aanval af te wag. Hierdie gesindheidsverandering was 'n voorwaarde vir 'n suksesvolle guerrillastryd. In die tweede plek is dit van belang dat dit so naby Pretoria plaasgevind het. Die Britse leërleiding kon dit nie negeer nie en moes kennis neem dat die oorlog beslis nog nie verby was nie. Hoewel Amery min aandag aan Viljoen se aanval op die spoorlyn gee, lê hy 'n duidelike verband tussen hierdie gebeurtenis en Roberts se bevel aan genl.maj. A.H. Paget om Viljoen by Renosterkop aan te val. Deur hierdie strafekspedisie moes die Britse aansien - wat deur Viljoen se aanval geskaad is - herstel word.[139]

By Renosterkop het Viljoen 'n uitermate sterk posisie gehad: 'n ry koppies met smal klowe, hoë rotswande en 'n oop terrein daarvoor. Die plek was ideaal

---

137) L.S. Amery, <u>The Times history of the war in South Africa 1899-1902 V</u>, p. 62.

138) R.W. Schikkerling, <u>Hoe ry die Boere</u>, pp. 84 - 91; B.J. Viljoen, <u>Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog</u>, pp. 159 - 161; M.E. Rothmann, <u>Oorlogsdagboek van 'n Transvaalse burger te velde 1900 - 1901</u>, p. 93; J.C. Viljoen, In den Anglo-Boer Oorlog met het Johannesburg Commando, (<u>De Goede Hoop</u> 2(3), 1 September 1904, p. 58).

139) L.S. Amery, <u>The Times history of the war in South Africa 1899-1902 V</u>, p. 61.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

geleë om 'n aanvaller in te wag. Daar was ook 'n paar nadele aan die posisie verbonde. In die eerste plek was daar slegs twee ontsnappingsroetes. Na die ooste kon daar deur die Watervaldrif oor die Wilgerivier uitgewyk word. Na die noordooste het 'n pad deur die Wadrif in die Olifantsrivier geloop. Die eerste roete kon maklik versper word deur 'n hulpkolonne vanuit Middelburg en die tweede kon deur 'n flankbeweging van die vyand afgesny word. 'n Tweede nadeel was die verskil in sterkte. Viljoen het net meer as 'n duisend man gehad terwyl Paget nagenoeg vyfduisend onder sy bevel gehad het. Paget het verder oor ten minste nege kanonne beskik teenoor Viljoen se twee gelapte stukke.[140]


Viljoen het sy beskikbare kragte intelligent verdeel. Hy het die noordoostelike terugvalroete gekies, sy waens daarlangs na die Bosveld gestuur en die uitgang beveilig met vierhonderd man van die Pretoriakommando onder kmdt. S.P. Erasmus. Die pad oor die Wilgerivier moes ook beveilig word omdat genl.maj. N.G. Lyttelton vanuit Middelburg Viljoen se stelling van agter bedreig het. Hier het hy tweehonderd Middelburgers op Kranspoort geplaas. Vir die posisie by Renosterkop het hy vyfhonderd man beskikbaar gehad; op sy linkerflank die Johannesburgkommando, in die sentrum die polisie en op die regterflank die Boksburgkommando. Sy enigste berekende kans wat hy geneem het, is dat Paget dalk die pad na Wadrif met 'n sterk flankbeweging sou kon afsny.[141]

Teen ligdag op 29 November 1900 het Paget met 'n frontale aanval op die Johannesburgers begin. Die bombardement, wat die hele dag aangehou het, kon maklik uitgevoer word, aangesien die artilleriestelling onsigbaar vir die Boere was. Die aanvallers kon slegs die laaste honderd meter deur die Boere gesien word, maar in dié ruimte het elke aanval doodgeloop.[142] Die merkwaardigste - en moeilik verklaarbare - aspek van die geveg by Renosterkop was dat Paget vir vyftien uur lank aanhoudend probeer het om Viljoen se posisie deur middel van frontale aanvalle te verower. Selfs al sou die posisie waardevol vir een van twee partye gewees het, moes Paget nog probeer het om deur middel van 'n flankaanval Viljoen se enigste vlugroete af te sny om hom tot oorgawe te dwing. Teen die agtergrond van sy opdrag was nie die posisie van Renosterkop van belang nie, maar die uitskakeling van Viljoen se mag. Daar is 'n moontlikheid dat Paget te veel vertrou het op die aanvallers wat Renosterkop vanuit die weste moes aanval. Inderdaad kon 'n vasberade en tydige aanval van dié kant af die situasie vir Viljoen uiters moeilik gemaak het. Korrekte strategiese beplanning het egter juis ten opsigte van hierdie twee aspekte gefaal.

---

140) L.S. Amery, The Times history of the war in South Africa 1899-1902 V, p. 62.
141) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, pp. 161 - 164.
142) J.C. Viljoen, In den Anglo-Boer Oorlog met het Johannesburg Commando, (De Goede Hoop 2(3), 1 September 1904, p. 58).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




Nog voor sy vertrek uit Pretoria het Paget opdrag aan Lyttelton gegee om sy aanval op die 29ste vanuit Middelburg te ondersteun. Lyttelton het twee kolonnes opdrag gegee om die bevel uit te voer. Een kolonne van omtrent tweeduisend man en ses kanonne moes onder kol. G.D. Carleton van Groot Olifantstasie af na die Wilgerivier optrek en die ander, seshonderd en vyftig man met vier kanonne onder kol. R.S. Payne, moes vanuit Middelburg na Kranspoort opruk. Altwee groepe was vir die Britte nutteloos gedurende die geveg. Carleton het 'n dag te laat vertrek en Payne se bevele was ontoereikend. Carleton het byna die Middelburgkommando die loef afgesteek, maar was ook nie in staat om die Wilgerivier oor te steek nie.[143] Indien hierdie mag tydig en effektief toegeslaan het, kon Paget se frontale aanvalle suksesvol gewees het. Dit is moontlik dat Paget daarop gereken het, maar dit laat die vraag onbeantwoord waarom hy hom nie van so 'n belangrike detail vergewis het nie. Nietemin het hierdie versuim groot sukses aan Viljoen besorg en was tegelykertyd 'n bittere afskeidsgeskenk vir Roberts, wat op dieselfde dag die opperbevel aan Kitchener oorgedra het.[144]

---

143) L.S. Amery, The Times history of the war in South Africa 1899-1902 V, pp. 61 - 63.
144) L.S. Amery, The Times history of the war in South Africa 1899-1902 VII, appendix 1, p. 8.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Na oorleg met sy offisiere het Viljoen in die nag van 29 November bevel gegee dat Renosterkop ontruim moet word. In die geveg van vyftien uur het dit net twee burgers se lewens gekos teenoor meer as tagtig gesneuweldes aan Britse kant. Die herhaaldelike aanvalle het die kommando se ammunisievoorraad bykans uitgeput. Die oormag van die Britte was groot en die volgende dag kon aanvalle ook van die westelike kant verwag word. Daar was slegs een moontlike pad vir 'n terugtog. Hierdie situasie moes opgeweeg word teen 'n poging om die onbelangrike posisie te behou.[145] Viljoen het ongetwyfeld die korrekte besluit geneem om Renosterkop te ontruim.

Die terugtog was nog nie die laaste van die geveg nie. Paget het 'n sterk ruiterafdeling gestuur om Viljoen te agtervolg en gevolglik het daar nog 'n geveg in die Langkloof plaasgevind. Hierdie agtervolging het Viljoen gedwing om verder na die weste tot aan Bothasberg te beweeg waar 'n tyd lank gerus is.[146] In sy boek het Viljoen heelwat aandag bestee aan Paget se onbehoorlike behandeling van twee van Viljoen se adjudante wat 'n boodskap aan hom moes oordra. In die boodskap sou Viljoen sy verontwaardiging uitgespreek het oor Paget se behandeling van vroue en kinders.[147] Geen dokumentêre bewyse kon vir hierdie beskuldigings gevind word nie.

Viljoen het na die meer sentrale en oostelike deel van sy bevelsgebied getrek waar daar baie werk vir hom gewag het. Dit was 'n omvattende opdrag om die oorlogvoering in sy gebied te lei. Hy moes self die bevele van die krygsraad aan die kommando's in sy gebied oordra en hulle onder sy bevel bring.[148] Die veiligheid van sy distrik was 'n tweede probleem. Burgers het nog steeds gedros, oorgeloop en waardevolle inligting aan die vyand verskaf.[149] Viljoen was tereg bekommerd dat sy skuilplekke en bewegings op hierdie manier aan die Britte bekend kon word.[150] Afgesien van hierdie besondere pligte het die algemene opdrag gekom om die veggees te verhoog en die vyand skade te berokken. En dit moes alles gebeur teen die agtergrond van die oproerige Pedi wat met oortuiging die Britte se kant gekies het.[151]

---

145) TAB, Genl. S.W. Burger aanwins, 2, afskrif heliogram, B.J. Viljoen - (vermoedelik) S.W. Burger, 1 Desember 1900.
146) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, p. 174.
147) Ibid., pp. 171 - 173.
148) M.E. Rothmann, Oorlogsdagboek van 'n Transvaalse burger te velde 1900 - 1901, p. 101; B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, p. 176.
149) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, p. 177.
150) TAB, Archives of the Intelligence Officer to the Military Governor, 45/00, telegram, Intelligence dept, Pretoria - Military Governor, Pretoria, 14 November 1900.
151) P. Warwick, Black people and the South African War 1899-1902, p. 96.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hierdie nuwe taak moes Viljoen selfstandig verrig. Uiteraard het hy ondergeskik gebly aan Botha as Kommandant-generaal, maar in sy bevelsgebied was geen ander offisier bo hom aangestel nie. Vermoedelik het hy as gevolg van hierdie nuwe situasie die rang van assistent-kommandant-generaal gekry. Dit is egter onseker of hier inderdaad sprake van 'n hoër militêre rang is. Moontlik moet hier gedink word aan 'n offisier met die rang van generaal wat as hoogste bevelhebber die funksie van assistent-kommandant-generaal in dié gebied vervul het. Daar heers ook onduidelikheid oor die datum van hierdie aanstelling. Krüger noem Oktober sowel as Desember 1900.[152] Briewe van Viljoen uit Desember 1900 is inderdaad as "B.J. Viljoen, ast.Comdt.Genl." onderteken.[153]

In Desember het Viljoen by Bothasberg gebly. Dingaansdag is daar gevier, wat ongetwyfeld tot 'n goeie gees van eensgesindheid bygedra het. Die voormalige Staatsartillerie is onder Viljoen se bevel geplaas en om die bevelstruktuur te verbeter het hy met Botha se toestemming kommandant Muller tot assistent-veggeneraal bevorder.[154] Om 'n offensiewe aksie voor te berei het Viljoen met 'n aantal offisiere 'n uitgebreide verkenning uitgevoer om die beste aanvalsmoontlikheid te identifiseer.[155] Hierdie verkenning het gelei tot die aanval op Helvetia op 29 Desember 1900, 'n geveg wat net soveel bygedra het tot Viljoen se roem as die slag by Vaalkrans.

Helvetia was een van die Britse stellings wat die pad van Machadodorp na Lydenburg beskerm het. Hierdie pad is gebruik om die Britse garnisoen in Lydenburg twee maal per week van voorrade te voorsien. Helvetia was slegs twaalf kilometer noord van Machadodorp en Waterval-Boven geleë, ongeveer halfpad tussen die Elands- en Krokodilrivier. Die nabyheid van ander Britse garnisoene het die aanval 'n gewaagde onderneming gemaak.[156]

Die plan was dat Viljoen se burgers Helvetia van twee kante sou aanval. Tegelykertyd sou 'n skynaanval op Swartkoppies plaasvind wat die volgende Britse garnisoen op die pad na Lydenburg was. Dié aanval moes voorkom dat die Britte die garnisoen van Helvetia van dié kant te hulp sou snel. Die grootste gevaar was uiteraard die nabygeleë spoorlyn en die moontlikheid dat die Britte daardeur vinnig versterkings sou kon aanvoer. Om dit te voorkom, sou genl. Tobias


---

152) D.W. Krüger, Boere-generaal maak revolusie in vreemde land, (<u>Die Huisgenoot</u>, 25 Januarie 1974); C.J. Beyers, <u>Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek IV</u>, pp. 780 - 781.
153) TAB, Preller-versameling 36, pp. 72 - 73; Generaal C.H. Muller-versameling 1, lêer 1, brief B.J. Viljoen - C.H. Muller, 27 Desember 1900.
154) C.H. Muller, <u>Oorlogsherinneringe</u>, p. 101.
155) B.J. Viljoen, <u>Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog</u>, p. 177.
156) L.S. Amery, <u>The Times history of the war in South Africa 1899-1902 V</u>, p. 121.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Smuts Dalmanutha-stasie aanval en die spoorlyn daar afsny.[157] Die aanval sou op 29 Desember 1900 voor dagbreek plaasvind.

In die nag van 28 Desember het Viljoen sy ongeveer seshonderd man deur die veld van die laer in die Steenkampsberge in die rigting van Helvetia gelei, 'n tog wat Wynand Viljoen onthou het as een van sy swaarste ervarings - veral vanweë die gevaar van "kleindood" as gevolg van uitputting.[158] Nog voordat die aanval om 03:30 sou begin, is berig ontvang dat Smuts se aanval op Dalmanutha nie kon voortgaan nie. Viljoen is deur Botha aangeraai - of soos Rothmann sê, beveel - om ook sy aanval af te gelas.[159] Dit was egter nie meer moontlik nie en waarskynlik was Viljoen ook nie bereid om die raad of bevel te volg nie. Hierdie verwikkeling het die gevaar van die aanval aansienlik vergroot. Om moontlike Britse versterkings vanuit Machadodorp of Belfast voor te keer, het Viljoen self wes van Helvetia posisie ingeneem met die gewese Staatsartilleriekorps en 'n veldkornetskap Lydenburgers.[160]




---

157) M.E. Rothmann, Oorlogsdagboek van 'n Transvaalse burger te velde 1900 - 1901, pp. 101 - 102.
158) TAB, Aanwins A 1063, Die ervaringe van kmdt. Wynand J. Viljoen, p. 10.
159) J.C. Viljoen, In den Anglo-Boer Oorlog met het Johannesburg Commando, (De Goede Hoop 2(4), 1 Oktober 1904, p. 81); M.E. Rothmann, Oorlogsdagboek van 'n Transvaalse burger te velde 1900 - 1901, p. 102.
160) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, p. 179.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Veldkornette P. Myburgh en J. Ceronie wat die Britte op Swartkoppies sou besig hou, het in die nag verdwaal en moes onverrigter sake terugkeer. Die hoofaanval is met mening uitgevoer: genl. Muller met die Boksburgkommando en die Johannesburgse Polisie op Gun Hill aan die oostekant en kmdt. Wynand Viljoen met sy Johannesburgers aan die westekant van die reeks versterkings. Muller het die kamp op Gun Hill oorrompel - daar was selfs geen wagposte nie. Die Britte het swaar verliese gely, Muller vermeld sestig dooies en gewondes[161], waarvan verskeie nog in hul tente gelê het toe hulle geskiet is.[162]

Die aanval van die Johannesburgers was minder suksesvol. Hulle vyandelike teiken was sterker as Gun Hill en na dagbreek was daar nie juis geleentheid om die aanval voort te sit nie. Deurdat die aanval op Swartkoppies misluk het, het die Britte die geleentheid gekry om die Boere daarvandaan met 'n sterk mag en twee kanonne aan te val.[163]

Ondanks die teenslae het Viljoen se mag 'n groot buit verower. In sy verslag noem hy drie waens, 130 trekosse, 11 muile, 25 perde, Lee Metfordgewere en patrone, waaronder dum-dum koeëls.[164] Die grootste buit was 'n 4.7 skeepskanon, die "Lady Roberts", wat op Gun Hill verower is en na die slag na Tautesberg vervoer is. Die kanon was nie vir die Boere van veel nut nie, want die wa met granate moes in 'n hewige haelstorm agtergelaat word. Daar is wel onsuksesvol gepoog om self geskikte ammunisie vir die groot kanon te vervaardig.[165]

Die simboliese waarde van die verowering van die "Lady Roberts" was egter die belangrikste. Dit was die laaste van die 31 kanonne wat deur die Boere verower is.[166] Deur die hekeldig van F.W. Reitz het die gebeurtenis nog meer aandag gekry. Dit het aanleiding gegee tot 'n wanvoorstelling. Genl. Viljoen was in beheer van die aanval op Helvetia, maar die kanon is deur genl. Muller en sy Boksburgers verower. Tog het die eer in groot mate na Viljoen gegaan. Iets van naywer is herkenbaar in Muller se herinneringe. Hy gee in sy boek 'n gesprek weer waarin vertel word dat Muller die kanon verower het en dat dit nou in Viljoen se besit is. Die hoorders se reaksie was: "Dis net wat 'n mens van hom (Viljoen) kan verwag."[167]

---

161) C.H. Muller, Oorlogsherinneringe, p. 103.
162) M.E. Rothmann, Oorlogsdagboek van 'n Transvaalse burger te velde 1900 - 1901, p. 102.
163) C.H. Muller, Oorlogsherinneringe, p. 104.
164) TAB, Preller-versameling 1, pp. 245 - 249.
165) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, pp. 186 - 187.
166) TAB, FK 1796, p. 96, List of guns captured from British.
167) C.H. Muller, Oorlogsherinneringe, p. 105.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Daar is inderdaad grond vir hierdie karakterisering van Viljoen. Hy het graag in die kalklig gestaan en eerbetoon het sy ego op 'n besondere wyse gestreel. In sy eie boek beskryf hy 'n gesprek onder die weggevoerde Britse gevangenes. Na 'n verwysing na die generaal, vra een van die Britte, wat besonder beïndruk was deur die drag slae wat hulle gekry het: "Who is he? De Wet or Viljoen?"[168]

Tot vandag toe prikkel die verowering van die "Lady Roberts" die verbeelding. H.C. Viljoen gaan selfs so ver dat hy Viljoen die kanon eiehandig laat verower en hy laat Winston Churchill sê dat, indien dit deur 'n Britse offisier gedoen was, hy beslis met dekorasies oorlaai sou wees - 'n beskrywing waarin hy ooglopend die gebeure by Vaalkrans en Helvetia verwar.[169]

Benewens die gebuite goedere en die voorrade wat vernietig is, het die aanvallers ook 'n groot aantal Britte krygsgevange geneem. Viljoen verwys na een kaptein, drie luitenante en 230 manskappe.[170] Die offisiere is ooreenkomstig die beleid in 'n huis op Roossenekal gevange gehou. Kort daarna is die manskappe aan die Britse bevelhebber te Middelburg oorhandig.[171] Hoewel die meeste gewonde Britse soldate agtergelaat is, is vier gewondes tog meegevoer. Op 30 Desember het Viljoen 'n boodskap aan genl.maj. H.L. Smith-Dorrien in Belfast gestuur waarin hy gevra is om die vier gewondes te kom haal. Hy het in dieselfde brief gevra dat die twee burgers wat op Helvetia gesneuwel het, begrawe sal word. Verder het hy gemeld dat die liggewonde kapt. Kirkie saam met drie luitenante gevange geneem is. Hy het sy brief soos volg afgesluit: "Ik was verplicht om 'Lady Roberts' weg te nemen zijnde zij een ongewenschte inwoner van Helvetia. Zij is in goede welstand en heel tevreden met haar lot."[172] Smith-Dorrien het in sy antwoord sy erkentlikheid vir Viljoen se hoflike optrede betuig. Betreffende die skeepskanon het hy opgemerk: "The 'Lady Roberts' has a great dislike to being out of doors at night, especially in wet weather, and I trust that, if she remains any time visiting you, that you will provide suitable warm wraps for her. I would also recommend flannel next to the skin."[173] Ongetwyfeld was dit die styl en soort optrede wat Viljoen geniet het - en sý interpretasie van 'n "gentleman's war".

Nie elke Brit kon Smith-Dorrien se houding ewenaar nie. Met 'n woordevloed probeer H.W. Wilson om die oorwinning van die Boere te verander in 'n oorwin-

---

168) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, p. 184.
169) H.C. Viljoen (red.), Viljoen-Gedenkboek, p. 113.
170) TAB, Preller-versameling 1, pp. 245 - 249.
171) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, p. 185.
172) TAB, Preller-versameling 36, p. 73, brief, Viljoen - Smith-Dorrien, 31 (moet wees 30) Desember 1900.
173) TAB, Preller-versameling 36, p. 72, brief, Smith-Dorrien - Viljoen, 30 Desember 1900.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ning vir Britse moed en dapperheid. Hy gee 'n uitvoerige beskrywing van die wagposte se moeite om in die stikdonker nag iets te gewaar. Viljoen sou 'n mag van tweeduisend man tot sy beskikking gehad het en desondanks het hulle hul gevangenes as skild teen die Britse vuur gebruik. En hoewel die Boerekrygsgevangenes op St. Helena en Ceylon uitstekende versorging geniet het, het hulle die Britse krygsgevangenes nouliks kos gegee.[174]

Ten opsigte van een aspek was Wilson se beskrywing heeltemal korrek - die Britse besetting op Helvetia is vooraf gewaarsku dat 'n aanval van die Boere verwag kon word. Dit het duidelik geword op die krygsraadsitting wat gehou is om die optrede van majoor S.L. Cotton van die 1$^{st}$ Battalion The King's Liverpool Regiment, wat in bevel was op Helvetia, te bespreek. Hy is tydens die geveg ernstig gewond en die ondersoek na sy optrede kon dus eers op 17 September 1901 plaasvind. Tydens die krygsraadsitting is bewys gelewer dat die bevelhebber bewus was van die vermoede dat die Boere 'n aanval beplan het.[175] Die oorrompeling was so volkome dat daar voor die oorgawe nie sprake van 'n geveg was nie. As gevolg van sy lakse optrede is maj. Cotton uit die diens ontslaan.[176]

Ben Viljoen het die jaar 1900 op 'n hoogtepunt afgesluit - dit was die toppunt van sy roem. Hy het van 'n betreklik onbekende kommandant aan die Natalse front tot een van die bekendste generaals gevorder en sy naam was in die binne- en buiteland bekend. Die jaar 1901 het egter ander dinge vir Viljoen ingehou as wat hy by die jaarwisseling moontlik self van sy vooruitsigte gedink het.

---

174) H.W. Wilson, After Pretoria: The guerilla war, pp. 355 - 359.
175) TAB, FK 1796, p. 156, telegram, Intelligence Officer, Lydenburg - Officer in Command, Helvetia.
176) Ibid., pp. 24 en 152.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Ben Viljoen as generaal tydens die oorlog. Die foto is waarskynlik in 1901 in Pelgrimsrus geneem.





Ben Viljoen in fantasie-uniform in die VSA.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hoofstuk VII

## DIE GENERAAL (II) - 1901

Vir Ben Viljoen het die jaar 1901 op dieselfde hoë noot begin as waarop die vorige jaar geëindig het. Aan die begin van die jaar het genl. L. Botha die offisiere in Oos-Transvaal byeengeroep. Op 5 Januarie is 'n krygsraadsvergadering op Hoedspruit, oos van Middelburg, gehou. Daar is besluit om op 7 Januarie 'n aantal punte van die Delagoaspoorlyn gelyktydig aan te val. Die aanval sou in die noorde deur generaals B.J. Viljoen en C.H. Muller, en in die suide deur C. Botha en T. Smuts gelei word. As aanvalsplekke is Panstasie, Wonderfonteinstasie, Belfast, Belfaststasie, Dalmanutha en Machadodorp gekies. Belfast en Machadodorp het oor die sterkste Britse garnisoene besik.[1]

Deurdat die suksesvolle aanval op Helvetia nog maar kort tevore plaasgevind het, was die Britte op hul hoede - veral in die Belfastomgewing. Dit kon die aanval bemoeilik. Leyds gaan egter te ver wanneer hy beweer dat Viljoen se aanval by Helvetia Botha se groter planne gedwarsboom het.[2] Leyds se kritiek word ook nie deur Amery se beskrywing gesteun nie. Inteendeel, hy veronderstel dat die beplanning van die aanval op 7 Januarie juis die gevolg van die sukses by Helvetia was.[3] Viljoen vertel self dat hy en Botha gesels het oor die effek wat die geveg by Helvetia moontlik op die voorgenome aanval kon hê. Hy wys egter op 'n baie belangriker knelpunt. Die beplanning was baie ambisieus en het baie hoë eise aan die kommunikasie gestel.[4] As daar iets verkeerd sou gaan, en verstandige aanvoerders hou daarmee rekening, sou slegs 'n vinnige en betroubare wyse van kommunikasie die probleme kon uitstryk. Die aanval sou in die nag plaasvind. Die gebruik van heliograwe was dus uitgesluit en rapportgangers sou slegs met moeite die spoorlyn met sy blokhuise en draadversperrings kon oorsteek. Of Viljoen hierdie probleme tydens die krygsraad geopper het, is nie duidelik nie. Miskien het hy dit na die aanval as 'n moontlike oorsaak van die terugslae geïdentifiseer. Hy was in elk geval reg in die opsig dat die moeilike kommunikasie grootskaalse optrede deur die Boere byna onmoontlik gemaak het.


Viljoen het kmdt. P.F. Trichard aangesê om die westelike stasies Pan en Wonderfontein met die Middelburgkommando aan te val. Dalmanutha en Machadodorp was die Lydenburgers se doelwit en Viljoen en Muller sou Belfast probeer inneem.

---

1) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, pp. 191 - 194.
2) TAB, W.J. Leyds-huisargief, 3, ongepubliseerde artikel oor Viljoen.
3) L.S. Amery, The Times history of the war in South Africa, 1899-1902 V, pp. 122 - 124.
4) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, p. 194.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Ondanks koue, mis en reën was al die aanvallers in die nag van 7 Januarie op hul poste aan die noordekant van die spoorlyn en het die aanval om middernag begin. Aan die suidekant was die gang van sake minder suksesvol. Baie van die manne het in die duisternis verdwaal of op mekaar begin vuur. Die aanvalle op Pan, Wonderfontein, Dalmanutha en Machadodorp het misluk. Slegs by Belfast is sukses behaal.[5]




Die toegang tot Belfast sou op twee punte aangeval word: Monumenthoogte ten ooste van Belfast en die forte en steenkoolmyn aan die westekant. Sodra hierdie twee punte in Boerehande was, sou die dorp self aangeval word. Hierdie aanvalle sou van die suidekant ondersteun word deur Chris Botha se bestorming van die stasie. Muller met die Boksburgers en Johannesburgers het Monumenthoogte na 'n hewige geveg beset. Maj. J.F. Wolmarans met die artilleriste het die forte by die steenkoolmyn ingeneem en so vir Viljoen met die polisie die pad vir die aanval op die dorp gebaan. Hy het hierdie aanval ook begin, maar die teëstand van genl. H.L. Smith-Dorrien se garnisoen van 1 300 man was verbete. Wat Viljoen die meeste sorg gebaar het, was die feit dat hy geen kontak met Botha se aanvallers kon maak nie. Hy was nie seker of dié aanval ooit plaasgevind het nie. Sy eie aanval het ook te veel tyd in beslag geneem. Hy was bewus daarvan dat hy na dagbreek 'n artilleriebombardement kon verwag en

---

5) J.C. Viljoen, In den Anglo-Boer Oorlog met het Johannesburg Commando, (De Goede Hoop 2(5), 1 November 1904, p. 110).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

daarom het hy dit wys geag om die aanval te staak.[6]

Hoe kan Viljoen se rol hier geëvalueer word? Het hy verantwoorde beslissings geneem en in beheer van sake gebly? In die eerste plek is dit duidelik dat hy vir homself die gevaarlikste en belangrikste aanvalspunt uitgekies het. Hy was beslis nie die man om self aan die veilige kant te bly nie. Maar dit is ook duidelik dat hy tydens die aanval op die agtergrond gebly het. Hy was in bevel van die reserwemagte en sou slegs die laaste en finale aanval op die dorp self doen. Deur hierdie beplanning was Viljoen deurentyd tydens die geveg in staat om op enige gebeure te reageer. Dat hy teen die oggend liewer die geveg beëindig het as om sy mense aan 'n vyandelike artilleriebeskieting bloot te stel, getuig van sy insig. Die doel van die aanval was nie om Belfast of enige ander plek te beset nie, maar om die vyand skade te berokken en moontlike buit te verower. Dit moes die Boere motiveer en die veggees aanwakker. Die aanval op Belfast was nie 'n doelwit nie maar 'n middel - en as sodanig nie 'n bombardement op sy troepe werd nie. Viljoen het dus by Belfast getoon dat hy 'n waardige generaal was.

Botha se beplanning van die grootskaalse aanvalle op die spoorlyn het vermoedelik verband gehou met Kitchener se proklamasie van 20 Desember. In die proklamasie het hy goeie behandeling en beloning voorgehou aan die Boere wat bereid was om oor te gee .[7] Die bekendmaking van hierdie beloftes en aanbiedinge het met Viljoen se aanval op Helvetia saamgeval. Die daaropvolgende aanvalle op die spoorlyn het Kitchener van 'n welsprekende antwoord voorsien.

Viljoen het ook persoonlik op die proklamasie gereageer. Smith-Dorrien het 'n eksemplaar daarvan aan hom gestuur en in 'n begeleidende brief belowe dat offisiere wat positief op Kitchener se aanbod reageer, selfs nog beter behandeling kon kry indien hulle bereid was om daarvoor te betaal.[8] Viljoen het in sy antwoord die proklamasie afgewys as 'n "snoode beleediging" en 'n poging om mense tot ontrouheid teenoor hul land en volk aan te spoor. Hy kon nie nalaat om daarop te wys dat die wegvoering van sieklike burgers en die vernietiging van hul huise, nie ooreengestem het met die trant van die proklamasie nie.[9]

Kitchener se proklamasie was deel van 'n georganiseerde aksie om vrede te bewerk deur die Boeremagte tot oorgawe oor te haal. Vroeg in Desember 1900 is

---

6) B.J. Viljoen, <u>Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog</u>, pp. 194 - 199; M.E. Rothmann, <u>Oorlogsdagboek van 'n Transvaalse Burger te velde 1900-1901</u>, pp. 111 - 117; R.W. Schikkerling, <u>Hoe ry die Boere</u>, pp. 113 - 120.
7) TAB, Preller-versameling 36, p. 71, Kitchener se proklamasie.
8) <u>Ibid.</u>, p. 70, brief, Smith-Dorrien - Viljoen, 3 (moet wees 30) Desember 1900.
9) <u>Ibid.</u>, p. 74, brief, Viljoen - Smith-Dorrien, 1 Januarie 1901.

daar 'n vredeskomitee in Belfast onder leiding van advokaat Meyer de Kock gestig. Ook elders was daar aktiwiteite van Boere wat na die Britte oorgeloop het. Op 'n vergadering in Pretoria is hulle vriendelik deur Kitchener toegespreek. Sy rede is in Hollands en Engels gedruk en sou saam met die proklamasie versprei word. Om die effek van die proklamasie te versterk, sou dit persoonlik deur afgevaardigdes van die vredeskomitee by die Boerekommando's toegelig word.[10]

De Kock het hierdie taak by die kommando's in die omgewing van Belfast en Bothasberg probeer verrig. Die brandwagte het hom gevang en Viljoen het Muller opgedra om die saak verder te hanteer, omdat hy self op pad was om Louis Botha suid van die spoor te ontmoet. By nader ondersoek het geblyk dat De Kock verskeie briewe en dokumente by hom gehad het - waaronder 'n naamlys van vooraanstaande burgers wat die wapens neergelê het en wat die nog vegtende burgers aangemoedig het om dieselfde te doen. Muller het De Kock na Tautesberg gestuur waar 'n krygshof onder voorsitterskap van landdros G.F. Joubert van Lydenburg die saak verhoor het.[11]

Daar kon verskeie klagtes teen De Kock gelê word. Hy het uit die veldkornetskap Steenkampsberg gedros en was van voornemens om ook ander burgers ontrou aan die wettige regering te maak.[12] Hierdie klagtes was ernstig genoeg, maar daar het ook nog 'n gerug oor hom die rondte gedoen. Hy sou aan Kitchener die raad gegee het om die vroue en kinders in konsentrasiekampe te plaas om sò die burgers tot oorgawe te dwing.[13] Muller se verslag skep die indruk dat hierdie bewering op dokumentêre bewys berus het[14] en Wynand Viljoen beweer dat hierdie getuienis gekom het van 'n persoon wat aan Britse gevangenskap ontsnap het.[15] Ben Viljoen vertel ook van hierdie gerug, maar in die Nederlandse uitgawe van sy boek plaas hy tog 'n kanttekening daarby wat sy twyfel daaroor laat blyk.[16]

Vermoedelik het hierdie gerug geen rol by die verhoor gespeel nie. De Kock is weens hoogverraad ter dood veroordeel en die vonnis is deur die Regering bekragtig.[17] Twee generaals maak aanspraak daarop dat hulle opdrag gekry het om

---

10) L.S. Amery, The Times history of the war in South Africa 1899-1902 V, pp. 92 - 93; A.M. Grundlingh, Die "Hendsoppers" en "Joiners", pp. 84 - 86
11) C.H. Muller, Oorlogsherinneringe, pp. 112 - 113.
12) A.M. Grundlingh, Die "Hendsoppers" en "Joiners", p. 96.
13) J.C. Viljoen, In den Anglo-Boer Oorlog met het Johannesburg Commando, (De Goede Hoop 2(5), 1 November 1904, p. 111).
14) C.H. Muller, Oorlogsherinneringe, p. 112.
15) TAB, Aanwins A 1063, Die ervaringe van Kmdt. Wynand J. Viljoen, p. 10.
16) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, p. 208; A.M. Grundlingh, Die "Hendsoppers" en "Joiners", p. 96.
17) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, p. 208; C.H. Muller, Oorlogsherinneringe, p. 113.

die vonnis uit te voer. Muller vertel dat Viljoen die opdrag aan hom gegee het en dat hy De Kock in kennis gestel het. Sy gedetailleerde verslag klink baie geloofwaardig. Viljoen vertel dat die Regering hòm die opdrag gegee het en dat hỳ dit uitgevoer het. Sy verslag is ook met talle besonderhede versier en klink net so geloofwaardig soos Muller s'n.[18] Jan Viljoen vertel verder dat familielede en vriende van De Kock 'n petisie opgestel het om genade vir hom te vra. Daarop het die burgers op kommando 'n petisie opgetrek om die Regering te vra om nie die vonnis te verander nie.[19] Die teregstelling van De Kock is deur kanongebulder en geweervuur begelei.

Die dag tevore het genl. F.W. Kitchener uit Belfast, Machadodorp en Lydenburg 'n aanval geloods op Windhoek, Viljoen se hoofkwartier. In die omgewing van Dullstroom is die Britte op 12 Februarie teruggedwing. Volgens Amery was die Britse aanval van meet af aan tot mislukking gedoem, maar hy gee geen redes vir sy stelling nie.[20] Viljoen vertel van 'n verwoede geveg waarby sy maanskappe en dié van Muller dapper gestorm het en die Britse kavallerie laat vlug het. Volgens sy oordeel was dit die infanterie wat die skande verhoed het dat Kitchener sy kanonne en waens moes agterlaat.[21]

Die ontwrigting van Kitchener se vredespoging, die terugslae by die spoorlyn en die mislukte poging om Viljoen se hoofkwartier te verower, het alles daartoe bygedra dat die verhouding met die Britte in hierdie tyd uiters stroef was. Hiervan getuig die mislukte samespreking tussen lord Kitchener en Louis Botha op 28 Februarie,[22] terwyl die korrespondensie tussen Viljoen en die Britte ook daarvan getuig.

Hierdie briefwisseling was veral in Februarie 1901 baie intensief. Dit het gehandel oor persone wat die linies wou passeer. Daar was briewe en pakkies vir die gevange Britse offisiere, navrae oor vermiste persone soos oor De Kock en proteste oor die aanhouding van boodskappers. 'n Saak wat baie aandag gekry het, was die versoek aan die Britte om medisyne en verbandgaas deur te laat. Slegs Kitchener was bevoeg om daaroor te besluit en Smith-Dorrien het Viljoen se versoek met 'n begeleidende brief deurgestuur. Daarin adviseer hy

---

18) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, pp. 209 - 210.
19) J.C. Viljoen, In den Anglo-Boer Oorlog met het Johannesburg Commando, (De Goede Hoop 2(5), 1 November 1904, p. 111).
20) L.S. Amery, The Times history of the war in South Africa, 1899-1902 V, p. 199.
21) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, pp. 203 - 207.
22) M.E. Rothmann, Oorlogsdagboek van 'n Transvaalse Burger te velde 1900-1901, pp. 149 - 154.

Kitchener om die versoek af te wys, aangesien daar onsekerheid bestaan het oor die welstand van De Kock en ook omdat die Boere in die omgewing van Carolina lede van 'n ambulansafdeling gevange geneem het.[23] Viljoen het glad nie daarvan kennis gedra nie en kon ook nie insien wat dit met die deurstuur van medisyne te doen gehad het nie. Op 20 Februarie het Kitchener gevra vir 'n gespesifiseerde lys van die medisyne wat Viljoen benodig. Viljoen het dit ingelewer, maar op 3 Maart het hy steeds nog niks ontvang nie.[24]

Dit is merkwaardig dat daar geen verwysing na die skade aan die spoorlyn en die telegraafverbindings in hierdie korrespondensie voorkom nie. Hierdie skade kon maklik aangedui word as 'n verskoning vir vertraging of misverstand. Die skade aan die Oosterlyn was juis in hierdie tyd besonder groot. Tydens die terugtog na Hectorspruit van Julie tot September 1900 het Viljoen, as bevelhebber van die agterhoede, die lyn herhaaldelik gesaboteer. In die offisiële verslag word agtien plekke vermeld waar die lyn herstel moes word. Die reparasietyd het gewissel van enkele ure tot vyf dae.[25] Daarna het die tog na Pietersburg plaasgevind en in Oktober en November 1900 is die Delagoalyn slegs vier maal beskadig. Daarna was dit duidelik dat die Boere teruggekeer het. Tydens die maande Desember 1900 tot April 1901 is die aantal sabotasies respektiewelik elf, agt, nege, nege en agt.[26] Wanneer 'n gemiddelde reparasietyd van twee dae in berekening geneem word, beteken dit dat dele van die lyn omtrent die helfte van die tyd nie gebruik kon word nie.

Wat die telegraaflyne betref was die toestand nog hagliker. Die rapport oor Februarie 1901 betreffende die verbindingslyne na die ooste gee nie minder as twaalf onderbrekings aan nie.[27] Partykeer is die draad net gebreek in samehang met 'n poging om 'n trein op te blaas. Ander kere is die drade en ook die houtpale oor groot afstande verwyder. Schikkerling vertel dat hulle die draad gebruik het om spykers vir hoefysters te smee en dat die pale uitstekende brandhout was.[28]

Die beskadiging van die telegraaflyne was 'n eenvoudige werk in vergelyking met die opblaas van treine. Die telegraafverbinding met die suide wat vir die

---

23) TAB, FK 1788, p. 118, Viljoen - Smith-Dorrien, 28 Januarie 1901; Smith-Dorrien - Kitchener, 1 Februarie 1901.
24) TAB, FK 1788, pp. 118 - 123, korrespondensie tussen verskeie Britse bevelhebbers en Viljoen; Preller-versameling 36, pp. 75 - 80, briefwisseling tussen Viljoen en verskeie Britse offisiere.
25) E.P.C. Girouard, <u>History of the railways during the war in South Africa, 1899 - 1902</u>, pp. 110 - 113.
26) <u>Ibid.</u>, grafiek teenoor p. 192.
27) TAB, FK 1795, p. 106, Staff diary, Lines of Communication East, Febr. 1901.
28) R.W. Schikkerling, <u>Hoe ry die Boere</u>, pp. 111 en 135.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Britte so belangrik was, was in Junie 1900 tot drie dae lank buite gebruik en een van die twee telegraaflyne van Pretoria na Pietersburg is so aanhoudend beskadig dat die Britte uiteindelik besluit het om die lyn maar te laat vaar.[29]

Om die spoorlyn te saboteer, was nie eenvoudig nie. In sy boek gee Viljoen 'n uitvoerige en duidelike uiteensetting van so 'n sabotasie wat in Maart 1901 plaasgevind het. In die eerste plek moes groot versigtigheid aan die dag gelê word by die opstel van die myn. Die Britte het die lyne baie sorgvuldig nagegaan voordat 'n trein daaroor gery het. Dit was nie voldoende om net 'n trein op te blaas nie. Onmiddellik daarna moes dit ook vir buit bestorm word. Die buit kon wapens en ammunisie wees en dít wat van Britse krygsgevangenes geneem is. Dit kon kosvoorrade, kleding en selfs koerante wees om hul eie tekorte aan te vul en die nuushonger te bevredig. As gevolg van onsekerheid oor die kom en gaan van die treine kon dit gebeur dat 'n kommando tot 24 uur lank op een plek vir 'n trein moes wag. En wanneer die trein dan gekom en die myn ontplof het, was daar nog die onbekende faktore om mee rekening te hou: hoe sterk die Britse troepe op die trein was en hoe goed hulle gelei was. Nie elke bestorming van 'n ontspoorde trein was suksesvol nie. En dan kon dit nog gebeur dat 'n Britse pantsertrein wat onverwags opgedaag het, die Boere onder kanonvuur geplaas het sodat hulle met swaar verliese hul buit moes agterlaat.[30]

Terwyl aktiwiteite soos die opblaas van treine en vernieling van die Britse verbindingslyne nie sonder gevaar vir die Boere was nie, het dit die Britte voortdurend hoofbrekens besorg. Die skade en ontwrigting wat daardeur veroorsaak is, het reeds in Augustus 1900 daartoe gelei dat lord Roberts, die Britse bevelhebber, streng maatreëls ingestel het teen die burgers wat in die omgewing van die plek van sabotasie gewoon het. Die maatreëls het die deportasie van bewoners en die vernietiging van hul besittings ingehou.[31] Toe die Britte egter begin om orals plaashuise af te brand en vroue en kinders na kampe weg te voer, het dié maatreël oneffektief geword.

Dit is wel duidelik dat Viljoen se aktiwiteite gedurende die laaste maande van 1900 en die eerste maande van 1901 vir die Britte 'n voortdurende bron van kommer was. Hierdie feit het sekerlik daartoe bygedra dat daar besluit is om in April 1901 'n grootskaalse aksie te ontplooi om Ben Viljoen se magsbasis te vernietig, sy aktiwiteite te belemmer en hom en sy mense te vang - as deel van

---

29) R.L. Hippisley, History of the telegraph operations during the war in South Africa 1899 - 1902, pp. 18 en 38.
30) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, pp. 327 - 333; J.C. Viljoen, In den Anglo-Boer Oorlog met het Johannesburg Commando, (De Goede Hoop 2(6), 1 November 1904, p. 127).
31) S.B. Spies, Methods of barbarism?, pp. 102 - 103.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


'n groter strategie van Kitchener oor die hele Oos-Transvaal. Hierdie dryfjag moes 'n einde aan Viljoen se rol in die guerrilla-oorlog maak.

Die beplanning was inderdaad grootskaals. Van Pietersburg, Lydenburg, Belfast en Middelburg moes Britse kolonnes die gebied afsluit, binnedring en verwoes. Amery wys op drie nadele van hierdie uitgebreide onderneming. In die eerste plek het die klem op die gevangeneming van Botha, die Regering en Viljoen se kommando's (wat die oorspronklike hoofdoel van die operasie was) verskuif na die verwoesting van plaashuise en deportasie van die inwoners. In die tweede plek het die omvangryke organisasie ter voorbereiding daarvan, die hele operasie se geheimhouding verbreek. Ten slotte was die onderskeie kolonnes nie beweeglik genoeg om hierdie gebied vinnig en doeltreffend af te sluit en skoon te maak nie. Dit was veral as gevolg van die feit dat 'n groot aantal kanonne onnodiglik saamgeneem is.[32]

Lt.genl. sir Bindon Blood was in beheer van die dryfjag. Volgens die plan van aksie moes brig.genl. H.C.O. Plumer uit Pietersburg suidwaarts deur die Olifantsriviervallei trek en die driwwe beset om sodoende ontsnapping na die weste onmoontlik te maak. Daarvoor het hy 1 200 man en agt kanonne tot sy beskikking gehad.[33] Omdat hierdie operasie oor 'n groot afstand uitgevoer moes word, het genl.maj. S.B. Beatson bevel gekry om met 1 600 man en vier kanonne van Middelburg af na die noorde te trek, die driwwe af te sluit en Plumer te ontmoet. Verder is daar vir twee kolonnes vir die suidelike aanval gevorm wat onder bevel van genl.maj. R.S.R. Fetherstonhaugh gestaan het. Een kolonne van 2 200 man en agt kanonne onder bevel van lt.kol. G.E. Benson, moes van Middelburg vertrek, oor Bothasberg gaan en die suidelike uitgang van die Steelpoortvallei afsluit. Die taak van die tweede kolonne van 1 700 man en drie kanonne was om van Belfast af te vertrek en Dullstroom en Roossenekal aan te val. Hierdie kolonne het onder bevel van lt.kol. W.P. Pulteney gestaan. Vanuit die ooste het Blood ook drie kolonnes beskikbaar gehad. Uit Witklip moes lt.kol. W. Douglas met 1 100 man en vyf kanonne na Dullstroom opruk en kol. C.W. Park sou met 800 man en drie kanonne uit Lydenburg vertrek om die noordelike uitgang van die Steelpoortvallei af te sluit. 'n Besondere taak is aan genl.maj. F.W. Kitchener opgedra. Met 1 400 man en vyf kanonne moes hy van Lydenburg af na Magneethoogte en Fort Weeber trek en deur die Olifantsriviervallei suidwaarts beweeg om die gebied skoon te maak. Daar was sowat 11 000 man en 31 kanonne by die operasie betrokke.[34]

---

32) L.S. Amery, <u>The Times history of the war in South Africa, 1899-1902 V,</u> pp. 207 - 208.
33) M.H. Grant, <u>History of the war in South Africa IV,</u> p. 139.
34) <u>Ibid.</u>, p. 139; L.S. Amery, <u>The Times history of the war in South Africa, 1899-1902 V,</u> pp. 204 - 207; H.W. Wilson, <u>After Pretoria: the guerilla war</u>, pp. 437 - 438.




| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| A | Watervaldrif | 1 | Magneethoogte | 9 | Kobaltmyn |
| B | Wagendrif | 2 | Jane Furse nedersetting | 10 | Hoedspruit |
| C | Kalkfonteindrif | 3 | Fort Weeber | 11 | Roodekraal |
| D | Krokodildrif of Maseppa's drif | 4 | Fort Driehoek | 12 | Diepkloof |
| E | Kommissiedrif | 5 | Chunies Poort | 13 | Maleeuskop |
| F | Bathfonteindrif | 6 | Ramapula se stat | 14 | Windhoek |
| G | Olifantsdrif | 7 | Pootjiesnek | 15 | Witpoort |
| | | 8 | Renosterkop | 16 | Bergfontein |

spoorlyn
rivier/spruit
Britse marsroete

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die getalle wat die Britse bronne vir die onderskeie kolonnes aangee, verskil aansienlik, maar die totale kom goed met mekaar ooreen. In navolging van Viljoen word 25 000 dikwels genoem as die getal Britse troepe[35] en volgens Wynand Viljoen het die Britse mag selfs 75 000 getel.[36] Die Britse bronne sal hier sonder twyfel betroubaarder wees, aangesien Viljoen nie oor dokumente beskik het nie.

Die Britse beplanning is redelik nougeset uitgevoer. Al die oostelike en suidelike kolonnes het oor slegs een gemeenskaplike aanvoerlyn beskik, naamlik die Delagoaspoorlyn. Op 11 en 12 April 1901 het die Boere naby Witbank en Machadodorp treine opgeblaas, sodat die aanvoer van Britse troepe en voorrade versteur is. Gevolglik het die suidelike kolonnes te laat vertrek. Al die kolonnes moes op 14 April vertrek het, maar Beatson is een dag lank vertraag en kon eers die 15de April begin marsjeer, terwyl Benson en Pulteney eers die 16de April op mars gegaan het. Vanweë aanvoerprobleme kon hierdie kolonnes bowendien nie vinnig vorder nie. Die gevolge van hierdie vertraging was nie baie ernstig nie, alhoewel Pulteney se vertraagde opmars Douglas se linkerflank onbeskerm gelaat het. Dit het die Boere die kans gebied om hier 'n teenaanval te doen.[37]

Die Britte se grootste teenslag was nog voordat die aanval begin het. Die voorbereidings het nie ongemerk plaasgevind nie en sowel die Regering as Botha het die bedreigde gebied verlaat en die spoorlyn na die suide oorgesteek.[38] Dit laat die vraag ontstaan waarom Viljoen nie eweneens tydig veiligheid gesoek het nie. Viljoen se eie verklaring is nie baie bevredigend nie. Hy sê dat dit lafhartig sou gewees het om sy laer prys te gee sonder 'n poging tot verdediging.[39] Amery veronderstel dat Viljoen onwillig was om te vlug aangesien hy dan sy kanonne sou moes vernietig en al die geriewe in sy laer moes agterlaat.[40] Hierdie verklaring is ook onaanvaarbaar, aangesien Viljoen duidelik laat blyk het dat die ongerieflike kommandolewe vir hom geen groot beswaar was nie. Die vernietiging van kanonne was vir Viljoen beslis moeilik, alhoewel ammunisie bykans glad nie meer beskikbaar was nie.[41]

---

35) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, p. 211; M.E. Rothmann, Oorlogsdagboek van 'n Transvaalse Burger te velde 1900-1901, p. 169 n; H.C. Viljoen, Viljoen-Gedenkboek, p. 114.
36) TAB, Aanwins 1063, Die ervaringe van kmdt. Wynand J. Viljoen, p. 10.
37) L.S. Amery, The Times history of the war in South Africa, 1899-1902 V, pp. 208 - 209.
38) M.H. Grant, History of the war in South Africa IV, p. 140.
39) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, p. 212.
40) L.S. Amery, The Times history of the war in South Africa, 1899-1902 V, p. 210.
41) M.E. Rothmann, Oorlogsdagboek van 'n Transvaalse Burger te velde 1900-1901, p. 169.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

As generaal was Viljoen verantwoordelik vir sy vegtende burgers en die inwoners van sy bevelsgebied. Sy manskappe was oor die hele streek versprei en dit sou vir hom baie moeilik gewees het om 'n algehele ontruiming uit te voer. Hy sou moontlik afdelings van sy mag aan hul lot moes oorlaat en ook geen beskerming meer aan die talle vroue, kinders en eiendomme in sy bevelsgebied kon bied nie. Daarteenoor kon hy ook geen wesenlike beskerming bied deur te bly nie, aangesien die vyand te talryk was. Wat die verspreiding van sy burgers betref, kon Viljoen dit tot sy voordeel aangewend het. Na die vertrek van Botha en die Regering het hy voldoende tyd gehad om al sy ondergeskiktes van die bedreiging in kennis te stel. Hy kon hulle opdrag gegee het om individueel of in klein groepies aan die omsingeling te ontsnap en daarna weer op vooraf bepaalde punte te ontmoet. Bevelvoerders kon vir hierdie doel aangestel word. 'n Aantal groepe het inderdaad op eie gesag so opgetree, maar moes ook na hul ontsnapping hul eie pad vind. Die groep van Rothmann het op Bergfontein die laaste skote met die Long Tom afgevuur, die kanon vernietig en padgegee.[42] Viljoen het egter geen sodanige opdragte gegee nie.

Waarskynlik het juis hierdie manier van oorlogvoering Viljoen teen die bors gestuit. Om in 'n geveg die mindere te wees en gedwing te word om terug te val, was vir Viljoen nie te moeilik nie. Die terugtog sou dan eervol wees. Om reeds by voorbaat te vlug was oneervol, soos hy self skryf. As grenspionier het hy die rol van jagter geken, nie dié van opgejaagde nie. As romantikus het die ontwykingstaktiek van die guerrilla-oorlog nie vir hom ooreengestem met die ideale van beskaafde oorlogvoering nie. Muller verklaar selfs dat Viljoen besluit het om soos Cronjé oor te gee[43], maar dit is moontlik dat hierdie mededeling beïnvloed is deur Viljoen se verdere lewensloop en gerugte van verraad wat oor hom versprei is. Waarskynlik het daar by Viljoen, vir die eerste keer gedurende die oorlog, die vraag opgekom of dit alles sinvol was. In hierdie geval sou so 'n vraag op 'n kritieke tydstip 'n mate van besluiteloosheid by hom veroorsaak het.

Besluiteloosheid is duidelik waarneembaar in sekere gebeurtenisse en die gebrek aan leiding. Schikkerling verwys na verwarrende bevele en groepies burgers wat hul eie besluite geneem het, hetsy om uit te wyk, hetsy om oor te gee, terwyl ander hul "verdriet in perskesop verdrink" het.[44] Ook Muller se verslag toon duidelik dat Viljoen nie meer in beheer van sake was nie.[45] Jan Viljoen

---

42) M.E. Rothmann, Oorlogsdagboek van 'n Transvaalse Burger te velde 1900-1901, p. 170. Deur onlangse ondersoek is vasgestel dat die Long Tom nie op Bergfontein nie maar op die plaas Rondebult vernietig is. L. Changuion, Boekbespreking, (Historia 37(2), November 1992, p. 106.)
43) C.H. Muller, Oorlogsherinneringe, p. 117.
44) R.W. Schikkerling, Hoe ry die Boere, pp. 168 - 171.
45) C.H. Muller, Oorlogsherinneringe, pp. 120 - 122.

veronderstel dat Ben nie die volle omvang van die Britse opmars besef het nie.[46]

Op een punt is gepoog om die vyandelike opmars te ontwrig. Douglas se onbeskermde flank het die moontlikheid daartoe gebied. Volgens Grant het die geveg op 16 April plaasgevind en het Muller, wat in hierdie geveg gewond is, Douglas met sewehonderd man aangeval.[47] Amery laat die aanval van drie kante af plaasvind: Muller met vierhonderd man, Viljoen met vyfhonderd man en Taute met tweehonderd man.[48] Volgens Muller het die geveg eers op 19 April plaasgevind en te oordeel aan sy kriptiese mededeling, was dit nie 'n groot geveg nie.[49] In Jan Viljoen se beskrywing is dit nie Muller wat die geveg gelei het nie, maar Wynand Viljoen.[50] Ben Viljoen self was nie betrokke nie en hy gee ook min aandag aan, wat hy noem, die skermutseling waarin Muller gewond is.[51] Dat die beplande Britse opmars op geen enkele georganiseerde versetspoging gestuit het nie, lyk na 'n verantwoorde stelling, dit dui op die ineenstorting van Viljoen se mag.

Toe Windhoek, Viljoen se hoofkwartier, bedreig is, het hy noordwaarts na Mapochsgronde uitgewyk. Daar het hy die bevel gegee om die waens en kanonne, waaronder die "Lady Roberts", te vernietig en soveel voetgangers as moontlik van rydiere te voorsien, aangesien dit onmoontlik sou wees om te voet aan die omsingeling te ontsnap.[52] Die eerste poging wat onderneem is, was in 'n suidelike rigting. Daar was inderdaad 'n gaping tussen die kolonnes van Benson en Pulteney. Viljoen het egter te ver na wes beweeg en het sodoende nie die opening gekry nie.[53] Gevolglik moes 'n groot deel van sy burgers, kort na hulle vertrek, weer na Mapochsgronde terugkeer.[54] Dit het die swak veggees nog verder gedemp.

Dit was nie net verspreide groepies burgers wat selfstandig opgetree het nie, maar ook die offisiere in Viljoen se nabye omgewing het eiemagtig gehandel. Dit het Viljoen baie gekwel. Om muitery te voorkom, het hy 'n veldkornet onder

---

46) J.C. Viljoen, In den Anglo-Boer Oorlog met het Johannesburg Commando, (<u>De Goede Hoop</u> 2(6), 1 November 1904, p. 128).
47) M.H. Grant, <u>History of the war in South Africa IV</u>, p. 143;
48) L.S. Amery, <u>The Times history of the war in South Africa, 1899-1902 V</u>, p. 209.
49) C.H. Muller, <u>Oorlogsherinneringe</u>, p. 118.
50) J.C. Viljoen, In den Anglo-Boer Oorlog met het Johannesburg Commando, (<u>De Goede Hoop</u> 2(6), 1 November 1904, p. 129).
51) B.J. Viljoen, <u>Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog</u>, p. 211.
52) <u>Ibid.</u>, pp. 213 - 214.
53) L.S. Amery, <u>The Times history of the war in South Africa, 1899-1902 V</u>, p. 211.
54) B.J. Viljoen, <u>Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog</u>, p. 215.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

arres geplaas en 'n burger tot vyftien houe met 'n sambok veroordeel.[55] Lt.kol. S.P.E. Trichard vertel dat hy Viljoen oor sy planne uitgevra het. Viljoen het geantwoord dat hy agter sy vlugtende kommando aan getrek het. Na sy oordeel kon daar nie met hulle geveg word nie.[56] Die burgers is bymekaar geroep en toegespreek. Vermoedelik was dit by hierdie byeenkoms dat Viljoen verklaar het dat hy nie langer as generaal wou dien nie. Eers nadat die rebellerende offisiere hom om verskoning gevra en versoek het om nie sy amp neer te lê nie, was hy bereid om die burgers nog 'n keer te beproef.[57] Sy kommando was toe nog ongeveer 600 man sterk. Baie groepies het, noodgedwonge of vrywillig, hul eie pad gesoek. Ander, soos honderd Boksburgers, het hul wapens en perde aan die agterblywende burgers oorhandig en hulself aan die vyand oorgegee.[58]

Dit was egter nie Viljoen wat die burgers uit die val gelei het nie. Trichard, wat na die oorlog teen Mapoch in 1882-1883 die omgewing goed geken het, het dit moontlik geag om die Olifantsrivier te bereik en oor te steek. Viljoen vertel in sy boek net van 'n gids en noem Trichard - wat hy tog onmoontlik kon vergeet het - nie by name nie.[59] Dit laat die vraag ontstaan of Trichard net 'n gids was en of hy nie in 'n sekere sin die leiding oorgeneem het nie. Hierdie vraag is geldig omdat Viljoen se leierskap in daardie stadium bevraagteken kan word. Uit alle verslae, ook uit sy eie boek, is dit duidelik dat Viljoen die greep op sy mense verloor het. Hierby moet uiteraard in berekening gebring word dat baie burgers van nature graag hul eie gang gegaan het. Dissipline was beslis nie 'n kenmerkende eienskap van die Boeremagte nie. Ander generaals het met dieselfde probleme geworstel. Dit bly egter 'n feit dat Viljoen nie kans gesien het om dissipline met 'n sterk persoonlikheid af te dwing nie. Het hy dié persoonlikheid gemis? Dit wil voorkom of Ben Viljoen nie juis dié leierseienskap gehad het waardeur ander mense geïnspireer is nie. Hy was 'n leier omdat ander mense hom gevolg het; hy het nie die vermoë gehad om ander mense in hom te lååt glo nie. Hierdie tekortkoming kom uiteraard eers in kritieke omstandighede na vore. Inderdaad was dit die geval in April 1901. Die toestand was sò kritiek dat min mense in dié omstandighede in staat sou wees om die greep op die situasie te behou. Viljoen was nie een van hulle nie. In April 1901 het hy ten opsigte van sy leierskap gefaal - en hy het dit geweet.

---

55) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, p. 217.
56) O.J.O. Ferreira (red.), Geschiedenis, werken en streven van S.P.E. Trichard, p. 185.
57) J.C. Viljoen, In den Anglo-Boer Oorlog met het Johannesburg Commando, (De Goede Hoop 2(8), 1 Januarie 1905, p. 158).
58) R.W. Schikkerling, Hoe ry die Boere, p. 176; A.P. Obermeijer, Met het Boksburg Kommando, p. 21.
59) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, p. 220.

Trichard het probeer om sy familie op 'n geheime skuilplek in Diepkloof na veiligheid te bring.[60] Daarna het hy die weswaartstrekkende Viljoen ontmoet, en hom op 'n moontlike ontsnappingsroete gewys. Gelei deur Trichard het 'n moordende tog vervolgens plaasgevind. Na al die rondtrekkery en skermutselinge van die voorafgaande tien dae moes die burgers gedurende die nag oor Tautesberg na die Bloedriviervallei trek. Die tog moes met die grootste versigtigheid uitgevoer word. Die burgers moes Maleeuskop, waar Benson se troepe gestaan het, op 'n afstand van duisend meter passeer.[61] Viljoen vertel dat die burgers in sulke omstandighede dikwels hul perde dig op mekaar gelei het. Dit sou die Britte laat dink het dat daar net 'n kudde beeste in die duisternis rondtrek.[62] Trichard het Ramapula, 'n swart kaptein, in die nag opgesoek. Daar het hy die versekering gekry dat die pad wat hy gekies het veilig was, maar dat die Britte baie naby was. Hy het vervolgens Viljoen se kommando in enkelgelid deur die Olifantsrivier gelei tot by 'n plek tussen Krokodil- en Kalkfonteindrif.[63]

Hoe kon dit gebeur het dat hierdie plek nie deur die Britte beset was nie? Op hierdie vraag is uiteraard geen volstrekte antwoord moontlik nie, maar daar is wel 'n aantal punte wat hierdie versuim kan toelig. Daarom is dit nodig om veral te let op die bewegings van Plumer en Beatson, die twee bevelhebbers wat verantwoordelik vir die afgrendeling van die Olifantsrivier was.

Plumer het tot sy verbasing besef dat daar baie meer driwwe en moontlike deurgange was as wat hy vermoed het. Daardeur het hy Kommissiedrif eers op 22 April beset. Sy vordering was dus stadig, hoewel hy sy deel van die Olifantsrivier betyds afgesluit het. Dalk was die feit dat Plumer sy hoofkwartier redelik noord, by Bathfonteindrif, gevestig het, 'n bydraende oorsaak vir die stadige opmars.[64]


Van groter belang was Beatson se beweging. Op 19 April het hy Wagendrif bereik waarvandaan hy 'n sterk afdeling vir die besetting van Krokodildrif uitgestuur het. Dit was een van Beatson se opdragte om die driwwe tot by dié punt te beset. Nadat hy dit gedoen het, het hy hom klaarblyklik geesdriftig aan die tweede deel van sy opdrag gewy. Orals het hy plaashuise verbrand, vroue en

---

60) O.J.O. Ferreira (red.), Geschiedenis, werken en streven van S.P.E. Trichard, pp. 184 - 185.
61) Ibid., pp. 185 - 186.
62) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, p. 219.
63) O.J.O. Ferreira (red.), Geschiedenis, werken en streven van S.P.E. Trichard, p. 186.
64) L.S. Amery, The Times history of the war in South Africa, 1899-1902 V, p. 204.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kinders gevang en voorrade vernietig.[65] Sy aandag was nie gerig op Viljoen en sy kommando nie, maar op die opspoor van plaashuise. Dit het 'n gebrek aan waaksaamheid laat ontstaan. Trichard en Viljoen se suksesvolle ontsnapping was hieraan te danke. Sou Beatson sy eerste taak met mening uitgevoer en die Olifantsrivier se walle deeglik laat patrolleer het, dan sou seshonderd ruiters nie in enkelgelid deur 'n moeilike drif kon ontsnap het nie.




Daar kon nog 'n bykomende oorsaak vir die gebrek aan waaksaamheid gewees het. Die honderd Boksburgers wat hulself aan die Britte oorgegee het, het vir Blood vertel dat Viljoen beplan om na die suide te ontsnap. Dit was inderdaad die geval, maar hierdie poging het misluk. Deur hierdie verklaring sou Blood sterk op 'n suidelike deurbraakpoging konsentreer.[66] Hy sou dus stellig geen

---

65) L.S. Amery, The Times history of the war in South Africa, 1899-1902 V, p. 209.
66) Ibid., p. 212.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

besondere bevele vir waaksaamheid aan die westelike kant gegee het nie. Hierdie omstandighede, saam met Trichard se skitterende terreinkennis, het die ontsnapping moontlik gemaak en nie Muller se optrede, soos Leyds veronderstel, nie.[67]

Oor die datum waarop die ontsnapping oor die Olifantsrivier plaasgevind het, heers daar groot verwarring. Ds. J.M. Louw en Schikkerling noem beide dat dit tydens die vroeë ure van 21 April plaasgevind het.[68] Amery stel die datum op 22 April, H.C. Viljoen 23 April en Grant en Leyds meld beide 24 April.[69] Viljoen self noem geen datum in sy boek nie, maar sy beskrywing van die gebeure wat volgens hom op 23 April begin het, lei tot die gevolgtrekking dat die ontsnapping op 25 April plaasgevind het.[70] Dit is nie moontlik om die regte datum met absolute sekerheid te bepaal nie. Evaluering van die bronne en die rekonstruksie van die gebeurtenisse sal slegs na die waarskynlikste datum kan lei.

Ds. Louw en Schikkerling se boeke is dagboeke wat tydens die gebeurtenisse self bygehou is. Dit gee hul datering 'n betroubaarheidskarakter. Veral ds Louw se vermelding dat die oortog in die vroeë ure van 'n Sondag plaasgevind het - en hy sal hom as predikant daarin tog nie vergis het nie - maak sy datering van Sondag 21 April betroubaar. Amery en Grant het hul beskrywing op Britse dokumente gebaseer, maar die Britte het eers dae na die gebeurtenis ontdek dat Viljoen ontsnap het. Hul datering van die ontsnapping verloor daardeur geloofwaardigheid. H.C. Viljoen en Leyds noem slegs die datum, maar hulle bronne bly onvermeld. Ben Viljoen se beskrywing is weer op herinnering gebaseer.

Die tydsorde van gebeurtenisse kan gebaseer word op twee datums wat as korrek aanvaar kan word, naamlik die geveg by Dullstroom op 16 April en 'n aanval op Wagendrif op (of omstreeks) 25 April.[71] Tussen dié twee datums moet ingepas word: die tydperk van verwarring en Viljoen se vlug na Mapochsgronde; sy poging om na die suide deur te breek; die ontmoeting met Trichard en die tog van die Olifantsrivier na Blackwoodkamp. Gesien die benodigde tydsduur vir elk van die

---

67) TAB, W.J. Leyds-huisargief, 3, ongepubliseerde artikel oor Viljoen.
68) A. Kuit, _'n Kommandoprediker_, p. 49; R.W. Schikkerling, _Hoe ry die Boere_, p. 178. Hoewel Schikkerling die tog onder die datum 20 April beskryf, is dit duidelik dat dit tydens die vroeë oggend van 21 April was.
69) L.S. Amery, _The Times history of the war in South Africa, 1899-1902 V_, p. 213; H.C. Viljoen, _Viljoen-Gedenkboek_, p. 114; M.H. Grant, _History of the war in South Africa IV_, p. 145; TAB, W.J. Leyds-huisargief, 3, ongepubliseerde artikel oor Viljoen.
70) B.J. Viljoen, _Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog_, pp. 218 - 220.
71) L.S. Amery, _The Times history of the war in South Africa, 1899-1902 V_, p. 213.

gebeure lyk 21 of 22 April die waarskynlikste datums vir die oortog. Dit ondersteun die betroubaarheid van ds. Louw en Schikkerling se datering.

Na die oortog het Viljoen weer die leiding geneem. Hy het sy kommando doelbewus op 'n noordelike roete gelei en inligting laat inwin oor die pad na Pietersburg. Hy het daarop gereken dat dié gerug by die Britte sou uitkom. Die hele dag het die vermoeide kommando noordwaarts beweeg. Daarna het hy hulle in die nag na die suide laat draai - na Pootjiesnek wat hulle omstreeks middernag bereik het. Nadat hulle die boswêreld en sy perdesiekte agter hulle gelaat het, het hulle 'n dag lank gerus. Uitgaande van die veronderstelling dat die oortog op 21 April plaasgevind het, was dit Maandag 22 April. Daar kon in betreklike veiligheid gerus word, aangesien spioene vasgestel het dat die Britte nog nie van die ontsnapping bewus was nie. Die dag daarna, op Dinsdag 23 April, het Viljoen se kommando oor Renosterkop na Blackwoodkamp getrek. Daar was hulle voorlopig veilig genoeg om 'n ruskansie te neem, wat vir mens en dier na die vermoeienisse van die voorafgaande twee weke beslis noodsaaklik was. Die tweede dag van hulle verblyf vermeld Viljoen as die dag waarop hy 'n aanval op Beatson se poste geloods het.[72] Schikkerling noem 27 April as die datum van die aanval.[73] Dit pas goed in by die datering wat hierbo gegee is.

Die aanval self roep 'n aantal vrae op. Waarom het Viljoen daardeur die kosbare geheim van sy ontsnapping prysgegee? Hy het nog beoog om die spoorlyn oor te steek en dit kon veel makliker plaasgevind het as die Britte nie van sy aanwesigheid bewus was nie. Dit wil ook voorkom of daar geen omvangryke aksie beoog is nie, aangesien slegs ongeveer 150 man vir die aanval op Wagendrif se besetting aangewys is.[74] Viljoen meld dat die aanval deur kmdt. N. Groenewald en kmdt. Wynand Viljoen gelei is. Schikkerling, wat die aanval meegemaak het, noem dieselfde name en getalle, maar hy voeg nog by dat lt.kol. Trichard weer as gids opgetree het.[75] Trichard beweer op sy beurt dat die hele aksie deur hom beplan en uitgevoer is. Omdat hy gehoor het dat Beatson vroue en kinders wegvoer en plase afbrand, het hy Viljoen om tweehonderd man gevra om hulle lastig te val.[76] Muller beskou die aksie - waarby hy slegs Groenewald se naam noem - as 'n deel van die agterhoedegeveg.[77] Viljoen sowel as Trichard se verslag skep die indruk dat daar 'n mate van afguns tussen hulle bestaan het. Viljoen vermy ooglopend om Trichard se naam te noem, terwyl Trichard vir hom-

---

72) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, pp. 221 - 223.
73) R.W. Schikkerling, Hoe ry die Boere, p. 181.
74) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, p. 223.
75) R.W. Schikkerling, Hoe ry die Boere, p. 181.
76) O.J.O. Ferreira (red.), Geschiedenis, werken en streven van S.P.E. Trichard, pp. 186 - 187.
77) C.H. Muller, Oorlogsherinneringe, pp. 123 - 124.

self die eer opeis van die algehele leiding - ook na die deurtog van die Olifantsrivier op 21 April en graag aandui dat Viljoen slegs 'n ondergeskikte rol gespeel het. Hy beweer dat hy tot twee keer toe Viljoen se kommando gered het, eers by die Olifantsrivier en daarna by die kruising van die spoorlyn.

Die spoorlyn is in twee afdelings oorgesteek - een onder bevel van Viljoen self, die ander onder Muller, in die omgewing van Balmoral en Brugspruit respektiewelik. Volgens Viljoen is beide afdelings gelyktydig en ongehinderd oor die spoor.[78] Muller en Trichard stem ooreen in hul getuienis dat die twee afdelings die spoor met 'n tussenpose van enkele dae oorgesteek het. Viljoen was eerste en het ongehinderd die suidekant bereik, maar die afdeling onder Muller moes 'n tweede poging aanwend nadat hulle deur 'n gepantserde trein gestuit is.[79]

Viljoen het nie slegs veiligheid suid van die spoorlyn gesoek nie. Hy het ook 'n opdrag gekry om 'n krygsraadsvergadering daar by te woon. Hierdie vergadering het op 10 Mei 1901 op die plaas De Emigratie in die distrik Ermelo plaasgevind. Daar is besluit om Kitchener te vra of hulle met president Kruger in Europa in verbinding kon tree. As dit geweier sou word of geen resultaat sou oplewer nie, sou hulle 'n wapenstilstand aanvra om saam met die Vrystaters te beraadslaag. Die besluit was daarop gegrond dat daar steeds meer burgers oorgegee het, die ammunisie was skaars en kos moeiliker bekombaar. Daarby het die gesag van die Regering getaan en dit kon skadelik wees vir die toekomstige herstel van die volksgees.[80]

By hierdie vergadering was kmdt.genl. L. Botha, staatsprokureur J.C. Smuts en genl. B.J. Viljoen teenwoordig. Andriessen verwys ook na die aanwesigheid van die Regering en Engelenburg vermeld dat ook genl. Chris Botha onder die deelnemers was.[81] Die afwesigheid van offisiere uit Noord- en Wes-Transvaal is opvallend.

Volgens Amery het Viljoen tydens hierdie vergadering 'n mistroostige beeld van die verwoeste Hoëveld geskilder.[82] Hierby sluit Preller aan as hy in sy herdenkingsartikel oor Viljoen skryf dat Viljoen na sy oordeel sy generaalskap in daardie stadium moes neergelê het, omdat sy wanhoop demoraliserend op die bur-

---

78) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, p. 225.
79) O.J.O. Ferreira (red.), Geschiedenis, werken en streven van S.P.E. Trichard, pp. 187 - 188; C.H. Muller, Oorlogsherinneringe, p. 124.
80) W.L. von R. Scholtz, Die betrekkinge tussen die Zuid-Afrikaansche Republiek en die Oranje Vrijstaat, 1899-1902, p. 169.
81) F.V. Engelenburg, General Louis Botha, p. 71.
82) W.F. Andriessen, Gedenkboek van den oorlog in Zuid-Afrika, p. 395.; L.S. Amery, The Times history of the war in South Africa, 1899-1902 V, p. 277.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gers ingewerk het.[83] Dié oordeel is te streng. Viljoen was nie die enigste wat pogings tot beëindiging van die stryd voorgestaan het nie. Dit was sy eerlike oortuiging en hy het sy redes daarvoor uiteengesit. Viljoen het dit nie oorweeg om oor te gee nie, maar sy eie oordeel gebruik en bekend gemaak. Preller het onvoldoende rekening daarmee gehou dat Viljoen met 'n effens andere gesindheid as die gebore Transvalers die oorlog gevoer het. Vir hulle het die stryd iets van 'n heilige oorlog gehad - vir Viljoen was dit 'n militêre aangeleentheid waar die reg aan die kant van die Boere was, maar met 'n oormag wat te groot geword het. Hy het eerder sy verstand as sy hart laat praat. Daar is by hom geen sprake van enige vorm van verraad ten opsigte van die saak van die Boere nie. Viljoen self het min te sê gehad oor die vergadering. Omdat hy sy boek voor die vredesluiting geskryf het, wou hy nie die inhoud van die gesprekke openbaar maak en daardeur die samesprekings beïnvloed nie.[84] Dit is waar dat Viljoen 'n voorstander van vrede was en moontlik het sy standpunt tot 'n verandering van gees bygedra, wat nie as 'n demoraliserend optrede bestempel kan word nie.[85]

Die besluite van 10 Mei se vergadering het ernstige verhoudingsprobleme tussen die twee Boererepublieke geskep. Die OVS, wat die ZAR in 1899 te hulp gekom het, het nou gevoel dat hy in die steek gelaat word. Daar was 'n duidelike ooreenkoms dat hulle slegs gesamentlik met die Britte sou onderhandel.[86] Dit was dus van die grootste belang dat 'n gemeenskaplike beleid weer deur openhartige samesprekings vasgestel sou word.

Op 19 en 20 Junie 1901 het die twee Boereregerings dus op die plaas Waterval in die distrik Standerton vergader. Generaals Botha, De Wet, De la Rey, Hertzog en Viljoen was ook aanwesig.[87] Dieselfde oorwegings as die wat op 10 Mei geopper is, is ook hier bespreek na aanleiding van Kitchener se reaksie en voorwaardes.[88] Viljoen het nie alleen in sy opvattings gestaan nie. Botha het sy standpunt ondersteun, naamlik dat daar 'n moontlikheid was dat die leiers sonder 'n volk sou voortveg.[89] Pres. Steyn van die OVS het hom kragtig teen

---

83) G.S. Preller, Met God en die Mauser, (Die Brandwag, 20 Januarie 1917, p. 274.
84) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, pp. 227 - 228.
85) W.L. von R. Scholtz, Die betrekkinge tussen die Zuid-Afrikaansche Republiek en die Oranje Vrijstaat, 1899-1902, pp. 163 - 165.
86) Ibid., pp. 171 -172.
87) Smuts meld Viljoen se aanwesigheid nie in die algemene kennisgewing nie, maar wel in sy dagboekaantekeninge. W.K. Hancock en J. van der Poel, Selections from the Smuts papers I, pp. 401 en 407.
88) O.J.O. Ferreira (red.), Memoirs of general Ben Bouwer, p. 124.
89) W.L. von R. Scholtz, Die betrekkinge tussen die Zuid-Afrikaansche Republiek en die Oranje Vrijstaat, 1899-1902, p. 170.

hierdie standpunt verset. Hy is ondersteun deur Kruger in Europa wat, in antwoord op die vrae van die vergadering van 10 Mei, getelegrafeer het dat die stryd voortgesit moes word. Eindelik het die konferensie besluit dat geen vrede gesluit sou word nie en dat die stryd met hals en mag voortgesit sou word.[90] Ondanks die verskillende standpunte was die onderlinge gees baie goed en selfs ontspanne.[91] Dit is nog belangriker dat almal, ook hulle wat die minderheidsmening ondersteun het, die besluit heelhartig uitgevoer het. Wel het die uiteensetting van die minderheid se standpunt later in die hande van die Britte geval, wat vanselfsprekend probeer het om munt daaruit te slaan.[92]

Inmiddels was Viljoen al van begin Mei met sy kommando in die omgewing van Ermelo en Standerton. Terwyl Viljoen die vergadering van 10 Mei bygewoon het, het die kommando onder bevel van Muller die laer op die plaas Kromdraai ingerig. Viljoen is na die vergadering ook daarheen. By sy terugreis na Kromdraai het hy Ermelo besoek, waar hy medisyne verkry het. Daar het hy die vrou van 'n hensopper ontmoet wat hom deur haar gekyf weer die nodige veggees gegee het. Dit was nodig want die gebied het gewemel van die Britse kolonnes. Die sterk Britse aanwesigheid het Viljoen gedwing om van sy roete af te wyk en oor Wilmansrust en Steenkoolspruit na Kromdraai te reis. Nouliks was Viljoen terug by sy kommando, of hulle moes padgee.[93]


Die terrein was oop en onbekend vir Viljoen. Die burgers van verskeie veldkornetskappe was verspreid oor die gebied en die aanwesigheid van die Britse kolonnes het die toestand baie gevaarlik gemaak. Daar was 'n aantal skermutselinge, soos 'n agterhoedegeveg by Kromdraai, 'n konfrontasie met patrollies en 'n aanval op 'n konvooi van Plumer by Mooifontein. Hierdie aanval wat op 25 Mei plaasgevind het, kon vanweë die aanwesigheid van gevange vrouens en kinders in die Britse kolonne nie daadwerklik deurgevoer word nie.[94] Van groot gevegte was daar geen sprake nie. Selfs Britse kolonnes het die indruk geskep dat hulle die Boere gesoek het op plekke waar hulle by voorbaat geweet het geen Boer te vinde sou wees nie.[95] Dit was egter 'n bedrieglike skyn. Die Britte

---

90) W.L. von R. Scholtz, Generaal Christiaan de Wet as veldheer, pp. 375 - 376.
91) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, p. 236.
92) W.F. Andriessen, Gedenkboek van den oorlog in Zuid-Afrika, p. 398; G.D. Scholtz, Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner V, 1899 - 1910, pp. 182 - 183.
93) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, pp. 228 - 233.
94) M.H. Grant, History of the war in South Africa IV, pp. 151 - 152; B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, pp. 233.
95) J.C. Viljoen, In den Anglo-Boer Oorlog met het Johannesburg Commando, (De Goede Hoop 2(9), 1 Februarie 1905, pp. 177 - 178).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

het baie doelgerig gepoog om die Transvaalse regering te vang.[96]




| | | |
|---|---|---|
| 1 Blackwoodkamp | 6 Isihlete | 11 IJzervarkfontein |
| 2 Kromdraai | 7 Bankkop | 12 Driefontein |
| 3 De Emigratie | 8 Van Oudtshoornstroom | 13 Rietspruit |
| 4 Bethallaer | 9 Kranspoort | 14 Waterval |
| 5 Mooifontein | 10 Kalbasfontein | 15 Wilmansrust |

Die Transvaalse regering was in 'n moeilike situasie. Daar moes op kort kennisgewing 'n vergadering gehou word met die Vrystaters maar Kitchener wou geen wapenstilstand vir dié doel toestaan nie. Inteendeel, die pogings wat die Britte onderneem het om die Transvaalse leiers te vang, het hulle genoodsaak om van al hul rytuie ontslae te raak en " 'n regering te perd" te vorm. Viljoen

---

96) M.H. Grant, History of the war in South Africa IV, p. 147; L.S. Amery, The Times history of the war in South Africa, 1899-1902 V, p. 294.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kon nie mooi onthou waar dit plaasgevind het nie, maar hy het die naam Hlangapese genoem.[97] Waarskynlik is die plek Ishilete waar die Regering omstreeks begin Junie was.[98] Viljoen se hulp is ingeroep om die Regering met 'n beskermingsmag na die plek van samespreking te begelei. Terug van sy aanval op Plumer se konvooi het Viljoen 'n kommando van omtrent honderd man gevorm en van die laer van Bethal vertrek om die vlugtende regeringslede te soek. Hy het sy soektog by Bankkop begin en hulle na enkele dae, op 14 Junie, op Willem Smuts se plaas Van Oudtshoornstroom, gevind.[99] Vandaar het hulle redelik haastig gereis en elke aand 'n nuwe kamp ingerig: Kranspoort 15 Junie, Kalbasfontein 16 Junie, IJzervarkfontein 17 Junie, Driefontein 18 Junie, Rietspruit 19 Junie, om uiteindelik op 20 Junie op die plaas Waterval aan te kom.[100]

Terwyl Viljoen op soek was na die Transvaalse regeringslede het Muller op 12 Junie met ongeveer 150 man 'n aanval gedoen op 'n kamp van 'n Britse kolonne naby Wilmansrust. Hierdie aanval het vir die Britte as 'n volslae verrassing gekom en 'n klinkende oorwinning aan die Boere besorg.[101] Die vreugde oor die oorwinning was groot maar dit wil voorkom of die vreugde oor die buit groter was: wapens, patrone, perde, klere, kooigoed, kos, koffie en suiker is die artikels wat as uiters welkom genoem is.[102] Hierdie oorwinning was uitsluitlik dié van Muller en is deur sommige skrywers van herdenkingsartikels ten onregte aan Viljoen toegeskryf.[103]

Die welslae by Wilmansrus het meer as net buit opgelewer. Die tanende veggees is daardeur weer aangewakker. Dit het gehelp om die besluit van die Regeringsberaad om die stryd voort te sit, doelgerig uit te voer. Viljoen het ook weer met sy kommando na sy eie gevegsterrein vertrek. Voor die tyd moes 'n onaangename saak eers afgehandel word. Onder die gevangenes wat by Wilmansrust geneem is, was ene Drotsky, 'n Transvaalse burger wat na die vyand oorgeloop en ook daadwerklik die wapen teen sy eie volk opgeneem het. Op 25 Junie is hy deur 'n

---

97) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, pp. 228 - 234.
98) L.S. Amery, The Times history of the war in South Africa, 1899-1902 V. Map of the wanderings of the Transvaal Government.
99) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, pp. 228 - 235.
100) L.S. Amery, The Times history of the war in South Africa, 1899-1902 V, Map of the wanderings of the Transvaal Government.
101) C.H. Muller, Oorlogsherinneringe, pp. 127 - 131.
102) J.C. Viljoen, In den Anglo-Boer Oorlog met het Johannesburg Commando, (De Goede Hoop 2(9), 1 Maart 1905, p. 198); W.H. Ackermann, Opsaal, pp. 45 - 46 en p. 222; TAB, Aanwins A 1063, Die ervaringe van kmdt. Wynand J. Viljoen, p. 11.
103) G.S. Preller, Met God en die Mauser, (Die Brandwag, 20 Januarie 1917, p. 274); P.& S. Advertiser and Township Gazette, 7 Maart 1917.

krygsraad van vyf lede verhoor en weens landsverraad ter dood veroordeel. Die vonnis is die volgende dag deur burgers van die Johannesburgkommando voltrek.[104]

Hierna het Viljoen gereed gemaak om oor die spoorlyn te trek. Hy het sy manskappe byeengeroep en hulle toegespreek. Uit die verslag van sy broer Jan wil dit voorkom of Ben 'n heldhaftige toespraak gelewer het. Schikkerling is heelwat nugterder en praat ook van die probleme wat ervaar is. Viljoen het sy burgers oor die voorgenome planne ingelig - en dit het hul terugkeer na die noorde ingesluit. Die besluite sou vasberade uitgevoer word, maar dan moes die burgers ook gehoorsaam wees.[105]

Hierdie laaste punt het nogal heelwat probleme veroorsaak. Botha het self spesiaal na Muller gekom met die opdrag om onmiddellik na die noorde te vertrek aangesien burgers van die Middelburgkommando besig was om met die vyand oor oorgawe te onderhandel.[106] Muller het kans gesien om die gevaar te besweer en die leier, 'n veldkornet, is ontslaan en deur 'n meer getroue burger vervang. Dit is moontlik dat die aktiwiteite van die Middelburgers saamgehang het met 'n vergadering wat op Nooitgedacht gehou is waar 'n dertigtal offisiere hulself tot 'n wettige krygsraadsvergadering verklaar en besluit het om 'n wapenstilstand aan te vra. Eers na sterk aandrang van Muller het hulle dié besluit teruggetrek.[107] Hoe dit ook al sy, dit is duidelik dat die toestand noord van die spoorlyn baie kritiek was. Nadat die Middelburgdistrik in April en Mei gestroop is, het die Britte in Junie die Lydenburgdistrik geteister. Die opdrag aan Viljoen was om beide gebiede deeglik te reorganiseer.[108]

Viljoen moes dan ook tot elke prys oor die spoorlyn kom. Die lyn was goed beveilig met talle blokhuise telkens omtrent een kilometer uitmekaar. Langs die lyn is grondwalle gegooi of slote gegrawe om te voorkom dat die lyn vinnig oorgesteek kon word. Verder het gepantserde treine op verskeie plekke gereed gestaan. Viljoen het die lyn laat verken en daarna besluit om twee blokhuise tussen Balmoral en Brugspruitstasie te bestorm. Die verowering daarvan moes hom die ruimte bied om met sy kolonne - wat o.m. die buit van Wilmansrust ingesluit het - die lyn oor te steek. Die aanslag het in die nag van 27 Junie 1901

---

104) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, p. 237; J.C. Viljoen, In den Anglo-Boer Oorlog met het Johannesburg Commando, (De Goede Hoop 2(9), 1 Maart 1905, pp. 198 - 199); R.W. Schikkerling, Hoe ry die Boere, p. 229.
105) J.C. Viljoen, In den Anglo-Boer Oorlog met het Johannesburg Commando, (De Goede Hoop 2(9), 1 Mei 1905, p. 250); R.W. Schikkerling, Hoe ry die Boere, p. 229.
106) C.H. Muller, Oorlogsherinneringe, p. 134.
107) Ibid., pp. 125 - 126.
108) M.A. Gronum, Die Bittereinders Junie 1901 - Mei 1902, p. 38.

plaasgevind. Wynand Viljoen het inderdaad een van die blokhuise verower, maar kmdt. Groenewald se aanval was onsuksesvol. Omdat die tyd gedring het, het Viljoen besluit om die oortog te waag terwyl daar nog om die tweede blokhuis geveg is. Tot sy skok moes hy ervaar dat die verkenning nie sorgvuldig gedoen was nie. Aan die noordekant van die lyn was 'n diep sloot wat toegegooi moes word voordat hulle met die waens kon passeer. Dit alles het so baie tyd in beslag geneem dat slegs vier waens oorgekom het. Die aankoms van 'n gepantserde trein het 'n einde aan die poging gemaak. En al die inspanning en offers was dalk nog tevergeefs omdat 'n gerieflike pad die lyn een kilometer verder gekruis het.[109]

Die volgende dag het die agtergeblewe kommandolede in die omgewing van Uitkykstasie naby Middelburg oor die spoor gekom. Kapt. O.J. Hindon en lt. H.F. Slegtkamp het eers die spoor ondermyn. 'n Pantsertrein uit Middelburg, wat die tweede oortogpoging moes keer, het die myn afgetrap en is opgeblaas.[110]

Onmiddellik na die oortog het 'n hergroepering van die hele kommando in die omgewing van Kobaltmyn en Wagendrif plaasgevind. Op 3 Julie het Viljoen na Witpoort vertrek, naby sy ou hoofkwartier Windhoek. Verspreide groepies burgers wat aan die dryfjagte van die Britte ontkom het, moes weer onder bevel gebring word. In 'n hele paar gevalle is ou offisiere afgedank en nuwe, strydlustiger manne in hul plek aangestel. Families wat die bosse ingevlug het, moes versorg word. Die voedselvoorsiening moes gereël word. Maar die vernaamste taak was om die Regering en kommandante se gesag te herstel. Persone wat hulle aan verraad skuldig gemaak het, is aangekla en gestraf.[111]

Hierdie werksaamhede moes plaasvind terwyl die Britte nog steeds die gebied onveilig gemaak het. Op 7 Julie het 'n Britse kolonne Witpoort vanuit Helvetia aangeval. Aanvanklik is hulle gestuit, maar nadat versterkings aangevoer is, moes Viljoen in 'n westelike rigting terugval.[112] Die presiese verloop van die gebeure en die regte datering is moeilik om vas te stel. Amery noem drie

---

109) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, pp. 238 - 241; J.C. Viljoen, In den Anglo-Boer Oorlog met het Johannesburg Commando, (De Goede Hoop 2(11), 1 Mei 1905, p. 250); R.W. Schikkerling, Hoe ry die Boere, pp. 229 - 234.
110) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, pp. 241 - 242; J.C. Viljoen, In den Anglo-Boer Oorlog met het Johannesburg Commando, (De Goede Hoop 2(11), 1 Mei 1905, pp. 250 - 251); O.J.O. Ferreira (red.), Geschiedenis, werken en streven van S.P.E. Trichard, pp. 191 - 192.
111) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, pp. 242 - 244.
112) M.E. Rothmann, Oorlogsdagboek van 'n Transvaalse burger te velde 1900-1901, pp. 197 - 198.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

datums waarop Viljoen deur Benson teruggedryf is 3, 7 en 11 Julie.[113] Rothmann gee in sy dagboek slegs skermutselinge aan op 7 en 11 Julie.[114] Viljoen noem geen datums nie, maar sy beskrywing kom ooreen met die gebeure op 7 Julie. Vermoedelik was die geveg op 3 Julie - die dag toe Viljoen ooswaarts getrek het - nie met lede van sy kommando nie, maar met 'n selfstandig bewegende groep burgers. Na die slag by Witpoort moes Viljoen die wyk neem. Hy het tog kans gesien om die agtervolgers terug te dryf sodat hy veilig in die omgewing van Kobaltmyn by Muller kon aansluit. Daar is die Boere op 11 Julie deur 'n groot oormag aangeval. Na verbete teenstand was hulle genoodsaak om by Maseppa's-drif die Olifantsrivier oor te steek[115] -aldus vertel Viljoen. Muller se verslag lui anders. Hy sê dat hy al voor die slag van 7 Julie uitgetrek het om Viljoen te help. Sy verhaal kom daarop neer dat hy en sy mense Viljoen se aftog gedek het. Volgens Muller het Viljoen nie 'n rol gespeel by die slag in die omgewing van Kobaltmyn op 11 Julie nie.[116] Daar is wel eenstemmigheid dat die Britse kolonne na dié by Wagendrif oor die Olifantsrivier na Pretoria getrek het.

Die militêre gang van sake was nie vir Viljoen baie voorspoedig nie. Dit het saamgehang met die swak gees wat onder sy manskappe en die gebied se bevolking geheers het. Onmiddellik na die eerste geveg op 7 Julie moes Viljoen die sambok gebruik om sy mense tot stilstand te dwing. En in die geveg op 11 Julie het die Boere reeds nadat vyf burgers gewond en een gesneuwel het die stellings as "onhoudbaar" ontruim. Wel het die Britse regtervleuel om die Boerelinie getrek, maar dit lyk nie of hulle sterk teenstand ondervind het nie.[117]

Die bemoediging van sy manne en die herstel van 'n samehorigheidsgevoel was Viljoen se eerste taak. As hy daarin kon slaag, sou die reorganisasie van sy kommando nie 'n groot probleem wees nie en sou nuwe militêre inisiatiewe geneem kon word. Hier is die swak element van Viljoen se leierskap weer geopenbaar. Die reorganisasie en die inisiatiewe was heeltemal binne sy vermoë - dit het hy al vroeër bewys, maar dit was vir hom moeiliker om sy mense te besiel. In April het sy leierskap in hierdie opsig gefaal. In Julie het hy dit eweneens nie reggekry nie. Daar is twee faktore wat hom daarvan weerhou het. Diep in sy hart het hy getwyfel aan die sin van die voortsetting van die stryd. Sy

---

113) L.S. Amery, The Times history of the war in South Africa, 1899-1902 V, p. 299.
114) M.E. Rothmann, Oorlogsdagboek van 'n Transvaalse burger te velde 1900-1901, pp. 197 - 199.
115) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, pp. 242 - 253.
116) C.H. Muller, Oorlogsherinneringe, pp. 138 - 139.
117) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, pp. 253 - 254.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

impulsiewe karakter het hom verhinder om hierdie diepste oortuiging te verberg en ooreenkomstig die afspraak by Waterval die stryd met mening voort te sit. Sy neiging om sy hart op die mou te dra het nie juis vertroue ingeboesem nie. Daar is duidelike aanwysings dat hy en sy broer Wynand steeds meer geïsoleerd geraak het. Daar is al op Trichard se afguns gewys. Die Viljoenbroers se verhouding met Muller was ook nie gesond nie. Daarvan getuig byvoorbeeld Viljoen se stekelrige opmerking oor Muller se gestyfde wit boordjies en borshemde.[118] Muller en Wynand Viljoen het in Augustus 1901 sodanig gebots dat die woedende Wynand sy bevel oor die Johannesburgkommando neergelê het. Die onenigheid het weer daartoe aanleiding gegee dat die Boksburgerkommando - Muller se mense - in September geweier het om 'n opdrag van Viljoen uit te voer.[119] Die geskil is wel weer bygelê, maar die onderliggende probleme het steeds bestaan.

Viljoen was nie 'n vredemaker nie. Hy het nie die geduld en vermoë gehad om na mense se standpunte te luister en hom met hul probleme te vereenselwig nie. Hy was eerder tot die skouspelagtige geneig. In sy boek gee hy slegs geringe aandag aan die ernstige sake van hierdie tyd, maar sy verhaal van hoe hy 'n paar voornemende hensoppers uitgevang het, beslaan sewe bladsye.[120]

Dit impliseer nie dat Viljoen sy opdrag ontduik het nie. Op 2 Julie, die dag voor sy vertrek na Witpoort, het hy 'n uitgebreide oorlogsberig opgestel.[121] In hierdie kennisgewing is die lesers oor die voorafgaande gebeure ingelig. Veral die vergadering te Waterval en die besluite wat daar geneem is, het aandag gekry. Viljoen het beklemtoon dat die stryd kragtig voortgesit sou word, dat onbekwame offisiere vervang en ongehoorsaamheid gestraf sou word. Ook die besluit betreffende 'n dankdag op 8 Augustus en 'n dag van verootmoediging op 9 Augustus is bekend gemaak. Viljoen het aangekondig dat hy al die verspreide groepe sou besoek, hulle weer onder sentrale gesag sou bring en by die oorlogspoging sou inskakel. Daar is geen twyfel aan Viljoen se opregtheid om die besluite deur te voer nie, ondanks die feit dat hy self 'n voorstander van vrede was, maar die voorvereiste van 'n inspirerende leierskap het ontbreek.

Omstreeks 20 Julie het Viljoen met 'n twintigtal adjudante en rapportryers na die Lydenburgdistrik vertrek om sake daar te organiseer. Die kommando's is onder bevel van Muller aan die Olifantsrivier gelaat. Hierdie ruie gebied het hulle goed geken en dit was by uitstek geskik om skuiling te bied. Mens en

---

118) C.H. Muller, Oorlogsherinneringe, p. 136.
119) J.C. Viljoen, In den Anglo-Boer Oorlog met het Johannesburg Commando, (De Goede Hoop 3(1), 1 Julie 1905, pp. 13 - 14).
120) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, pp. 246 - 252.
121) TAB, Preller-versameling 28, pp. 37 - 41.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dier kon hier rus en van die uitputting herstel waaraan hulle die voorafgaande tyd blootgestel was. Die rus was kort van duur want voor die einde van Julie het die Britte reeds weer hul verskyning langs Bloedrivier en op Bothasberg gemaak om hul taktiek van die verskroeide aarde daar af te rond.[122] Dit was juis as gevolg van hierdie bedreiging en gepaardgaande skermutselinge dat daar wrywing tussen Muller en Wynand Viljoen ontstaan het.

In die omgewing van Zwagershoek het Viljoen 'n kommando van ongeveer sestig burgers aangetref. Hy het saam met hulle vergader, die planne van die Regering uiteengesit en S.J. Schoeman, 'n jong man van 23 jaar, as veldkornet oor hierdie kommando aangestel. Die nuwe veldkornet moes homself reeds onmiddellik na die byeenkoms bewys, want terwyl Viljoen en sy mense nog daar was, is hulle deur 'n Britse kolonne uit Lydenburg aangeval.[123]

Die volgende probleem wat Viljoen moes oplos, was baie groter. Daar was ernstige onenigheid binne die Lydenburgkommando. Viljoen het in sy reorganisasieywer die ou kmdt. D.J. Schoeman deur die jonger P.D. Moll vervang. Wanneer en onder watter omstandighede hy dit gedoen het, is nie duidelik nie. Die reëling was egter nie algemeen aanvaarbaar nie en het verdeeldheid gebring. Om die vrede te herstel, het Viljoen 'n vergadering van al die betrokkenes in die omgewing van Sibthorpe, wes van Witrivier, gereël. Viljoen het hierdie probleem met die wysheid van 'n Salomo opgelos. Toe dit blyk dat nie al die burgers oorgehaal kon word om Viljoen se nuwe aanstelling te aanvaar nie, het hy Schoeman se ontslag ongedaan gemaak en hom as kommandant van die Lydenburgkommando herstel. Tegelykertyd het hy 'n vrywilligerkorps onder bevel van kmdt. Moll gevorm. Elkeen wat onder sy bevel wou dien, kon by hierdie nuwe korps aansluit. Om wedywering tussen die twee kommando's te voorkom, het hy hulle as deelgenote onder sy eie kommando gestel en verkenners uitgestuur om 'n geskikte plek vir 'n aanval te soek.[124] Viljoen moet hier beslis erkenning kry vir 'n verstandige beleid met die oorlogsdoelstellings as eerste prioriteit.

Die bedoeling was om 'n aanval op die spoorlyn in die omgewing van Krokodilpoortstasie te loods, maar toe het daar 'n berig gekom dat 'n afdeling van die Steinacker's Horse met baie buitvee by Mpisaanfort gestasioneer was. Op die daad is besluit om hierdie gehate troepemag 'n les te leer.[125]

Die Steinacker's Horse is in Junie 1900 as 'n spesiale Britse afdeling gevorm.

---

122) M.E. Rothmann, <u>Oorlogsdagboek van 'n Transvaalse burger te velde 1900-1901</u>, pp. 204 - 205.
123) B.J. Viljoen, <u>Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog</u>, p. 255.
124) <u>Ibid.</u>, p. 256.
125) <u>Ibid.</u>, p. 257.

Dié afdeling moes die Transvaalse grens met Mosambiek patrolleer ten einde wapensmokkelhandel vanuit die Portugese kolonie te verhinder. Dit het bestaan uit ongeveer 450 blankes en is aangevul met 'n onbekende aantal Pedi's, Swazi's, Sjangaans en Tsonga's. Die hoofkwartier was in Komatipoort.[126] Die lede van hierdie korps was jagters, delwers, handelaars en smokkelaars uit Oos- en Noord-Transvaal. Die korps het 'n slegte naam gehad en het opgetree soos 'n vrybuitersbende van huursoldate,[127] hoewel dit 'n onderdeel van die geordende Britse leër was.[128]

Viljoen was nie die enigste wat probleme met hierdie korps gehad het nie. Op 8 Desember 1900 was 'n afdeling van die Steinacker's Horse op Bremersdorp in Swaziland gestasioneer en hulle het minstens soveel tyd aan eie rooftogte onder die bevolking en invalle in Mosambiek bestee as wat hulle aan hul opdrag aandag gegee het. Die Britse Kommissaris aldaar het 'n klag by die Hoë Kommissaris in Kaapstad ingedien wat dit na Londen vir hantering deurgestuur het - waar dit byna 'n jaar lank gesloer het. Die Minister van Kolonies het daarna die Minister van Oorlog geadviseer om van die Steinacker's Horse ontslae te raak. Kitchener is om advies gevra, maar hy was van mening dat die saak baie oordryf is.[129] Die Vrede van Vereeniging het offisieel 'n einde aan hierdie probleem gemaak. Maar voor die tyd was dit, wat Swaziland betref, reeds in die praktyk gedoen. Nadat die Steinackerlede 'n Swaziprins gevange geneem het, het Labotsibene, die regerende koningin, hulp van Louis Botha gevra. In antwoord daarop het genl. T. Smuts op 21 Julie 1901 die korps uit Swaziland verjaag. Die koningin het hom daarvoor tydens 'n oudiënsie bedank.[130]

'n Oorwinning oor hierdie gehate Steinacker's Horse sou vir Viljoen meer wins aan veglus en vasberadenheid oplewer as 'n aanval op die treinspoor. Vroeg die oggend van 6 Augustus het ongeveer honderd man van die twee kommando's die fort bekruip en aangeval.[131] Hoewel die aanval volkome onverwags was, het die bestorming van die hoë wal talle slagoffers geëis. Kmdt. Moll is hier ernstig gewond, maar kapt. Malan het onmiddellik die bevel oorgeneem. Na 'n hewige geveg het die totale bemanning van die fort oorgegee. Die Steinacker's Horse se kaptein, ene Francis, en nog een van die blankes is gedood en twee gewond,

---

126) P. Warwick, Black people and the South African War 1899-1902, pp. 100 - 101.
127) P. Warwick, Black people and the South African War 1899-1902, p. 107; B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, p. 257.
128) L.S. Amery, The Times history of the war in South Africa, 1899-1902 VII, p. 174.
129) TAB, FK 1911, korrespondensie ten aansien van Steinacker's Horse, pp. 83 - 86 en 95.
130) P. Warwick, Black people and the South African War 1899-1902, p. 107.
131) M.A. Gronum, Die Bittereinders Junie 1901 - Mei 1902, p. 39.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

terwyl daar ook 'n twintigtal gekleurdes gedood en gewond is. Die Boere se verliese was nie gering nie: ses gesneuweldes en dertien gewondes. Dit was egter nog nie die einde van die geveg nie. Mpisaan het sy Britse vriende te hulp gesnel en Viljoen met 'n kommando aangeval. Baie van die aanvallers het gesneuwel in die aanval wat afgeslaan is. Benewens belangrike dokumente, het 'n ryke buit aan ammunisie, vee en kos in die hande van die Boere geval.[132]

Daar was ook 24 blanke en vyftig swart gevangenes. Viljoen moes nou besluit wat om met hulle te maak. Normaalweg is Britse gevangenes uitgelewer, maar moes hierdie huursoldate ook so behandel word? Viljoen het op 10 Augustus aan Kitchener geskrywe om uit te vind of hierdie mense as 'n onderdeel van die Britse leër beskou is. Uiteraard het Viljoen sy vraag sodanig toegelig dat hy aan Kitchener die konsekwensies van 'n negatiewe sowel as van 'n positiewe antwoord voorgehou het. Nadat hy die wandade van die Steinacker's Horse uiteengesit het, het hy geskryf: "It would perhaps have been the most humane course to act to have had this lot of outlaws without exception shot where they were found." Viljoen wou weet of hierdie persone Britse soldate was en of Kitchener verantwoordelikheid vir hulle dade geneem het. By die brief is 'n aantal bylaes met verklarings oor wandade van die Steinacker's Horse, veral aanvalle deur gewapende swartes op blanke inwoners van Oos-Transvaal.[133]

Dit het Kitchener tien dae geneem om sy antwoord op te stel. Op die onderskeie vrae van Viljoen is daar 'n paar merkwaardige antwoorde. Kitchener herhaal die standpunt dat Britse troepe gekleurdes slegs as brandwagte en verkenners gebruik het. Hulle is nie in die stryd betrek nie, maar indien hulle aangeval is, mog hulle hulself verdedig. Dat die swartes oor wapens beskik het, verklaar Kitchener op krampagtige wyse. Hulle sou die wapens bekom het deurdat die Boere dit 'n jaar tevore aan die swartes verkoop het tydens hul tog van Hectorspruit na Pietersburg. Viljoen sou dus self daarvoor verantwoordelik wees! Boonop moes Viljoen - volgens Kitchener - nie kla nie, want die Boere het ook swartes in hul oorlogspoging gebruik, veral Beyers. Ten slotte was die persone wat Viljoen gevange geneem het, inderdaad Britse soldate.[134]

Viljoen het die blankes uitgelewer, maar die saak van die swart gevangenes is op 'n ander manier hanteer. Ooreenkomstig die algemene standpunt dat geen

---

132) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, pp. 259 - 261; P.R. Kruger, M'Pisana's Fort, (Historia 18(3), September 1973, p. 201).
133) TAB, FK 1821, brief met bylaes, Viljoen - Kitchener, 10 Augustus 1901, pp. 115 - 120.
134) TAB, FK 1821, brief, Kitchener - Viljoen, 20 Augustus 1901, p. 120; Preller-versameling 36, p. 82; B.J. Viljoen, My reminiscences of the Anglo-Boer war, pp. 523 - 524.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

inmenging van gewapende gekleurdes in die blankes se oorlog aanvaar kon word nie, is hulle geskiet.[135] Die eksekusie van hierdie mense het in dié dae nie veel ophef veroorsaak nie, maar wel is die vraag van die Britte se gebruik van gewapende gekleurdes weer aan die orde gestel. Daar is ook aan die kant van die Boere soms wapens aan swart agterryers of verkenners verskaf, maar dit was geen aanvaarde beleid nie. Die verskil tussen ongewapende agterryers en strydende burgers was nouliks sigbaar, aangesien hierdie mense tydens gevegte ook patroonbande gedra en wapens vir die burgers gelaai het.[136] Die grens tussen gewapende en ongewapende betrokkenheid is hier inderdaad besonder smal, hoewel daar nie van 'n georganiseerde gebruik van swartes sprake is nie. Maar aan Britse kant was die prentjie anders. Daar is ten minste 10 000 en moontlik selfs 30 000 gekleurdes in gevegseenhede in die oorlogvoering ingeskakel.[137] Dit was vir die Boere 'n baie ernstige saak. Viljoen het die bittere gevolge daarvan in sy bevelsgebied ondervind.[138]

Na aanleiding van die geveg by Mpisaanfort het Viljoen die betrokkenheid van gekleurdes in die oorlog en ander sake met genl. Blood in Lydenburg bespreek. Volgens Viljoen het die gesprek plaasgevind omdat die korrespondensie wat oor sekere sake gevoer is, nie gevorder het nie.[139] Dit lyk vreemd, aangesien die sake wat bespreek is nie bepaald dringend was nie. Dit wil voorkom of Viljoen hierdie persoonlike gesprek gereël het vanweë die opspraak wat dit sou verwek. Hy het dit moontlik as 'n middel beskou om sy gesag te versterk en sy manne te bemoedig. 'n Dergelike doelstelling kan nie as verkeerd afgewys word nie, al lyk dit wel of daar ook 'n element van persoonlike aansien in opgesluit was. Andersyds is die gesprek in 'n later stadium ook teen Viljoen gebruik deur mense wat hom van verraad en sameswering met die vyand beskuldig het.[140]

Die ontmoeting het op 25 Augustus 1901 plaasgevind. Viljoen is met sy adjudante buite Lydenburg ontvang en deur 'n erewag in die dorp ontmoet. Volgens Viljoen het baie mense die strate volgepak om, gegrond op hul opmerkings, hòm veral te sien[141] - 'n beskrywing wat die gedagte ondersteun dat eie eer 'n rol gespeel het. Die gesprek tussen Blood en Viljoen is deur die kommandant van Lydenburg, lt.kol. A. Curran, en Viljoen se sekretaris, kapt. W. Malan, bygewoon.

---

135) F. Pretorius, Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902, p. 292; B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, p. 261.
136) P. Warwick, Black people and the South African War 1899-1902, p. 26.
137) Ibid., p. 25.
138) M.A. Gronum, Die Bittereinders Junie 1901 - Mei 1902, p. 49.
139) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, p. 265.
140) Kyk hieronder, pp. 212 - 213.
141) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, p. 265.

'n Vergelyking tussen Viljoen se verhaal en Blood se verslag aan Kitchener, toon groot ooreenkomste. Die eerste beswaar wat Viljoen geopper het, was dat Britse proklamasies onder die wit vlag aan Boere uitgedeel is. Blood het belowe om hierdie handelswyse te staak totdat sy bevelvoerder daaroor uitspraak lewer. Die tweede beswaar was dat die Britte vroue uit die kampe vrygelaat het om die burgers te probeer oorhaal om die stryd te staak. Blood se kommentaar was eenvoudig dat Viljoen die vroue dan maar nie in sy kamp moes toelaat nie. Hy, Blood, kon die vroue mos nie dwing om iets teen hulle sin te doen nie?[142]

Daarna het die hoofsaak aan die orde gekom, naamlik die inskakeling van gewapende swartes in die oorlogvoering. Blood het die offisiële Britse standpunt herhaal en belowe dat hy spesifieke klagtes sou laat ondersoek. Hy het Viljoen egter nie meegedeel dat hy besig was om 'n saak voor te berei teen Viljoen se mense vir die moord op swartes nie. Uit Blood se verslag is dit nie duidelik watter aangeleentheid spesifiek bedoel is nie, maar dit is aanneemlik dat dit die teregstelling van die gekleurde gevangenes by Mpisaansfort was. Wat die Steinacker's Horse betref, het Blood sy hande in onskuld gewas, aangesien die troepe nie onder sy bevel was nie. Daarna het nog 'n paar onbeduidende sake ter sprake gekom waarop Blood nie eintlik gereageer het nie.[143] 'n Sekere kwessie betreffende die Rooikruis wat volgens Viljoen se verhaal bevredigend gereël is, het Blood in sy verslag genegeer.

Daar is ook 'n onderdeel wat Viljoen nie genoem het nie. Na die gesprek oor bogenoemde sake was daar ook 'n onderhoud onder vier oë. Volgens Blood het Viljoen toe onomwonde te kenne gegee dat hy moeg was vir die oorlog. Hy het vrede begeer. Maar - en dit het Blood baie duidelik beklemtoon - Viljoen sou nie eiemagtig optree nie. Hy het 'n algemene vrede nagestreef. Hy het besef dat die onafhanklikheid vir die Boererepublieke nie herstel sou word nie, maar daar moes onderhandel word oor sake soos vergoeding en die kwessie van die Kaapse rebelle. Viljoen het sy vertroue uitgespreek dat die knelpunte tussen Boer en Brit vinnig na die vrede opgelos sou word. Dit is van belang om Blood se waarderende woorde oor Viljoen aan te haal: "I was very favourably impressed throughout by General Viljoen. He appeared to me to be quite straightforward, very anxious for peace, but determined to be thoroughly loyal to his superiors as well as to those under his Command, and to stand by them to the end."[144]

Het sy eie mense Viljoen ook so simpatiek beoordeel as wat sy teenstander gedoen het? In Augustus 1901 was daar nie eintlik kritiek op sy optrede nie,

---

142) TAB, FK 1801, pp. 136 - 137.
143) Ibid., pp. 138 - 139.
144) Ibid., p. 140.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

maar ses maande later het sy gesprek met Blood rede gegee tot gerugte oor verraad. Grant beweer dat Viljoen ernstig deur Botha berispe is oor sy gesprek met Blood[145], maar vir hierdie bewering kon geen bewys gevind word nie. Op 14 Oktober het Botha wel aan Viljoen geskrywe dat indien onderbevelhebbers selfstandig met 'n Britse bevelhebber korrespondeer, dit uitsluitlik oor aangeleenthede moet handel wat slegs op sy eie afdeling betrekking het.[146] Botha het dit uiteraard nie sonder rede geskrywe nie, maar aangesien die korrespondensie onvolledig is, kan nie vasgestel word na watter voorval Botha hier verwys nie. Die enigste inligting wat uit Botha se brief na vore kom, is dat dit oor 'n ondersoek na toestande in die konsentrasiekampe gehandel het. Tydens die gesprek in Lydenburg het die saak geen prominensie geniet nie.

Blood se kommentaar is duidelik en van alle vooroordele ontbloot; Viljoen het beslis geen verraad gepleeg of beoog nie. Dit is egter net so duidelik dat hy as hooggeplaaste bevelhebber baie onnadenkend opgetree het. Het sy bekentenis dalk 'n regstreekse invloed op die Britse optrede gehad en hoe beduidend was hierdie kennis ten opsigte van die Britse bereidheid tot vrede? Viljoen het dalk gemeen dat sy vertroulike gesprek die Britte sou beweeg om ook van hulle kant af vrede te soek, maar die teendeel kon geldig wees, naamlik dat die Britte daardeur oortuig was dat hulle 'n onvoorwaardelike oorgawe kon bereik. Viljoen se neiging om sy hart op sy mou te dra ('n mentaliteit wat deur Blood vleiend as "straightforward" bestempel is), het hom laat praat toe hy moes geswyg het. Deur Viljoen se individualistiese denke en optrede het hy lewenslank groot inisiatiewe durf neem wat hom in staat gestel het om sy ideale na te streef. Dieselfde eienskap het sy vermoë beperk om met ander mense saam te werk en hom verhinder om 'n inspirerende leier te wees.

Van September tot Desember 1901 het die militêre aktiwiteite in Viljoen se bevelsgebied drasties afgeneem. Begin September het Viljoen na die omgewing van die Olifantsrivier getrek waar Muller met die grootste deel van die kommando's 'n moeilike tyd agter die rug gehad het. Gedurende Augustus het Britse magte die verspreide laers aangeval en 'n tyd lank het daar baie verwarring en verdeeldheid geheers. Muller het egter daarin geslaag om sy gesag te handhaaf en sy aanval op Britse husare was sò suksesvol dat hulle kommando met honderd vars perde toegerus is.[147] Viljoen het sy magte verdeel: Muller met die Boksburg- en Middelburgkommando in die gebied tussen die Olifantsrivier en

---

145) M.H. Grant, History of the war in South Africa IV, p. 216.
146) TAB, Adv. N.J. de Wet-versameling 1, rapportboekie genl. Botha 14 Oktober 1901 - 22 Desember 1901, brief, Botha - Viljoen, 14 Oktober 1901.
147) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, pp. 262 - 264; M.A. Gronum, Die Bittereinders Junie 1901 - Mei 1902, p. 39.

Lydenburg en hyself met die Lydenburg- en Johannesburgkommando ten ooste van Lydenburg met Pelgrimsrus as hoofkwartier.

Muller het die kleinste gedeelte van die beskikbare magte gekry en moes die belangrikste deel van die bevelsgebied beheer. Die beweegruimte tussen die spoorlyn en die Pedi's was klein en die Britte het die gebied deeglik van voorrade gestroop. Viljoen het met omtrent duisend man na die betreklik veilige Pelgrimsrusgebied vertrek waar kos volop was, maar vanwaar hy die vyand nie eintlik effektief kon bestry nie. Amery bring hierdie verdeling in verband met die swak verhouding tussen Muller en Viljoen - en Muller se beskrywing kom daarmee ooreen.[148] In Viljoen se herinneringe gee hy die probleem van kosvoorsiening as rede aan vir die verdeling. Die gebied tussen Lydenburg en die Olifantsrivier was sodanig deur die Britte verwoes dat dit uiters moeilik geword het om die kommando's daar in die veld te hou.[149] Daar was ook 'n militêre noodsaak vir die verdeling. Die Britte se verbinding tussen Lydenburg en Machadodorp is baie sterk met blokhuise en doringdraad beveilig.[150] Dit het Viljoen se gebied in twee gesny.


Vanuit Pelgrimsrus het nie baie aanvalle plaasgevind nie. Viljoen het elke tweede week kontak met Muller se magte gemaak, maar daar was geen gesamentlike optrede nie. Die enigste Britse verbindingslyne wat deur Viljoen bedreig kon word, was die konvooiroete van Machadodorp na Lydenburg en die spoorlyn tussen Machadodorp en Komatipoort. Viljoen het een maal, in Desember, probeer om die konvooiroete aan te val, maar dit het misluk.[151] Die spoorlyn is eweneens aangeval, maar die sukses was gering. Eenkeer het hy by Malelane 'n trein met voorrade in besit geneem en 'n pantsertrein wat die Britte te hulp gekom het in die lug geblaas. Die verowerde proviand kon nie vervoer word nie en is verbrand.[152] Hierdie gedeelte van die spoorlyn was egter van min militêre betekenis, omdat dit die eindpunt van die Britse bevoorradingslyne was.

Die enigste ernstige gevegte het noord van Lydenburg in die omgewing van Krugerspos plaasgevind. Viljoen se burgers het die Britte reëlmatig met speldeprik-aksies lastig geval.[153] Om die kommando te verhinder om naby Lydenburg skuiling en steun te vind, het die Britte in die begin van Oktober die vrugbare

---

148) L.S. Amery, <u>The Times history of the war in South Africa, 1899-1902 V</u>, p. 463; C.H. Muller, <u>Oorlogsherinneringe</u>, pp. 140 -141.
149) B.J. Viljoen, <u>Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog</u>, p. 268.
150) <u>Ibid.</u>, p. 271.
151) B.J. Viljoen, <u>Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog</u>, pp. 271 - 272.
152) M.A. Gronum, <u>Die Bittereinders Junie 1901 - Mei 1902</u>, pp. 40 - 41.
153) <u>Ibid.</u>, p. 40.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




vallei van die Ohrigstadrivier geplunder.[154] Viljoen kon dit nie verhinder nie en moes sy aanval op die agterhoede van die Britse kolonne toespits.

---

154) M.E. Rothmann, Oorlogsdagboek van 'n Transvaalse burger te velde 1900-1901, p. 225.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die Britte se volgende doelstelling was om Pelgrimsrus aan te val. Die troepemag was nie sterk genoeg vir 'n dergelike aksie nie, omdat Kitchener hierdie gebied nie belangrik genoeg geag het vir 'n ernstige oorlogsinspanning nie.[155] Die Britte het Verraaiersnek met 1 500 man beset en Pelgrimsrus daarvandaan bedreig.[156] Viljoen het geen moeite ondervind om die aanval by Rosekrans af te slaan nie en die vernietiging van 'n brug oor die Spekboomrivier het verdere Britse aksie byna onmoontlik gemaak.[157]

Die gebrek aan militêre aktiwiteit in die Pelgrimsrusgebied kan op grond van twee oorwegings verklaar word. Daar was 'n mate van oorlogstamheid onder die burgers. Die stryd het uitsigloos begin lyk. Viljoen self was lojaal aan die besluite wat geneem is en volkome bereid om hulle uit te voer. Die geografiese omstandighede waaronder hy moes opereer, het dit egter baie moeilik gemaak. Met die mag tot sy beskikking en die beweegruimte wat hy gehad het, was daar baie min teikens wat hy kon aanval. Dit was grootliks beperk tot die garnisoen van Lydenburg, sy verbindingslyn na Machadodorp en die spoorlyn van Komatipoort af weswaarts. Nie een van hierdie doelwitte was van werklike oorlogsbelang nie. Al wat Viljoen suksesvol kon doen, was om in die veld te bly as 'n bewys dat Brittanje nog nie gewen het nie. Dit was 'n uiters onbevredigende situasie en veral vir 'n man soos Viljoen.

Dit beteken uiteraard nie dat Viljoen onaktief in Pelgrimsrus was nie. Nadat die aanslag op Pelgrimsrus afgeslaan is, het hy sy mag in drie kommando's verdeel wat op 'n roterende basis opdragte moes uitvoer. Om veiligheidsredes wou Rothmann nie die opdragte in sy dagboek uitspel nie.[158] Aangesien sy eie afdeling in die gebied net noord van die spoorlyn rondgetrek het, kan afgelei word dat dit een van die opdragte was. Viljoen sou die ander twee groepe waarskynlik opdrag gegee het om die omgewing van Lydenburg te patrolleer en om om te sien na die laerdiens en die voorsiening van voorraad in Pelgrimsrus.

Die laerdiens het baie elemente bevat. Een daarvan was om voorbereidings te tref vir die slaan van goue ponde. In Pelgrimsrus kon die goudvoorraad van die Regering aangevul word en daar was voldoende masjinerie beskikbaar om munte te kon slaan. Viljoen het dringende aandag aan hierdie saak gegee. Dit het egter nie tydens sy verblyf in Pelgrimsrus so ver gekom nie. Die ponde wat wel

---

155) L.S. Amery, The Times history of the war in South Africa, 1899-1902 V, p. 462.
156) M.E. Rothmann, Oorlogsdagboek van 'n Transvaalse burger te velde 1900-1901, pp. 226 en 229; R.W. Schikkerling, Hoe ry die Boere, p. 306.
157) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, pp. 268 - 269.
158) M.E. Rothmann, Oorlogsdagboek van 'n Transvaalse burger te velde 1900-1901, p. 231.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

geslaan is, het onder sy opvolger, genl. Muller, die lig gesien.[159]

Hoewel Pelgrimsrus slegs een keer tydens die winterveldtog van 1900 kortstondig deur Britse troepe beset was, het daar tog geen burgerlike administrasie meer bestaan nie. Viljoen het dus, sonder dat hy dit nagestreef het, feitlik 'n militêre gesag oor die hele gebied gevoer. Daardeur het hy ook teenoor probleme te staan gekom wat hy liewer wou vermy. Een van die vrae wat hy moes beantwoord, was wie bevoeg was om huwelike te bevestig. Hy het die probleem opgelos deur die Vrederegter te Pelgrimsrus te magtig om as huweliksbevestiger op te tree, hoewel hy heimlik getwyfel het of hy wel die bevoegdheid vir so 'n magtiging gehad het.[160]

Vermoedelik het hy self die aangeleentheid geniet. En dit was nie die enigste geleentheid van vermaak nie. Daar is meer as een keer konsert in Pelgrimsrus gehou. Die grootste sukses was ongetwyfeld die toneelstuk wat op 30 September 1901 opgevoer is. Die onderwerp was op ware gebeure gegrond. In Junie het Viljoen 'n aantal hensoppers met 'n slap riem gevang[161] en dié gebeurtenis is verwerk - en ongetwyfeld uitgebrei - tot 'n toneelstuk waarin die Generaal self een van die rolle vertolk het.[162] Schikkerling vermeld met trots dat sy bydrae 'n lied van 28 strofes was wat hy geskryf het en wat tydens die konsert gesing is.[163]


Hierdie vermaak kan dalk die indruk skep dat die oorloggebeure geen invloed op Pelgrimsrus gehad het nie. Dit is egter nie die geval nie. Viljoen het dwarsdeur die oorlog saam met sy mense gestaan, geen besondere voorregte vir homself opgeëis nie en was bekend vir sy gasvryheid.[164] Maar hy het tegelykertyd bekend gestaan as 'n baie streng generaal.[165] Sy gemoedelike wyse van omgang het hom nie verhinder om, waar nodig, teen diensweieraars en verraaiers op te tree nie.[166]

En ook in hierdie tyd was dit vir hom nodig om dissiplinêre stappe te doen. Op 9 September 1901 het Viljoen 'n brief aan Botha gerig betreffende sekere probleme met sy offisiere. Wat die presiese aard daarvan was, is nie bekend nie.

---

159) C.L. Engelbrecht, Geld in Suid-Afrika, pp. 81 - 83; E.H.D. Arndt, Banking and currency development in South Africa (1652-1927), pp. 149 - 150.
160) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, pp. 283 - 284.
161) Kyk hierbo, p. 196.
162) M.E. Rothmann, Oorlogsdagboek van 'n Transvaalse burger te velde 1900-1901, p. 224.
163) R.W. Schikkerling, Hoe ry die Boere, p. 306.
164) F. Rompel, Heroes of the Boer War, p. 152.
165) W.F. Andriessen, Gedenkboek van den oorlog in Zuid-Afrika, p. 356.
166) C.J. Beyers (red.), Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek IV, p. 780.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




Uit Botha se reaksie kan afgelei word dat die offisiere geweier het om opdragte van Botha uit te voer. Die Kommandant-generaal het saamgestem daarmee dat sulke offisiere uit hul betrekkinge ontslaan moes word.[167] In dieselfde

---

167) TAB, Adv. N.J. de Wet-versameling 1, rapportboekie genl. Botha, 14 Oktober 1901 - 22 Desember 1901, brief, Botha - Viljoen, 14 Oktober 1901.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

brief het Botha Viljoen gemagtig om 'n instruksie uit te vaardig teen die plundering van dooies, gewondes en krygsgevangenes. Dit het dus soveel voorgekom dat 'n spesiale instruksie nodig was om dit te bekamp. Dit is moontlik dat Viljoen se probleme hiermee verband gehou het. Viljoen het hom inderdaad teen die genoemde praktyke verset. Hy het begrip gehad vir die feit dat die burgers hulself soms op hierdie manier van klere moes voorsien, maar hy het ook besef dat dié praktyk maklik kon hand uitruk.[168]

Die Middelburgkommando het ook probleme met offisiere opgelewer. Op 26 November 1901 het tagtig burgers beswaar gemaak teen kmdt. S.P.E. Trichardt wat deur Viljoen oor hulle aangestel is.[169] Muller het die memorie aan Viljoen gestuur wat dit op 28 November in 'n uitgebreide brief beantwoord het. Hy het die besware indringend ondersoek en die regmatigheid van die benoeming vriendelik maar ferm gehandhaaf. Hy het ook 'n ernstige beroep op die burgers gedoen om hul kragte aan die saak van vryheid en reg te wy.[170] Viljoen het Botha genader oor die kwessie of Trichard nog die titel van luitenant-kolonel mog voer. Nadat die Staatsartillerie ontbind is, het die funksie verval. Vir Botha was dit nie so problematies nie, want in sy antwoord het hy skaars daarna verwys. Hy het wel volkome met Viljoen saamgestem dat die Middelburgers onder Trichard moes dien.[171]

Viljoen het ook sy getroue volgelinge gehad - mense wat sy bevele stiptelik uitgevoer en selfs meer as dit gedoen het. Hy verwys trots na 'n paar waaghalse, Jordaan en Mellema, wat tot twee maal toe kans gesien het om Lydenburg binne te dring en die Britte daar skade te berokken.[172] Maar dit was tewens die belangrikste militêre feite van Desember 1901. Die uitbundige feestelikhede tydens Kersfees kry meer aandag. Atletiek en wedrenne was die hoofdis - waarby Viljoen die afdeling naelloop vir offisiere gewen het - maar daar was ook die meer plegtige aangeleenthede. Ds. H.J. Neethling sou natuurlik die woord voer en Viljoen moes as bevelhebber die openingsrede lewer; 'n taak waarvan hy nie baie gehou het nie. Hy reken dat die gevoeligste deel van sy toespraak tot die ongeveer neëntig skoolkinders gerig was. Tereg het hy daarop gewys dat hulle onder die Vierkleur kon skoolgaan, in teenstelling met al die

---

168) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, pp. 325 - 326.
169) TAB, Preller-versameling 36, p. 86, brief, A.P. van Niekerk en 79 ander - Genl. Muller, 26 November 1901.
170) TAB, Preller-versameling 36, pp. 84 - 85, brief, Viljoen - Van Niekerk, 28 November 1901.
171) TAB, Adv. N.J. de Wet-versameling 1, rapportboekie genl. Botha 14 Oktober 1901 - 22 Desember 1901, brief, Botha - Viljoen, 21 November 1901.
172) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, pp. 273 - 274.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ander kinders in die konsentrasiekampe.[173]

Met dié opmerking het Viljoen die uitsonderlikheid van die situasie geteken. Die besef van die nood en lyding van so baie landgenote het 'n domper op die feesvieringe geplaas. Aan die einde van sy verslag oor die derde Kersfees in die veld het Viljoen sy eie gevoelens beskryf: "Dat wij zat waren van den langen en zwaren strijd is even zeker als dat wij vast besloten waren trouw onzen plicht te doen, tot den dag, dat onze eigen Regeering en Komm. Generaal ons zouden zeggen het zwaard weder in de schede te steken."[174] Daar is geen rede om aan die opregtheid van hierdie uitspraak te twyfel nie. Vir Viljoen self was die einde van die stryd nader as wat hy vermoed het.

---

173) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, pp. 275 - 277.
174) Ibid., p. 278.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Ben Viljoen (in rytuig) word as gevangene
van Lydenburg na Machadodorp gebring.



Genl. B.J. Viljoen ($2^e$ v.l.) en genl. P.A. Cronjé ($4^e$ v.l.)
met drie seuns van pres. T. Roosevelt ($3^e$, $5^e$ en $6^e$ v.l.)
tydens die Wêreldskou in St. Louis, VSA, in 1904.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# Hoofstuk VIII DIE KRYGSGEVANGENE

Die jaar 1902 is ingelui deur 'n halfhartige Boere-aanval op die dorp Lydenburg. Viljoen het 'n groot gedeelte van sy verslag gewy aan die voorbereiding vir die aanval en het ook 'n aanneemlike verskoning vir die mislukking daarvan gebied[1] - maar alles dui daarop dat Amery voldoende rede gehad het om te praat van 'n "perfunctory effort".[2] Die Britse versterkings rondom die dorp, bestaande uit blokhuise en doringdraadversperrings, was van so 'n aard dat slegs vasberade aanvalle en bereidheid tot offers kans op sukses kon bied. In die laaste fase van die oorlog was daar in hierdie distrikte eintlik nie meer sprake van groot doelwitte nie. Viljoen kon slegs sy aanwesigheid laat blyk, indien moontlik die vyand skade berokken en groot lewensverlies voorkom. Ook die Britte het 'n passiewe rol in hierdie gebied gespeel. Gevolglik was die distrik Lydenburg 'n relatief rustige omgewing.

Moontlik het Viljoen op grond van die veiligheidsoorweging die Regering aanbeveel om na Pelgrimsrus te verskuif. Viljoen self meld nie dat dit hy is wat die voorstel gemaak het nie. Inteendeel, hy het baie goed die nadeel van die verplasing van die regeringsetel ingesien. Die Regering sou op so 'n afgeleë plek moeilik met die regering van die OVS en die verskillende bevelhebbers kon kommunikeer.[3] Volgens Muller was dit baie beslis Viljoen se voorstel. Hy vertel verder dat sy broer Hermanus Muller die waarnemende staatspresident Schalk Burger oortuig het om van die plan af te sien. Viljoen sou daarop baie kwaad geword en onmiddellik na Pelgrimsrus vertrek het.[4] Dit wil voorkom of Muller hom hier te veel deur sy swak verhouding met Viljoen laat lei het. Amery, Gronum en Viljoen se verslae stem ooreen dat die aanvanklike besluit om na Pelgrimsrus te trek na gesamentlike oorleg geneem is. Die Regering het inderdaad saam met Viljoen gegaan, maar op die laaste oomblik is besluit om nie die blokhuislyn tussen Lydenburg en Machadodorp oor te steek nie, maar aan die westekant daarvan, op die plaas Oshoek, te bly.[5] As rede vir die skielike verandering van standpunt is aangevoer dat die Britse kolonne wat op die Regering se spoor was, na Lydenburg teruggekeer het. Hoe dit ook al sy, die besluit het voorkom dat die Regering saam met Viljoen in Britse hande geval het.

---

1) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, pp. 278 - 283.
2) L.S. Amery, Times history of the war in South Africa, 1899-1902 V, p. 464.
3) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, p. 287.
4) C.H. Muller, Oorlogsherinneringe, pp. 159 -160.
5) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, pp. 285 - 286; L.S. Amery, Times history of the war in South Africa, 1899-1902 V, pp. 464 - 465; M.A. Gronum, Die Bittereinders Junie 1901 - Mei 1902, p. 41.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Viljoen het van Oshoek af verder getrek, by Zwagershoek die duisternis afgewag en gedurende die nag van 25 Januarie 1902 deur die vallei van die Spekboomrivier na Pelgrimsrus getrek. In hiedie nag is hy daar in 'n Britse hinderlaag gelei en gevang. Viljoen het voor sy tog die normale veiligheidsmaatreëls getref. In die nabyheid van die Britse magte het hy snags gery nadat die omgewing deeglik bespied is. Twee manne het 'n paar honderd meter vooruit gery om moontlike lokvalle te voorkom. Hierdie voorhoede het in een stadium 'n paar verdagte figure agtervolg waarop skote ook gewissel is. Sodoende het Viljoen en sy adjudant Bester toe die voorhoede gevorm. Dit kan as 'n nalatigheid beskou word. Dit sou beter gewees het om die klein groepie nie op te breek nie en eers te wag om te sien wat die agtervolging sou oplewer. Dit sou egter weer tydverlies veroorsaak het. Op 'n steil afdraande by 'n spruit is hulle deur 'n Britse hinderlaag oorval. In die eerste sarsie skote van die kort skermutseling is Viljoen se perd gedood en hy self kon hom as gevolg van die val nie verdedig nie. Viljoen en Bester is gevange geneem en twee ander luitenante, J. Nel en L. Jordaan, is in die geveg gedood. Hoewel Viljoen skrams deur 'n koeël getref is, het sy sakboekie voorkom dat hy gewond is.[6]

Die omstandighede van Viljoen se gevangeneming is uitsonderlik. Hy is nie in 'n veldslag of dryfjag gevang nie, maar in 'n donker nag op 'n eensame plek. Hierdie omstandighede dui op verraad.[7] Oor die moontlikheid van verraad was daar baie gerugte. Daar is beweer dat Viljoen self die Britte oor sy voorgenome planne ingelig het.[8] Dit sou per implikasie beteken dat Viljoen beoog het om die Regering te verraai, want hy sou hierdie reis saam met hulle onderneem het. Hierdie veronderstelling is beslis ongegrond. Ook die uitvoering van die gevangeneming, waarin Viljoen ook soos Nel en Jordaan kon gesneuwel het, maak die bewering dat Viljoen self betrokke was, onwaarskynlik. 'n Daad van hierdie aard was beslis nie tekenend van sy karakter nie. Viljoen was wel 'n voorstander van die beëindiging van die stryd. Indien hy dit self wou doen, sou hy dit sekerlik nie op hierdie wyse gedoen het nie. Verraad en valse skyn was nie deel van sy mondering nie. Uit korrespondensie van Leyds wil dit voorkom of die hardnekkige gerugte, wat waarskynlik hulle oorsprong in Britse koerante gehad het, ook deur Afrikaanse koerante oorgeneem is.[9] Die praatjies het

---

6) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, pp. 287 - 291.
7) TAB, W.J. Leyds-huisargief, 3, ongepubliseerde artikel oor Viljoen.
8) C. Groenewald, Bannelinge oor die oseaan, Boerekrygsgevangenes 1899-1902, p. 106; Pretoria News, 17 Augustus 1963; D.W. Krüger, Boere-generaal maak revolusie in vreemde land, (Die Huisgenoot, 25 Januarie 1974, p. 42.)
9) TAB, LA 190 II, 67, brief, P.A. Nierstrasz, 's-Gravenhage - W.J. Leyds, Utrecht, 20 Maart 1902; D.W. Krüger, Boere-generaal maak revolusie in vreemde land, (Die Huisgenoot, 25 Januarie 1974, p. 42.)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Viljoen beslis gekwes en skaars vier weke na sy gevangeneming het hy 'n beroep op Botha gedoen om sy naam te suiwer.[10] Ongetwyfeld het hierdie laster Viljoen se latere handelwyse ook beïnvloed.

In hierdie brief wat Viljoen op die dag van sy vertrek uit Kaapstad aan Botha geskrywe het, het hy die Kommandant-generaal van sy opregtheid verseker en die aantygings van verraad met verontwaardiging verwerp. Hy het die verdagmaking probeer verklaar in die lig van die feit dat hy 'n voorstander van eerlike vrede was. Hy het 'n beroep op Botha gedoen om sy naam van die smaad te suiwer en om nie te verslap in die strewe na vrede nie. Viljoen het by sy oortuiging gebly dat dié standpunt reg en in belang van die volk was, "hoewel wij slechts twee waart die bij de vergadering te Waterval l.l. Junie uithield". Uit die brief is dit duidelik dat hulle nie net oor die noodsaaklikheid van vrede saamgestem het nie, maar dat hulle ook 'n vriendskaplike verhouding gehad het - Viljoen het Botha daarin as "beste Louis" aangespreek.[11]

Grant skryf die sukses van Viljoen se gevangeneming toe aan die deeglike werk van die Britse inligtingsdiens - 'n veronderstelling wat deur Viljoen ondersteun word[12] - maar volgens Amery is sy reisplanne verraai.[13] Gronum vertel dat ene Spies hom verraai het,[14] maar waarskynlik het hy Amery se "Spies had betrayed Viljoen" te oppervlakkig gelees en foutief vertaal. Moontlik op grond van dieselfde Britse koerantberigte as dié wat P.A. Nierstrasz aan Leyds meld, gaan Andriessen ook van die veronderstelling uit dat die gevangeneming van Viljoen die gevolg van omkopery en verraad was.[15]

Dit is uiteraard nie meer moontlik om bo alle twyfel vas te stel of daar inderdaad verraad gepleeg is en wie dit gedoen het nie. Grant se verklaring dat die Britte opgetree het na aanleiding van berigte wat mense aan die inligtingsdiens verskaf het, is nie onaanvaarbaar nie. Deurdat Viljoen en sy kommando al geruime tyd vanuit een plek opgetree het, is dit moontlik dat hulle sekere patrone ontwikkel het met betrekking tot vasgestelde roetes en tye. Dit kon die Britte op sy spoor gebring het. 'n Ander moontlikheid is dat inligting verkry is van burgers wat na die teenstander oorgeloop het; iets waaroor Viljoen al

---

10) TAB, Preller-versameling 2, pp 129 - 132, brief, Viljoen - Botha, 19 Februarie 1902.
11) Ibid.
12) M.H. Grant, History of the war in South Africa IV, pp. 380 - 381; B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, p. 292.
13) L.S. Amery, Times history of the war in South Africa, 1899-1902 V, p. 465.
14) M.A. Gronum, Die Bittereinders Junie 1901 - Mei 1902, p. 41.
15) W.F. Andriessen, Gedenkboek van den oorlog in Zuid-Afrika, pp. 457 - 458; TAB, LA 190 II, 67, brief, P.A. Nierstrasz, 's-Gravenhage - W.J. Leyds, Utrecht, 20 Maart 1902

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

geruime tyd bekommerd was.[16] Daar kan ook nog gedink word aan Britsgesinde delwers wat dalk inligting oorgedra het.[17]

Eers op 28 Januarie, drie dae na die gebeurtenis self, het die berig van die Generaal se gevangeneming die kommando's bereik. Ben Viljoen het toestemming van die Britte gekry om sy broer Wynand in te lig.[18] Op sy beurt het hy weer Schalk Burger in kennis gestel. Op 1 Februarie 1902 het die Waarnemende Staatspresident vir Muller voorlopig as Waarnemende Assistent-kommandant-generaal in die plek van Viljoen aangestel.[19] Die naywer tussen Muller en Viljoen is nou deur die Johannesburgkommando oorgeneem. Hulle het geweier om Muller as hul bevelhebber te aanvaar, tensy Wynand Viljoen tot generaal bevorder word.[20] Hoewel Jan Viljoen voortaan na sy broer Wynand as Waarnemende Generaal verwys, het die benoeming nooit plaasgevind nie.[21]

Nadat die gevangeneming van Viljoen bekend geword het, het sy waaghalsige verkenners Mellema en Jordaan 'n poging aangewend om hom te bevry. Toe dit misluk, het hulle 'n paar dae later 'n wraakaanval op een van die blokhuise gedoen waartydens ses Britse soldate gesneuwel het.[22]

Viljoen het self 'n baie romantiese verslag van sy gevangeneming, die gesprekke met Britse soldate en die hoflikheid van die Ierse offisiere geskryf.[23] Aan die verslag kan nie te veel waarde geheg word nie, aangesien Viljoen hom graag op hierdie wyse te buite gegaan het. Later het hy selfs 'n roerende verhaal geskrywe oor hoe hy van die Britte toestemming gekry het om tot die laaste oomblik by sy sterwende perd te bly voordat hulle hom as gevangene na Lydenburg afgevoer het. Die volgende dag sou hy manne gehuur het om sy perd te begrawe en 'n grafteken op te rig sodat hy later die graf sou kon besoek.[24]

Volgens sy eie verslag is Viljoen omstreeks 30 Januarie onder streng geleide na Machadodorp gebring. In opdrag van Kitchener moes tweeduisend man vir sy

---

16) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, p. 244.
17) R.W. Schikkerling, Hoe ry die Boere, p. 312.
18) J.C. Viljoen, In den Anglo-Boer Oorlog met het Johannesburg Commando, (De Goede Hoop, 3(2) 1 Augustus 1905, p. 39).
19) TAB, Generaal C.H. Muller-versameling 1(1).
20) J.C. Viljoen, In den Anglo-Boer Oorlog met het Johannesburg Commando, (De Goede Hoop, 3(2) 1 Augustus 1905, p. 40).
21) M.A. Gronum, Die Bittereinders Junie 1901 - Mei 1902, p. 41.
22) J.C. Viljoen, In den Anglo-Boer Oorlog met het Johannesburg Commando, (De Goede Hoop, 3(2) 1 Augustus 1905, p. 40).
23) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, pp. 289 - 293.
24) B.J. Viljoen, The story of a piebald horse. (Los Angeles Times, Illustrated Weekly, 13 November 1915.)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

veilige bewaring sorg, vertel Viljoen. Dit is natuurlik moontlik dat 'n leër-afdeling wat oorgeplaas is, gebruik is om Viljoen te vervoer. Van Machadodorp is die reis per trein na Pretoria voortgesit waar hy in 'n kamp vir krygsgevangenes geplaas is. Hy was vol lof oor die behandeling wat hy ontvang het. Hy is ridderlik behandel, het gunste ontvang, is deur Kitchener te woord gestaan, mog op parool familie besoek het, kortom - alles het beantwoord aan Viljoen se heroïese visie van 'n "gentleman's war".[25]

In dieselfde romantiese gees ken Viljoen slegs ridders en onwaardiges. Nadat hy van Pretoria na Durban vervoer is, het ene kol. Ellet hom meegedeel dat hy na St. Helena verban is. Hoewel Viljoen geen goeie woord vir hierdie "misvormd voorwerp der schepping" het nie, het Ellet wel parool aan hom toegestaan om sy bagasie te versorg. Viljoen is aan boord van die "Brittanic" geplaas waarna hy en 'n aantal ander krygsgevange offisiere na Kaapstad vervoer is.[26] Onder hulle was oud-generaal D.J.E. Erasmus wat op 3 Januarie 1902 gevange geneem is.[27] Met sÿ geselskap was Viljoen beslis nie ingenome nie. In 'n brief aan Botha kla hy oor die skande om "so 'n papbroek" as geselskap te hê.[28]

Van 17 tot 19 Februarie het die "Brittanic" in die Kaapstadse hawe steenkool gelaai vir die reis na Europa. Op 24 of 25 Februarie het die skip St. Helena aangedoen sodat die krygsgevangenes aan wal kon gaan. Hulle is ongeveer 'n week lank by Lemon Valley in kwarantyn gehou en daarna is Viljoen en Bester op 1 Maart na die kamp Broadbottom oorgeplaas.[29]

Die behandeling in die kamp het Viljoen bitter ongelukkig gestem. Die klagtes in sy boek het veral betrekking op die feit dat hy nie ooreenkomstig sy rang behandel is nie. Waarskynlik was die oorsaak van sy ongelukkigheid nie sy begeerte na groter gerief of meer vryheid nie, maar het hy in die miskenning van sy rang 'n gebrek aan ridderlikheid ervaar. Na 'n aantal pogings om die saak reg te stel, is op 18 Maart aan hom en sy adjudant parool toegestaan. Dit het ingehou dat hulle op eie koste buite die kamp mog woon. Hulle het die geleentheid geesdriftig aangegryp en 'n plek met die naam "Myrtle Grove" gehuur.[30]

Oor Viljoen se aktiwiteite op St. Helena bestaan onsekerheid. Afgesien van sy

---

25) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, pp. 294 - 295.
26) Ibid., pp. 296 - 297.
27) J. Malan, Die Boere-offisiere 1899-1902, p. 30.
28) TAB, Preller-versameling 2, pp 129 - 132, brief, Viljoen - Botha, 19 Februarie 1902.
29) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, pp. 297 - 301.
30) Ibid., pp. 301 - 309.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

eie getuienis is daar min bronne wat inligting daaroor verskaf. En sy eie mededelings is ook nog teenstrydig. In die Nederlandse uitgawe van sy boek maak hy melding van sy onvermoë om iets te doen om verligting in die streng regulasies vir die krygsgevangenes te bring. Hy was bang dat hy andersins self met opsluiting in fort High Knoll gestraf sou word.[31] In 1916 het hy egter in 'n koerantartikel geskrywe dat gevangenes uit High Knoll deur sy bemiddeling na die gewone kampe teruggeplaas is. Dieselfde bron gee ook 'n baie uitvoerige verslag oor sy besoek aan Longwood waar Napoleon tussen 1815 en 1822 'n gevangene was. Dat die ou bewaker van die plek baie vereerd was met 'n besoek van so 'n beroemde generaal waaroor hy al so baie gelees het,[32] is waarskynlik slegs 'n digterlike versiering. In sy boek verwys hy slegs kortliks na die besoek.[33] Die belangrikste oorsaak van hierdie verskille is vermoedelik die tydsfaktor. In die veertien jaar wat tussen die ontstaan van hierdie twee bronne verstryk het, het die herinneringe nuwe klem en fasette gekry. Daar is ook 'n hoë mate van onnoukeurigheid in Viljoen se eie skryfwerk. In 1916 skryf hy dat hy saans na sesuur nie meer buite mog kom nie, maar die fotografiese afdruk van sy parool, wat as illustrasie by die artikel opgeneem is, vermeld: "He is not however to be out after 9 30 p.m."[34] Die parool is deur lt.kol. H.O.P. Wright onderteken.

Viljoen het goeie kontak met Wright gehad. Hierdie kommandant van Broadbottom was die bemiddelaar tussen Viljoen en die bevelvoerder, lt.kol. H.S. Price. Nadat Viljoen uit Broadbottom weg is, het daar 'n vriendskaplike band bly bestaan. Wright en sy vrou het selfs in Myrtle Grove by Viljoen kom kuier. Op 7 April het hulle hom nie tuis aangetref nie, soos dit blyk uit 'n vriendelik briefie van Viljoen aan die Wrights.[35]

Dit is moontlik dat die lidmaatskap van die Vrymesselary in hierdie en talle ander kontakte waaroor Viljoen hom met lof uitlaat, 'n rol gespeel het. Daar is sterk aanwysings dat Wright - soos Viljoen - 'n Vrymesselaar was.[36] Op St. Helena was twee losies waar Britse offisiere en manskappe, asook inwoners van die eiland en krygsgevangenes gesamentlik vergader het. Die onderlinge kontak was sò heg dat alle verskille wat buitekant die losie bestaan het, binne die gebou weggeval het. In hierdie verband word veral die naam van lt.kol. A.L. Paget genoem as die persoon wat instrumenteel was vir die toestaan van parool

---

31) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, p. 311.
32) B.J. Viljoen, A paroled Boer general on St. Helena, (Los Angeles Times, Illustrated weekly, 26 Februarie 1916).
33) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, p. 309.
34) B.J. Viljoen, A paroled Boer general on St. Helena, (Los Angeles Times, Illustrated weekly, 26 Februarie 1916).
35) C.A. Hollenbach, Briewe uit die Boere-oorlog, p. 211.
36) Ibid., pp. 197 - 200.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

aan Vrymesselaars.[37] Paget was kommandant van Deadwoodkamp.[38] Daar is baie getuienis dat Vrymesselaars (Britte sowel as Boere), onderling goeie verhoudinge gehandhaaf het. Veral op St. Helena het die gemeenskap gebloei[39], moontlik ook deur die feit dat beide kampkommandante Vrymesselaars was. Dit beteken nie dat dit enige invloed op hul oorlogsinspanning gehad het nie. P.J. Joubert, L. Botha, F.S. Roberts en H.H. Kitchener was almal Vrymesselaars, maar dit het hoegenaamd geen invloed op die verloop van die stryd gehad nie.

In sy boek gee Viljoen geen aandag aan die rol wat die Vrymesselary in sy lewe gespeel het nie. Dit is merkwaardig omdat Cooper juis vertel dat Viljoen in 'n rede in die losie op St. Helena verklaar het: "Freemasonary would be a great factor in bringing about a state of happiness, tranquility and mutual understanding in South Africa and would pave the way of progress, enlightment and humanity for Boer and Briton alike".[40]

Op die eiland het Viljoen baie van sy tyd aan die skryf van sy oorlogsverhaal bestee. Hierdie verslag het in drie tale verskyn: Engels, Nederlands en Duits. Die Duitse uitgawe het verskyn as deel II in die reeks Im Kampf um Süd-Afrika onder die titel Die Transvaaler im Krieg mit England. Dit is 'n vertaling deur A. Schowalter van die Nederlandse uitgawe. In een opsig wyk hierdie Duitse uitgawe van die ander twee af: dit bevat 'n waardevolle kaart van Viljoen se omswerwinge. Die Nederlandse en Engelse uitgawe is uiteenlopend. Die hoofstukindeling verskil, die bylaes is nie dieselfde nie en in die teks is 'n hele aantal klein en ook groter verskille. Hoewel dit nog ooglopend dieselfde boek is, kan daar beslis nie van 'n vertaling gepraat word nie. Die een is 'n verwerking van die ander. Maar watter een was die eerste? Oor hierdie vraag het daar in 1974 selfs 'n polemiek in Die Huisgenoot ontstaan.

D.W. Krüger het in 'n artikel oor Ben Viljoen geskrywe dat sy boek nog voor die einde van 1902 in Engels verskyn het.[41] Hierop het H.C. Viljoen gereageer. Hy skryf dat Ben se boek eers in 1902 in Nederlands verskyn het en 'n Engelse vertaling die jaar daarna.[42] Hierdie bewering kom ook voor in die Viljoen-

---

37) P.H. Butterfield, Centenary, the first 100 years of English Freemasonry in the Transvaal 1878-1978, p.115.
38) O.J.O. Ferreira (red.), Krijgsgevangenschap van L.C. Ruijssenaers 1899-1902, p. 27.
39) A.A. Cooper, The Freemasons of South Africa, pp. 76 - 78.
40) Ibid., p. 78.
41) D.W. Krüger, Boere-generaal maak rewolusie in vreemde land, (Die Huisgenoot, 25 Januarie 1974, p.40).
42) H.C. Viljoen, Nog inligting oor genl. Viljoen, (Die Huisgenoot, 22 Februarie 1974, p. 6).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Gedenkboek wat deur H.C. Viljoen geskryf is.[43] Daarop het Krüger weer geantwoord dat die Engelse uitgawe die oorspronklike werk is en dat die Nederlandse uitgawe 'n vertaling daarvan is.[44]

Dit sal waarskynlik 'n literêre ondersoek verg om vas te stel watter uitgawe die oorspronklike is. Op hierdie oomblik is die antwoord dus onseker. Dit is wel seker dat daar nie van 'n vertaling gepraat kan word nie; verwerking is 'n beter tipering. Sowel die Nederlandse as die Engelse uitgawe is gedateer 1902. Die inleiding in die Nederlandse uitgawe is in Mei 1902 op St. Helena geskrywe en die Engelse boek se "Author to the reader" op dieselfde eiland in Junie 1902. Laasgenoemde publikasie het ook nog 'n voorwoord van kol. T. Brinckman wat hy in September 1902 in Skotland geskrywe het. Dit is egter onseker of hierdie klein verskilletjies van groot betekenis is wanneer 'n verskyningsvolgorde vasgestel moet word.

Daar is ewenwel 'n ander element wat lig op hierdie saak werp. In 1917 het 'n herdenkingsartikel oor Viljoen in <u>De Volkstem</u> verskyn. Die skrywer, vermoedelik Gustav Preller, vertel daarin dat daar in die eerste uitgawe van Viljoen se boek 'n hoofstuk oor die voorgeskiedenis van die oorlog voorgekom het. Daarin het Viljoen die Krugerregering mede-aanspreeklik gemaak vir die uitbreek van die oorlog. Volgens Preller het vriende Viljoen daarop gewys dat sy uitlatings die Transvalers in daardie moeilike dae, te na gekom het. Viljoen sou toe opdrag gegee het dat dié hoofstuk in alle volgende uitgawes weggelaat moet word. Want, so sê die skrywer, die boek het ook in Engels en Duits verskyn.[45]

Inderdaad het die Engelse uitgawe 'n hoofstuk getitel "The war clouds gather". In die hoofstuk skryf Viljoen oor die inval van Jameson en die Britse imperialisme in die algemeen. Dit eindig soos volg:

> "Mr. Rhodes has disappeared from the stage for ever; he died as he had lived. His relentless enemy Mr. Kruger, who was pulling the strings at the other end, is still alive. Perhaps the old man may be spared to see the end of the bloody drama; it was undoubtedly he and Mr. Rhodes who played the leading parts in the prologue.
> Which of these two 'Big Men' took the greatest share in bringing about the Disaster which had drenched South Africa with blood and draped it in mourning, it would be improper for me at this period to suggest. Mr. Rhodes has been summoned before a Higher Tribunal; Mr. Kruger has still to

---

43) H.C. Viljoen, <u>Viljoen-Gedenkboek</u>, p. 94.
44) D.W. Krüger, Genl. Ben Viljoen in die vreemde, (<u>Die Huisgenoot</u>, 1 Maart 1974, p. 6).
45) <u>De Volkstem</u>, 19 Januarie 1917.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

come up for judgment before the people whose fate, and very existence as a nation, are, at the time of writing, wavering in the balance."[46]

Dit is ongetwyfeld hierdie paragrawe waarna Preller verwys het. Dit sou 'n sterk aanwysing wees dat die Engelse uitgawe die oorspronklike is, maar Preller se opmerking dat daar ook 'n Duitse en Engelse uitgawe van die boek verskyn het, stem nie daarmee ooreen nie.

Viljoen se uitlatings is wel 'n duidelike aanduiding van sy veranderde houding. Die miskenning wat hy ondervind het deur die lasterpraatjies oor sy gevangeneming het waarskynlik 'n rol hierin gespeel. Vermoedelik het ongelukkigheid oor sy gevangenskap ook tot die standpunt bygedra. Vir Viljoen moes dit 'n bittere ondervinding gewees het om sy vryheid van handel en wandel te verloor. Sedert sy jeugjare op die grens was hy gewoond daaraan om self volkome in beheer te wees van sy optrede en dit is nou skielik beëindig. Vir hierdie aantasting van sy eiewaarde het hy 'n sondebok gesoek. Hierdie nuwe standpunt van Viljoen is dalk die eerste aanduiding van 'n nuwe ingesteldheid wat sy band met die Transvaalse volk beïnvloed het. Hy aarsel hier op die rand van trou aan sy land en afskeid van sy verbondenheid.

Hierdie verandering het nog sterker na vore gekom in sy houding teenoor die eed van getrouheid wat die Britse regering van die krygsgevangeness gevra het voordat hulle na Suid-Afrika kon terugkeer. Dit word algemeen aanvaar dat Viljoen nie die eed van getrouheid afgelê het nie. Hy het dit self onomwonde gestel en ook die redes daarvoor gegee. Volgens Viljoen het alles begin met 'n brief van kol. Price van 16 Julie 1902 waarin hy meegedeel is dat sy verbanning opgehef is, op voorwaarde dat hy die eed van getrouheid aan koning Edward VII sou aflê. Hierop sou hy sterk afwysend gereageer het. Nogtans het hy onder die Foreign Immigration Pass Law 'n tydelike permit gekry om sy sake in Suid-Afrika af te handel.[47] In Suid-Afrika sou hy nogmaals voor die keuse gestel word. Hy kon is Suid-Afrika bly mits hy die eed van getrouheid aflê. "Having considered and decided *never* to commit such an outrage to my heart's dictation, which would be nothing short of perjury, I was given time to leave the country."[48] Dit het Viljoen in 1906 geskrywe. In 1914 het hy in 'n vraaggesprek dieselfde mening uitgespreek[49] en ook in 1915 het hy te kenne gegee dat sy vertrek uit Suid-

---

46) B.J. Viljoen, My reminiscences of the Anglo-Boer War, pp. 20 - 21.
47) B.J. Viljoen, An exiled General, p. 44; H.C. Viljoen, Viljoen-Gedenkboek, p. 116.
48) B.J. Viljoen, An exiled General, p. 47.
49) L. West, Boer methods in New Mexico, (The Country Gentleman, 25 Julie 1914, p. 9).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Afrika die gevolg was van 'n lewenslange verbanning deur die Britse regering.[50] Op grond van hierdie gegewens het latere skrywers die stelling herhaal dat Viljoen verban is omdat hy vanweë goeie vaderlandse motiewe geweier het om die eed van getrouheid af te lê.[51] Dié houding blyk ook in ooreenstemming met Viljoen se karakter en individualisme te wees.

Dit is opvallend dat D.W. Krüger swyg oor die vraag of Viljoen die eed van getrouheid afgelê het. In sy biografiese skets skryf hy oor die redes wat Viljoen beweeg het om nie in Suid-Afrika te bly nie.[52] Daarmee gee hy duidelik aan dat die besluit by Viljoen berus het en nie die gevolg van omstandighede was nie. Moontlik is Krüger se versigtige stelling die gevolg van 'n enkele brokkie kontemporêre inligting wat 'n ander geluid laat hoor het. In sy diskussie met H.C. Viljoen in <u>Die Huisgenoot</u> het Krüger verwys na uiters belangrike gegewens in die Leyds-versameling wat handel oor Viljoen se besluit om na Amerika te gaan.[53] Inderdaad bevat die versameling duidelike informasie oor hierdie saak. P.A. Nierstrasz het vir die <u>Täglichen Rundschau</u> in Berlyn 'n artikel oor Viljoen geskrywe. Daarteen het A. Schowalter - die vertaler van Viljoen se boek - die pen opgeneem en 'n lywige artikel ter verdediging van Viljoen geskrywe wat deur dieselfde koerant op 4 Maart 1903 gepubliseer is. Nierstrasz het op 3 April aan Leyds 'n oorsig van die gang van sake gestuur - met afskrifte van artikels en korrespondensie. Op 21 April het hy weer aan Leyds geskrywe en aangehaal uit 'n dokument wat hy tot sy beskikking gehad het. Dit het gehandel oor die aflegging van die eed van getrouheid op St. Helena. 'n Onbekende korrespondent skryf daarin:

> "Generaal Viljoen die een paar dagen tevoren er op aandrong toch te zorgen dat wij onze eer niet zouden verliezen, scheen plotseling van standpunt veranderd te zijn, en in plaats van in overleg met de officieren en burgers uit beide kampen te handelen, ging hij den 12 Juli den eed afleggen, met de uitdrukking: 'Het is een half dozijn van het eene en 6 van het andere.'"[54]

Dit stem volledig ooreen met 'n inskrywing in die dagboekie wat J. Scholte-

---

50) B.J. Viljoen, The story of a piebald horse, (<u>Los Angeles Times, Illustrated Weekly</u>, 13 November 1915.)
51) J.C. Vlok, U.S. grave recalls gallant Boer general, (<u>Pretoria News</u>, 17 Augustus 1963); H.C. Viljoen (?), Die herkoms van ons families, (<u>Die Stem</u>, Oktober 1985, p. 4); H.C. Viljoen, Nog inligting oor genl. Viljoen, (<u>Die Huisgenoot</u>, 22 Februarie 1974, p. 6).
52) C.J. Beyers (red.), <u>Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek IV</u>, p. 781.
53) D.W. Krüger, Genl. Ben Viljoen in die vreemde, (<u>Die Huisgenoot</u>, 1 Maart 1974, p. 6).
54) TAB, LA 208 (2), R 252/03, briewe, Nierstrasz - Leyds, 3 April en 21 April 1903 met bylaes.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

meijer op St. Helena gehou het.[55]

Teenoor die algemene opvatting dat Viljoen nie die eed van getrouheid afgelê het nie, is dit 'n ernstige beskuldiging. Maar dit is wel korrek. Viljoen het inderdaad op 12 Julie 1902 op St. Helena die eed van trou afgelê, soos uit die argiefstukke blyk.[56] Die register is alfabeties en uit die oorsig blyk dit dat ongeveer 10% van die burgers reeds in Junie 1902 aan die voorwaarde vir terugkeer voldoen het. Van 1 tot 12 Julie het 'n verdere 10% die eed afgelê. Verreweg die meeste het in die tweede helfte van Julie en in Augustus trou gesweer. Viljoen het dus by die eerste 20% van die burgers behoort wat aan die eis van die Britse regering toegegee het.

Wat is die verklaring vir hierdie merkwaardige teenstrydigheid tussen Viljoen se woorde en sy dade? Dit is buite die kwessie dat hier van 'n vergissing of vergeetagtigheid sprake is. Viljoen het geweet dat hy die eed van getrouheid afgelê het en nogtans het hy dit herhaaldelik ontken. Dit het nie gestrook met sy karakter om leuenagtig en skynheilig te handel nie. Daar moet dus 'n ander verklaring wees. Twee elemente sal die noodsaaklike opheldering kan verskaf: Viljoen se evaluering van die werklikheid en sy toekomsmoontlikhede. Hierdie twee aspekte het Viljoen se weergawe van die ongerymdheid beïnvloed.

Vir Viljoen was trou en toewyding sake van die hart. Solank as wat hy op grond van sy oortuiging en gevoelens deel uitgemaak het van 'n groep, 'n organisasie of 'n volk, het hy dit met onverdeelde trou gedien. So het hy sy hele lewe lank die plek as oudste seun en broer in die Viljoen-familie volgestaan. In sy brief wat hy na sy gevangeneming uit Kaapstad aan Botha geskryf het, het hy hom versoek om 'n wakende ogie oor sy jonger broers te hou.[57] Tydens sy gevangenskap op St. Helena het die band met sy volk en die Transvaalse leiers verswak. Dit het al duidelik geword uit sy opmerking oor Kruger in die Engelse uitgawe van sy boek. Latere gebeurtenisse het selfs gelei tot 'n breuk met sy volk.[58] En die breuk het sy gevoel van verpligting tot trou beëindig. Dit is van belang om daarop te let dat Viljoen se verhaal van sy weiering om trou aan koning Edward VII te sweer, uit 1906 dateer, terwyl hy op St. Helena geen geheim van sy eedaflegging gemaak het nie. Uit Viljoen se woorde wat die onbekende korrespondent van Nierstrasz aangehaal het, naamlik dat dit 'n halfdosyn van die

---

55) J. Scholtemeijer, Dagboek gehou op St.Helena, 12 Julie 1902 (in besit van prof. J. Scholtemeijer, Departement Latyn, Universiteit van Pretoria).
56) TAB, Register van eed van trou, St. Helena, 81/140673; Archives of the Colonial Secretary Transvaal 1901-1910, CS 1231 Oaths of Allegiance, St. Helena, book VII, no. 546 T.
57) TAB, Preller-versameling 2, pp. 129 - 132, brief, Viljoen - Botha, 19 Februarie 1902.
58) Kyk hieronder, pp. 229 - 230.

een of ses van die ander is, blyk dit dat Viljoen getwyfel het aan die noodsaak van verdere trou aan die Transvaalse saak en dat hy persoonlik geen waarde geheg het aan sy eie eed van getrouheid aan koning Edward nie. Vir hom was dié eed 'n administratiewe handeling wat hom in staat gestel het om St. Helena te verlaat sodat hy opnuut sy eie toekoms kon uitwerk. Waarheen dit hom sou lei, het hy op daardie oomblik nog nie geweet nie. Hy het alle opsies, insluitende Suid-Afrika, oopgehou.

In 1906 het Viljoen oor sy toekoms besluit en terugskouend sy verhaal vertel. Alhoewel hy nie die daad van die eedaflegging kon ontken nie, het dit vir hom geen betekenis gehad nie. Hy het nooit met sy hart trou aan die Britse koning gesweer nie; hy het geen deel uitgemaak van dié gemeenskap nie en was dus ook geen trou verskuldig nie. Vir Viljoen het die werklikheid van sy standpunt oor verbondenheid en trou die waarheid van sy eedaflegging tot niet gemaak. Trou het in die hart van 'n man gelê, nie in sy handtekening nie.

Hierdie opvatting van Viljoen het saamgehang met sy agtergrond as grenspionier. Die omstandighede van sy jeug het hom gevorm tot 'n mens wat heeltemal selfstandig bepaal het wat sy posisie en verantwoordelikhede is. Regerings, wette, regulasies en tradisies het slegs waarde in soverre dit deur die individu as sodanig erken word. Vir Viljoen was die eise van die Britse regering naamlik dat die krygsgevangenes die eed van getrouheid moes aflê ongeldig. Gevolglik was sy eed van getrouheid nie 'n dokument waaraan hy kragtens sy gewete gebonde was nie. Inderwaarheid het dit nie meer vir Viljoen bestaan nie.

Nietemin het hierdie dokument wel vir hom die pad na Suid-Afrika ontsluit. Tien dae na sy eedaflegging, op 22 Julie, het hy na Kaapstad vertrek. In korrespondensie betreffende 'n aansoek van mev. Viljoen vir haar terugkeer na Suid-Afrika, staan onder die datum 5 Augustus 1902 dié aantekening geskryf: "Mr Chamberlain learns that General Viljoen left St. Helena for S.Africa on the 22d-ultimo." Daar is ook 'n aantekening doodgekrap: "Viljoen among the p.of w. whom you recommended for early release - Chamberlain."[59] Dit is nie duidelik of die nota van Chamberlain is of dat iemand na Chamberlain se aanbeveling verwys nie. Inderdaad was Viljoen wel onder die eerstes wat huis toe gegaan het.

Die omstandighede wat hy in Transvaal aangetref het, was nie baie bemoedigend nie. In sy boek vir die Amerikaanse publiek, An exiled general, skryf hy daaroor. Sy besittings was hy kwyt, sy toekomsmoontlikhede baie onseker.[60] In hierdie vroeë dae van die Britse militêre bewind is Viljoen nog as 'n onge-

---

59) TAB, FK 998, korrespondensie met aantekeninge betreffende terugkeer mev. Viljoen, pp. 469 - 477.
60) B.J. Viljoen, An exiled General, pp. 44 - 45.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

wenste persoon beskou. Reeds in 1900 het sy naam verskyn op 'n sogenaamde "Black List" met die subtitel: "Names of Boers and others of the Transvaal who should not be given employment in the new territories." Die lys is sorgvuldig deur Milner voorberei, gekontroleer en aan Roberts gestuur. Volgens Milner se getuienis was die persone wat op die lys vermeld was, "reputed dangerous, not only politically but moraly bad. They are often polished men, all the more dangerous, because they come forward with smiling faces and professions of friendship."[61] Moontlik sou dit Viljoen getroos het dat dieselfde swak getuienis ook van sy vroeëre teenstander De Meillon gegee is, maar waarskynlik het hy nie van die bestaan van hierdie lys geweet nie, hoewel hy die uitwerking daarvan ervaar het.

Tog het hy in dié stadium nog nie besluit om die land permanent te verlaat nie. Hy het wel die indruk gewek met sy roerende verhaal oor sy reis van Kaapstad na Europa. Hierdie verhaal was duidelik 'n poging om aan te sluit by anti-Britse gevoelens in Amerika en die ware feite betreffende sy reisplan is anders as wat hy beskryf het. Hy het nie op dié tydstip van Southampton na Amerika vertrek nie,[62] inteendeel - hy het eers geruime tyd in Engeland vertoef voordat hy sy eerste reis na die Nuwe Wêreld aangepak het. Daarna is hy terug na Europa en na Suid-Afrika voordat hy definitief na Amerika vertrek het. Viljoen se opsommende verhaal laat alle gebeure buite beskouing wat hy irrelevant ag op die tydstip waarop hy skryf. Daardeur kan sy verslag moeilik gebruik word om die presiese gang van sake te rekonstrueer. Tog is sy vertolking waardevol omdat dit toon wat hy op sekere tye belangrik geag het.

Viljoen het nie baie tyd in die Transvaal bestee nie. In September 1902 was hy weer in Kaapstad om vandaar na Nederland te reis om sy gesin te ontmoet. Volgens Schowalter het Viljoen in Kaapstad generaals Botha, De la Rey en De Wet ontmoet wat op pad na Europa was. Hierdie ontmoeting moes vroeër plaasgevind het, aangesien die genoemde generaals einde Julie na Europa vertrek het. Dit is moontlik dat Viljoen die generaals ontmoet het nadat hy van St. Helena in Kaapstad aangekom het. Die vier Boeregeneraals het eensgesind in Kaapstad saamgewerk. Moontlik het dit by Viljoen die verwagting geskep dat hy, met dieselfde rang as De la Rey, genooi sou word om aan die sending na Europa deel te neem. Dit het egter nie gebeur nie.[63] Dit is moontlik dat Viljoen dit teleurgesteld as 'n verwerping ervaar het, want hy was gevoelig vir erkenning.[64] In dié geval was hierdie ervaring 'n verdere bydrae tot die vervreem-

---

61) TAB, FK 1900, pp. 183 - 193.
62) B.J. Viljoen, An exiled General, pp. 49 - 51.
63) TAB, LA 208 (2), afskrif van 'n artikel in die Tägliche Rundschau van 4 Maart 1903, p. 2.
64) H.C. Viljoen, Viljoen-Gedenkboek, p. 117.

ding van sy vaderland. Dit is egter wel opmerklik dat hy self van die ontmoeting geen woord rep nie.

Viljoen het in Kaapstad ook 'n onderhoud met Milner gehad. In 'n vraaggesprek met die redakteur van Ons Land het hy vertel hoe Milner bereid was om alle ou amptenare van die voormalige Republieke weer in diens te neem, indien hulle deur die vernaamste offisiere aanbeveel word.[65] Daaruit blyk duidelik dat Viljoen hom toe nog met Suid-Afrika en sy mense verbonde gevoel het.

Op 7 Oktober het hy uit Nederland in Engeland aangekom.[66] Hoewel daar geen melding van gemaak word nie, het hy waarskynlik sy gesin in Nederland gaan haal. Op 22 Junie het Viljoen, toe nog op St. Helena, aan mnr. Henry Howard in Den Haag gevra om 'n permit te bekom vir sy vrou, kinders en skoonsuster se terugkeer na Suid-Afrika. Howard het die versoek aan die Britse konsulaat in Rotterdam gerig wat op sy beurt weer opdrag van Londen gevra het. Begin Augustus is die gevraagde toestemming gegee.[67]

Dit was omtrent twee jaar tevore dat Viljoen van sy gesin afskeid geneem het. Vir die eerste keer het hy sy enigste dogter gesien. Sy was Wilhelmina Helena Pauline Vrede Viljoen wat op 31 Desember 1900 in Den Haag gebore is.[68] In Viljoen se egskeidingsdokumente word tussen Pauline en Vrede ook nog die naam Maria genoem.[69] Daar is geen vermelding van 'n gesamentlike reis nie. Moontlik het mev. Viljoen met die kinders na Suid-Afrika gereis en haar, volgens plan, by die familie in Robertson gevestig. Viljoen self het 'n besige tyd in Engeland en Amerika tegemoet gegaan en sou eers maande later na Suid-Afrika terugkeer.

Die lesingtoer wat hy in Brittanje onderneem het, moes vir Viljoen besonder genotvol gewees het. Die aandag, die kalklig, die ontmoeting met belangrike persone -al hierdie dinge het sy ego gestreel. Selfs die Afrikanerpers het sy verrigtinge op die voet gevolg en berigte daaroor gepubliseer. Daarby sou dit ook aan hom 'n inkomste verskaf en die verkoop van sy boek bevorder het. In Londen, Liverpool en Belfast het hy vol sale getrek en sy gehoor verras deur sy gematigde standpunt.[70] Hy het ook 'n plan bekend gemaak om geld vir oorlogslagoffers in Transvaal in te samel.[71] Van die plan is later niks meer gehoor

---

65) Land en Volk, 20 September 1902.
66) Ibid., 10 Oktober 1902.
67) TAB, FK 998, korrespondensie met aantekeninge betreffende terugkeer mev. Viljoen, pp. 469 - 477.
68) H.C. Viljoen, Viljoen familieregister, p. 415.
69) TAB, WLD 3/54, nr. 165/1905.
70) Land en Volk, 10 Oktober, 17 Oktober, 28 November 1902.
71) Ibid., 10 Oktober 1902.

nie, maar hy het sy lydende volksgenote nie vergeet nie en 'n ernstige oproep gedoen vir hulp teen die dreigende armoede, honger en ellende.[72] Viljoen se aansien het toegeneem. Op 20 Oktober het hy saam met Lloyd George geëet, wat hom gedurende die oorlog 'n vurige Boerevriend getoon het.[73]

Die hoogtepunt van sy verblyf was ongetwyfeld sy gesprek op 19 November 1902 met die Britse Minister van Kolonies, Joseph Chamberlain. Volgens 'n koerantberig het alle bestaande probleme van Suid-Afrika ter sprake gekom, 'n algemene stelling waarop 'n week later uitgebrei is met die mededeling dat die gebruik van Hollands as voertaal op skool bespreek is.[74] Viljoen se gesprek met Chamberlain het tot allerlei gerugte aanleiding gegee. Volgens Schowalter het Chamberlain probeer om Viljoen teen Botha en De la Rey af te speel ten einde hulle te dwing om sy toekomsplanne vir Transvaal te aanvaar.[75] Of Schowalter se veronderstelling reg is, is irrelevant, aangesien dit onwaarskynlik is dat Viljoen van so iets bewus was. 'n Dergelike handelwyse was vir hom vreemd en hy het dit ook nie by ander mense veronderstel nie.

Op 22 November 1902, drie dae na sy gesprek met Chamberlain, was Viljoen op pad na Amerika.[76] Die besluit is redelik onverwags geneem, want 'n week vroeër het hy nog aan 'n vriend in Krugersdorp geskrywe; "I am uncertain yet about going to America, I am ascertaining first whether it will pay my exes, otherwise I stop and come out pretty soon."[77] Hieruit kan afgelei word dat daar op dié tydstip nog geen ernstige planne vir permanente vestiging in Amerika was nie. Ook word daar nie 'n woord gerep van moontlike grondaanbiedinge in Mexiko nie. Die reis was, soos in Engeland, as 'n lesingtoer beplan.

Kort na sy aankoms in die VSA het Viljoen 'n uitnodiging van president Theodore Roosevelt ontvang. Tydens die gesprek sou die President vir Viljoen genooi het om na die VSA te kom en Amerikaanse burgerskap te aanvaar. Maar vir Viljoen het die oomblik van beslissing nog nie aangebreek nie.[78] Van sy reis deur die VSA is min besonderhede bekend, maar in hierdie tyd is wel die eerste kontakte in Mexiko gemaak. Schowalter vermeld dat hy briewe van Viljoen uit New York en Mexiko ontvang het.[79] Begin Mei 1903 was Viljoen weer terug in Engeland. Hy

---

72) Land en Volk, 7 November 1902.
73) Ibid., 24 Oktober 1902.
74) Ibid., 28 November en 5 Desember 1902.
75) TAB, LA 208 (2), afskrif van 'n artikel in die Tägliche Rundschau van 4 Maart 1903, p. 1.
76) Land en Volk, 5 Desember 1902.
77) The Krugersdorp Standard, 24 Desember 1902.
78) H.C. Viljoen, Viljoen-Gedenkboek, p. 117.
79) TAB, LA 208 (2), afskrif van 'n artikel in die Tägliche Rundschau van 4 Maart 1903, p. 4.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

het nog geen duidelikheid oor sy eie toekoms gehad nie. Daar was verskeie moontlikhede vir hom oop: hy kon hom in Amerika vestig, hy het 'n aanbod van grond in Mexiko gekry; maar hy het ook planne vir Suid-Afrika gehad. Sy keuse was nog nie gemaak nie.

Vermoedelik het Viljoen gedurende sy kort besoek aan Transvaal in Augustus 1902 al die moontlikheid ondersoek om sy ou beroep van koerantredakteur weer te gaan beoefen. Hy het ingesien dat dit dan 'n koerant moes wees wat by die nuwe situasie aangepas het. In Londen het hy mense gevind wat bereid was om sy planne te oorweeg en hom moontlik te ondersteun. Op 21 Maart het hy vanuit Boston aan Chamberlain geskrywe. Uit hierdie brief blyk dat Viljoen onder die indruk verkeer het dat Chamberlain ingestem het met sy idee van 'n tweetalige koerant met 'n versoenings- en vredesbeleid. Hy het selfs gereken dat Chamberlain bereid was om te help om die stigtingskapitaal van £10 000 byeen te bring.[80]

In sy gesprek met Viljoen het Chamberlain moontlik - en in 'n poging om sy samewerking te verkry? - die indruk gewek dat hy Viljoen se planne persoonlik sou bevorder. Hy het haastig op Viljoen se brief gereageer en hom laat weet dat hy eers finaal oor vestiging in Suid-Afrika moes besluit; vervolgens moes hy ook terugkeer en dan sy sake met Milner reël. Om hom te paai het hy Viljoen meegedeel dat Milner die plan baie goedgesind was.[81] Viljoen se verteenwoordiger in Londen, Joseph van Gelder, het onmiddellik kontak met lord Onslow gemaak. Hy het hom herinner aan sy vertroulike brief van 21 November 1902, twee dae na Chamberlain se gesprek met Viljoen, en die telegram wat op 6 Februarie 1903 met goedkeuring van lord Onslow aan Viljoen gestuur is. Dit het gelui dat "Mr Chamberlain after consulting Milner is favourably inclined but desires fuller consideration and personal interview here end March".[82] In sy antwoord het Onslow toegegee dat hy mislei was ten opsigte van Chamberlain se standpunt. Hy moedig Viljoen egter aan om wel in Suid-Afrika met Milner te gaan praat, aangesien dié baie positief sou wees.[83]

Die hele saak het 'n aantal duistere kante. Kort na Viljoen se aankoms in die VSA, het hy 'n aanbieding ontvang vir die aankoop van grond in Mexiko. Omdat hy al met Onslow oor sy koerantplanne beraadslaag het, het hy aan hom geskryf om te vra of daar enige vordering gemaak is. Onslow het daarop Viljoen se navraag in 'n kabelgram aan Milner vermeld en dit vertolk asof Viljoen vir 'n

---

80) TAB, CS 1080, 037/03, brief, B.J. Viljoen - J. Chamberlain, 21 Maart 1903.
81) TAB, CS 1080, 037/03, brief, J. Chamberlain - B.J. Viljoen, 7 April 1903.
82) TAB, CS 1080, 037/03, brief, J van Gelder - lord Onslow, 30 April 1903.
83) TAB, CS 1080, 037/03, brief, lord Onslow - J. van Gelder, 9 Mei 1903.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

betaalde pos aansoek sou doen.[84] Dit is vreemd dat Onslow Viljoen se woorde: "...unless the new Govt. is inclined to trust me (and I am willing to trust them) and assist me in some way...." so kon interpreteer. Gesien die gesprekke oor die koerantplanne, was die bedoeling van Viljoen se vraag uiteraard of hy tegemoetkomendheid ten opsigte van sy voorstelle kon verwag. Van Milner sou Viljoen hoegenaamd gee simpatie kry nie. Milner se nota op Onslow se navraag is glashelder: "I should like to be rid of him - ends."[85] Na aanleiding hiervan het Onslow Viljoen aangeraai om geen aanbiedinge in Amerika af te wys nie. Hy het dit duidelik aan Viljoen gestel dat hy geen werk of hulp in Suid-Afrika moes verwag nie.[86] Dit is daarom merkwaardig dat Viljoen in Maart 1903 in so 'n optimistiese trant aan Chamberlain geskrywe het.

Viljoen het in Mei van Amerika na Engeland gereis en kort daarna na Suid-Afrika vertrek, want in Julie was hy weer in Johannesburg.[87] Watter planne hy gekoester het, is nie duidelik nie. Behalwe die moontlikhede in die VSA en Mexiko was daar gerugte oor diens in die Britse leër en het hy ook 'n hervestigingslening in Suid-Afrika aangevra.

Brittanje het in hierdie stadium te doen gekry met 'n opstand in Somaliland. Daar is vrywilligers gewerf om in die gebied diens te doen. Na bewering was Viljoen ook onder die vrywilligers. Hierdie gerug is heftig deur Jan Viljoen ontken en hy het die redakteur van Land en Volk gevra om die naam van sy broer te suiwer van hierdie smaad.[88] Die stof het nie dadelik gaan lê nie en 'n week later het Jan die kwessie weer ter sprake gebring. Hy het hom beroep op 'n brief van sy broer Ben uit Amerika waarin die praatjies oor Somaliland ontken word.[89] Hierdie berig het selfs reaksie vanuit Nederland uitgelok. Die korrespondent was verbaas oor die ontkenning van Viljoen se betrokkenheid. Hy vermeld dat die Daily Mail op 3 November 1902 'n brief van Viljoen aan lord Roberts gepubliseer het. Daarin het Viljoen geskrywe dat indien besluit sou word om van dienste van Transvaalse Boere in Somaliland gebruik te maak, hy graag sou wou weet of hy ook sy dienste kon aanbied. As dit nie waar was nie, waarom - so vra die korrespondent - het Viljoen dit dan nie ontken nie? Hy was op dié tydstip tog in Engeland.[90] Ook Schowalter, altyd baie versigtig om geen negatiewe woord oor Viljoen te sê nie, vertel dat Viljoen in Johannesburg

---

84) TAB, FK 1031, brief, Viljoen - Onslow, 11 Desember 1902, telegram, Onslow - Milner, 23 Desember 1902, pp. 1160 - 1162.
85) TAB, FK 990, nota van Milner, p. 670.
86) TAB, FK 990, brief, Onslow - Viljoen, 31 Desember 1902, p. 675
87) TAB, CS 1080, 037/03, aantekening op minute, 16 Julie 1903.
88) Land en Volk, 29 Januarie 1903.
89) Ibid., 6 Februarie 1903.
90) Ibid., 24 April 1903.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vrywilligers gewerf het om sodoende kos te bekom.[91] Selfs in Julie, toe Viljoen al weer in Johannesburg was, het in die Krugersdorp Standard 'n "gedig" oor Viljoen verskyn waarin die frase voorkom: "Volunteered for active service in Somali's little wars".[92] Viljoen het hierdie berig ook nie ontken nie.

Viljoen het omstreeks die middel van 1903, dus kort na sy terugkeer uit die VSA, in Pretoria 'n hervestigingslening van £1 000 aangevra. Die Accountant General was egter nie tevrede met die waarde van twee onbeboude erwe in Krugersdorp wat Viljoen as onderpand aangebied het nie. Op grond daarvan kon hy slegs £500 leen. Op 24 Augustus het Viljoen ergerlik gereageer: "I understood from Lord Milner my case should be treated extraordinary if not must be withdrawn." Die telegram het die verlangde uitwerking gehad, want die volle lening is nog dieselfde dag goedgekeur.[93] Wat sy plan met die geld was, is nie duidelik nie. Het hy dit as 'n beginkapitaal gesien vir 'n nuwe koerant, of het hy beplan om 'n ander besigheid te begin? Viljoen is self opvallend swygsaam oor die planne wat hy gekoester het. Hy het geen aansoek vir 'n aanstelling by die owerheid ingedien nie en ook geen skadevergoeding gevra nie.[94]

Uit die afhandeling van die lening word niks ook van Viljoen se planne duidelik nie. In Maart 1905 kom die amptelike meule in beweging omdat daar nog niks op hierdie lening terugbetaal is nie. Viljoen was toe reeds geruime tyd in Amerika. Om daar die geld te probeer kry, sou waarskynlik meer onkoste as voordele opgelewer het. Die Accountant General het daarop besluit dat die onderpand verkoop en die rekening gelikwideer moes word. Omdat die prys van die erwe op die veiling te laag was, het die Colonial Treasurer self die erwe gekoop en op 'n later tydstip vir £600 van die hand gesit. Die lening is uiteindelik met 'n tekort van £653.16.7 gesluit.[95]

Het Viljoen die bedrag geleen en vervolgens met die geld na Amerika vertrek? Of, erger nog, het hy die aksie so beplan? Die laaste moontlikheid is onwaarskynlik. Viljoen was nie 'n geldgierige mens nie. Inteendeel, daar is baie bewyse dat hy graag ander mense gehelp het. Dié ingesteldheid blyk ook uit sy bereidwilligheid om borg te staan. By die likwidasie van sy lening is daar ses promesses ingedien vir 'n gesamentlike bedrag van £850 waarvoor Viljoen borg gestaan het ten behoewe van arm burgers, vermoedelik voormalige lede van die

---

91) TAB, LA 208 (2), afskrif van 'n artikel in die Tägliche Rundschau van 4 Maart 1903, p. 5.
92) Krugersdorp Standard, 4 Julie 1903.
93) TAB, CT 277, B 1443, Resettlement Bond 3170/03 B.J. Viljoen.
94) TAB, Archives of the Colonial Secretary Transvaal 1901-1910, CS 1108 Index to applications for employment; CS 1135 Register of claims 1903.
95) TAB, CT 277, B 1443, Resettlement Bond 3170/03 B.J. Viljoen.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Johannesburgkommando.[96] Hierdie burgers kon hul verpligtings nie nakom nie en Viljoen is dus vir die skade aanspreeklik gehou.

Op die likwidasierekening van die lening kom een pos voor wat Viljoen se handelwyse moontlik kan verklaar. In die krediet van die rekening is 'n pos "First en final award" vir 'n bedrag van £301.7.9. opgeneem.[97] Omdat Viljoen kort nadat hy die lening gekry het na Amerika vertrek het, is dit moontlik dat sy renteskuld op die datum van sy vertrek £1.7.9 was en dat hy die lening afgelos het met die betaling van £300. Waarskynlik het hy geredeneer dat die erwe wat hy as onderpand gegee het - en wat hy in Suid-Afrika agtergelaat het - £700 werd was. Na sy eie oordeel het hy die Transvaalse skatkis dus geen skade berokken nie. 'n Dergelike redenasie sou trou aan Viljoen se aard wees. Hy het die wet altyd volgens eie insig gehandhaaf. Vir hom was hierdie optrede nie oneerlik nie. Dit is onwaarskynlik dat Viljoen ooit gehoor het dat sy rekening met 'n verlies gelikwideer is. Maar as hy dit gehoor het, sou hy waarskynlik 'n regverdiging daarvoor gevind het in die feit dat die Britse optrede in Suid-Afrika hom ook baie skade berokken het.

Kort na Augustus 1903 het Viljoen weer na die VSA vertrek, in die eerste plek met die doel om aan die krygskou in St. Louis deel te neem. Hy het nie weer teruggekeer nie. Het hy dit dalk nog oorweeg? Wanneer het hy in sy hart besluit en afskeid geneem? Hierdie vrae wentel almal om die een punt: wat het Viljoen laat besluit om Suid-Afrika te verlaat? Oor die algemeen word hierdie vraag beantwoord deur daarop te wys dat hy nie, soos baie ander Boereleiers, 'n grondbesitter was nie. Verder word aangevoer dat Viljoen geen inkomste gehad het nie; dat hy geen amptelike betrekking wou aanvaar nie en ontstel was oor skinderpraatjies;[98] of dat wanhoop hom oorweldig het.[99] Schowalter grawe 'n bietjie dieper. Hy erken dat Viljoen eersugtig was en dat hy van die naoorlogse Afrikaner-leierskap uitgesluit gevoel het.[100] Daarbenewens het die Viljoens se huwelik misluk. Volgens getuienis het Ben sy vrou in Julie 1903 verlaat[101] en dit het ongetwyfeld sy besluit beïnvloed.

Niemand bring egter Viljoen se karakter en agtergrond in berekening nie. Viljoen het lewenslank getoon dat hy 'n saak met baie geesdrif en deursettingsvermoë kon aanpak, maar dan sou 'n sekere gebeurtenis of voorval hom plotseling van besluit laat verander. So het hy plotseling as kaptein by die Krugers-

---

96) TAB, CT 277, B 1443, Resettlement Bond 3170/03 B.J. Viljoen.
97) Ibid.
98) C.J. Beyers (red.), Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek IV, p. 781.
99) H.C. Viljoen, Viljoen-Gedenkboek, p. 117.
100) TAB, LA 208 (2), afskrif van 'n artikel in die Tägliche Rundschau van 4 Maart 1903, p. 2.
101) Kyk hieronder, p 233.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dorpse Vrywilligerkorps bedank; so wou hy in April 1901 sy generaalskap neerlê. Viljoen was 'n man vir grootse projekte en skemas - hy het nie die gesindheid van 'n volhardende, nougesette swoeger gehad nie. In 1903 moes Viljoen met volhardende ywer allerlei, dikwels kleinsielige, struikelblokke oorwin om weer 'n bestaan in Transvaal te maak. Nie die feit dat hy nie 'n bestaan kon maak het hom laat vertrek nie, maar die manier waarop hy te werk moes gaan om iets nuuts op te bou, het hom teen die bors gestuit. Daarteenoor het hy in Amerika iets van die ou grenslewe teruggevind. Veral in Mexiko was daar vir hom 'n moontlikheid om met ywer en selfstandigheid, volgens eie insigte en op eie verantwoordelikheid, 'n nuwe begin te maak. Die kolonie Transvaal met sy voorskrifte en stramme regulasies was vir hom te knellend. Viljoen was ongetwyfeld teleurgesteld dat die ZAR sy selfstandigheid verloor het, maar dit het hy lankal as onafwendbaar aanvaar. Wat hy nie kon aanvaar nie, was om sy eie selfstandigheid te verloor. Met sy besluit om Suid-Afrika te verlaat, het Viljoen ten slotte 'n einde aan sy gevangenskap gemaak. In Amerika sou hy weer vry wees.

Hoofstuk IX

## OP PAD NA 'N NUWE TOEKOMS

Die krygskou wat Frank Phyllis in 1904 as 'n onderdeel van die wêreldtentoonstelling in St. Louis georganiseer het, was vir Viljoen 'n welkome geleentheid om in Amerika aan 'n nuwe toekoms te gaan bou. Waarskynlik het hy nie 'n belangrike rol in die beplanning van hierdie "Boere-sirkus"[1] gespeel nie. Op grond van dokumente in sy besit, skryf H.C. Viljoen dat Ben Viljoen deur bemiddeling van die Amerikaanse konsul-generaal in Kaapstad met die organiseerders in aanraking gekom het. Onder die deelnemers was genl. P.A. Cronjé, kmdt. J.J. Boshoff, Viljoen se broers Wynand en Chris en nog twintig ander oudstryders.[2] Onder hulle was ook Viljoen se adjudant Malan met sy vrou.[3]

Viljoen was ongetwyfeld aangetrokke tot die skouspelagtige van 'n dergelike optrede en die uitdaging van 'n nuwe ondervinding. Die skou het aan hom die kalklig verskaf wat hy geniet het en sy kontak met die President van die VSA is versterk deur die besoek van president Roosevelt se seuns aan die skou in St. Louis.[4] Maar dit was nie deel van Viljoen se aard om hierdie bisarre vertoning ten volle en van harte te geniet nie. Vir hom was dit 'n middel tot 'n doel. Die vertoning het aan hom geld, bekendheid en kontakte besorg. Dit was van belang in verband met die moontlike stigting van 'n Afrikanernedersetting in Mexiko, wat by sy vorige besoek aan die VSA in die vooruitsig gestel is.[5]

Die verkope van Viljoen se boek was voordelig vir die geldinsamelingspoging. Die Engelse uitgawe van sy herinneringe is moontlik nie geskik geag vir die Amerikaanse publiek nie en Viljoen het gevolglik in 1904 in Boston 'n ander boek die lig laat sien. <u>Under the Vierkleur</u> is die titel van hierdie roman wat in Suid-Afrika verbied is, omdat dit gal teen die Britte gebraak het.[6] In hierdie verhaal het Viljoen 'n aantal persoonlike ervarings verwerk. Veral sy vlug na Elandslaagte is herkenbaar. Die boek het in 1917, onder die titel <u>Danie</u>, in 'n Nederlandse vertaling verskyn. Dié uitgawe is baie positief deur H. van Loon beoordeel, hoewel hy toegegee het dat sy positiewe houding nie soseer op enige kwaliteit van die boek self gebaseer was nie, maar op die nostalgiese herinneringe aan "de Boerenoorlog".[7] Die verhaal is redelik oppervlakkig en vereis volharding om die byna 400 bladsye te lees.[8]

---

1) G.S. Preller, Met God en die Mauser, (<u>Die Brandwag</u>, 20 Januarie 1917, p. 279).
2) H.C. Viljoen, <u>Viljoen-Gedenkboek</u>, pp. 117 - 119.
3) C. Groenewald, <u>Bannelinge oor die oseaan</u>, p. 108.
4) H.C. Viljoen, <u>Viljoen-Gedenkboek</u>, pp. 117 - 119.
5) <u>Pretoria News</u>, 17 Augustus 1963.
6) G.S. Preller, Met God en die Mauser, (<u>Die Brandwag</u>, 20 Januarie 1917, p. 279).
7) <u>De Volkstem</u>, 30 Augustus 1917.
8) B.J. Viljoen, <u>Under the Vierkleur. A romance of a lost cause</u>.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Terwyl Viljoen in St. Louis met die krygskou doenig was, het 'n uitstappie na Chicago vir hom in 'n publieke vernedering verander. Tydens sy verblyf in Engeland het Viljoen met die aktrise May Belfort kennis gemaak. Volgens haar het hulle daar 'n verhouding gehad en het Viljoen huweliksbeloftes aan haar gemaak. Hy het hierdie beloftes egter nie nagekom nie. May het Ben nie uit die oog verloor nie en daar was by tye skriftelike kontak. Die verhouding het egter afgekoel en dit was duidelik dat sy niks meer van hom kon verwag nie. May het van Ben se optrede in Amerika gehoor en sy het hom gevolg om sy ontrou te vergeld. Volgens haar getuienis was sy voornemens om hom te skiet, maar op die laaste oomblik het sy besluit dat dit dieper sou tref as sy hom in die openbaar met 'n sambok sou bydam. Dit het sy op die trappe van die skouburg in Chicago gedoen.[9]

Die gebeurtenis het natuurlik die pers se aandag gekry. In 'n vraaggesprek het May Belfort briewe wat Viljoen aan haar gerig het aan die joernaliste gewys. In die briewe wat uit 1903 gedateer het, het Viljoen sy liefde vir haar bely, maar van huweliksbeloftes is daar geen sprake nie. Inteendeel, hy skryf dat hy nie met sy beoogde egskeiding kon voortgaan nie, omdat die advokate geweier het om sy saak te hanteer tensy hy enige vooruitsigte op 'n huwelik sou ontken. In 'n later brief het hy geskryf dat hy haar geen hoop mog gee nie omdat sy vooruitsigte uiters swak was. Vanuit Amerika het hy, met veel betuigings van aanhanklikheid, reguit geskryf dat sy maar van 'n huwelik kon vergeet. Hy het weer dieselfde redes aangevoer as vanuit Suid-Afrika. Hy was nie in staat om met sy egskeidingsprosedure voort te gaan nie "until this company is fixed up, and the newspaper story has blown over." Dit is nie duidelik of Viljoen hier sy planne vir Mexiko bedoel het nie. Dit was wel die geval by sy tweede oorweging. Sy vooruitsigte was sodanig dat hy nie kans gesien het om vir haar 'n tuiste te skep nie. Hy sou haar graag weer wou sien, "but the day of marriage with me is past for ever."[10]

Dit was inderdaad die geval wat 'n huwelik tussen hom en May betref het, maar nie ten opsigte van 'n ander huwelikskandidate nie. In 1904 het Ben Viljoen met Myrtle Dickason getrou, 'n weduwee wat hy in St. Louis ontmoet het.[11] Wat vir May Belfort nie 'n tuiste kon wees nie, was vir Myrtle wel een. Dit is egter nie die enigste vraag wat hierdie huwelik oplewer nie. In Suid-Afrika was daar nog mev. Helena (Lenie) Viljoen. Dit wil voorkom of die egskeidings-

---

9) <u>The P.& S. Advertiser and Township Gazette</u>, 7 Maart 1917.
10) <u>Ibid.</u>
11) H.C. Viljoen, <u>Viljoen-Gedenkboek</u>, p. 119; D.W. Krüger, Boere-generaal maak revolusie in vreemde land, (<u>Die Huisgenoot</u>, 25 Januarie 1974, p. 45). Dickason (in verskeie bronne as Dickanson of Dickinson gespel) was haar aangetroude van uit haar eerste huwelik. Haar nooiensvan was Lawson. Brief, H.C. Viljoen, Stellenbosch, - Die skrywer, 22 Junie 1993.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

probleme wat Ben aan May voorgehou het as synde 'n verhindering vir 'n huwelik tussen hulle, nie so belangrik was toe hy Myrtle ontmoet het nie.

H.C. Viljoen sowel as D.W. Krüger laat die finale afskeid tussen Ben en Lenie in 1903 in die hawe van Southampton plaasvind en as rede word die verskil van mening oor die land van bestemming genoem. Ben wou na Amerika en Lenie na Suid-Afrika. Die offisiële egskeiding sou kort daarna plaasgevind het.[12] In die vorige hoofstuk is reeds aangetoon dat daar op dié tydstip nog geen sprake van vestiging in Amerika was nie. Lenie wou dolgraag teruggaan na Suid-Afrika toe en Ben het onseker gevoel oor die toekoms. Inderdaad het Viljoen toe vir sy lesingtoer na Amerika vertrek, maar daarna het hy na Suid-Afrika teruggekeer. Dit is ook nie korrek om te beweer dat die egskeiding kort na die afskeid in Southampton plaasgevind het nie.

Daar is geen bewyse dat Viljoen inderdaad self met 'n egskeidingsaak begin het nie. In sy briewe aan May Belfort het hy dit laat blyk. Op 26 Julie 1904 het Lenie Viljoen se advokate so 'n versoek by die geregshof in Johannesburg ingedien. Sy het herstel van huweliksregte, alternatiewelik egskeiding, verdeling van die boedel, toesig oor die kinders en finansiële toelae en vergoeding van die regskoste gevra. As rede is aangevoer dat Viljoen op of omstreeks 12 Julie 1903 sy vrou te Roodepoort kwaadwilliglik verlaat en tot op datum apart van haar gewoon het sonder enige redelike oorsaak. Daar is geen verwysing na huweliksontrou van sy kant tydens die oorlog nie, hoewel dit moontlik wel 'n rol gespeel het.[13] Mev. Viljoen het briewe van haar eggenoot ontvang waaruit duidelik blyk dat hy nie van plan was om terug te keer of haar aksie teen te staan nie. Min of meer in teenstelling daarmee is verklaar dat nóg sy, nóg haar advokate geweet het waar Viljoen hom bevind het.[14]

Viljoen is tot 27 Oktober 1904 tyd gegee om te reageer. Dit het nie gebeur nie. Op 31 Oktober is gevra om 'n egskeiding en is die datum vir die sitting op 1 Februarie 1905 vasgestel. Uit 'n beëdigde verklaring van Ben Viljoen blyk dit dat die eerste berig hom eers op 28 November 1904 by die wêreldtentoonstelling in St. Louis bereik het. Dit beteken nie dat hy van plan was om die aansoek teen te staan nie. In Februarie 1905 het die aansoek om 'n egskeiding voor regter J.W. Wessels gedien. Na 'n aantal formaliteite, soos 'n bewys van die huweliksluiting en publikasies van koerantberigte, is die egskeiding op 3 Augustus 1905 toegestaan.[15]

---

12) H.C. Viljoen, <u>Viljoen-Gedenkboek</u>, p. 117; D.W. Krüger, Boere-generaal maak revolusie in vreemde land, (<u>Die Huisgenoot</u>, 25 Januarie 1974, p. 45).
13) F. Pretorius, <u>Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902</u>, p. 335.
14) TAB, WLD 3/54, nr. 165/1905, aansoek vir egskeiding mev. H.B. Viljoen.
15) <u>Ibid.</u>

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'n Hertroue in 1904 terwyl die eerste huwelik eers in 1905 ontbind is! Dit kon nie op 'n misverstand berus het nie, want uit die korrespondensie met May Belfort is dit duidelik dat Viljoen baie goed geweet het dat die egskeiding nog nie afgehandel was nie. Hierdie vreemde gang van sake benodig 'n aanvaarbare verklaring.

Aangesien die feite onweerlegbaar is, sal die verklaring dus by Viljoen self gesoek moet word. Dit wil voorkom of hier sprake is van 'n soortgelyke opvatting as wat 'n rol gespeel het by die aflegging van die eed van getrouheid op St. Helena. Ook in hierdie geval kan daar sprake van 'n verwarring van werklikheid en waarheid wees.

Dit is nie bekend hoe die huwelik gestrand het nie. Vermoedelik het hulle omstreeks Julie 1903 besluit om mekaar te verlaat. Moontlik het hulle 'n soort proeftydperk afgespreek, want mev. Viljoen het die egskeidingsaksie eers in Julie 1904 begin. Dit is ook moontlik dat hulle afgespreek het dat Ben die aksie tot skeiding moes voer (soos kan blyk uit sy briewe aan May Belfort), maar dat hy nalatig was. Hoe dit ook al mag wees, vir Viljoen was die tydstip waarop hy en sy vrou besluit het om uiteen te gaan die oomblik van werklike skeiding. Die res was vir hom bloot administratiewe rompslomp. Die werklikheid in 1904 was dat hy en Lenie uitmekaar was, die waarheid dat die skeiding nog nie toegestaan was nie. Hy kon dus rustig verklaar dat daar geen verhindering tot die egvereniging tussen hom en Myrtle was nie. Sy eie insigte, insluitende die morele en etiese waardes wat gegeld het, was absoluut maatgewend. Viljoen sou ongetwyfeld verontwaardig gereageer het as iemand hom van bigamie sou beskuldig het. Hy sou beslis ontken het dat sy huwelik met Lenie nog bestaan het.

Na afloop van die wêreldtentoonstelling het Ben Viljoen en Myrtle na Mexiko verhuis. Sy broers Wynand, Jan en Chris, twee van sy susters en sy ouers het hom daarheen gevolg.[16] Viljoen het al saam met kmdt. W.D. Snyman in 1903 in Johannesburg planne bekend gemaak om in Mexiko 'n nedersetting te stig vir Boere wat geen kans meer gesien het vir Suid-Afrika nie. In 1905 het die planne werklikheid geword en het hulle saam met kmdt. J.J. Boshoff en kapt. Van Gass in Chihuahua, Mexiko, 'n Boerekolonie probeer stig.[17] Die Mexikaanse diktator Porfirio Diaz het hulle daar goedkoop van grond voorsien. Hulle het egter na 'n jaar tot die gevolgtrekking gekom dat die projek nie lewensvatbaar

---

16) D.W. Krüger, Boere-generaal maak revolusie in vreemde land, (Die Huisgenoot, 25 Januarie 1974, p. 45).
17) G.S. Preller, Met God en die Mauser, (Die Brandwag, 20 Januarie 1917, p. 279).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

was nie.[18] Die familie Viljoen is toe uitmekaar. Wynand het na Nieu-Mexiko in die VSA getrek waar hy aanvanklik geboer het voordat hy vir 'n oliemaatskappy in Kalifornië begin werk het. Jan Viljoen het in Mexiko agtergebly waar hy met Johanna Snyman getroud is. Enkele jare later is ook hy na die VSA en nadat hy 'n ruk in Texas geboer het, het hy sy broer na Kalifornië gevolg.[19]

Ben Viljoen is ook terug na die VSA. Die boerderyprojek was 'n mislukking en die teenstand van die bevolking en korrupte Regering het hom daartoe gedwing. Na 'n uitgebreide speurtog deur die VSA, wat vir hom gereël is deur spoorwegmagnate wat graag nedersettings langs hul spoorlyne wou sien verrys, het sy keuse op die Mesilla Valley in die omgewing van El Paso, Nieu-Mexiko, geval. Daar was die grond vrugbaar en relatief goedkoop terwyl water vrylik beskikbaar was. Daar was ook markte in El Paso, die Texas-myndistrik en in Mexiko.[20] Hierdie ekonomiese oorwegings was stellig van belang, maar die feit dat die gebied, wat klimaat en omgewing betref, aan die Karoo herinner het, het dalk ook 'n rol gespeel.[21] Ondanks al die bittere herinneringe aan Suid-Afrika is dit vir 'n romantikus soos Viljoen nie vreemd om nostalgiese gevoelens te koester nie. Die bande met Suid-Afrika is seker nog versterk toe sy oudste seun Wynand Eugène - toe sewentien jaar oud - hom kort daarna, in 1908, by sy pa en grootouers gevoeg het.[22] Hulle plaas "Lucerne Ranch" het uiteindelik 'n oase in 'n woestyn geword en die Viljoens het hier vooruitstrewend geboer.[23]

Daar kan aanvaar word dat Ben Viljoen na sy terugkeer uit Mexiko sy finale keuse betreffende sy toekoms gemaak het. Hiervan getuig veral sy boek An exiled General wat in 1905 verskyn het. In die tweede uitgebreide druk van hierdie boek wat 'n jaar later verskyn het, het hy ook sy oorlogsherinneringe as deel II opgeneem. In deel I het hy verantwoording gedoen van sy besluit om hom in die VSA te vestig. In 'n aparte hoofstuk het Viljoen 'n loflied oor Amerika aangehef, veral deur dit met Engeland te vergelyk. Om die Amerikaanse volk agtergrondkennis van die Afrikaner en sy geskiedenis te gee, het hy, soos hy dit noem, "an authentic account of the discovery of South Africa" bygevoeg. Daar is baie historiese foute en chronologiese mistastings in hierdie oorsig. Dit is duidelik dat dit geskrywe is met die bedoeling om die Amerikaanse leser

---

18) Pretoria News, 17 Augustus 1963.
19) Boere-Viljoens tuis in Amerika, (Suid-Afrikaanse Panorama, November 1961, p. 28).
20) L. West, Boer methods in New Mexico, (The Country Gentleman, 25 Julie 1914, p. 10).
21) H.C. Viljoen, Viljoen-Gedenkboek, p. 119.
22) Ibid., p. 123.
23) D.W. Krüger, Boere-generaal maak revolusie in vreemde land, (Die Huisgenoot, 25 Januarie 1974, p. 45).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

daarvan te oortuig dat daar groot ooreenkomste tussen die twee lande se geskiedenis was, veral met betrekking tot die Britse oorheersing.[24]

In Amerika het nog 'n derde boekie van Viljoen verskyn: Cronjé and the Boers. Historical review of the Boer people and life of general Cronjé. Waarskynlik het hy dit tydens die wêreldtentoonstelling in St. Louis geskrywe, want hy word daarin vermeld as skrywer van Under the Vierkleur en My reminiscences of the Boer war. Dit het dus verskyn voor die uitgawe van An exiled General. Die veronderstelling word bevestig deur die prominensie van Cronjé se naam wat tydens die wêreldtentoonstelling uiteraard aandag in Amerika getrek het. In die eerste hoofstuk van hierdie boekie het Viljoen 'n oorsig gegee van die Suid-Afrikaanse geskiedenis, die tweede hoofstuk het die leefwyse van die Afrikaner as onderwerp en die laaste hoofstuk is gewy aan die lewe van Cronjé. Opvallend is die aandag wat die vryheidsin kry, terwyl die godsdiens as vername element in die Suid-Afrikaanse samelewing slegs oppervlakkig aangeroer word.[25]

Nadat hy met sy broers "Lucerne Ranch" tot 'n spogplaas opgebou het, het hulle besluit om dit te verkoop. Wynand is toe na Kalifornië en Ben het hom in Albuquerque, Nieu-Mexiko, gevestig. 'n Plaaslike koerant het hom welkom geheet en met joernalistieke vryheid is aan hom die organisasie van die Boeremagte en deelname aan die slae by Modderspruit, Ladysmith, Colenso en Spioenkop toegedig.[26] Wat Viljoen daar in die dorp gedoen het, is nie duidelik nie. Dit is moontlik dat hy homself vir 'n pos in die staatsdiens beskikbaar gestel het. 'n Koerantberig wat na sy dood verskyn het, meld dat hy êrens in Texas 'n posmeester was en dat hy later ander benoemings gekry het.[27] Dit is nie onmoontlik nie, omdat Viljoen in 'n later stadium 'n rol in die openbare lewe van Nieu-Mexiko gespeel het, iets wat makliker vanuit 'n dorp as vanuit 'n oase in die woestyn gedoen kan word.

Sy groter wordende betrokkenheid in die Amerikaanse samelewing het nie verhoed dat Viljoen weer met Mexikaanse aangeleenthede gemoeid raak nie. President Diaz se behandeling van die Boerenedersetting in Chihuahua het moontlik 'n rol hierin gespeel. Deurdat hy aan hulle 'n stuk grond gegee het wat hy vroeër aan ander mense belowe het,[28] het hy die Boere se probleme nog vererger. Viljoen was gevolglik des te meer bereid om Francisco Madero, 'n verbete teenstander van Diaz, teen die diktatoriale President te help. Madero was 'n vermoënde Mexikaan wat deur Diaz verban is. Hy het in die VSA aan planne gewerk om die

---

24) B.J. Viljoen, An exiled General, p. 9, pp. 14 - 26, pp. 49 - 57.
25) TAB, M 1032, Genl. B.J. Viljoen.
26) H.C. Viljoen, Viljoen-Gedenkboek, p. 120.
27) Pretoria News, 18 Januarie 1917.
28) D.W. Krüger, Boere-generaal maak revolusie in vreemde land, (Die Huisgenoot, 25 Januarie 1974, p. 45).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

bewind van Diaz omver te werp. In 1910 het hy Ben Viljoen as sy militêre raadgewer aangestel en in 1911 het hulle Mexiko binnegeval. Na bewering was Viljoen die aanvoerder van 'n regiment "rough riders" wat onder sy lede 'n kleinseun van Garibaldi en 'n cowboy/filmster getel het. Diaz is deur sy volgelinge in die steek gelaat en hy het na Frankryk gevlug. Madero het die bewind oorgeneem en saam met Viljoen, sy militêre raadgewer en vernaamste vertroueling, sy intrek in die Chapultepec paleis geneem.[29]

As vertroueling van die nuwe president het Viljoen 'n baie gevaarlike opdrag uitgevoer. Die Mexikaanse regering het probleme ondervind met 'n wrede Indiaanse stam, die Yaqui. Hierdie gebeure is uiteraard noukeurig deur die Amerikaanse bure gevolg. Die Amerikaanse konsul in Hermosillo het aan sy Minister van Buitelandse Sake noukeurig verslag gedoen. Daaruit blyk dat sake tog nie so gunstig verloop het as wat koerantberigte voorgehou het nie. Die moeilikhede het begin as gevolg van 'n moord op twee Mexikaanse burgers in die nabyheid van La Colorado. Dit was opmerklik omdat die Yaqui-Indiane - wat Madero gesteun het - kos van die Regering gekry en hulle rustig gedra het. Maar Madero het hulle vroeër meer belowe. Om hul steun te kry, het hy toegestem om aan hul grondeise te voldoen. Dit was egter nie moontlik nie, aangesien die grond wat hulle opgeëis het aan onskuldige nuwe eienaars behoort het - waaronder 'n aantal Amerikaanse burgers. Om hierdie probleem op te los, het Madero Viljoen na die Yaqui-Indiane gestuur. Vergesel van slegs 'n tolk, het Viljoen die gebied binnegegaan en vreedsaam onderhandel eerder as om wapengeweld te gebruik. 'n Groot getal van die hoofmanne was bereid om die regeringsaanbod van ander grond te aanvaar. Ander leiers was nie daarmee gediend nie. Viljoen is terug na Mexiko-stad om met die Regering oorleg te pleeg en nadat hy 'n tweede keer na die Indianestam terug is, het hy 'n ooreenkoms met die ontevredenes bereik. Hulle het saam met hom na die hoofstad gereis om die ooreenkoms te beklink. Een van die voorwaardes was dat die moordenaars van die twee Mexikane uitgelewer sou word. Dit het egter nie gebeur nie, sodat die spanning in die gebied voortgeduur het.[30] Uit erkentlikheid is Viljoen deur Madero as Kommissaris van die Yaqui-Indiane aangestel.[31]

Dit was nie Viljoen se enigste diplomatieke bedrywigheid in Mexikaanse diens nie. Vroeg in 1912 is hy as konsul in Breslau, Duitsland, aangestel. Madero

---

29) De Volkstem, 19 Januarie 1917; Pretoria News, 18 Januarie 1917 en 17 Augustus 1963; D.W. Krüger, Boere-generaal maak revolusie in vreemde land, (Die Huisgenoot, 25 Januarie 1974, p. 47); H.C. Viljoen, Viljoen-Gedenkboek, p. 121.
30) H. Han, Documents on the Mexican Revolution III part 1, nr. 404.
31) H.C. Viljoen, Viljoen-Gedenkboek, p. 121; D.W. Krüger, Boere-generaal maak revolusie in vreemde land, (Die Huisgenoot, 25 Januarie 1974, p. 47).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

wou sy vriend daardeur die geleentheid tot goeie geneeskundige behandeling bied. Viljoen wat altyd goeie gesondheid geniet het, het na die Anglo-Boere-oorlog chroniese asma ontwikkel. Sy vertrek na Duitsland het nog die bykomende voordeel gehad dat sy intieme verhouding met Madero verbreek is - 'n vriendskap waarop die President se Mexikaanse gevolg jaloers was. Die mediese behandeling het nie gebaat nie en Viljoen en sy vrou was in September 1912 weer terug in Albuquerque. Enkele maande later is Madero in 'n teenrewolusie dood en dit het finaal 'n einde aan Viljoen se betrekkinge met Mexiko gemaak.[32]

Die gebeure in Mexiko het die aandag van die Suid-Afrikaanse publiek weer op Viljoen gevestig. Daar het koerantberigte oor hom verskyn waarin selfs gerapporteer is dat hy gevange geneem en gedood is.[33] Viljoen het self 'n Reuterberig van 1914 in die hande gekry wat in Suid-Afrikaanse koerante verskyn het. Die berig het hom genoop om 'n brief aan die redakteur van De Volkstem te skrywe. Met 'n vriendelike inleiding en beste wense vir Viljoen se gesondheid, is die brief in sy geheel in die koerant gepubliseer. In sy brief, geskrywe op 23 Julie 1915 in Sierra Madre in Kalifornië, het hy vier sake aangeroer.

In die eerste plek het Viljoen gekla dat Afrikaanse koerante lasterpraatjies oor hom publiseer. Hy is dit gewoond van Britse koerante, maar het dit nie van sy voormalige vaderland verwag nie. Hy reken ook dat hy dit nie verdien nie, aangesien hy altyd en oral die naam van die Afrikaner hoog gehou, en dikwels Afrikaners in nood finansieel gehelp het. Vervolgens het hy op die berig self geantwoord. Dit is waar dat hy daarvan beskuldig is dat hy teen die Mexikaanse regering saamgesweer het, maar die beskuldiging het beslis geen water gehou nie en is ook nooit in 'n hof getoets nie. Vervolgens het hy na sy swak gesondheid verwys en gemeld dat hy sedert 1911 eintlik 'n invalide was as gevolg van die vergiftiging en wonde wat hy by die slag van Vaalkrans opgedoen het. Hy het gemeen dat hy ook op grond daarvan meer simpatie in Suid-Afrika verdien het. Ten slotte het hy afgesluit met warm betuigings van meelewing met die treurige toestande in Suid-Afrika (dit wil sê die Rebellie) en simpatiebetuigings met Generaal Christiaan de Wet[34] wat as Rebelle-leier gevange geneem en in die tronk aangehou is.

Ondanks sy versekering van trou aan Suid-Afrika, was Viljoen nou 'n toegewyde Amerikaner. In 'n vraaggesprek met The Country Gentleman het Viljoen

---

32) C.J. Beyers (red.), Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek IV, p. 781; H.C. Viljoen, Viljoen-Gedenkboek, p. 212; D.W. Krüger, Boere-generaal maak revolusie in vreemde land, (Die Huisgenoot, 25 Januarie 1974, p. 47).
33) Pretoria News, 18 Januarie 1917; De Volkstem, 19 Januarie 1917.
34) De Volkstem, 10 September 1915.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

uitgebreid verslag gedoen van die bedrywighede in La Mesa, Nieu-Mexiko, waar hy toe gewoon het. Ook hierdie keer het hy die vryheidsin en die veiligheid van die Amerikaanse samelewing beklemtoon, maar verder uitgewy oor die boerderymetodes. Dit gee 'n interessante kykie op hul lewenswyse. Hy, sy broer en kapt. Van Gass het koöperatief gewerk en ook die verkoop van hul produkte self behartig. Om hul produkte bekend te stel, het hulle selfs in El Paso groente en vrugte van deur tot deur verkoop. En die bedrae wat hulle uit hul boerdery gemaak het, het bewys dat daar waarheid gesteek het in die spreekwoord "There is 'n fortune in every forty", waarby die "forty" betrekking het op die veertig "acres" wat hul plaas beslaan het. In die artikel is die koloniste se gemeenskapsin beklemtoon. Niemand het by hulle vergeefs om hulp aangeklop nie en hulle het hul plek in die plaaslike sosiale lewe volgestaan, hoewel die gesinslewe vir hulle die belangrikste was.[35] Ook op geestelike gebied het die Viljoens 'n bydrae gelewer. Vader Wynand Viljoen het in Berino, naby La Mesa, die eerste Metodistekerk gestig waarin hy self ook dienste gelei het.[36] In hierdie verband word Ben Viljoen se naam nie genoem nie, hoewel hy tog die leidende familiefiguur was.

Nie net op plaaslike vlak het Viljoen naam gemaak nie. In 1908 het die inwoners van Nieu-Mexiko die Amerikaanse regering gevra om as staat by die VSA ingelyf te word. As lid van 'n afvaardiging het Viljoen na Washington D.C. gereis.[37] Die aksie was suksesvol, want in 1912 is hul versoek toegestaan.[38] Die jaar van Viljoen se reis na die hoofstad kom ooreen met sy vestiging in Albuquerque. Waarskynlik het hy in dié tyd gepoog om 'n bestaan in die stad te maak, hetsy in die staatsdiens hetsy privaat. Het dit, soos vroeër in Krugersdorp, ook nou misluk en het hy vervolgens weer op die boerdery gekonsentreer? Dit kan ook wees dat sy gesondheid, wat sedert 1911 steeds verder verswak het,[39] die oorsaak van die terugkeer na die platteland was.

Viljoen se laaste jare het rustig verloop. Op 14 Januarie 1917 is hy, skaars 48 jaar oud, in La Mesa oorlede. Waar hy begrawe is - in La Mesa[40] of Las Cruces[41] - is nie dudielik nie. Op sy graf is 'n grafsteen in die vorm van 'n urn geplaas. Op die kom van die urn staan "VILJOEN" en op die voetstuk

---

35) L. West, Boer methods in New Mexico, (The Country Gentleman, 25 Julie 1914).
36) D.W. Krüger, Boere-generaal maak revolusie in vreemde land, (Die Huisgenoot, 25 Januarie 1974, p. 47).
37) H.C. Viljoen, Viljoen-Gedenkboek, p. 120.
38) C.J. Beyers (red.), Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek IV, p. 781.
39) De Volkstem, 10 September 1915.
40) C.J. Beyers (red.), Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek IV, p. 781.
41) H.C. Viljoen, Viljoen-Gedenkboek, p. 123.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

"Gen'l B. Viljoen 1868 - 1917 South Africa".[42] Volgens 'n ander berig sou die urn ook nog die woorde "author" en "soldier" dra.[43] Dieselfde bron vermeld dat Viljoen in 'n Vrymesselaarsbegraafplaas ter ruste gelê is. Hierdie bewering is baie onwaarskynlik[44], maar die gebruik van die enigsins ongewone vorm van 'n urn as grafteken, kan wel dui op Viljoen se verbintenis met die Vrymesselary. Die urn as houer vir die as van 'n gekremeerde, is in die Vrymesselary simbolies van die begrafnis van die Tempelbouer. In die Amerikaanse rite is daar 'n verbintenis tussen die urn as simbool en die graad van Meester in die Orde.[45] Dit sou daarop kan dui dat Ben Viljoen 'n belangrike plek in die Vrymesselary in die VSA ingeneem het.

Viljoen se afsterwe het vanselfsprekend aandag getrek. Reuter het die berig wêreldwyd bekend gemaak en verskeie Suid-Afrikaanse koerante het 'n lewenskets van Viljoen aan hulle lesers voorgehou.[46] Die inhoud van hierdie berigte is uiteraard beïnvloed deur die redakteur se beskouing van die Anglo-Boereoorlog sowel as sy standpunt oor die Eerste Wêreldoorlog. Verhale oor Viljoen se lewensloop in Mexiko en die VSA het hierdie In Memoriams vir die lesers aantreklik gemaak, maar die inhoud was grootliks op gerugte gebaseer. Die gedenkartikels kan dus nie 'n gebalanseerde beeld van Viljoen gee nie.

Wie was Ben Viljoen? Die antwoord is nie eenvoudig nie want Viljoen was 'n man met baie fasette en 'n wisselvallige lewensloop. Sy jeugjare en opvoeding aan die grens van die Oos-Kaap het onmiskenbaar 'n baie sterk stempel op hom afgedruk. Hy het van die buitelewe gehou en kon die swaarkry van die kommandolewe tydens die oorlog sonder veel probleme hanteer. Maar belangriker is die invloed wat dit op sy lewensuitkyk en karakter gehad het. Vir Viljoen was absolute persoonlike onafhanklikheid die hoogste goed. Hierdie totale vryheid van gedagte en optrede is slegs begrens deur die aanvaarding van hoë morele standaarde. Aan die grens was die pionier die wetgewer en die wetshandhawer, en moes slegs aan sy eie gewete verantwoording doen. Hierdie eienskap het Viljoen lewenslank beïnvloed. Dit het hom in staat gestel om ondernemings en veldslae met waagmoed aan te pak, maar dit het hom ook soms ernstig gekniehalter.

Sy oorontwikkelde onafhanklikheidsin het dit vir hom moeilik gemaak om met ander mense saam te werk. Hy kon nie aanpas by ander nie - ander moes slegs

---

42) H.C. Viljoen, Viljoen-Gedenkboek, p. 123.
43) Pretoria News, 17 Augustus 1963.
44) Brief, E.P. Kwaadgras, Orde van Vrijmetselaren onder het Grootoosten der Nederlanden, 's-Gravenhage - Die skrywer, 24 Februarie 1992.
45) A.G. Mackey, Encyclopedia of Freemasonry, pp. 1072 - 1073.
46) Pretoria News, 18 Januarie 1917; De Volkstem, 19 Januarie 1917; The Krugersdorp Standard, 20 Januarie 1917; G.S. Preller, Met God en die Mauser, (Die Brandwag, 20 Januarie 1917).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

aanpas by hom. Daardeur het hy mense van hom vervreem: op politieke gebied Eugène Marais en genl. Joubert, maar ook pres. Kruger wat hom in 1903 afkeurend oor Viljoen uitgelaat het.[47] Ook sy vrou en kinders is nie toegelaat om in sy pad te staan nie. Die woorde wat Viljoen 'n veldkornet in die mond lê, kon sy eie gewees het: "Don't stand in your own way, you will find plenty of other people there."[48] Viljoen kon niemand in sy pad verdra nie. Wanneer daar probleme opgeduik het, het hy 'n kort rukkie lank na 'n oplossing gesoek, en dan eenvoudig 'n ander pad gekies. So het hy bedank as kaptein by die Krugersdorp Vrywilligerkorps, as redakteur by Ons Volk, as generaal in April 1901. Sy besluit om na Amerika te vertrek, kan in dieselfde lig gesien word.

Die onafhanklikheidsin wat hy vir hom persoonlik toegeëien het, was ook sy politieke ideaal. Met sy hele wese het hy die onafhanklikheid vir die ZAR nagestreef en dit met lewensgevaar verdedig. Maar toe die ideaal nie verwesenlik kon word nie, het hy dit geredelik aanvaar en 'n nuwe vaderland gesoek wat aan sy behoeftes beantwoord het. Dit kan die indruk van 'n swak karakter skep, hoewel dit eerder as 'n baie sterk oortuiging beskou moet word dat 'n man vry is om enige pad te kies wat na die beoogde doel lei, mits dit natuurlik binne sy etiese norme val. Hierdie oortuiging van sy goeie reg het gelei tot die houding dat hy altyd gelyk gehad het. Daar was by Viljoen geen heroorweging van sy standpunt nie, geen twyfel in sy eie besluit of noodsaak om iets te heroorweeg nie.

Hierdie eienskap het vir hom baie vyande opgelewer. Daar was mense wat hom as eiewys, grootpraterig en selfsugtig bestempel het. In 'n sekere opsig was hy beslis eiewys. As leier van die gesin, die familie, die kommando, was sy woord wet. Hy kon tog wel na advies luister, mits dit van iemand betroubaars gekom het en nie op sy doelwit betrekking gehad het nie, maar op die voorgestelde metode. Dit is dus te begrype dat talle mense soos Marais, Leyds en Andriessen hierdie aspek van Viljoen se karakter so skerp gekritiseer het. Viljoen was selfsugtig, maar nie in die materiële sin van die woord nie. Sy selfsug het saamgehang met sy neiging tot grootpratery. Dalk het hy as grensman onderbewustelik gevrees om deur die dorpenaars geminag te word. Hy het van nature die kalklig begeer en wou graag telkens weer vir homself en ander bewys dat hy tog 'n belangrike man was, ten spyte van sy agtergrond. Selfsug in die materiële sin was hom vreemd. Hy was mededeelsaam op kommando, het borg gestaan, geld geskenk en sy sosiale bewoënheid was opreg. Ook hier speel die grensagtergrond 'n rol. Die pionier is uiters selfstandig, maar daar is tye dat hy op sy medepionier moet kan peil trek. En dit kon hy, want wat hom vandag oor-

---

47) A.G. Oberholster (red.), Dagboek van H.C. Bredell 1900-1904, p. 96.
48) B.J. Viljoen, Under the Vierkleur, p. 20.

gekom het, kan môre die ander se lot wees. Hierdie hulpvaardigheid het Viljoen sy lewe lank behou.

Sy onafhanklikheidsgevoel het goed by sy romantiese lewensuitkyk aangesluit. Hy was 'n man van uiterste gemoedstemmings, het bewondering gehad vir menslike prestasies en het ook daarin geglo. Sy verheerliking van Napoleon is 'n duidelike voorbeeld daarvan. In hierdie opsig het hy 'n gebrek aan kritiese ingesteldheid gehad en hy het nie 'n fyn onderskeidingsvermoë openbaar nie. Sy lojaliteit en sy vyandskap was absoluut, maar kon wel van objek verwissel. Met dieselfde trou waarmee hy Joubert se verkiesingsveldtog gesteun het, het hy Kruger later gedien. Maar ook die einde van lojaliteit en vriendskap was radikaal. Die verhouding met Marais en sy egskeiding is voorbeelde daarvan.

Hierdie kenmerkende eienskappe het ook sy geestelike lewe bepaal. 'n Voorskriftelike godsdiens, wat oortuigings en norme voorskryf wat nie uit die mens self voortgekom het nie, was vir hom wesensvreemd. Hoewel lidmaat van die Ned. Herv. of Geref. Kerk, is daar baie aanwysings dat die kerk en die geloof nie eintlik 'n rol in sy lewe gespeel het nie. Hy praat van die Christelike volksaard waarin hy deel, maar dit is vir hom slegs 'n nasionaal-kulturele aspek. Die beginsels van die Vrymesselary het beter by sy geaardheid gepas. Onderlinge diens, romantiese bewondering vir die mens, handhawing van individualiteit en verskeidenheid en die sterk sosiale bande het hom soos 'n handskoen gepas. Of Viljoen die leerstellinge van die Vrymesselary heelhartig ondersteun het, is te betwyfel - hy was te nugter en prakties van aard.

Sy ongeërgdheid ten opsigte van die godsdiens het dit vir hom moeilik gemaak om by sekere Transvalers aan te pas. Ook die feit dat hy nie 'n gebore Transvaler was nie, maar 'n Kapenaar, was in 'n mate 'n struikelblok. Dit wil egter voorkom of dit nie 'n deurslaggewende rol gespeel het nie. Anders sou hy nie sy koerant kon uitbou en verkiesings gewen het nie. Daar moet egter rekening gehou word met die feit dat hy dit aan die Rand bereik het en nie op die platteland nie.

Was hy 'n joernalis of 'n politikus? Waarskynlik nie een van die twee nie. Sy joernalistieke en politieke aktiwiteite het saamgehang met sy uitgesproke opvattinge en sy behoefte om dit bekend te maak. Hy het nie die pad gevra nie, maar aangetoon, en daarvoor was sy eie oordeel vir hom die riglyn. Die feit dat hy so min deur die mense in sy omgewing beïnvloedbaar was, maak dit onwaarskynlik dat hy langdurig suksesvol op hierdie gebiede sou wees. As joernalis het hy maklik mense van hom vervreem in plaas daarvan dat hy hulle aan hom gebind het. As politikus het die eienskap van die geduldige onderhandelaar by hom ontbreek. Viljoen se pad was vir hom duidelik en om sy doel langs allerlei ompaaie te bereik of om tydelik met kompromieë te leef, was vir hom onaanvaarbaar.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Was Ben Viljoen 'n militêr? Sy grootste bekendheid is seker op hierdie gebied, maar dit bewys nog nie dat dit sy roeping was nie. Die uniform het hom bekoor en sy moed is bo verdenking. Daar is egter geen bewyse van buitengewone militêre insig in strategie of taktiek nie. Hy het nie die vermoë gehad om mense te begeester nie. Maar sy persoonlike voorbeeld, sy bekwaamheid in die veld, sy moed, sy optimisme en die trou aan sy mense, het hom tot 'n goeie werktuig gemaak. Sy deelname aan die oorlog was vir hom 'n selfopgelegde plig wat hy met geesdrif aangepak het. Maar hy het hom nie daarin uitgelewe nie. Was dit 'n gevolg van 'n ongedurige geaardheid?

Dit is moeilik om vas te stel of Viljoen 'n rustelose aard gehad het. Dit is moontlik en kon die oorsaak gewees het van sy talle aktiwiteite wat mekaar dikwels vinnig opgevolg het. Dit is ook moontlik dat sy sterk vryheidsin dit vir hom moeilik gemaak het om langdurige bevrediging uit 'n georganiseerde aktiwiteit te put. Om iets te ontwerp, te beplan en te begin, was sy lewe. Maar as die program in 'n volgende fase van enige projek vaste vorm aangeneem het en mense daarby moes inpas, het dit vir hom soos 'n belemmering gevoel. Daar is dan ook min wat hy tot stand gebring het. Dit is moontlik dat Viljoen in Nieu-Mexiko eers werklik in sy element was. Die grenssituasie van sy jeug het in 'n sekere sin teruggekeer. Daarby moet egter in berekening gebring word dat Viljoen in dié tyd steeds onder swak gesondheid gebuk gegaan het en dat hy ook 'n mate van rus gevind het namate die jare aangestap het.

Viljoen was 'n enkeling. Sy individualisme was sò groot dat slegs dié wat die naaste aan hom gestaan het, aan hom trou gebly het. Sy ouers, broers, seun Wynand, en moontlik 'n enkele vriend soos Van Gass, het die kring geword waarin hy teen die einde van sy lewe beweeg het. Dit skep die indruk van 'n teleurstellende einde vir 'n man wat op verskeie gebiede 'n belangrike rol gespeel het; 'n man wat gemaklik met bevelhebbers, ministers en staatshoofde omgegaan het. Sy lewensloop toon inderdaad dat daar min blywends in 'n mens se aardse strewe en werke is.

Hierdie eensaamheid het saamgehang met die feit dat Viljoen in die eerste plek en bo alles 'n pionier was. Dit was sy ideaal om in ongerepte streke die stempel van menslike aktiwiteite af te druk. Hierdie uitdaging was vir hom onweerstaanbaar. Hy het dikwels tevergeefs dieselfde soort uitdaging in bedrywighede aan die Rand nagestreef. Hierdeur belig Viljoen se lewe sekere fasette van die laaste dekade van die ZAR se geskiedenis. Daardeur die waarnemer onder die indruk van die tydgees en skoonheid van die periode. Die ZAR was in staat om geleenthede aan mense met die agtergrond en behoeftes van Ben Viljoen te bied. Daaruit blyk dit dat hierdie samelewing nie so homogeen was as wat wel veronderstel is nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Desondanks sal Ben Viljoen in die eerste plek onthou word as generaal, die oorwinnaar van Vaalkrans en, danksy Reitz se gedig, die veroweraar van die "Lady Roberts". En die eer mag hom nie misgun word nie, want òòk Ben Viljoen was 'n Boeregeneraal.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# BRONNE

I ARGIVALE BRONNE (Ongepubliseer, tensy anders aangedui).

1 TRANSVAALSE ARGIEFBEWAARPLEK, PRETORIA (TAB)

A Zuid-Afrikaansche Republiek

Leyds-argief. (LA)
114 Indeks op register, persone, 1901.
190 Persberigte, diverse onderwerpe, 1899-1902.
208 Korrespondensie, lêers nos. R 20 - 394/03.
272 Vierde versameling korrespondensie, 1900-1902, deel I, eerste band.
709-731 Versamelde oorlogstelegramme, Okt. 1899 - Aug. 1900.
732 Versamelde oorlogstelegramme, telegramme in geheimskrif, 1-17 Sept. 1900.
733 Register inkomende oorlogstelegramme.
734-735 Buitengewone Staatskoerant en oorlogsberigte te velde gedruk, 7 Junie - 14 Sept. 1900.
736 Gedrukte oorlogsberigte te velde versprei, 9 Junie - 10 Sept. 1900.
737 Kopieë oorlogsberigte, Okt. 1899 - Junie 1900.
744 Krygsraadnotule, 24 Mei, 1 en 5 Junie 1900.
745-751 Oorlogstelegramme, Okt. 1899 - Sept. 1900.
752-753 Telegramkopieboeke, Nov. 1899 - Sept. 1900.
754 Korrespondensie, genl. L. Botha, 1899-1901.
755 Briewekopieboek, April - Mei 1900.
757 Kopieë van oorlogstelegramme, April - Sept. 1900.
758 Oorlogstelegramme (afkomstig van jonkheer Sandberg), April - Sept. 1900.
759 Ingekome stukke (afkomstig van jonkheer Sandberg), Maart - Sept. 1900.
790 Deadwoodkamp, St. Helena, "Kamp Kruimels" nrs. 1-12, Des. 1900 - April 1901.

Argief van die Kommandant-generaal van die ZAR. (KG)
26 Inkomende stukke, CR 852 - 978, 1890.
34 Inkomende stukke, CR 1257 - 1489, 1891.
157 Inkomende stukke, CR 1505 - 1664, 1896.
170 Inkomende stukke, CR 3024 - 3150, 1896.
172 Inkomende stukke, CR 3249 - 3394, 1896.
179 Inkomende stukke, CR 4302 - 4391, 1896.
184 Inkomende stukke, CR 5030 - 5224, 1896.
188 Inkomende stukke, CR 5602 - 5749, 1896.
198 Inkomende stukke, CR 6808 - 7019, 1896.
204 Inkomende stukke, CR 7632 - 7749, 1896.
209 Inkomende stukke, CR 8067 - 8177, 1896.
214 Inkomende stukke, CR 402 - 531, 1897.
227 Inkomende stukke, CR 2001 - 2070, 1897.
241 Inkomende stukke, CR 3501 - 3657, 1897.
243 Inkomende stukke, CR 3777 - 3877, 1897.
255 Inkomende stukke, CR 5048 - 5150, 1897.
269 Inkomende stukke, CR 6144 - 6227, 1897.
283 Inkomende stukke, CR 1401 - 1540, 1898.
284 Inkomende stukke, CR 1542 - 1698, 1898.
286 Inkomende stukke, CR 1769 - 1883, 1898.
290 Inkomende stukke, CR 2163 - 2250, 1898.
292 Inkomende stukke, CR 2354 - 2499, 1898.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

293 Inkomende stukke, CR 2501 - 2619, 1898.
294 Inkomende stukke, CR 2620 - 2734, 1898.
295 Inkomende stukke, CR 2763 - 2896, 1898.
296 Inkomende stukke, CR 2897 - 2999, 1898.
297 Inkomende stukke, CR 3001 - 3144, 1898.
298 Inkomende stukke, CR 3146 - 3298, 1898.
300 Inkomende stukke, CR 3511 - 3700, 1898.
307 Inkomende stukke, CR 4403 - 4500, 1898.
311 Inkomende stukke, CR 4817 - 4999, 1898.
324 Inkomende stukke, CR 6501 - 6617, 1898.
326 Inkomende stukke, CR 6791 - 6999, 1898.
329 Inkomende stukke, CR 7226 - 7316, 1898.
330 Inkomende stukke, CR 7320 - 7402, 1898.
334 Inkomende stukke, CR 376 - 495, 1899.
344 Inkomende stukke, CR 1502 - 1750, 1899.
345 Inkomende stukke, CR 1752 - 1950, 1899.
346 Inkomende stukke, CR 1952 - 2100, 1899.
361 Inkomende stukke, CR 4143 - 4299, 1899.
362 Inkomende stukke, CR 4303 - 4486, 1899.
364 Inkomende stukke, CR 4679 - 4864, 1899.
368 Inkomende stukke, CR 5353 - 5406, 1899.
371 Inkomende stukke, CR 5526 - 5658, 1899.
373 Inkomende stukke, CR 5827 - 5992, 1899.
375 Inkomende stukke, CR 6155 - 6331, 1899.
401 Inkomende stukke, CR 351 - 441, 1900.
408 Inkomende stukke, CR 1258 - 1502, 1900.
422 Inkomende stukke, CR 4051 - 4182, 1900.
429 Inkomende stukke, CR 5009 - 5149, 1900.
464-465 Veldkornette, 1881-1899.
470 Staatsartillerie en berede polisie, 1881 - 1899.
654 M'Pefu (Magato) Krygsraadnotules, 19 Okt. - 23 Des. 1898.
655 M'Pefu (Magato) Dagboek, 8 Okt. - 13 Des. 1898.
656 M'Pefu (Magato) Korrespondensie, Okt. 1898.
657-659 M'Pefu (Magato) Korrespondensie, Okt. - Nov. 1898.
660 M'Pefu (Magato) Korrespondensie, Sept. - Des. 1898.
661 M'Pefu (Magato) Korrespondensie, Okt. - Des. 1898.
662 M'Pefu (Magato) Korrespondensie, Des. 1898 - April 1899.
663 M'Pefu (Magato) Kommandeerlyste.
664 M'Pefu (Magato) Finansies, 1898-1899.
665 M'Pefu (Magato) Telegramme, 11 Okt. - 10 Nov. 1898.
666 M'Pefu (Magato) Telegramme, 11 Nov. - 14 Des. 1898.
667 M'Pefu (Magato) Telegramboek Krygskommissie, Okt. - Des. 1898.
670 M'Pefu (Magato) Brieweboek, 14 Okt. - 19 Des. 1898.
671-673 M'Pefu (Magato) Kommandeerlyste, 1898.
674 M'Pefu (Magato) Finansies, 1898.
675-679 M'Pefu (Magato) Finansies, 1898-1899.
680 M'Pefu (Magato) Kasboek, 1898-1899.
681-682 M'Pefu (Magato) Krygskommissaris, 1898-1899.
683 M'Pefu (Magato) Brieweboek, 30 Sept. 1898 - 22 Sept. 1899.
684 M'Pefu (Magato) Korrespondensie, verslae, 1898-1899.
685 M'Pefu (Magato) Korrespondensie, verslae, 1898.
686 M'Pefu (Magato) Aanvrae, 1898.
687 M'Pefu (Magato) Aanvrae, 4 Okt. - 22 Nov. 1898.
688 M'Pefu (Magato) Proviand en klerasie, 29 Sept. 1898 - 29 Jan. 1899.
689 M'Pefu (Magato) Voorrade, 1898.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

690 M'Pefu (Magato) Proviand ontvang en uitgedeel, 1898-1899.
691 M'Pefu (Magato) Krygskommissaris Potgietersrus, 1898-1899.
692-697 Jameson-inval, Telegramme, 1895-1896.
698 Jameson-inval, Register op ontvange telegramme, 1895-1896.
699-700 Jameson-inval, Brieweboeke, 4-18 Jan. 1896 en 20 Jan. - 24 Aug. 1896.
701 Jameson-inval, Kommandorekeninge, Jan. - Sept. 1896.
702 Jameson-inval, Burgerlyste, Des. 1895 - Jan. 1896.
703 Jameson-inval, Skadelyste, 1895-1896.
704-706 Jameson-inval, Krygskommissariaat, korrespondensie, 1895-1897.
707-708 Jameson-inval, Register van uitgawes, 1896-1897.
854 Krygsraadnotules, 1899-1901.
882 Kommandolyste, lyste van gesneuwelde en gewonde burgers, naamlyste van Engelse krygsgevangenes, 1900-1902.
1029 Register van Kommandante, Veldkornette en Assistent-Veldkornette, 1900.

Argief van die Landdros Krugersdorp, 1888-1900. (ZKR) (Volgens die ou bandnommers in Register T 107)
2 Landdros, Minuteregister 18 Maart 1896 - 30 Nov.1898.
2a Landdros, Minuteregister 22 Nov. 1898 - 29 Mei 1900.
4 Lys van nuwe inkomelinge, 1883 - 30 Sept. 1899.
8 Indeks op plase.
61 Kriminele sake, nrs. 45 - 88, 19 Julie - 29 Des. 1898.
83 Inkomende stukke, veldkornet wyk I, 10 April - 18 Des. 1896.
84 Minuteregister, veldkornet wyk I, 26 Aug. 1897 - Junie 1904.
85 Briewe- en telegramboek, veldkornet wyk I, 3 Des. 1896 - 15 Mei 1900.
86 Burgerlys, veldkornet wyk I, 16 - 19 Des. 1899.
87 Indeks, stemgeregtigde burgers, veldkornet wyk I, 15 Okt. 1896 - 18 Jan. 1899.
88 Register van uitgedeelde gewere, veldkornet Wyk I, 13 Maart 1890 - 29 Mei 1900.
89 Register van ontvange proviand, veldkornet wyk I, 14 - 26 Okt. 1899.
90 Kasboek, Julie 1897 - Julie 1899.
100 Oorlogsverslae, 21 Okt. 1899.

Argief van die Krugersdorpse Delwerye, 1888-1900. (Geen register of verwysingsnommer is beskikbaar nie).
2 Resident Vrederegter. Register van Plaas-, Erf- en Persoonlike belasting, 1886-1899.
3 Resident Vrederegter, Register van Persoonlike Belasting, 1891-1892.
5 Burgerlyste, 1894-1900. Boedelpapiere, 1895. Kontrakte en Ooreenkomste 1895. Diverse 1897.
11 Indeks op Kantien- en Hotellisensieboek.
21, 23, 27, 28, 31, 35, 37, 58, 77, 83-85, 88, 90 Siviele Sake.
98 Spesiale Landdros. Rolboek van Siviele Sake 1888-1895.
99 Spesiale Landdros. Rolboek van Siviele Sake 1897-1898.
100 Spesiale Landdros. Rolboek van Siviele Sake 1898-1902.
101 Spesiale Landdros. Indeks Siviele Register 1889-1890.
102 Spesiale Landdros. Indeks Siviele Register 1898.
143 Spesiale Landdros. Register van Lasbriewe in Siviele Sake 1895-1898.
149 Mynkommissaris. Register van Persoonlike Belasting 1892-1900.
153 Mynkommissaris. Register van Uitgereikte Lisensies 1890.
154 Mynkommissaris. Indeksregister van Uitgereikte Lisensies, 1897-1899.
155 Mynkommissaris. Register van getransporteerde lisensie, 1894-1899.
165 Spesiale Regterlike Kommissaris. Register van Siviele Sake, 1896-1898.
170 Dagvaardings.

Argief van die Landdros van Johannesburg. (Jg)

785 Register en indeks siviele sake 1895.
1281 Register en indeks Eerste Regterlike Kommissaris, 1899.
1283 Register en indeks Eerste Regterlike Kommissaris, 1899.
1553 Indeks op siviele sake, Tweede Regterlike Kommissaris.
1554 Indeks op siviele sake, Tweede Regterlike Kommissaris.

Argief van die Staatsekretaris binneland van die ZAR. (SSA)

343 Inkomende stukke, RA 1031 - 1056, Maart 1896.

Argief van die Staatsekrtetaris van die ZAR. (SS)

2091 Inkomende stukke, R 10227 - 10244, Okt. 1889.
2860 Inkomende stukke, R 6634 - 6661, Junie 1891.
3023 Inkomende stukke, R 11801 - 11834, Sept. 1891.
3211 Inkomende stukke, R 2091 - 2121, Febr. 1892.
3681-3687 Inkomende stukke, R 3717 - 3734, Maart 1893.
4538 Inkomende stukke, R 11385 - 11401, Nov. 1894.
4551 Inkomende stukke, R 11600 - 11608, Nov. 1894.
4672 Inkomende stukke, R 1375 - 1385, Febr. 1895.
4679 Inkomende stukke, R 1551 - 1565, Febr. 1895.
4898 Inkomende stukke, R 7269 - 7283, Julie 1895.
5232 Inkomende stukke, R 1484 - 1513, Febr. 1896.
5511 Inkomende stukke, R 8239 - 8280, Jan. 1896.
5735 Inkomende stukke, R 12185 - 12210, Sept. 1896.
5782 Inkomende stukke, R 13231 - 13263, Sept. 1896.
5795 Inkomende stukke, R 13603 - 13670, Okt. 1896.
5797 Inkomende stukke, R 13709 - 13734, Okt. 1896.
5877 Inkomende stukke, R 15508 - 15518, Nov. 1896.
5933 Inkomende stukke, R 16819 - 16834, Des. 1896.
5941 Inkomende stukke, R 17051 - 17101, Des. 1896.
5980 Inkomende stukke, R 17872 - 17900, Des. 1896.
5986 Inkomende stukke, R 17963 - 17980, Des. 1896.
6194 Inkomende stukke, R 1961 - 1987, Febr. 1897.
6423 Inkomende stukke, R 6901 - 6926, Mei 1897.
7187 Inkomende stukke, R 5644 - 5673, Mei 1898.
7423 Inkomende stukke, R 11680 - 11715, Sept. 1898.
7579 Inkomende stukke, R 15686 - 15698, Nov. 1898.
7588 Inkomende stukke, R 15858 - 15865, Des. 1898.
7589 Inkomende stukke, R 15866 - 15896, Des. 1898.
7595 Inkomende stukke, R 16034 - 16059, Des. 1898.
7596 Inkomende stukke, R 16060 - 16094, Des. 1898.
7597 Inkomende stukke, R 16095 - 16129, Des. 1898.
7598 Inkomende stukke, R 16130 - 16169, Des. 1898.
7600 Inkomende stukke, R 16205 - 16236, Des. 1898.
7601 Inkomende stukke, R 16237 - 16299, Des. 1898.
7602 Inkomende stukke, R 16300 - 16329, Des. 1898.
7615 Inkomende stukke, R 16608 - 16635, Des. 1898.
7624 Inkomende stukke, R 16822 - 16833, Des. 1898.
7633 Inkomende stukke, R 17070 - 17103, Des. 1898.
7642 Inkomende stukke, R 68 - 114, Jan. 1899.
7645 Inkomende stukke, R 210 - 253, Jan. 1899.
7652 Inkomende stukke, R 428 - 449, Jan. 1899.
7654 Inkomende stukke, R 465 - 483, Jan. 1899.
7656 Inkomende stukke, R 530 - 600, Jan. 1899.
7671 Inkomende stukke, R 1050 - 1081, Jan. 1899.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

7699 Inkomende stukke, R 1900 - 1930, Febr. 1899.
7703 Inkomende stukke, R 1989 (1), Febr. 1899.
7704 Inkomende stukke, R 1989 (2), Febr. 1899.
7776 Inkomende stukke, R 4562 - 4599, Maart 1899.
7778 Inkomende stukke, R 4626 - 4652, Maart 1899.
7818 Inkomende stukke, R 5928 - 5964, Apr. 1899.
7852 Inkomende stukke, R 7031 - 7044, Mei 1899.
7853 Inkomende stukke, R 7044 - 7057, Mei 1899.
7882 Inkomende stukke, R 7837 - 7867, Mei 1899.
7895 Inkomende stukke, R 8272 - 8309, Junie 1900.
7922 Inkomende stukke, R 8789 - 8811, Junie 1900.
8003 Inkomende stukke, R 11310, Aug. 1899.
8021 Inkomende stukke, R 12070 - 12117, Aug. 1899.
8056 Inkomende stukke, R 13272 - 13354, Sept. 1899.
8058 Inkomende stukke, R 13390 - 13415, Sept. 1899.
8371 Inkomende stukke, R 5089 - 5159, Febr. 1900.
8389 Inkomende stukke, R 5746 - 5792, Maart 1900.
8405 Inkomende stukke, R 6480 - 6518, Maart 1900.
8433 Inkomende stukke, R 7601 - 7651, Mei 1900.

<u>Argief van die Staatsprokureur van die ZAR. (SP)</u>
151 Minutes, SPR 9101/97 - 9350/97, 1897.
167 Minutes, SPR 3201/98 - 3600/98, 1898.
193 Geheime minutes, SPR 1/98 - 14/98, 1898.
Minutes, SPR 12051/98 - 12241/98, 1898.
196 Minutes, SPR 501/99 - 850/99, 1899.
609-650 Voorlopige ondersoeke, Johannesburg, 1889-1900.
675-680 Voorlopige ondersoeke, Krugersdorp, 1889-1899.

<u>Argief van die Griffier van die Hooggeregshof van die ZAR, 1877-1910. (ZTPD)</u>
1/99 Appèlsake, notule van verrigtinge, nrs. 1258 - 1271, 17 - 29 Maart 1899.
3/54 Kriminele sake, notule van verrigtinge, nrs. 1350 - 1370, 10 Apr. - 22 Julie 1893.
8/763 Notule van verrigtinge, nrs. 931 - 954, 12 - 19 Okt. 1905.
8/773 Notule van verrigtinge, nrs. 1 - 25, 4 - 11 Jan. 1906.
8/868 Notule van verrigtinge, nrs. 689 - 722, 13 - 25 Aug. 1908.
8/871 Notule van verrigtinge, nrs. 771 - 803, 14 - 28 Sept. 1908.

<u>Argief van die Uitvoerende Raad van die ZAR. (UR)</u>
10 Uitvoerende Raadsbesluite, art. 1 - 710, 7 Jan. 1890 - 14 Sept. 1892.
16 Uitvoerende Raadsbesluite, art. 249 - art. 1132, 7 Maart - 7 Nov. 1898.
17 Uitvoerende Raadsbesluite, art. 1133 - 225, 17 Nov. 1898 - 24 Febr. 1899.
126 Inkomende briewe, 19 Okt. 1893 - 15 Sept. 1897.

<u>Argief van die Superintendent van Onderwys van die ZAR. (OD)</u>
272 Brieweboek, 1898.

B <u>Transvaal Colony</u>

<u>Archives of the Colonial Secretary Transvaal, 1901-1910. (CS)</u>
1080 Confidential correspondence files, 25 - 50, Apr. - Sept. 1903.
1097 Private documents ZAR received from Army, 1900-1902.
1108 Index to applications for employment, 1900 - 1902.
1135 Register of claims, 1903.
1229-1232 Oaths of Allegiance, St. Helena, V - Z.

Archives of the Staff-Officer, Prisoners of War, Cape Town, 1900-1903. (SOPOW)

34 Correspondence files, PR/A 3101 - 3200, 1902.
75 Index, prisoners of war, 1900-1903.
81 List of prisoners of war at St. Helena, 1900-1902.
123 Register of prisoners of war accepting terms of surrender, 1902.
124 Alphabetical register, Oaths of Allegiance, 1901-1903.

Archives of the Provost Marshal at the Army Headquarters, 1900-1903. (PMO)

53 Files 3591 - 3680, 1902.

Archives of the Colonial Treasurer Transvaal, 1900-1910. (CT)

277 Correspondence files, B 1415 - 1499, 18 Aug. - 6 Sept. 1903.

Archives of the legal assistant to the Military Governor, Johannesburg. (LAJ)

1 Minute files, LJ 1 - 62, June - July 1900.

Archives of the Intelligence Officer to the Military Governor, Pretoria, 1900-1901. (IOP)

4 Letters received, IOMG 1/00 - 336/00, Nov. 1900.

Archives of the Central Judicial Commission, 1902-1906. (CJC)

808 Claims, Burghers, Transvaal, Johannesburg, 1713 - 1756, 1903.

Archives of the Secretary of Mines, 1901-1910. (MM)

37 Correspondence files, nos CM 518/04 - 527/04, 1904.

Archives of the Chief of the Division of Sheep, 1903-1917. (LSK)

35 Correspondence files, nos S 122/46 - S 122/93, 1909-1916.

Archives of the Law Department. (LD)

791 Correspondence files, AG 3734/04, 1904-1909.
1061 Correspondence files, AG 1721/05 - 1751/05, 1905.

C Mikrofilms. (M)

1032 General Ben Viljoen: Cronjé and the Boers. Historical review of the Boer people and life of general Cronjé.

D War Office Records. (FK)

977-979 Despatches, Oct. 1902.
990 Despatches, Dec. 1902.
997-998 Foreign, 1 Jan. - 20 Oct. 1902.
1031 Individuals F - Z, 1902.
1788 Files 4995(253) - 5683(266).
1789 Files 5686(267) - 1751(275).
1795 Files 5228(254) - 5559(331).
1796 Files 5965 - 6114.
1797 Files 6195 - 6524.
1801 Files 491 - 7319a.
1821 Files 7131 - 7868.
1890 Volksrust Sub-District, 839 - 977.
1900 Lord Roberts' Papers, Index 17 - 27.
1904 Lord Roberts' Papers, Index 1 - 28.
1905 Lord Roberts' Papers, Index 29 - 49.
1906 Lord Roberts' Papers, Index 50 - 52.

1907 Lord Roberts' Papers, Index 53 - 64.
1908 Lord Roberts' Papers, Index 65 - 74.
1909 Lord Roberts' Papers, Index 75 - 84.
1910 Lord Roberts' Papers, Index 85 - 99.
1911 Lord Roberts' Papers, Index 100 - 110.
1982 S.A.War Papers, War Office, 32/892.

E <u>Aanwinste</u>

W 2 Adv. N.J. de Wet-versameling.
1 Krygsraadnotules te velde, Des. 1899 - Feb. 1901. Korrespondensie, Sept. 1900 - Feb. 1902.
2 Brieweboeke, Maart - Mei 1902. Inkomende telegramme, Jan. 1900.
3 Inkomende telegramme, Feb. - Maart 1900.
4 Inkomende telegramme, Apr. - Junie 1900. Oorlogsberigte, Julie - Nov. 1901.

W 19 P.H.S. van Zyl-aanwins.
1 Oorlogsherinneringe, gedenkskrifte en dagboeke oor die oorlog.

W 32 H.S. Oosterhagen-aanwins.
1 Oorlogsherinneringe en dagboekies.

W 81 Viljoen-aanwins.
1 Oorlogsdagboeke, briewe van verskeie generaals.
5 Kommandostukke van genl. P.R. Viljoen, Sept. 1901 - Jan. 1902.
7 Korrespondensie, 1899 - 1902.

W 110 Generaal C.H. Muller-versameling.
1-2 Stukke oor Muller se deelname aan die Anglo-Boereoorlog en Rebellie.

W 154 T.A.H. Dönges-versameling.
1 Inkomende en uitgaande briewe en telegramme, 1897 - 1914.

W 171 J.A. van Niekerk-aanwins.
1 Dagboek van J.A. van Niekerk.

W 194 Genl. H.A. Alberts-aanwins.
1 Alberts se deelname aan die Anglo-Boereoorlog.

W 242 J.A. Janse van Rensburg-aanwins.
1 Beskrywing van krygsgevangenekampe op St. Helena.

A 14 Genl. P.J. Joubert-versameling.
4 Swaziland.
6 Presidents-, Volksraads- e.a. verkiesings.
7 Verkiesings (vervolg).
22 Swaziland en Openbare Verkiesings.
54 Aan en uit nuusblaaie.

A 201 P.J. Uys-versameling.
1 Herinneringe aan genls. Viljoen, Botha, Muller e.a.

A 263 Brig.genl. R.N. Smyth-aanwins.
1 5 briewe van genl. B.J. Viljoen en die gedig "The Lady Roberts".

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

A 284 P.R. de Villiers-versameling.
11 Diverse stukke.

A 412 Genl. S.W. Burger-versameling.
1 Korrespondensie van genl. S.W. Burger.

A 458 J.C. Krogh-versameling.
1 Oorlogstukke.

A 564 A.F. Geyer-aanwins.
1 Herinneringe oor die Anglo-Boereoorlog en krygsgevangenskap te St. Helena.

A 598 Anglo-Boereoorlog-aanwins.
1 Korrespondensie van veldkornette.

A 609 Argief Kommissie tot ondersteuning van noodlydenden te Krugersdorp.
1 Notuleboek.

A 639 Genl. P.J. Joubert-aanwins.
1 Adres aangebied aan Joubert en lede van die Uitvoerende Raad tydens besoek aan Krugersdorp, 17 Junie 1899.

A 784 Kmdt. H.S. Grobler-aanwins.
1 Korrespondensie van kmdt. H.S. Grobler.

A 787 Dr. G.S. Preller-versameling.
1 Inkomende en uitgaande briewe en telegramme van genl. L. Botha, Des. 1899 - 9 Febr. 1901.
2 Inkomende en uitgaande briewe en telegramme van genl. L. Botha, 10 Febr. 1901 - 8 Junie 1904.
3-9 Inkomende telegramme, Des. 1899 - 25 Apr. 1901.
18 Kladnotule krygsraad te Colenso, 9 Des. 1899.
28 Korrespondensie van genl. S.P. du Toit, Des. 1899 - Aug. 1901.
36-46 Dokumente van verskeie offisiere.
47-54 Oorlogsberigte.
55 War Book.
56-57 Publieke Aanklaer in Oostelike Transvaal, Lydenburg.
58 Diverse oorlogstukke.
60-61 Dagboek G.S. Preller.
65-70 Koerante, koerantknipsels en plakboeke oor die oorlog.
74 Persoonlike briewe ingekom by "Land en Volk".
78-80 Oorlogsherinneringe.
125 Notule van die sentrale komitee tydens die verkiesing van president Kruger, 1892-1893.
133 Diverse stukke.
134 Diverse koerant- en tydskrifknipsels o.a. oor veldslae by Colense en Spioenkop.
193-194 Jameson-inval.
196-197 Pers.
213 Kmdt. M.W. Viljoen.
276 Genl. Ben Viljoen.

A 788 Kommandant G.M.J. van Dam-versameling.
1 Anglo-Boereoorlog.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

A 807 N.S. Malherbe-aanwins.
1 Korrespondensie van N.S. Malherbe, Tesourier-generaal van die ZAR.

A 1063 Kmdt. W.J. Viljoen-aanwins.
1 Ervaringe van kmdt. W.J. Viljoen.

A 1133 W.J. Leyds-huisargief, 1801-1940.
3 Biografiese sketse vir Holl.-Afr.biografie.

A 1230 Baron C.W.W. von Ahlefeldt-aanwins.
1 Persoonlike dokumente en verslae van sensorkantoor, Jamestown, Sty. Helena, 1902.

A 1243 Johannesburg Polisie-aanwins.
1 Artikels oor die rol van die Johannesburg Polisie tydens die Anglo-Boereoorlog.

A 1447 Blignaut-aanwins.
1 Brief van genl. B.J. Viljoen aan H. Blignaut.

A 1609 Dirk Pronk-aanwins.
1 Herinneringe van Dirk Pronk.

## 2 VRYSTAATSE ARGIEFBEWAARPLEK, BLOEMFONTEIN (VAB)

### A Aanwinste

A 155 Oorlogsmuseumversameling
155/68 N.J. Grobler-versameling
2 Depòsito os Boere, Alcobaça, Portugal. (Outeur: H.J.P. Erasmus).

## 3 SENTRALE ARGIEFBEWAARPLEK, PRETORIA (SAB)

### A Unie van Suid-Afrika

81/140673 (B.18) St. Helena, Register van Ede van Trou, volgnommer, name alfabeties, datum van eed.

### B Boedels

1522/50 Mev. H.B. Viljoen.

## 4 NG KERK-ARGIEF, PRETORIA

AD3 - 2/1 en AD3 - 4/1, Doopregister, Afskrifte A - L.
101/9096/0832 deel 2 en 3, Lidmateregister, 1896 - 1898 A.Z.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

5 Korrespondensie

Prof. H.C. Viljoen, Stellenbosch.
Mej. H.M. Buys, Postma-biblioteek, Potchefstroom.
Prof. M.J. Swart, Port Elizabeth.
Drs. E.P. Kwaadgras, Orde van Vrymesselaars, 's-Gravenhage, Nederland.

6 Private versameling

Dokumente in besit van prof. J. Scholtemeijer, Pretoria.
J. Scholtemijer, "Dagboek gehou op St. Helena".

Dokumente in besit van H.C. Hollenbach, Florida.

II REGERINGSPUBLIKASIES VAN DIE ZUID-AFRIKAANSCHE REPUBLIEK (ZAR)

19 en 21 Notulen der verrichtingen van den hoog-edel achtbaren eersten Volksraad der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1898 en 1899.
22 Notulen der verrichtingen van den hoog-edel achtbaren tweeden Volksraad der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1899.
33 De Locale Wetten der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1898.
67-83A Staatscourant, 1890-1900.
83 B Oorlogsberichten
83 C Buitengewone Staatscourant 4 September 1900
92 Groenboek 1 van 1896, correspondentie van de Zuid-Afrikaansche Republiek met betrekking tot de beroeringen in den aanvang van 1896.
177-184 Staats-Almanak voor de Zuid-Afrikaansche Republiek, 1892-1899.

III PERIODIEKE PUBLIKASIES

1 KOERANTE

| | |
|---|---|
| De Rand Post | 25 Maart 1898 - 24 Okt. 1899. |
| De Volksstem | 2 Junie 1891 - 4 Nov. 1899. |
| De Volkstem | 10 Sept. 1915 - 30 Aug. 1917. |
| De Voortrekker | 5 Febr. 1898 - 9 Sept. 1899. |
| Land en Volk | 26 Mei 1891 - 24 Des. 1903. |
| Ons Volk | 17 Okt. 1895 - 8 Sept. 1898. |
| Pretoria News | 4 Julie 1898 - 31 Des. 1902, 18 Jan. 1917, 17 Aug. 1963. |
| Tägliche Rundschau | 10 Des.1902, 4 Mrt.1903. |
| The Critic | 1 Nov. 1895 - 7 Jan. 1897. |
| The Krugerdorp Standard | 10 Des. 1898 - 20 Jan. 1917. |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

The P&S Advertiser and Township Gazette 7 Maart 1917.

The Roodepoort Mail, Florida and Maraisburg News 10 Febr. 1897 - 2 Febr. 1898.

The Star 14 April 1894 - 29 Okt. 1895.

The Transvaal Sentinel 15 Febr. 1905

2 TYDSKRIFTE

Bijbel en Wetenschap Maart 1990.

De Goede Hoop Okt. 1903 - Aug. 1905.

Die Brandwag 20 Jan. 1917.

Die Huisgenoot 25 Junie 1948, 16 Junie 1950, 15 Sept. 1950, 25 Jan. 1974, 22 Febr. 1974, 1 Maart 1974.

Die Stem Okt. 1985.

Los Angeles Times, Illustrated Weekly 13 Nov. 1915, 26 Febr. 1916.

Suid-Afrikaanse Panorama Nov. 1961.

The Country Gentleman 25 Julie 1914.

3 TYDSKRIFARTIKELS

APPELGRYN, M.S., Gebrekkige plaaslike bestuursreëlings in Johannesburg as grief van die Uitlanders. Historia, 18 Junie 1973.

CHANGUION, L., Fransjohan Pretorius, Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902. Historia, November 1992.

HUGO, M.J., Die Kruger-ultimatum. Vier maande van spanning. Historiese Studies IV(3), 1943.

KRUGER, P.R., M'Pisana's fort. Historia, September 1973.

SWART, M.J., Die invloed van die isolasiefaktor op die vorming van die Afrikaner tot 1850. Hertzog Annale V(11), Desember 1958.

VAN DALSEN, J., Die Hollanderkorps tydens die Tweede Vryheidsoorlog. Historiese studies IV (2), 1943.

VAN SCHOOR, M.C.E., Die biografie in die Afrikaanse geskiedskrywing. Historia 4(1), Maart 1959.

WYPKEMA, A., Die volkstemidee in Suid-Afrika. Historiese Studies 1(1), 1939.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## IV LITERATUUR

ACKERMANN, W.H., Opsaal. Johannesburg, 1969.
AMERY, L.S., The Times history of the war in South Africa, 1899-1902 I-VII. Londen, 1900-1907.
ANDRIESSEN, W.F., Gedenkboek van den oorlog in Zuid-Afrika. Amsterdam, 1904.
ARNDT, E.H.D., Banking and currency development in South Africa (1652-1927). Kaapstad, 1928.
BARNARD, C.J., Generaal Louis Botha op die Natalse front. Kaapstad, 1970.
BEYERS, C.J., (red.), Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek IV-V. Pretoria, 1981-1987.
BILLINGTON, R.A. (red.), Frontier and section. Englewood Cliffs, s.j.
BOSMAN, H.S., Een terugblik op kerkelijke en godsdienstige toestanden in de Transvaal. Kaapstad, 1923.
BOUCHER, M., The Frontier and Religion. Pretoria, 1969. Argief-jaarboek vir die Suid-Afrikaanse geskiedenis 31(2), 1969.
BREYTENBACH, A.E., Die slag by Donkerhoek, 11-12 Junie 1900. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, 1979.
BREYTENBACH, J.H., Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902 I-V. Pretoria, 1978-1983.
BREYTENBACH, J.H., Die Tweede Vryheidsoorlog I-II. Kaapstad, 1948-1949.
BREYTENBACH, J.H. (red.), Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog. Kaapstad, 1949.
BREYTENBACH, J.H., Komdt. Danie Theron, baasverkenner van die Tweede Vryheidsoorlog. Johannesburg, 1950.
BRITS, J.P. (red.) Diary of a national scout, P.J. du Toit, 1900-1902. Pretoria, 1974.
BUTTERFIELD, P.H., Centenary. The first 100 years of English Freemansonary in the Transvaal 1878-1979. Johannesburg, 1978.
CAMERON, T. (red.), Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld. Kaapstad, 1977.
CHISHOLM, R., Ladysmith. Johannesburg, 1979.
COETZEE, J.A., Politieke groepering in die wording van die Afrikanernasie. Johannesburg, 1941.
COOPER, A.A., The Freemasons of South Africa. Kaapstad, 1986.
CRESWICKE, L., South Africa and the Transvaal War I-VII. Edinburgh, 1900-1902.
DAVITT, M., The Boer fight for freedom. Londen, 1902.
DE WET, C.R., De strijd tusschen Boer en Brit. Amsterdam, 1902.
DRESDEN, S., De structuur van de biografie. Den Haag, 1956.
DU TOIT, F.G.M., Hermanus Stephanus Bosman. Pretoria, 1977.
ENGELBRECHT, C.L., Geld in Suid-Afrika. Kaapstad, 1987.
ENGELENBURG, F.V., General Louis Botha. Londen, 1929.
ENGELENBURG, F.V. en G.S. PRELLER, Onze krijgsofficieren, album van portretten met levens-schetsen der Tranvaalsche generaals en kommandanten e.a. Pretoria, 1904.
FERREIRA, O.J.O. (red.), Geschiedenis, werken en streven van S.P.E. Trichard. Pretoria, 1975.
FERREIRA, O.J.O. (red.), Krijgsgevangenschap van L.C. Ruijssenaers, 1899-1902. Pretoria, 1977.
FERREIRA, O.J.O. (red.), Memoirs of General Ben Bouwer. Pretoria, 1980.
FITZPATRICK, J.P., The Transvaal from within. Londen, 1900.
GERHARD, D., The frontier in comparative view in Comparative studies in society and history, I.3, Maart 1959.
GEY VAN PITTIUS, E.F.W., Staatsopvattings van die Voortrekkers en die Boere. Pretoria, 1941.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

GIROUARD, E.P.C., History of the railways during the war in South Africa. 1899-1902. Londen, 1903.
GORDON, C.T., The growth of the Boer opposition to Kruger. Kaapstad, 1970.
GRANT, M.H., History of the war in South Africa, 1899-1902 I-IV. Londen. 1906-1910.
GRUNDLINGH, A.M., Die "Hendsoppers" en "Joiners". Pretoria, Kaapstad, 1979.
GROENEWALD, C., Bannelinge oor die oseaan. Boerekrygsgevangenes 1899-1902. Pretoria, 1992.
GRONUM, M.A., Die Bittereinders, Junie 1901 - Mei 1902. Kaapstad, 1974.
HAN, H., Documents on the Mexican Revolution III 1. S.p., s.j.
HANCOCK, W.K. en J. VAN DER POEL, (reds.), Selections from the Smuts papers I. Cambridge, 1966.
HIPPISLEY, R.L., History of the telegraph operations during the war in South Africa. Londen, 1903.
HOFMEYR, N.J., De Afrikaner-Boer en de Jameson-inval. Amsterdam, 1896.
HOFMEYR, N.J., Zes maanden bij de commando's. 's-Gravenhage, 1903.
HOLE, H.M., The Jameson raid. Londen, 1930.
HOLLENBACH, C.A., Briewe uit die Boere-oorlog (Boer war letters). Ongepubliseerde manuskrip.
HUGO, M.J., Die stemregvraagstuk in die Zuid-Afrikaansche Republiek. Pretoria, 1947. Argief-jaarboek vir die Suid-Afrikaanse geskiedenis 10(1), 1947.
JEPPE, C., The kaleidoscopic Transvaal. Londen, 1906.
KEPPER, G.L., De Zuid-Afrikaanse oorlog. Leiden, s.j.
KLEYNHANS, W.A., Volksregering in die Zuid-Afrikaansche Republiek: Die rol van memories. Pretoria, 1966.
KLOK, J., De Boeren-republieken in Zuid-Afrika. Utrecht, 1901.
KRITZINGER, S.J., Rustig vloei die Moreletta. Pretoria, 1980.
KRÜGER, D.W., Geskiedenis van Suid-Afrika. Kaapstad, s.j.
KUIT, A., 'n Kommandopredikер. Kaapstad, 1948.
LATTIMORE, O., Studies in frontier history. Parys, 1962.
MACKEY, A.G., Encyclopedia of Freemansonry. S.p, 1946.
MALAN, J., Die Boere-offisiere van die Tweede Vryheidsoorlog, 1899-1902. Pretoria, 1990.
MARAIS, S.J., The fall of Kruger's republic. Oxford, 1961.
MEIJER, J.H., Kommando-jare, 'n oud-stryder se persoonlike relaas van die Tweede Vryheidsoorlog. Kaapstad, 1971.
MEIJER, J.W., Dr. H.J. Coster, 1865-1899. Pretoria, 1989. Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis 52(2), 1989.
MEINTJES, J., Die Anglo-Boereoorlog in beeld, 1899-1902. Kaapstad, 1976.
MEINTJES, J., The Commandant-general. The life and times of Petrus Jacobus Joubert of the South African Republic, 1831-1900. Kaapstad, 1971.
MULLER, C.F.J. (red.), Vyfhonderd jaar Suid-Afikaanse geskiedenis. Pretoria, 1973.
MULLER, C.H., Oorlogsherinneringe. Kaapstad, 1936.
MOUTON, J.A., Genl. Piet Joubert in die Transvaalse geskiedenis. Pretoria, 1957. Argief-jaarboek vir die Suid-Afrikaanse geskiedenis 20(1), 1957.
NAUDE, J.F., Vechten en vluchten van Beyers en Kemp "bôkant" De Wet. Rotterdam, 1903.
OBERHOLSTER, A.G. (red.), Dagboek van H.C. Bredell, 1900-1904. Pretoria, 1972.
OBERMEIJER, A.P., Met het Boksburg Kommando. Pretoria, 1905.
PAKENHAM, E., Jameson's raid. Londen, 1960.
PENNING, L., De oorlog in Zuid-Afrika I-III. Rotterdam, 1899-1903.
PENNING, L., Verdedigers en verdrukkers der Z.A.-vrijheid. 's-Gravenhage, 1902.
PLOKHOOY, C., Met den Mauser. Persoonlijke ervaringen in den Zuid-Afrikaansche oorlog. Gorinchem, 1901.

PRELLER, G.S., Kaptein Hindon, oorlogsaventure van 'n baas verkenner. Pretoria, 1916.
PRETORIUS, F., Die eerste dryfjag op hoofkmdt. C.R. de Wet in Christiaan de Wet-Annale 4. Bloemfontein, 1976.
PRETORIUS, F., Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902. Kaapstad, 1991.
REITZ, D., Commando, a Boer journal of the Boer War. Halfway House. 1992.
ROMEIN, J., De biografie. Amsterdam, 1951.
ROMPEL, F., Heroes of the Boer War. Londen, 1903.
ROOS, J.C., Johannesburg en die Tweede Vryheidsoorlog Oktober 1899 - Mei 1900. Ongepubliseerde D.Litt.-proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika. 1949.
ROTHMANN, M.E. (red.), Oorlogsdagboek van 'n Transvaalse burger te velde, 1900-1901. Kaapstad, 1976.
ROUSSEAU, L., Die groot verlange. Kaapstad, 1984.
SANDBERG, C.G.S., Twintig jaren onder Krugers Boeren in voor- en tegenspoed. Amsterdam, 1943.
SCHIKKERLING, R.W., Hoe ry die Boere. Johannesburg, 1964.
SCHOLTZ, G.D., Die geskiedenis van die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika, 1885-1910 II. Kaapstad, 1956-1960.
SCHOLTZ, G.D., Die oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog, 1899-1902 I-II. Johannesburg, 1947.
SCHOLTZ, G.D., Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner IV-V. Johannesburg, 1977-1978.
SCHOLTZ, W.L. von R., Die betrekkinge tussen die Zuid-Afrikaansche Republiek en die Oranje-Vrijstaat, 1899-1902. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Randse Afrikaanse Universiteit, 1971.
SCHOLTZ, W.L.von R., Generaal Christiaan de Wet as veldheer. Ongepubliseerde D.Litt-proefskrif, Rijksuniversiteit van Leiden, 1977.
SCHULTZ, B.G., Die slag van Bergendal. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1974.
SCHUTTE, G.J., De Hollanders in Krugers republiek, 1884-1899. Pretoria, 1968.
STRYDOM, C.J.S., Ruitervuur. Kaapstad, 1970.
SMIT, F.P., Die staatsopvattinge van Paul Kruger. Pretoria, 1951.
SPIES, S.B., Methods of barbarism? Roberts and Kitchener and civilians in the Boer republics, January 1900 - May 1902. Kaapstad, Pretoria, 1977.
STALS, E.L.P. (red.), Afrikaners in die Goudstad I, 1886-1924. Kaapstad, 1977.
TURNER, F.J., The frontier in American history. New York, 1920.
VAN DER WATT, P.B., Die Nederduitse Gereformeerde Kerk, 1834-1866. Pretoria, 1977.
VAN EVERDINGEN, W., De oorlog in Zuid-Afrika I-III. Delft, 1911-1915.
VAN GELDER, H.A.E., Het aangezicht van de wereld ten tijde der Romantiek in Aspecten van de Romantiek. S.p., s.j.
VAN NIEKERK, M., Adolf Schiel en die Duitse kommando. Pretoria, 1951. Argief-jaarboek vir die Suid-Afrikaanse geskiedenis 14(2), 1951.
VENTER, E.A., Ons Geskiedenisalbum Potchefstroom, 1983.
VILJOEN, B.J., An exiled general. St. Louis, 1906.
VILJOEN, B.J., Danie. Amsterdam, 1916.
VILJOEN, B.J., Die Transvaaler im Krieg mit England, Kriegerinnerungen von General Ben Viljoen. München, sj.
VILJOEN, B.J., Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog. Amsterdam, 1902.
VILJOEN, B.J., My reminiscences of the Anglo-Boer War. Londen, 1902.
VILJOEN, B.J., Under the Vierkleur, A romance of a lost cause. Boston, 1904.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

VILJOEN, H.C., Die lewe en werk van Benjamin Johannes Viljoen gedurende die periode 1890-1900. Ongepubliseerde navorsingsverslag, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1988.
VILJOEN, H.C., Viljoen familieregister. Pretoria, 1978.
VILJOEN, H.C. (red.), Viljoen-Gedenkboek. Stellenbosch, 1977.
VIVIER, J.M., Die presidentsverkiesing van 1893 in die Zuid-Afrikaansche Republiek. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1970.
WALKER, E.A., The frontier tradition in South Africa. Londen, 1930.
WARWICK, P., Black people and the South African War, 1899-1902. Johannesburg, 1983.
WILSON, H.W., After Pretoria: the guerilla war I-II. Londen, 1902.
WRIGHT, L.B., Culture on the moving frontier. New York, 1961.